



Die agnosticisme van Herbert Spencer

<https://hdl.handle.net/1874/221242>

H. 154

Medag. 29 April 1910


DIE AGNOSTICISME
VAN
HERBERT SPENCER

AKADEMIESE PROEFSKRIF

W. P. STEENKAMP

mm 3378

A. oct.
1549



DIE AGNOSTICISME
VAN
HERBERT SPENCER

VRIJE UNIVERSITEIT — AMSTERDAM.

DIE AGNOSTICISME
VAN
HERBERT SPENCER.

AKADEMIESE PROEFSKRIF

OM DIE GRAAD TE VERKRIJ VAN

DOKTOR IN DIE H. GODGELEERDHEID,

OP GESAG VAN DIE RECTOR

DR. H. H. KUYPER

HOOGLEERAAR IN DIE FAKULTEIT VAN GODGELEERDHEID,

IN DIE OPENBAAR TE VERDEDIG

op Vrijdag 29 April 1910 om 3 uur in die Agtermiddag,
in die „Gebouw der Maatschappij voor den Werkenden Stand”

DEUR

WILLEM PETRUS STEENKAMP

GEBORE OP CALVINIA (SUID-AFRIKA)

AMSTERDAM — H. A. VAN BOTTENBURG



RIJKSUNIVERSITEIT TE UTRECHT



1913 3093

AAN MIJ TEERBEMINDE VADER EN MOEDER

EN

AAN DIE NAGEDAGTENIS VAN DIE MAN
WAT NAAS HULLE VIR MIJ SO VEEL
BETEKEN HET, DIE EDEL PATRIOT, DIE
VROME KRISTEN, DIE VERTROUDE STAATS-
MAN EN DIE BEKWAME GENEESHEER

DR. JOSIAS M. HOFMANN

WORD HIERDIE WERK MET NEDERIGHEID
OPGEDRA.



VOORWOORD.

Terwijl ek mij akademiese studies voltooi het en op die punt staan om na mij vaderland toe terug te gaan, grijp ek met vreugde die gele'entheid aan wat 'n voorrede bied om mededeelings van meer persoonlikke aard te doen.

Gedagtig aan die consuetudo pro lege servatur, kan ek mij proefskrif nie in die lig gé nie sonder om vooraf eers die tol van dankbaarheid betaal te hé aan almal wat mij in mij studies als leidsmanne gehelp en tot die voltooiing daarvan bijgedra het.

Die allereerste, mij dank aan u, Hooggeagte Promotor, Hooggeleerde Bavinck. Ek sé aan u, wat Henry Drummond aan sij leermeester Prof. Archibald Geikie gesé het, toe hij aan hom geskrijwe het, dat dit vir hom nie alleen moeilik nie, maar onmo'enlik was om te sé hoe veel hij van hom geniet en geleer het, dat hij daarom ok nie eens sal perbeer om hom te bedank nie, maar dat hij hom moet vergun om net daarvan melding te maak. Aan uw hand kon ek dieper ingaan in die Dogmatiek en Dogmengeschiede, dieper daardeur in die wetenskaplikke sisteem van die geopenbaarde kennis van God. Maar wat vir mij vóóral so veel beteken het was die blik wat u mij gegé het in die filosofie van

die 19^{de} eeuw met die se invloed op die geestesrigtinge op theologies, letterkundig en maatskaplik gebied. Uw uitvoerige diktaat daaro'er sal deur mij altoos als 'n skat in mij besit beskou word. Die welwillendheid en vrinlikheid waarmee u mij ten dienste gestaan het in die afwerking van mij dissertasie kon nie groter gewees het nie. Dit sal mij altoos 'n groot eer wees, dat ek onder 'n man met uw wetenskaplikke naam in Europa en Amerika kon afstudeer en promoveer het. Nog ander dinge het daartoe bijgedra om u altoos in mij herinnering te laat voorleef als mij geliefde en onvergeetlikke leermeester. Ek weet dat hierdie persoonlikke betuiging u onaangenaam sal wees. Maar dis mij 'n behoefte om dit te sé. En u moet mij maar toelaat om hierin mijsel te wees.

U, Hooggeleerde Rutgers, wil ek dank vir die hoflikheid en vrinlikheid waarmee u mij altoos beje'en het en waarmee ek op uw studeervertrek ontvang was. Van die onderwerpe wat ek onder u mog studeer het, dank ek u vóoral vir uw lesse in die Gereformeerde Kerkreg. U weet nie, hoeveel dit vir my ei'e kennis en insig beteken als lid van die kerk van Jesus Kristus, waar dit vóór alles geld, dat daarin reg sal gehandhaaf word en volgens die woord van die apostel Paulus:

πάντα δέ ευσχημόνως και κατά τάξιν γινεσθω.

Ek dank u, Hooggeleerde Geesink, vir wat ek van u geleer het. Uw lesse in die Geref. Ethika was mij 'n geeslikke en verstandlikke genot. Mij dank ok vir uw vrinlikheid te'eno'er mij. Ek het altoos gevoel, dat ek met u te doen het nie alleen met 'n geleerde nie, maar ok met 'n egte mens.

Moeilik val dit mij, om u, Hooggeleerde Kuypers, na waarde te dank vir wat ek van u geleer het en wat u vir mij gewees het. Van die onderwerpe wat ek onder u bestudeer het, wil ek u vooral dank vir uw lesse in die Encyclopaedie van die Heilige Godgeleerdheid. Hoe veel het dit vir mij beteken om 'n insig te krij in die organies verband van die Theologie in haar self en als integreerend deel van die organisme van die wetenskap!

Onvergeetlik sal mij vrou en mij blij die gasvrijheid en vrinlikheid wat ons van u en Mevr. Kuypers ondervind het. Uw huis het altijd vir ons oopgestaan en ons het ons daar thuis gevoel. Die gesellige uurtjies wat ons daarin deurgebring het, behoort tot die aangenaamste herinneringe van ons verblijf in Europa.

Hooggeleerde van Gelderen, ontvang mij dank vir wat ek van u geleer het. Onder uw leiding het ek dieper mog grawe in die O. T. Exegese en die Historiese Kritiek. Mog uw deeglikheid en noukeurigheid mij altoos tot 'n voorbeeld wees. Mij dank vir die gewaardeerde besoeke van u en Mevr. v. Gelderen en vir die gesellige uurtjies op onse nederige vertrekke deurgebring.

Hoe graag sou ek ok die naam van Prof. Biesterveld genoem het! Hoe veel het ek van hom geleer vooral in die Exegese van die N. T.! Maar hij is daar nie meer nie. En met weemoed herdink één van sij leerlinge by die voltooiing van sij studie die droewige feit, dat hy één van sij Hoogleeraars na die graf sien dra het.

Aangenaam is dit mij, om u, Hoogleeraars van die Theologiese Kweekskool van Stellenbosch te dank vir wat u vir mij gewees het. U het mij die eerste in die Theologiese studie ingewij. Uw ho'e beskaafdheid en

innige vroomheid sal mij mij lewe lang 'n navolgenswaardig voorbeeld blij. Onder niemand anders sou ek mij eerste Theologiese opleiding wou ontvang het nie. Insonderheid wil ek u, Hooggeleerde Marais, bedank vir uw belangstelling in mij studie betoon, deurdat ek, toe ek op die boot in Afrika gestap het, van u 'n brief mog ontvang, waarin u mij raai om na die Vrije Universiteit te gaan. Met des te meer ingenomenheid maak ek hiervan melding, omdat dit nie alleen 'n blyk van uw belangstelling was nie, maar ok vooral omdat dit 'n logenstraffing is van die beskuldiging als sou onse professore net in naam die Calvinistiese belijdenis van onse kerk in Afrika toegedaan wees.

Hoewel ek van u, Hooggeleerde James Orr, en van uw kollega's in die United Free Church College in Glasgow maar min kolleges bijgewoon het, tog het ek so lang en so veel van u uit uw werke geleer, dat dit nie meer als reg is nie, dat ek u ok oentlik mij dank daarvoor betuig.

U, Pastor Lushnat, wil ek dank, omdat die vrinlikheid wat ons onder uw dak geniet het, daartoe bijgedra het om die tijd wat ek aan die Berlijnse Universiteit en daarna in Berlijn deurgebring het, tot die aangenaamste tij'e van ons verblijf in die vreemde te maak.

Mij innige dank aan die veertig persone, wat mij, toe ek in Pretoria hulpprediker was, die groot beurs gegé het. Hoeveel dit vir mij beteeken het, sal u duidlik wees, als ek sé, dat daarsonder ek onmo'enlik mij plan vir verder studie kon volbring het nie. Ok besef ek ten volle, dat ek hierdie onderskeiding van die lei'ers en voornaamstes onder mij volk in geen opsig verdien het of waardig is nie. En ok daarom sal ek uw weldaad nooit vergeet nie.

Mij dank aan die Kristlikke Jongeliede Vereniging van Pretoria vir hulle aandeel in mij studie deur die ruime beurs mij destijds gegé.

Mij dank vir die ruime finansiële en morele steun wat ek van tijd tot tijd uit mij ou'e gemeente Ermelo ontvang het. Ek sal altoos met tederheid en gehegtheid aan u blij terug dink. Insonderheid u, WelEd. Geb. W. J. Doyer, vir die ongeveinsde vrindskap en trou wat u mij bewijs het gedurende mij verblijf in die buiteland.

Ek kan hier die gele'entheid nie laat voorbijgaan nie, sonder om 'n woordjie te wij aan u, wie ek mij vrind mag noem — WelEd. Geb. J. R. Bührmann. Veel het ek van uw ruime belesenheid en groot verstand mag leer. Maar dit was niks in vergelijking met wat die rijkdom van uw gemoed vir mij beteken het nie. Uw vrindskap was mij 'n grote krag. Mag God u meer en meer stel tot 'n sterkte vir alle jong Afrikaners wat nog ideale het.

Ten slotte 'n paar woorde o'er mij redes, waarom ek mij akademiese proefskrif in mij moedertaal geskrijwe het. Ek het daarvoor terug gedeins, omdat daar nog nooit 'n wetenskaplik werk in Afrikaans geskrijwe was nie en die nomenklatuur dus hier en daar op nuut moes gemaak word en ek op geen literariese talente mij kan beroem nie. Ok omdat dit so ontsaglik bainje werk en dus ok meer tijd beteken het. Die redes waarom ek dit ondanks hierdie besware tog gedaan het, vat ek in die volgende woorde kort saam. Ek het dit gedaan uit nasionale self-respek, uit die drang tot nasionale self-behoud, uit nasionale pligsbesef en ok — laat mij dit maar ronduit sé — uit nasionale trots.

Dat ek hiertoe die toestemming gekrij het van u, Hoogleeraars van die Vrije Universiteit, en dat u, Hooggeleerde Bavinck, hierin die inisiatief geneem het, dank ek u uit grond van mij hart. U het u ook hierin betoon te staan aan die hoof van 'n waarlik *vrije* universiteit.

I N H O U D.

| Hoofdstuk | Bladz. |
|---|--------|
| I. Beknopte O'ersig van die Geskiedenis van die Agnosticisme | 1 |
| II. Hoe Spencer tot sij Agnosticisme gekom het | 25 |
| III. Sij Agnosticisme en sij Erkenntniss-Theorie | 69 |
| IV. Sij Agnosticisme en sij Absolute . . . | 115 |
| V. Sij Agnosticisme en sij onvernietigbaarheid van die stof | 141 |
| VI. Sij Agnosticisme en sij Transformatie van Krag | 157 |
| VII. Sij Agnosticisme en sij Persistentie van Krag | 166 |
| VIII. Sij Agnosticisme en sij Idee en Oorsaak van Evolusie | 187 |
| IX. Sij Agnosticisme en die dieper betekenis van sij evolusie-wette | 212 |

HOOFSTUK I.

Beknopte O'ersig van die Geskiedenis van die Agnosticisme.

Die naam „Agnostics” (Agnostiek, Agnosticisme) kom die eerste maal voor in die jaar 1869, toe die „Metaphysical Society” in Londen gestig is. ¹⁾ Die vereniging het onder sij lede getel die uitstekendste vertegenwoordigers van die uiteenlopendste geestesrigtinge, ²⁾ manne soos Gladstone, Tennyson, Knowles, Spencer ens. ³⁾ Één van die lede van die vereniging was Thomas Henry Huxley. Terwyl die meeste lede van die vereniging van opinie was, dat 'n sekere, bepaalde of ware kennis mo'enlik was en dus aan die bestaande een of ander oplossing gegé het, was hij o'ertuig dat die probleem onoplosbaar was. En om nou vir hom self en sij medestanders ok 'n naam te gé, het hij hom bedien van die term „Agnostics”: —

¹⁾ Leonard Huxley, „Life and Letters of Thomas Henry Huxley”, Vol. I, p. 318.

²⁾ W. Genz, „Der Agnostizismus Herbert Spencers mit Rücksicht auf August Comte und Fried. Alb. Lange”, p. 7.

³⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. II, p. 209.

„I took thought and invented what I conceived to be the appropriate title of Agnostic. It came into my head as suggestively antithetic to the Gnostic of Church history, who professed to know much about the very things of which I was ignorant.” ¹⁾

Maar reeds vóór 1869 was Prof. Huxley al van die opinie. In 'n brief aan Kingsley in die jaar 1860 skryf hij:

„The longer I live the more obvious it is to me that the most sacred act of a mans life is to say and to feel: I *believe* such and such to be true.” ²⁾

Huxley beweer dat die Agnosticisme uitgaan van die metode van die exacte wetenskappe. Net wat reeds bewijs en bewijsbaar is, kan inhoud van ons wete wees, ³⁾ en net soos hij in die Anatomie en Phijsieologie aan niks kan glo wat nie op genoegsame helderheid rus nie, so kan hij ok nie aanneem dat die grote misteris van die bestaan hulle op 'n andere manier laat verklaar nie. ⁴⁾

„Agnosticism is not a creed but a method, the essence of which lies in the rigorous application of a single principle. Positively the principle may be expressed:— In matters of the intellect follow your reason as far as it will take you without regard to any other consi-

¹⁾ Thomas H. Huxley, „Essays upon some controverted questions”, p. 356.

²⁾ Leonard Huxley, „Life and Letters of Thomas Henry Huxley” Vol. I, p. 217.

³⁾ Wilhelm Genz, „Der Agnostizismus Herbert Spencers mit Rücksicht auf August Comte und Fried. Alb. Lange”, p. 8.

⁴⁾ Leonard Huxley, „Life and Letters of Thomas Henry Huxley”, Vol. I, p. 217.

deration. And negatively: In matters of the intellect do not pretend that conclusions are certain which are not demonstrated or demonstrable. That I take to be the agnostic faith." ¹⁾

Agnosticisme o'er die algemeen is net 'n ander woord vir filosofiese, theoretiese of metafisiiese skeptisisme, of skeptisisme in die algemeen. Dit is die teorie van die beperktheid van die menslike kennis tot die wereld van verskijnsele, sodat al die onsienlikke en bónatuurlike vir die mens juist omdat hij mens is, dat wil sé, kragtens sij aard en aanleg, onkenbaar is. ²⁾ Waar en vir so ver iemand op grond van die onbekwaamheid van sij kenvermo'e kennis onmo'enlik beskou, is op hom die naam agnostiek van toepassing. Daar kan dus 'n groter of kleiner, 'n heel of gedeeltelike Agnostisisme wees. 'n Mens kan die kenbaarheid van God, wereld en mens in twijfel trek en bestrij, of ok die kenbaarheid van één of meer van die drie. En van die subjektiewe sij beskou kan 'n mens die betroubaarheid van die sintuie of van die intellek of ok van al twee ontken en dus alle wetenskap, of alleen die metaphysika en die filosofie, die wetenskap van geskiedenis, religie en sedelikheid vir onmo'enlik beskou. Maar ons het hier alleen te doen met die soort Agnostisisme wat die kenbaarheid van God ontken. Waarom? Omdat Spencer alles, mens, wereld, stof, krag, bewustsijn, kortom, alle verskijnsele, tot die manifestasies maak van 'n Absolute, wat van die alles die fondament, die

¹⁾ Thomas Huxley, „Essays upon some controverted questions”, p. 362.

²⁾ Edmund T. Shanaban, in die „Catholic Encyclopaedia”, p. 215. — Robert Flint D.D., „Agnosticism”, p. 21.

bron, die grondslag is. ¹⁾ En hierdie Absolute is volgens hom vir die mens onkenbaar en sal dit ewiglik blij. ²⁾

Die Agnosticisme omtrent God het daarom nie bij Spencer begin nie, want dit word reeds aangetref in die Brahmanisme van die Indiers, ³⁾ in die Taoïsme van die Snese, ⁴⁾ in die Buddhisme en in die Griekse wijsbegeerte van die pre socratische periode.

Bij die Brahmane is God die onkenbare, sonder name of eienskappe, alleen geken door die wat nie ken nie.

„Die Upanischads bemühen sich diesen Urgrund alles Daseins zu beschreiben, zum Beispiel Brihadaranyaka III 8. Das Brahman ist eben das was die Brahmanen das Unvergängliche nennen. Es ist nicht grob und nicht fein, nicht kurz und nicht lang, nicht rötlich (wie Feuer), nicht anschmiegend (wie Wasser), nicht schattig, nicht finster, nicht luftartig, nicht ätherartig, nicht anklebend, geschmacklos, geruchlos, ohne Augen, ohne Ohren, ohne Stimme, ohne inneren Sein, ohne Glanz, ohne Atmen, ohne Mund, ohne Masz, ohne Inneren, ohne Aeuszeren. Nach dem Willen dieses Unvergänglichen strömen die Flüsse von den Schneebergen, die einen nach Westen, die anderen nach Osten,“ enz. enz. ⁵⁾

Ja, tot ok bij die Mahomedane krij 'n mens die Agnosticisme. En manne als Houtsma en Chantepie de la Saussaye wijs daarop, dat ondanks die plastiese en menslikke manier waarop hulle Allah beskryf, daar tog ok Mohamedane is, wat eenvoudig alle eienskappe van God ontken en Hom op die manier tot die Onkenbare maak.

¹⁾ First Principles, 6th Ed., p. 112, 122 etc.

²⁾ T. a. p., 6th Ed., p. 1—96, 80—84, 443, 445, 446 etc. etc.

³⁾ Dr. H. Bavinck, „Gereformeerde Dogmatiek“, Deel II, p. 8.

⁴⁾ Robert Flint D.D., „Agnosticism“.

⁵⁾ Paul Wurm, „Handbuch der Religionsgeschichte“. Zweite vermehrte und verbesserte Auflage, p. 223.

„Der Koran und die Tradition enthalten allerlei sinnliche, anthropomorphische Aussagen über Gott. Da ist die Rede von Gottes Händen und Füßen, von seinem Sitzen auf den Thron, von sein Erscheinen. Mohammed soll Gott mit Augen gesehen haben, und am Tage der Auferstehung werden auch die Glaubigen ihn also sehen. Die krasse Orthodoxie nun nahm solche Beschreibungen im eigentlichen Sinne. Auch hier vermittelte Al-Ashari, indem er freilich die Unkörperlichkeit Gottes als Lehrsatz aufstellte, aber daneben behauptete die Seeligen im Paradiese würden Gott wirklich schauen. Die motazilitische Opposition gegen den orthodoxen Gottesbegriff ging aber viel tiefer als die Verwerfung der anthropomorphischen Form der Anschauung. Die Motaziliten läugneten, dass man Gott Attribute zuschreiben könne,” etc. etc. ¹⁾

In die geskiedenis van die Griekse wijsbegeerte was die leer van die Agnosticisme omtrent God iets gewoons. Die leer het hier so dikwels voorgekom dat 'n mens kan praat van twee periode wat dit doorloop het, die pre-socratiese periode — die periode waarin die leer nog onontwikkel voorkom — en die post-socratiese periode, waarin dit reeds ten volle ontwikkel was. ²⁾

In Griekeland net soos dikwels op bainje ander plekke was die Dogmatisme die voorloper, die touleier van die Agnosticisme. Die eerste Griekse filosofe was ei'enlik kosmologe. Hulle het begin met die uitwendige natuur en net ag geslaan op die uiterlikke verskijnsele en perbeer uitvinde wat die substansie was waarvan die wereld van verskijnsele die predikaat was. Hulle stelsels was, soos 'n mens van alles wat in sij begin is kan verwag, lomp en onafgewerk, vol van

¹⁾ Chantepie de la Saussaye, „Lehrbuch der Religionsgeschichte“, II, p. 510.

²⁾ Robert Flint D.D., „Agnosticism“, p. 83.

konjekturre en kontradiksies. Hoewel hulle ei'enlik nie Agnostieke was nie, het hulle stelsels tog indirek daartoe aanleiding gegé, omdat hulle volgelinge meer krities was en hulle verplig gevoel het om 'n ondersoek in te stel na die verband tussen verskijnsel en werklikheid. En so het die vraag opgekom na die onderskeid tussen meening en kennis. Dit was 'n allerbelangrikste vraag en al die filosofiese stelsels van die tyd het hulle daarmee besig gehou. Hulle het almal perbeer om hierop 'n bevredigende antwoord te gé, maar hulle antwoorde kon niemand o'ertuig nie. Op die manier het die besef hoe langer hoe dieper wortel geskiet, dat dit uiterst moeilik is om per slot van rekening tot waaragtige kennis van iets te kom. En daarom het die latere pre-sokratiese stelsels van die Griekse wijsbegeerte die meeste na die Agnosticisme toe o'ergehang.

Die Eleatiese Philosophie in Griekeland het die leer omhels op die selfde manier als die Vedantiese Philosophie in Indie. Hulle leer van die eenheid het ingesluit die onmo'enlikheid van meervoudigheid en verandering, die onwesenlikheid van tyd, ruimte en beweging, die nie-bestaan van die stof, en die bedrieglikheid van die sintui'e. Tot hierdie gevolgtrekkinge het b.v. Parmenides gekom. Deur sij leerling Zeno van Elea is die onmo'enlikheid van meervoudigheid en beweging op soo'n diepsinnige manier uitgeredeneer, dat die bekwaamste redekundige van die da'e van Aristoteles af, nog nie in staat was om aan te toon waarin die fout van sij redenering lé nie. En al het die Heraklietiese Philosophie met haar leer dat alles ewiglik word haar ok lijnreg gestel te'eno'er die Eleatiese skool met sij

leer van die onveranderlikke sijn, tog was sij nie daardeur juis ongunstiger gestem te'eno'er die Skepticisme nie.

Die laatste stadium van die Griekse pre-socratiese filosofie was die periode van die sophiste. Die sophiste was nie ei'enlik wat 'n mens sou noem skeptici nie, want die sofist was iemand wat om die waarheid self bloed weinig gegé het en dus altoos gereed was om voor of te'en 'n stelling te redeneer net soos in sij kraal te pas kom. Maar juis daardeur het hulle die voorlopers van die Griekse skeptici geword; want die gevolgtrekkinge van die één skool het hulle bestrij met die redeneringe van 'n ander skool, en op die manier die mense onder die indruk gebreng dat alle filosofie in die grond van die saak ei'enlik puur bedrog was. En daarbo'en op het hulle nog soo'n nadruk gelé op die relatiwiteit van die dinke en van die sintui'e van die mens, dat daar geen redelik vertrouwe kon o'erblij in enige kennis van waver soort ok nie.

„Schon bei den älteren Philosophen finden sich vielfache Klagen über die Beschränktheit des menschlichen Wissens und seit Heraklit und Parmenides wird die Unsicherheit der sinnlichen Wahrnehmung von den entgegengesetztesten Standpunkten aus anerkannt. Aber erst die Sophistik hat diese Anfänge zu einer allgemeinen Skepsis entwickelt. Für die wissenschaftliche Begründung dieses Zweifels nahmen ihre Urheber theils die Heraklitische, theils die Eleatische Lehre zum Ausgangspunkt. Dass sie von diesen entgegengesetzten Voraussetzungen aus zu dem gleichen Ergebniss gelangten, kann einerseits als eine richtige dialektische Folgerung betrachtet werden, durch welche jene einseitigen Voraussetzungen sich aufheben; zugleich ist es aber bezeichnend für die Sophistik, dass es eben gar nicht um eine bestimmte Ansicht über die Natur der Dinge oder

des Wissens, sondern nur um die Beseitigung der objektiven, naturphilosophischen Untersuchungen zu thun ist." ¹⁾

Dit was die val van alle objektiewe waarheid. Die mens is die maatstaf van alle dinge en daarmee is die storie uit: —

„Nichts sei oder werde daher das was es ist und wird, an und für sich, sondern immer nur für das wahrnehmende Subjekt, diesem aber werde sich der Gegenstand natürlich verschieden darstellen. Je nachdem es selbst so oder so beschaffen ist, die Dinge seien für Jeden nur das, als was sie ihm erscheinen, und sie erscheinen ihm so, wie sie ihm seinen eigenen Zustand nach erscheinen müssen, und eben dies sei der Sinn des Satzes: „der Mensch ist das Mass aller Dinge, des Seienden für sein Sein, des Nichtseienden für sein Nicht-Sein“; es solle damit gesagt werden, dass es keine objektive Wahrheit gebe, sondern nur subjektive Schein der Wahrheit, kein allgemeingültiges Wissen, sondern nur ein Meinen.“ ²⁾

Maar die menslikke gees kan nie in twijfel berus nie. En daarom was dit geen wonder nie, dat na hierdie periode van Skepticisme Socrates opgestaan het en 'n nuwe periode geopen het in die geskiedenis van die wijsbegeerte, 'n periode waarin al die vra'e op die voorgrond gekom het wat vandag nog die menslikke verstand in beslag neem. Die beweging het Plato opgevolg. En hij het dit gedaan met al die glans van sij genie, maar tog was hij wat sij leer omtrent God betref niks meer als 'n Agnostiek nie: —

„Plato's eigene Gottesidee lässt sich durchaus nicht definiren. Er stellte das Göttliche durchweg als transcendent, ausserhalb der Sinnenwelt liegend, vor (u. a. in Theätet).“

¹⁾ Dr. Eduard Zeller, „Die Philosophie der Griechen“, p. 1088.

²⁾ T. a. p., p. 1095.

„Die Idee des Guten gilt ihm als die Quelle alles Daseins, das *παράδειγμα* alles Guten in der Welt, sie liegt aber auch jenseits des Erkennens und steht der Sinnenwelt fern. Der Abstand zwischen der nomenalen und der phänomenalen Welt gehört zu den Hauptgedanken des Platonismus. Es besteht wohl ein Band zwischen beiden: die sichtbaren Wesen sind nach dem Muster der Ideen gebildet, daran sie Theil haben, aber auf der anderen Seite bleibt doch die Idee selbst undefinirt, unerkennbar.“ ¹⁾

God was vir Plato bloot en alleen *το ον*. Predikaatlose sijn. ²⁾ Geen attribute dus. Met die anthropomorphiese en anthropopathiese voorstelling van die Godheid wou hij dus natuurlik niks te doen hé nie. In sijn Timaeus b.v. sé hij: — „*τον μεν ούν ποιητην καί πατερα τουδε του παντος εύρειν τε έργον και εύροντα είς παντας άδυνατον λεγειν.*“ ³⁾ Hij gaan nog verder en sé b.v. in sijn Republiek dat God nie alleen bó die bestaande verhewe is nie, maar selfs bó die sijn. Dit is dus duidlik, dat God wat Sij wese betref bij Plato onkenbaar is en moet wees.

In die voorbijgaan net soo'n woordjie o'er Aristoteles se opvatting. Bij hom tré die wereld van objekte weer op die voorgrond. Hij was die eerste om spekulasie met empirie te verbind. 'n Mens kan hom selfs noem die vader van die kosmologiese en teleologiese bewijse vir die bestaan van God. Maar tog het hij God opgevat soos Prof. de la Saussaye sé, als „reine Actualität oder Energie“. ⁴⁾

¹⁾ P. D. Chantepie de la Saussaye, „Religionsgeschichte“. Zweiter Band, p. 186—187.

²⁾ James Orr D.D., „The Progress of Dogma“, p. 69.

³⁾ Dr. Eduard Zeller, „Philosophie der Griechen“, II⁴, p. 928.

⁴⁾ P. D. Chantepie de la Saussaye, „Lehrbuch der Religionsgeschichte“, p. 188^{II}.

In die post-socratiese periode was dit Pyrrho van Elis, 'n tijdgenoot van Alexander die Groote en Aristoteles, wat die grondléer geword het van die Griekse theoretiese Skepticisme. Sij filosofie het hierop neergekom: 'n mens kan niks ken nie. En daarom durf jij ok niks omtrent die natuur, die aard, of substansie van die dinge bevestig of ontken nie. Ja, jij mag selfs nie eers beweer dat hulle bestaan of nie bestaan nie.

Arcesilaos het in die Platoniese skool min of meer dieselfde soort skepticisme ingevoer. Hij het gesé dat hij niks absoluut wis nie, ja selfs nie dat hij niks wis nie:

„Ist aber keine Sicherheit der Wahrnehmung möglich, so ist, wie unser Philosoph glaubt, auch kein Wissen möglich, und da nun der Weise, hierin ist Arcesilaus mit den Stoiker einverstanden, immer nur dem Wissen beipflichten soll, nicht der blossen Meinung, so bleibt ihm nichts übrig, als sich aller und jeder Zustimmung zu enthalten und auf jede feste Ueberzeugung zu verzichten. Es ist also überhaupt unmöglich etwas zu wissen, und auch nicht einmal dieses selbst, dass wir nichts wissen können, können wir gewiss wissen.“¹⁾

Arcesilaos is in hierdie rigting van sij skool opgevolg deur Lacydes, en Lacydes deur Evander, en Evander deur Stegesinus, en Stegesinus deur Karneades.²⁾ En Karneades was die man wat nie alleen die Gode aan 'n skerpe kritiek onderwerp het nie, maar ook die mo'enskap bestrij het dat 'n mens 'n denkbeeld van God kan vorm.

Philo het die Platoniese filosofie verbind met die leer

¹⁾ Dr. Eduard Zeller, „Philosophie der Griechen nach Aristotelische Philosophie“, p. 512.

²⁾ Robert Flint D.D., „Agnosticism“, p. 88.

van die Oue Testament en gevind, dat die naam Jahwé persies dieselfde gedagte uitdruk. God is nie alleen vrij van alle onvolmaaktheid wat daar in die eindige, veranderlikke, afhankelike skepsele is nie, maar God gaan ok alle volmaaktheid van skepsele oneindig te bó. Hij is sonder eienskappe en sonder name en daarom kan die mens Hom nie beskryf of begryp nie. Naar Sij Wese is God onkenbaar. Ons kan wel weet dat Hij is, maar nie wat Hij is nie. 'n Mens kan ei'enlik net sé dat Hij bestaan en niks meer nie. ¹⁾

Nog verder het die Neo-Platonisme gegaan bij Plotinus. Volgens hom kan jij niks van God, dan alleen wat negatief is, sé nie. Jij kan God nie omskryf deur te sé: Hij is verstand, of goedheid, of Sijn, nie. God staan so hoog bó alle skepsele dat jij Hom selfs nie werksaamheid, lewe, dinke, bewustsijn, sijn, kan toeskryf nie.

„Erst Plotin ist es, welcher die Gottheit, um alle Vielheit aus ihren Begriff ganz auszuschlieszen, von der höchsten Vernunft ausdrücklich unterscheidet und über die hinausrukt. Das erste sagt, es kann nicht das Viele sein, sondern nur das Eine, denn alle Vielheit ist ein Vielheit von Einheiten, und alles was ist, ist nur durch die Einheit was es ist. Im Denken aber ist immer eine Mehrheit, zum mindesten die Zweiheit des Denkenden und des Gedachten, des Wesens und der Thätigkeit; das erste wird daher nicht das Denken sein können, sondern nur das, was über dem Denken ist.“ ²⁾

Die Gnostieke het die onkenbaarheid van God nog sterker uitgespreek. Die skeiding tussen God en wereld het hulle absoluut gemaak. Daar was nerrens 'n openbaring van God, nog in die natuur, nog in die Kristen-

¹⁾ Dr. Eduard Zeller, „Die Philosophie der Griechen“, V, p. 353.

²⁾ T. a. p., V, p. 531.

dom nie. Daar was alleen openbaring in natuur en geskiedenis van die uit God geemaneerde aeone. Die hoogste God was dus totaal onkenbaar, een *βυθος αγνωστος*.¹⁾

Hierdie leer van die onkenbaarheid van God het ok invloed gehad op die Kristelike theologie.

„Es lag in dem Begriff einer geoffenbarten Religion, dass von dem Wesen Gottes dem Menschen so viel offenbar würde als zur Erkenntnis des Heils notwendig ist; daher auch die Kirche von jeher eine Gotteslehre (Theologie) gepflegt hat. Von der anderen Seite ward aber auch immer, dem Hochmute der Speculation gegenüber, das unzulängliche unserer menschlichen Begriffe anerkannt und auf die Unergründlichkeit des göttlichen Wesens hingewiesen, da man sogar Gott einem Namen beizulegen für bedenklich hielt. Ein grosser Teil von dem was die Kirche als Geheimnis bezeichnete, ruht auf dem Gefühl dieser Unzulänglichkeit unserer Vorstellungen und der Unangemessenheit unserer Sprache auf der einen, so wie auch wieder auf der Notwendigkeit, sich dennoch gewisser Vorstellungen und Ausdrucksweisen zum Behuf religiöser Gedankenmitteilung zu bedienen, auf der anderen Seite.“²⁾

En daarom was algemeen geleer: dat daar geen begrip is wat God ten volle omvat nie. Daar is geen beskrywing wat Hom ten volle bepaal nie. Wat achter die Openbaring is, is eenmaal onkenbaar. Bij Origenes b.v. is God die ondoorgrondelike Gees.³⁾ En Eusebius verhaal, hoe die martelaar Attalus, toe hij in die tijd van die vervolging van die Galliese Kristene voor die gereg gevra word hoe die naam van God is, geantwoord het:

¹⁾ G. P. Fisher D.D., „History of Christian Doctrine”, p. 52. Crippen, „History of Christian Doctrine”, p. 22.

²⁾ Hagenbach, „Dogmengeschichte”, p. 70.

³⁾ Dr. Reinhold Seeberg, „Dogmengeschichte”, I, p. 99.

ὁ θεός ἔνομα οὐκ ἔχει ὡς ἄνθρωπος. En in dieselfde gees het vele andere theologe hulle uitgelaat, o. a. ok Augustinus. Hij was natuurlik in sij Godsbegrip geinfluenceer deur die leer van Plato, en het bij die beskrywing van God uitgegaan van die begrip van die Sijnde.¹⁾ God is die Sijnde. En als ons wil sé wat Hij is, kan ons alleen sé wat Hij onderskeie van alle eindige substansie nie is nie. Hij is niks van al wat geskape is nie. Hij is onbegrijplik. Om te sé dat God ongebore, onveranderlik, sonder begin is, sé alleen wat Hij nie is nie. Om te sé wat Hij wel is, is onmo'enlik.

In hierdie sin het ok die Skolastiek die onkenbaarheid van God geleer. Thomas van Aquinas b.v. het gesé dat daar geen kennis van Gods wese is nie. Daar is geen naam wat Sij wese genoegsaam uitdruk nie. Ons weet net van God sóvér Hij Hom geopenbaar het, maar Sij wese self blij onbekend.²⁾ Maar bij die verdere ontwikkeling van die Skolastiek het die waarheid, wat opgesluit lé in hierdie leer van die onkenbaarheid of liewer van die onbegrijplikheid van God, op die agtergrond geraak. Die leer van God is hoe langer hoe bree'er ontvou en die bestaan, die name, die wese van God so noukeurig ontwikkel, dat daar vir die onbegrijplikheid van God geen plek o'ergeblij het nie, en daarom kon Duns Scotus te'eno'er Thomas staande hou, dat daar wel een quidditiewe kennis van God bestaan.

Maar die Hervormers het blij vasthou aan die onbegrijplikheid van God, misskien ok onder die invloed van die theologie van Thomas op Luther en Calvijn.

¹⁾ „Confessiones”, Liber VII.

²⁾ G. P. Fisher D.D., „History of Christian Doctrine”, p. 236, en Dr. A. Kuyper, College-Dictaat „Locus de Deo”, p. 24—25.

Calvijn sé b.v. in sij Institusie: „Hieruit blijkt, dat die dewelke staande blijven op de vraag, te weten wat God zij, niets anders doen dan dat ze zichzelf met ijdele speculaties en bedenkingen vermaken en bezig houden, dewijl ons veeleer toekomt te weten, hoedanig Hij zij en wat met Zijn natuur overeenstemt.”¹⁾

En op die voetspoor van Calvijn het die Gereformeerde dieselfde blij leer. Meer als enig ander theologie het hulle gebruik gemaak van die stelling: *finitum non est capax infiniti*. En daar die eindige die Oneindige nie kan omvat nie, het die name van God gedien, nie om ons Sij wese te laat ken nie, maar alleen om enigermate na onse vatbaarheid dat in God aan te dui wat ons noodig het om te weet. En ok die later Luterse theologie het volgehou dat jij geen ei'entlike definisie van God kan gé nie.

„Auch die Einsicht in das Wesen Gottes (*quid sit Deus*) gewinnen wir vorzugsweise aus der Offenbarung, denn die heilige Schrift gibt uns in den Namen, Eigenschaften und Werken Gottes eine Beschreibung Seiner selbst. An der aus dieser Beschreibung hervorgehenden Einsicht müssen wir uns aber auch genügen lassen, denn wir wissen von dem Wesen Gottes nichts mehr und nichts genaueres, als die heilige Schrift uns lehrt. Freilich gewinnen wir aus ihr noch keine adäquate und vollständige Erkenntnis des Wesens Gottes, eine solche übersteigt aber auch unser Fassungsvermögen, wie denn darum auch die hl. Schrift selbst die Unbegreiflichkeit des göttlichen Wesens aussagt. 1 Tim. 6 : 16 etc.”²⁾

In die latere Reformatoriese theologie het die betekenis

¹⁾ „Calvijn's Institusie”, Deel I, p. 2. Vertaalde uitgawe van Dr. A. Kuyper.

²⁾ Heinrich Schmid, „Die Dogmatik der Evangelisch-lutherischen Kirche”, p. 81.

van die leer van die onbegrijpelijkheid van God hoe langer hoe meer verlore gegaan. Hulle kon die waarde van die leerstuk nie meer besef nie. Die leer van God het hulle in 'n vaste skema behandel en só het dit gebly wat dit was en geen ontwikkeling ondergaan nie. Soos Crippen tereg sé: —

„On the whole the discussions of the last three hundred years on the divine attributes have added very little, if anything, to the doctrine of the early Fathers.” ¹⁾

Nog erger was dit bij andere rigtinge. Die Sociniane hulle b.v. in die geheel nie aan die kennis van die wese van God gesteur nie. Crell, om maar één te noem, het 'n werk geskrywe: „De Deo ejusque attributis” en daarin perbeer om die bestaan van God te bewijs, maar het hom onthou van alle vra'e omtrent die wese of kenbaarheid van God. Die Rasionalisme het hulle hierin net om twee dinge bekommer, ten eerste om die bestaan en ten tweede om die wil van God. Als 'n mens maar seker was dat God bestaan en wat Sij wil was, dan was dit o'ergenoeg. Die kennis en gemeenskap van God verloor sij waarde. Die mens was alleen geroepe en verplig om Sij wil te doen. Bretschneider b.v. beskou dit heeltemaal o'erbodig of God kan gedefinieer word of nie. ²⁾

'n Ingrijpende verandering het plaas gevind, toe Immanuel Kant opgestaan het. Met sij kritiek het hij die grondsla'e van die Rasionalisme ondermijn. Die bewijse wat die Rasionaliste aangevoer het vir die bestaan van God, het hij één vir één in die skaal gesit en te lig

¹⁾ „History of Christian Doctrine”, p. 34.

²⁾ Bretschneider, „Dogmatik”, I⁴, p. 443.

bevind. Op 'n o'ertui'ende manier het hij die beperktheid van die menslikke verstand in die lig gestel. In plaas dat die mens met sij verstand die geheime van die heelal kan ontsluit, het hij hulle kom leer dat jij nerrens met jou verstand tot die Absolute, die Onsienlikke, die Ewige kan doordring nie. Kant het gekom om, soos Matheson sé, ¹⁾ vir die Duitsers te preek die evangelie van menslikke hulpeloosheid, 'n hulpeloosheid wat aan hopeloosheid gegrens het. Die Rasionaliste onder die invloed van Leibnitz, Wolf enz. het gedink, dat hulle met hulle bewijse vir die bestaan en die eienskappe van God op vaste grond staan. Maar Kant het hierdie grond in sij „Kritik der Reinen Vernunft“, onder hulle voete uit weggegrawe. Die vraag wat hij vir hom self daarin stel is: — hoe is sinthetiese oordele a priori mo'enlik? En hij beantwoord die vraag door te sé dat in jou kenne drie fakulteite te onderskeie is, naamlik: — „Sinnlichkeit of Anschauung“, „Verstand“ en „Vernunft“ in engere sin — die Rede. Die Sinnlichkeit bring mee die vorme van Tijd en Ruimte, die Verstand bring mee die Kategorie van quantiteit, qualiteit, relasie en modaliteit, en die Rede bring vooral hierdie Grundsatz mee, dat dit uit die Bedingte opklim tot die Unbedingte. M. a. w. die Rede is die vermo'e om die verskijnsele saam te vat en als 'n geheel te laat afhang van 'n Unbedingtes wat bó en buite die verskijnsele staan. Die Unbedingtes is drievoudig: (a) die Unbedingtes vir die totaliteit van alle verskijnsele in die mens — die Siel, (b) die Unbedingtes vir die totaliteit van die uitwendige

¹⁾ George Matheson M. A. B. D., „Aids to the Study of German Theology“, p. 10.

verskijnsele — die Kosmos, en (c) die Unbedingtes vir die totaliteit van alle verskijnsele in- en uitwendig — God. Hierdie drie ideeë van die Rede is alleen net dinkbaar. Hulle is geen konstitutiewe, maar regulatiewe principia. Hulle verskaf of gé geen kennis nie. Hulle doen net diens als re'els vir die gedrag van ons kenvermo'e. Die objekte van die ideeë kan ons nie waarneem nie. Ons kan daarvan dus g'n wetenskaplike kennis krij nie, want onse kennis is beperk tot die waarneembare dinge. Omdat 'n mens dus die objekte van die ideeë nie kan bewijs of ken nie, is psichologie, kosmologie en teologie ok g'n wetenskappe nie.¹⁾

Hierdie wijsbegeerte van Kant het 'n magtige invloed uitgeoefen op al die dinkers wat na hom opgestaan het. Die eerste sien 'n mens dit bij Fichte. Kant het nog gesé, dat daar 'n Ding-an-sich moet bestaan agter die verskijnsele, omdat daar tog nie 'n verskijnsel kan wees sonder iets wat werklik verskijn nie. Fichte kom toe en sé: Kant kan dit alleen beweer op grond van die wet van oorsaak en gevolg. Maar, sé hij, die wet is volgens Kant self net 'n kategorie van jou verstand, dit het dus geen objektief bestaan nie en daar is nie so iets als 'n Ding-an-sich nie. Das Ding-an-sich is volgens Fichte „nur reine Erdichtung“.

Die enigste wat absoluut seker is, is die Ek. Hiervan kan die dinker uitgaan, omdat dit metterdaad, werklik in sij bewustsijn aanwesig is. Die dogmatisme van Kant sé dat als ek iets gewaar word, dan kom of ontstaan dit deur 'n Anstoss van buite af. Maar Fichte

¹⁾ Immanuel Kant's „Kritik der reinen Vernunft“. Herausgegeben, etc. von J. H. Kirchmann, p. 47—720.

Francis Bowen, „Modern Philosophy“, p. 170—245.

sé: — sijn kan alleen 'n sijn veroorsaak, nooit iets psychies nie, nooit 'n daad van bewustsijn nie. En daarom kan die enigste uitgangspunt alleen wees: die Ek. In sijn „Wissenschaftslehre” wil hij die hele wetenskap aflei uit één enkele grondstelling, 'n grondstelling wat nie kan bewijs word nie. En die stelling is $A = A$. Als A bestaan, dan is die stelling $A = A$ onomstootlik waar. Als 'n mens hierdie algemene waarheid o'erbring op die Ek, dan lui dit: Ich = Ich, of ok, die Ek stel hom self in die bewustsijn. Maar die these roep noodsaaklik 'n antithese op. Deur te sé Ek, stel ek 'n niet-Ek te'eno'er mij. Maar die nie-Ek is nie iets buite mij nie, maar 'n werk, 'n daad van mij ei'e bewustsijn. Als ek dus sé nie-Ek, dan is dit 'n daad van mij ei'e bewustsijn. Das Ich setzt sich entgegen ein nicht-Ich. Hieruit volg, dat die nie-Ek 'n produk is van die Ek. Op hierdie manier het Fichte gekom tot 'n subjektiewe idealisme, waarbij die hele kosmos net is die uitspinning, die werking, die spankrag van die Ek. Hieruit volg natuurlik, als die Ek op die manier die o'erhand het dat daar dan g'n plek vir 'n God o'erblij nie. Is daar g'n Ding-an-sich nie, dan is daar g'n God nie en daarom van self ok g'n Godskennis nie. Bij Fichte kon, omdat hij das Ding-an-sich ontken, die moralische Weltordnung o'erblij, maar moes God daaragter wegval. En daarom is die moralische Weltordnung die enigste goddelikke wat hij aanneem, ja God self.¹⁾

Die invloed van Kant het ok deurgewerk op Schleiermacher. Daar is 'n groot o'ereenkoms tussen die

¹⁾ Francis Bowen, „Modern Philosophy”, p. 310—327.
Dr. H. H. Kuyper, College-Dictaat Fichte en Schelling.

godsbegrip van Schleiermacher en die van Kant. God is bij Schleiermacher die fondament, die grondslag van alles, die onbekende eenheid waarin alle dinge opgesluit lé. Daarom is persoonlikheid ok bij God ingesluit. Maar tog, sé hij, is dit nie reg om te sé, dat God net één persoon is nie. Want daar is 'n oneindig getal manifestasies van God, en persoonlikheid is net één van die. Hij word persoonlik in die mens, maar wat Hij in homself is, is onbekend en onbegrijplik. Al wat 'n mens van Hom kan sé, is, dat Hij die oorsaak is van al wat bestaan. God is die „Woher van ons Dasein” en als soo'n absolute kausaliteit is Hij geen objekt van ons kennis nie, maar net die korrelaat van die gevoel van algehele afhanklikheid. In sij „Christliche Glaube” sé hij b.v.: —

„Wenn aber schlechtinnige Abhängigkeit und Beziehung mit Gott in unseren Satze gleichgestellt wird, so ist die so zu verstehen, dasz eben das in diesem Selbstbewusstsein mitgesetzte Woher unseres empfänglichen und selbstthätigen Daseins durch den Ausdruck Gott bezeichnet werden soll, und dieses für uns die wahrhaft ursprüngliche Bedeutung desselben ist.” ¹⁾

Van die tijd af is die leer van die onkenbaarheid van God hoe langer hoe meer deurgedring in die bewustsijn van die nuwere tijd.

Hegel het wel 'n ander standpunt ingeneem, maar tog deur die uiterste linkerskool van sij filosofie die agnosticisme omtrent God in die hand gewerk.

Hij het beweer, dat die Philosophie die kennis is van

¹⁾ „Christliche Glaube”, § 4, 4.

George Matheson M. A. B. D. „Aids to the Study of German Theology”, p. 41.

God, soos Hij was in Sij ewige essensie vóór die skepping van die wereld, en dat die religie die verhouding is waarin God Hom self in die menslikke gees tot Hom self stel, m. a. w. religie is die selfbewustsijn van God, en die Philosophie is die beskrywing van die wese van God. Daar is dus kennis van die wese van God. Hij het hiertoe op die volgende manier gekom: Die wereld bestaan vir mij net só ver als ek daarvan 'n idee het. Als ek praat van twintig soorte mense, dan doen ek dit op grond van mij idee: mens. Ek praat van twintig soorte bome op grond van mij idee boom. Die idee boom val weer onder 'n algemener idee, en die weer onder 'n nog algemener idee, totdat ek kom bij die idee van alle ideeë, die grond-idee, die idee *sijn* of *bestaan*. Sijn of bestaan is dus 'n idee, en daarom behoort dit tot jou verstand en hier vandaan kom sij grondstelling: dink en zijn is identies. Hier proe 'n mens die invloed van Fichte en Kant. Als 'n mens nou maar net kon uitvinde, hoe uit die grond-idee,-sijn,-alle andere ideeë ontwikkel, dan is die wordingsgeskiedenis van die heelal geen geheim meer nie. Maar kan dit gewet word, is die vraag. Ja, sé Hegel, dit kan. Dit kan naamlik deur die „Immanente Dialektik”, waardeur elke idee noodsaaklik omslaan en omslaan moet in sij te'eno'ergestelde. These word noodwendig antithese en die twee vorm saam weer 'n sinthese, wat op sij beurt weer 'n these vorm, weer omslaan in 'n antithese, ens. Hierdie proses verloop dus in drie trappe of stadia: these, antithese en sinthese, en daarom val die Philosophie ok in drie dele uitmekaar: Logika, Natuurphilosophie en die Philosophie van die Gees of Verstand. Die Logika beskou die Absolute Gees,

m. a. w.: die Idee — die Vernunft-an-sich; die Natuur-philosophie beskou die Absolute Gees in sij „Entäusserung”, naamlik die wereld; en die Gees- of Verstandsphilosophie gaan na, hoe die Gees, weggesink in die wereld, weer daaruit opklim, opstijg in die vorm van 'n proses. Die proses gaan ok weer drie stadiums deur: (a) die Psychologie of Subjektiewe Gees, (b) die Objektivewige Gees wat na buite gerealiseer word in Recht en Sittlichkeit en op die suiwerste manier beliggaam word in die Staat, en (c) die Absolute Gees, als die Gees tot hom self terug kom, hom self terug vind, wat ook weer in drie stadiums plaas vind, n. a. als aanskouing in die kuns, als voorstelling in die religie en als begrip in die filosofie. Die begrip in die filosofie is niks anders nie als die terugkoms van die Gees tot hom self. M. a. w. Die rede verhef haar self deur verskillende trappe heen tot die absolute wese, sien die waarheid van aangesig tot aangesig en ken als haar wese die rede, die dinke, die begrip self. Die Philosophie, die suiwere wetenskap, is dus die beskrywing van God in Sij Wese an-sich.¹⁾

Die Philosophie van Hegel het 'n merkwaardige reaksie in die lewe geroep. Die gedagte het naamlik ontstaan, dat dinke g'n sijn kan produseer nie, maar wel die omgekeerde. Die wereld ontstaan nie uit die gedagte nie, maar wel die gedagte uit die wereld. God word nie in de mens van Hom-selwe bewus nie, maar die mens word bewus van God, m. a. w. God skep nie die mens nie, maar die mens skep God. Dit het vooral

¹⁾ Hegel, Werke III, „Wissenschaft der Logik”.

Francis Bowen, „Modern Philosophy”, p. 373—389.

uitgekom bij Ludwig Feuerbach. God was vir hom 'n „Wunschwesen” van die mens. Theologie was dus anthropologie. Al wat 'n mens van God sé of kan sé, is wat aan die mens ontleen is. Religie is 'n vergoding van die mens: —

„Gott als metaphysisches Wesen ist die in sich selbst befriedigte Intelligenz oder vielmehr umgekehrt, die in sich selbst befriedigte, die sich als Absolutes Wesen denkende Intelligenz ist Gott als metaphysisches Wesen.” ¹⁾

„Gott leidet! heiszt aber in Wahrheit nichts anderes als: Gott ist ein Herz. Das Herz ist die Quelle, der Inbegriff aller Leiden. Ein Wesen ohne Leiden ist ein Wesen ohne Herz. Das Geheimnis des leidenden Gottes ist daher das Geheimnis der Empfindung Ein leidender Gott ist ein empfindsamer Gott” ens. ens. ²⁾

En so gaan hij al die kristlikke waarhede één vir één na en perbeer aantoon, hoe dat hulle net die personifikasies is van die innerlikke behoeftes en verlangens van die mens, die objectivering van wat in die mens self omgaan. Bainje het hiermee ingestem en het met die mensvormige voorstellings die hele Gods-idee weg gegooi, soos b.v. Büchner in sij „Kraft und Stoff”, Haeckel in sij „Natürliche Schöpfungsgeschichte” en Nietzsche in sij „Zur Genealogie der Moral”.

Maar hierdie soort Atheïsme het vir bainje andere te ver gegaan en hulle daarom gelei in die hande van die Agnosticisme. Die beperktheid van die menslikke verstand en kenvermo'e was vir hulle van die aard, dat nog die bestaan, nog die nie-bestaan van God kan bewijs word nie. Op die manier het toe die Positiewisme ontstaan.

¹⁾ Ludwig Feuerbach, „Das Wesen des Kristenthums”, p. 71.

²⁾ T. a. p., p. 102.

Want die positivist hou hom net op met wat hij kan waarneem, met wat hij kan hoor of sien of voel, dus met die relatiewe, die beperkte. En daarom sé hij eenvoudig, van wat betref die ho'ere, die bo'natuurlikke dinge: ek weet daar niks van af nie, m. a. w. hij onderskryf die belijdenis van die Agnosticisme.

In Frankrijk het dit begin met August Comte. Hij het geleer, dat die wetenskap beperk is tot die wereld van verskijnsele en die Theologie staan daarom buite die kring van die wetenskappe.

In England was dit Herbert Spencer wat die kenbaarheid van God bestrij het. Hij het daarmee gestaan onder die invloed van Sir William Hamilton en Henry Longueville Mansel. En die twee het weer op hulle beurt gestaan onder die invloed van Kant se filosofie.¹⁾

In Duitsland, waar Hegel 'n lang tijd onbeperk geheers het, het toe die krietiese wijsbegeerte van Kant weer tot herleving gekom en het natuurlik, soos te verwagte was, bainje weer gelei tot die onkenbaarheid van God.

En só het die Agnosticisme in die laatste helfte van die 19^{de} eeuw 'n geestesrigting geword, wat in alle beskaafde lande haar volgeling tel. En selfs die Theologie, die wetenskap van die kennis van God, is, soos Prof. Bavinck tereg sé:

„zoozeer onder die vrees voor dit Agnosticisme gekomen, dat zij het schier niet meer waagt te spreken van de kennisse

¹⁾ Friedrich Ueberweg, „Grundriss der Geschichte der Philosophie“, p. 407.

Otto Gaup, Herbert Spencer. In Frommann's „Klassiker der Philosophie“, p. 6 etc.

Herbert Spencer, „First Principles“, p. 54—57.

Gods. Zij tracht, ofschoon er in den laatsten tijd eenige reactie merkbaar is, zooveel mogelijk alle metaphysica buiten te sluiten en tot het religieuze zich te beperken; zij schaamt zich voor haar eigen naam en heeft zich in een wetenschap van den godsdienst laten herdoopen." ¹⁾

¹⁾ „Gereformeerde Dogmatiek”, Deel II, p. 20.

HOOFSTUK II.

Hoe Spencer tot sij Agnosticisme gekom het.

Op die 27^{ste} April 1820 is Herbert Spencer op Derby, in die hart van England, gebore. ¹⁾ Hij was ongetwifel een van die grootste voorstanders en pleitbesorgers wat die Agnosticisme ooit gehad het.

Dit is eenmaal 'n waarheid, en die ondervinding leer dit elke dag, dat iemand se afkoms, omgeving en geaardheid 'n groot rol speel, so nie die grootste rol nie, in sij later loopbaan op maatskaplik sowel als op wetenskaplik gebied. En daarom is die allereerste vraag wat ons moet besig hou: — hoe het Spencer tot sij Agnosticisme gekom? Daarop is die antwoord: — hij het daartoe gekom op Psychologiese, Historiese en Philosophiese manier.

PSYCHOLOGIES.

Goethe sé:

„Wie der Mensch ist, ist sein Gott,
Darum wird Gott so oft zum Spott.“

¹⁾ Otto Gaup, Herbert Spencer. In Frommann's „Klassiker der Philosophie“, p. 13.

Hector Mac Pherson, „Herbert Spencer“, p. 6.

Herbert Spencer, „An Autobiography“, Vol. I, p. 63.

en Fichte:

„Wie der Mensch ist, ist seine Philosophie.”

en Herbert Spencer self:

„At any rate one significant truth has been made clear that in the genesis of a system of thought the emotional nature is a large factor, perhaps as large a factor as the intellectual one.” ¹⁾

En op 'n ander plek:

„This incident illustrates the general truth that the acceptance of this or that belief is in part a question of the type of mind.” ²⁾

Van moeders kant was hij gebore uit 'n famielie wat tweemaal moes vlug vir hulle geloof. Eenmaal in die helfte van die 15^{de} eeuw met die Hussietiese vervolginge ³⁾ en eenmaal met die vervolging van die Hugenote. Twee maal het hulle hulle dus verset te'en die da'e se gesag en die voorkeur gegé aan vlug liever als aan onderwerping. Hierdie „nonconformity of nature” het b.v. vreeslik sterk uitgekome in die famielie van sij grootvader Bretell. Van sij 7 seuns het 5 behoort tot die eerste volgelinge van Wesley. En van die 5 het 2 Wesleyaanse predikante geword. ⁴⁾ En om in die da'e, toe Wesley en sij aanhangers vervolgd was, van die heersende Episcopaaalse kerkleer af te wijk, was sterke o'ertuiging en groot moed toe nodig. ⁵⁾

Van vaders kant was hij ok weer uit 'n noncon-

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Preface, Vol. I.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 176.

³⁾ T. a. p., Vol. I, p. 6.

⁴⁾ T. a. p., Vol. I, p. 7.

⁵⁾ T. a. p., Vol. I, p. 8.

formisties aangelegde geslag. Dit blyk o. a. ok daaruit, dat die Spencers tot die eerste Wesleyane behoer het. ¹⁾

Hierdie famielietrek, sé Spencer self, sluit in non-conformiteit aan alle menslikke gesag en conformiteit aan al wat ho'er is als dit. Sij grootvader was teerhartig, melankoliek van geaardheid, godsdienstig en het ethies bainje streng geleef. Hulle het hom dood op sij knieë gekrij. ²⁾ Sij grootmoeder het ok ethies en religieus bainje hoog gestaan, het b.v. nooit toegegé aan kwaad-word nie, het nooit afgewijk van wat sij reg beskou nie, ³⁾ en het trou gebly aan Wesley selfs toe hij deur die publiek uitgejou was. Dit spreek dus van self, dat mense wat só op godsdienstig gebied uitgekom het vir hulle o'ertuiging, mense van onafhankelike nature moes gewees het. En Spencer is dan ok onvermoeid om elke maal hierdie karaktertrek in sij famielie aan te wijs. Sij tante b.v., sé hij, „had a strong sense of her own claims”. ⁴⁾

Sij oudste oom was godsdienstig, dankbaar, onselfsugtig, deelnemend, maar het daarbij gehad 'n uit-die-maat-uit sterk onafhanklikheidsgevoel. Dit het o.a. mooi uitgekom in sij politieke rigting. Hij was naamlik 'n radikaal en als teeken daarvan het hij altoos 'n wit hoed gedra, iets, wat jou in die da'e die uil van Jan Rap en sij maat gemaak het. ⁵⁾ Op kerklik gebied was hij ok nonconformist.

Sij tweede oom was so egoïsties, dat hij selfs één

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 11.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 17 en 18.

³⁾ T. a. p., Vol. I, p. 20.

⁴⁾ T. a. p., Vol. I, p. 21.

⁵⁾ T. a. p., Vol. I, p. 24.

van sij famielielede met iets te kort gedaan het, maar was ok net soos die ander bainje onafhanklik van geaardheid. Hij het b.v. op 'n onbeduidende puntjie verskil van die Wesleyaanse leer, het hom daaro'er eenvoudig van die Wesleyane afgeskei en op ei'e houtjie 'n kerkjie gebou en daarin self gepreek. ¹⁾

Sij derde oom was predikant, 'n man wat hom onderskei het deur sij werksame geaardheid, sij streng sedelik lewe, sij asketiese neiging, sij opregtheid in handel en wandel. En dit is ok die rede waarom hij dikwels hard in sij oordeel o'er sij omgewing was. Hij het hom partijkeer só laat meesleep deur 'n beweging, die Corn-Laws agitatie van die tijd b.v., dat hij geen oor of oog vir ander sake kon hé nie. Hoewel hij tot die Episcopaalse kerk behoort het, het hij tog altoos onvermoeid deur woord en geskrif opgekom te'en die eensydigheid van die rigting. Hij het b.v. 'n hele reeks ideeë gepubliseer, om 'n radikale verandering te weeg te bring in die kerklike diensre'eling. En dit soos Spencer sé „in utter defiance” van alle liturgiese sentiment of prinsiep. ²⁾ In die politiek, waar hij 'n groot aandeel in geneem het, het hij onverbiddelik skerp opgekom te'en al wat maar ok in die minste net gelijk het na onderdrukking van die gewone mense deur die ho'ere klasse. Hij het b.v. geskrywe en gepraat te'en die Corn-Laws en vóór nasionaal onderwijs, vryhandel, algemeen stemreg van die volk, ens., ens. Partij van hierdie pamflette het 'n uitgebreide sirkulasie gehad, selfs tot 'n getal van 20.000 exemplare toe. ³⁾

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 38.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 27.

³⁾ T. a. p., Vol. I, p. 29.

Sij jongste oom was ok net so onafhanklik van geaardheid en het daarom lig aanstoot gegé. ¹⁾

Waar Spencer die karaktertrekke van sij ooms opsom, sé hij: hulle was onafhanklik van geaardheid, geneig tot exsentrisiteite, het weinig eerbied gehad vir gesag, was geneig om hulle ei'e oordeel op die voorgrond te stel, wat ok soms aanleiding tot twis onder hulle gegé het. Die neiging om met mekaar te redeneer en van mekaar te verskil, het gepaard gegaan met 'n neiging om af te wijk van die leer en ideeë waarin hulle opgebring is. En daarom het hulle ok, daar hulle reeds non-conformiste was, o'ergegaan tot verder en groter non-conformiteite en het so ok langsamerhand afgewijk van die Wesleyanisme af. ²⁾ Hulle gesprekke het nooit o'er b.v. kuns, poësie, drama of literatuur gegaan nie, maar wat hierin altoos hulle aandag getrek het, was die wetenskaplikke en morele kant van sake. ³⁾

Sij vader het al die eienskappe van sij broers wat ek reeds genoem het, gehad. Hij was b.v. net só onafhanklik als hulle, het nooit sij hoed vir iemand afgehaal nie, en het nooit iemand als Eerwaarde of Weledele heer aangespreek nie. ⁴⁾ Hij het dieselfde soort klére sij lewe deur gedra, eenvoudig omdat dit in sij oog die voordeligste en doelmatigste was en hom die beste gepas het. ⁵⁾ Daarbij was hij hardkoppig. Als hij eenmaal besluit het om 'n seker gedragslijn te volg, dan het hij dit deurgesit blind vir die gevolge. En dit

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 38.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 41.

³⁾ T. a. p., Vol. I, p. 42.

⁴⁾ T. a. p., Vol. I, p. 47.

⁵⁾ T. a. p., Vol. I, p. 54.

was ok die rede waarom hij dikwels hard was te'eno'er sij vrouw. Hij was uiters persies, het nooit 'n brief geskrijwe voor hij nie eers daar 'n klad van gemaak het nie. En hoewel hij later 'n verdienstlik boek geskrijwe het o'er snelskrif, het hij dit tog nooit uitgegé nie, eenvoudig omdat hij dit gedurig korrigeer het en dit nooit volmaak genoeg na sij sin kon krij nie. Hij het hom vreeslik ingespan om wat hij vir kristlikke beginsele beskou het, deur te voer, en het bainje in hom gehad van die hartstog van Shelley, om die wereld te hervorm. ¹⁾ Hij was altruïsties van aanleg, voorkomend te'eno'er arme en swakke; als hij 'n klip op die straat sien lé, het hij dit altijd uit die pad gegooi, sodat andere nie daaro'er kon struikel en val nie. En bij dit alles het hij gevoel gehad vir kuns en 'n groot voorliefde vir uitvindingsels. ²⁾

Hij het die Wesleyaanse kerk verlaat en aangesluit bij die Kwakers, eenvoudig omdat bij eerstgenoemde die clerici 'n soort van heerskappij uitgeoefen het o'er die gemeentelede en hij hiervan natuurlik als egte Spencer 'n afkeer gehad het, en terwyl bij die Kwakers geen priesterskap bestaan en daardeur ok geen heerskappijvoer van die een o'er die ander nie. ³⁾

Sij moeder was iemand met 'n alledaagse verstand, maar het sedelik bainje hoog gestaan. Sij het net twee groot belange gehad en dit was die nakom van haar huislikke en godsdienstige pligte. Daarbij was sij onderworpe van natuur, sagmoedig, geheg aan die godsdien van haar ou'ers en het daarin geleef en vrede gevind

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 55.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 43.

³⁾ T. a. p., Vol. I, p. 83.

tot haar dood toe, sonder om ooit één dag aan die waarheid daarvan te twiifel.¹⁾

En nou kom die vraag: in hoever het al hierdie karaktertrekke invloed gehad op die karakter van Herbert Spencer? Hij self sé, dat hij van die geslagte waaruit hij voorgekom het o'ergeerf het (a) 'n nonconformiteit van natuur aan alle gesag op sociaal sowel als politiek en godsdienstig gebied, (b) 'n besef dat ethiese eise bó die van gewoontes en wette gaan, en (c) meer te let op uiteindelikke resultate dan op resultate wat vlak voor die hand lé.²⁾

Maar ons leer uit sij lewensgeskiedenis soos die door hom self vertel word, dat die kenmerkende famielietreкке bij hom nog skerper geaksentueer uitgekom het. B.v. sij gevoel van onafhanklikheid het tot soo'n uiterste gegaan, dat dit o'ergeslaan het in wispelturigheid. Hij self sé, dat die meeste in die oog lopende trek in sij karakter als kind, sij veragting vir gesag was. Hij het hom dus ok weinig gesteur aan die wense en orders van sij ou'ers; het van sij oom, bij wie hij op skool was, weggeloop toe hij 13 jaar oud was, het toe 'n distansie van 200 mijle afgelé, en die eenvoudige rede hiervoor was, dat hij deur sij oom verplig was om op afsonderlikke ure sij lesse te leer, omdat daar twis was tussen hom en 'n ander kosganger. Die kontrole was vir hom ondraaglik en daarom het hij getrap, huistoe.³⁾ Hij het 'n afkeer gehad van al wat na 'n dogma gelijk het en kon hom nooit na orde of tug schik nie.⁴⁾ Ok

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 60.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 12.

³⁾ T. a. p., Vol. I, p. 94.

⁴⁾ T. a. p., Vol. I, p. 103.

op intellektueel gebied het hij hom onafhanklik gevoel. B.v. toe sij oom Ds. Spencer, bij wie hij skool gegaan het, op 'n dag die definisie van Dr. Arnot o'er Inertia voorlees, het hij, hoewel hij toe nog maar 13 jaar oud was, op die plek sij verskil daarmee te kenne gegé en het dit te'en sij oom staande gehou ondanks die se onvergenoegdheid o'er sulke ei'ewijsheid en ei'egeregtigheid.

Daarbij het hij 'n weersin gehad in alle routineleerderij en daarom het hij als gevolg hiervan ok nooit 'n ander taal als Engels geken nie.¹⁾

'n Ander ei'eaardigheid van sij karakter was, dat hij hom kon laat tiranniseer deur 'n idee. Soo'n idee was partijkeer vreeslik beuselagtig, maar dit was net vir niet, hij kon hom maar daar nie los van maak nie. Op die selfde manier het hij hom later in sij lewe laat beheers deur die Evolusie-idee. Hierin het hij al sij gedagtes saamgepers en hierop het hij sij hele sinthetiese filosofie gebou, en daaruit het hij alles verklaar, van die ontstaan van die sonnestelsel af tot die beweging van die lagspiere toe.²⁾

Dit was ok 'n karaktertrek van hom sij lewe lang om met andere te verskil. En die neiging kan 'n mens alleen toeskrijwe aan 'n aangebore intellektuele trots. Om dit te bewijs, verwijs ons na die redes waarom hij sij briewe geskrijwe het aan die „Nonconformist” — briewe wat die grondslag gevorm van sij werk Social Statics wat later verskijn het.³⁾ —

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 108.

²⁾ „The Psychology of Laughter”, by Herbert Spencer, in Macmillans Magazine, March 1860.

³⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 212, 306.

„My father admired greatly an ethical work called „Essays on the principles of morality” by Jonathan Dymond, a Quaker, a work having much merit but setting out with the assumption held in common by Quakers and most other Christians, that the declared will of God is the only possible standard of morals. As implied in a passage describing discussions at the age of 24, I already felt in a vague way, that there must be a basis of morals in the nature of things. Hence I had, it seems, spoken of Dymond’s Essays disparagingly, according to the account of this friend above referred to, I went so far as to say, that I could write a better work on the subject myself, and my father piqued by this disrespectful treatment of the book he thought so highly of, said sarcastically: I had better try. The dissatisfaction above described was, I believe, the prompting motive, though it is possible that my father’s sarcasm served as an additional spur.” ¹⁾

Dieselfde kan jij ok sien uit die rede waarom hij só ingenome was met Mill se „System of Logic” :

„I remember reading his criticism on the syllogism and agreeing with it, perhaps all the more readily, because it expressed dissent from an orthodox doctrine.”

Geen wonder nie, dat sij vader van hom aan sij oom Ds. Thomas Spencer geskrijwe het :

„I hope that when the pride of his intellect is a little more subdued, he will be more likely to attack importance to the usual evidences given in support of our faith.” ²⁾

Spencer self het aangetoon, hoe dit ’n karaktertrek van sij geslag honderde jare voor hom was, om af te wijk van die bestaande orde van sake, en sé van sij ooms :

„The tendency to discuss and diverge from the beliefs in

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 305.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 312.

which they were brought up. Being nonconformist they drifted into further nonconformities etc." ¹⁾

Hierdie neiging van sij ooms in bisonder en van sij geslag in algemeen het bij Spencer 'n mania geword. In o'reeenstemming met sij ei'e Evolusie-leer, lijk dit of hij hierin net 'n produk van sij geslagte was. Sterker als bij een van sij famielielede kom die sug na onafhanklikheid bij hom uit. Hij was nonconformist tot die uiterste toe. Op godsdienstig gebied het hij van almal afgewijk. Hij kon hom nog in Theisme thuis voel, nog in Pantheisme, nie in Deisme en ook nie in Atheisme nie. Sodat alleen nog die nonconformistiese van alles vir hom o'ergeblj het en dit was die Agnosticisme. Net só het hij ok op politiek gebied tot geen partij behoer nie, het b.v. net éénmaal in sij lewe na die stembus gegaan. ²⁾ En wat die gesellige lewe aangaan: hier het hij dieselfde onafhanklikheid bewijs. Hij kon b.v. nooit 'n vrouw krij wat aan al sij eise van psychiese en phiesiese mooiheid kon voldoen nie, en daarom het hij ok ongetrouwd geblj. ³⁾

'n Ander karaktertrek van hom was wat hij self noem 'n neiging tot „mental excursiveness" ⁴⁾ en ok om lugkastele te bouw. ⁵⁾

„In boyhood and youth I was much given to castle building not differing from other young people in respect of the tendency but only in respect of its degree."

„It goes without saying that the air castles built at this

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography", Vol. I, p. 312.

²⁾ T. a. p., Vol. II, p. 125, 126.

³⁾ T. a. p., Vol. II, p. 445.

⁴⁾ T. a. p., Vol. I, p. 148.

⁵⁾ T. a. p., Vol. I, p. 174.

time were of a different style of architecture from those built in earlier days — no longer took the form of Robinson Crusoe's adventures or incidents, much as those which the reading of novels of the Mrs. Redcliffe type had in early days suggested."

Als 'n mens hierdie twee neiginge saam nog met sij avontuurlikke geaardheid in aanmerking neem, dan is dit geen wonder, dat hij op wetenskaplik, politiek en godsdienstig gebied tot „mental excursions”, tot alle soorte avonture en lugkastele gekom het nie. Of is dit waarlik nie 'n mental excursion, 'n duislingwekkend lugkasteel, 'n bijna ongeëvenaarde geestlikke avontuur nie, om die ontstaan van hemel en aarde, van die eenvoudige Amoeba tot die 30 miljoen sonne, van die bewustsijn van 'n parasietjie soos die Nauplius tot die geestlikke skeppinge van 'n Goethe, 'n Dante, 'n Hegel, van die droom van die oerbarbaar o'er sij grootvader na 'n smulpartij op buffelvlijs, tot die ontstaan van die Kristendom met sij vervulling van die hoogste aspirasies en diepste behoeftes van die menslikke hart, van die saamspan van die eerste paar wolwe om in klompies te jag, om so beter te kan aanval en verdedig, tot die ontstaan van die reusagtige en ingewikkelde politieke organisasies van die 1500 miljoen bewoners van die aarde, om al hierdie skeppinge te laat ontstaan deur net één krag, die Evolusie, en net één wet, die „persistence of force”?

'n Ander trek, wat 'n groot rol gespeel het in die vorming van sij filosofie, was sij sterk besef van fysisiese oorsaaklikheid. Hij self het gedink, dat hij dit o'ergeerf het van sij vader.¹⁾

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 431.

„I inherited an unusual capacity for the intuition of cause, always my father had been inclined to inquiries about causes. This habit of making them, implied that the consciousness of causation was dominant in him.” „I distinctly trace to him an ingrained tendency to inquire for causes.”

Toe hij nog maar 'n klein kind was, sit hij een dag bij die vuur-ert en begin te lag. Sij vader vra: „waarom lag jij? En hij sé: „ek wonder, hoe dit sou gewees het, als daar niks anders op die wereld als net ek alleen bestaan het nie.”¹⁾ En toe hij 13 jaar oud was, het hij reeds die definisie van Dr. Arnot gekritiseer, omdat die nie met sij kausale opvatting van die natuur o'ereengekom het nie.²⁾ Hij het hierdie neiging o'ergeerf van sij vader, en die weer van sij vader deur die evolusiewet soos Spencer self sé. Sij grootvader naamlik was 'n skoolmeester, en sij ei'e vader ok. En wat is die voornaamste werk van 'n skoolmeester (als hij ten minste die naam werd is van die deur elk verstandige mens geroemde amp)? Dit—dat hij dag aan dag, jaar in jaar uit altijd maar besig is om die oorsake van sekere gevolge aan te wijs, om te antwoord op die vraag: hoe kom? 'n Mens kan daarom verwag, dat toe die derde lid uit hierdie oorsaak-opspoorgeslag gebore is, dat wat bij die eerste lid 'n lewenstaak was, en bij die tweede 'n neiging geword het, bij die derde nog meer geaksentueer, ja bijna of heeltemaal 'n mania sou wees. En hierdie aangebore neiging het bij Spencer nog meer versterk geword deur die opvoedingssteeem van sij vader; want die het hom gedurig voor die vraag

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 68.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 103.

gestel: waarom is dit of dat sus of só?¹⁾ Só sterk was die neiging bij hom, dat hij daar self van sé:

„It seems as though I know by intuition the necessity of equivalence between cause and effect, perceived without teaching the impossibility of an effect without a cause appropriate to it.”

En die neiging het met die kennis wat hij langamerhand opgedaan het, meegewerk om die gedagte aan die bónatuurlikke uit te ban. 'n Breuk in die ketting oorsaaklikheid het vir hom dus hoe langer hoe onmoënikker geword. En daarom, soos hij self sé, het sij geloof aan die supranaturele hoe langer hoe vreemder geword aan die „set of convictions” wat langamerhand in hom aangegroei het, en „slowly dropped away unawares”.²⁾ Wanneer die verandering plaas gevind het, voeg Spencer hieraan toe, is moeilik om te sé, want dit was 'n verandering wat geen „marked changes” gehad het nie.

Die prijsgé van sij geloof aan die supranaturele het hom natuurlik gelei tot die naturalisme. Was die heelal nie deur God geskape nie, dan moes dit langamerhand geword het uit die aard van dinge. Die ontkenning van die skepping het hom gebring tot die leer van die Evolusie. Die Evolusie-idee het hom weer gevoer tot die vraag van die wette van die Evolusie, en die weer tot die vraag na die wet van al die wette, die eerste wet, die grondwet, „the ultimate law”, waaruit al die andere wet kan afgelei word, m. a. w. na die oergrond of agtergrond van die bestaande — van die heelal. Maar die was natuurlik met die menslikke verstand nie te

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. II, p. 5, 88, 89, 90.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 153.

benader nie. En só het Spencer uiteindelik kom te staan voor die grote sfinx van die natuur, waarvan hij moes belij: ἀγνοέω — ek weet dit nie.

'n Ander faktor wat ongetwyfel bijgedra het tot die vorming van sij theologies-philosophiese standpunt,.. was sij houding te'eno'er die kristlikke godsdien. Hij het daar 'n afkeer van gehad en 'n weersin te'en gevoel. Buitendien het hij geen oor of hart gehad vir die metafisiese: nie.

„The science of mind had no temptation for me, there had never been any deliberate study of it.”

Hoewel hij Locke se „Essay on the human Understanding” sij lewe lang onder sij boeke gehad het, het hij daar nooit één enkele bladsij van gelees nie. En die „Kritik der Reinen Vernunft” van Kant het hij op sij gesit na hij net 'n paar blaadjies daarvan gelees het. Net die fisiese met sij wette het hom aangetrek. En dit is ok hierom, dat hij so dikwels perbeer het om iets uit te vinde. Nou was dit die oplos van 'n geometriese probleem, dan weer die maak van 'n boekspeld ¹⁾ of drukkiepe. Hij het perbeer maak van 'n oorlosie tot 'n vliegmaschine. ²⁾ Hij het sij betrekking als ingenieur opgegé om 'n elektro-magnetiese lokomotief uit te vinde en het daar selfs 'n patent voor uitgeneem. ³⁾ Toe hij nog 'n seun was, het hij daar groot beha'e in geskep om skoelappers en torre te vang en te rangskik, om die bije na te loop en te sien hoe hulle die heuning trek uit die blomme, en die larwe van

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 207.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 301.

³⁾ T. a. p., Vol. I, p. 140.

die muggies te bekijk als hulle in die gate water die agterdeeltjies uitsteek om asem te skep. Hij het als kind geen groter begeerte gehad nie als om 'n herbarium te hé, en daarvoor het hij ook bainje moeite gedaan.¹⁾ Als hij in die vakansies met sij vader langs die strand wandeling maak, dan was hulle gesprekke gedurig o'er dinge soos die ontstaan van die rotse, die nuwe plante wat om die rotse heen groei, die physies effek van die branders, die vegetaries en dierlik lewe, maar o'er die metaphysiese nooit één enkele woord nie. Hij sé dan ok self, dat tot sij 30^{ste} jaar „questions in philosophy had not attracted my attention”.²⁾ Geen wonder nie dat, toe hij later voor die vraag: is daar 'n God, kom te staan, hij als 't ware verskrik opgekijk en gesé het: ek weet dit nie. Want net soos die Afrikaanse skaapwagter jare lang o'er die diamante van Kimberley geloop het met sij vee, en altoos sij pondok gepleister het met die diamantgrond en tog op 'n seker dag, toe hij gevra word deur 'n mineraloog of daar diamante in die grond was, verbaas moes antwoord: ek weet dit nie. Of net soos la Place, nadat hij die sterreheeml met sij teleskoop deurgekijk het, net sterre maar geen God gesien het nie. Of soos hij, wat die skilderstuk — die Madonna van Raphael — mikroskopies ondersoek, net van swart vlekke en 'n bemorste doek kan praat. So sal hij, wat soos Spencer die natuur net om haar wette ondersoek, waarlik haar wetgever ok nie vind nie. Wat Schiller van die wetenskap gesé het, geld ook hier:

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 191.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 373.

Einem ist Sie die hohe, die himmlische Göttin
Dem anderen eine tüchtige Kuh die ihm Butter versorgt. ¹⁾

Nog 'n ander invloed het ongetwijfel bijgedra tot die vorming van sij wereldbeskouing, n.l. die man se grote subjektiwiteit. Dit was hom b.v. onmo'enlik om werke te lees wat 'n ander standpunt als sij ei'e ver-teenwoordig: —

„I paid little attention to what had been written upon either ethics or politics. Partly this was due to my impatience of reading in general (excluding of course light reading) which has always made the getting through a grave book a difficulty and then upon this general difficulty the inability to continue reading a book from the fundamental ideas of which I dissented. Hence it happened that in this case systematic works of a political or ethical kind, written from points of view quite unlike my own, were either not consulted at all (their reputed doctrines sufficing to warn me off) or else they were glanced at and thereafter disregarded.” ²⁾

En hij voeg hieraan die veelseggende uitdrukking toe:

„The books I read were those which promised to furnish illustrative materials.”

Ons ontveins nie, dat ons vir Spencer als dinker en nog meer als mens groot eerbied het nie maar dit is tog seker eensydig, dat 'n jong man van 26 jaar, wat net van sij 13^{de} tot sij 16^{de} jaar 'n nog bo'en op bainje onvolledige opleiding gehad het, op die gebied van wetenskap só op ei'e bene te gaan staan. Die wetenskap is tog nie die produk van één enkele mens nie, maar wel 'n arbeid van die mensheid. Te meer getuig die opmerking van Spencer van eensydigheid, omdat

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 304.

²⁾ Gedichte von Friedrich von Schiller p. 372.

als hij op één gebied 'n kans gehad het om hom te onderskei, dan was dit op technies gebied, want daartoe het hom sij kennis van die physika en die mathesis ten dienste gestaan. Hiervoor het hij nie alleen aanleg gehad nie, maar ok 'n brandende hartstog. Dit blyk ok uit sij vele proewe vir patente. Maar van die vele proewe het hom net twee geluk en dit was 'n boekspeld en 'n invalied-bed. En tussen hakies, altwee het gou in onbruik geraak. Spencer skryf dit toe aan die wispelturigheid en onnoselheid van die publiek. Maar dit was Spencer wat evenveel nadruk gelé het op die wet van die „survival of the fittest” als Darwin, en als ons die patente bring onder die soeklig van hierdie wet, dan is die uitslag vir hom 'n bietjie ongunstig. Als ons Spencer se proewe vergelyk met die van die Amerikaner Edison, dan mag ons sé, dat hij ok op hierdie gebied nie so vindingryk was als wat hij miskien self gedink het nie, en daarom allerminst geregtig was om die hulp van andere te versmaai in die opbouw van sij filosofiese stelsel.

Maar waar sij subjektiwiteit die sterkste uitgekome het, was in sij houding te'eno'er die godsdiens. Hij het daar 'n antipathie te'en gehad. Waar hij hiervan perbeer rekenskap te gé, sé hij, dat hij 'n afkeer gehad het in goed van buite te leer, en als kind moes hij altoos die gesange uit sij kop leer en daardeur het hij 'n afkeer in die gesange self gekrij. Dan, sé hij, het die huisgodsdiens en vooral die wat sij vader bedags gehou het, hom met weersin vervul. En daarby het gekom, dat hij van sij vader o'ergeerf het 'n vijandskap te'en priesterheerskappij en seremonie. Op die manier het hij hoe langer hoe meer vervreemd van die gewone vorme

van godsdienst af. Maar hij lé die vinger op die hart van die saak, als hij sé, dat die Kristendom vreemd aan sij natuur, aan sij geaardheid, sówel als aan sij gevoel en verstand was:

„The creed of christendom being evidently alien to my nature both emotional and intellectual.” ¹⁾

en op 'n ander plek;

„The expressions of adoration of a personal being, the utterance of laudations and the humble profession of obedience never found in me any echoes.”

Só, sé hij, was hij al gesind te'eno'er die kristlikke godsdienst vóór nog die kritiek hom gewijs het, hoe dwaas die gedagte is, dat die oorsaak van 30 miljoen sonne die gedaante van 'n mens aangeneem het en 'n slag geslaan het (made a bargain) met Abraham, deur hom 'n stuk grond te belowe als hij Hom sou dien en gehoorsaam wees. Ek het toe nog nie, sé hij, die denkbeeld verwerp nie, van 'n God wat Hom verheug als 'n mens Hom lof toeswaai, en vertoorn is op die infinitesimaal kleine wese, die mens naamlik, als die Hom nie gedurig vertel hoe groot Hij is nie. ²⁾ Later in sij lewe het sij houding te'eno'er die godsdienst verander. Vroe'er was bij hom die vraag: is die dinge wat ek geleer het, waar, ja of nee? Maar nou het hij duidlik ingesien dat die godsdienst 'n noodsaaklike faktor is van elke maatskappij wat eenigszins vooruitgang gemaak het en dat die kontrole, wat theologiese begrippe uitgeoefen het op die gedrag van die mens, ononbeerlik

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 157.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 152.

was. Hij het hiertoe gekom deur die o'erstelpende getui'enis van sij sociologiese studies. Vir hierdie verandering van sienswijse maak hij 'n apologie, wat op 'n druppeltjie water sij subjektiwiteit te'eno'er die godsdien aan die dag bring en bewijs wat ons bó beweer het. Hij sé b.v., dat hij tot die verandering van o'ertuiging gekom het, só nie te'en sij wil nie, dan tog seker sonder eenige begeerte om dit aan te neem, „if not against my will, sure without any desire to entertain it.”¹⁾

In hoever sij antipathie te'en die Kristendom bijgedra het om hom tot die Agnosticisme te bring, is nie persies te sé nie. Maar één ding kan 'n mens gerus sé en dit is, dat sij o'erdrewe gevoel van onafhanklikheid — só o'erdrewe, dat dit dikwels in wispelturigheid ontaard het — en sij afkeer van die Kristendom, „because it was alien to my nature both emotional and intellectual”, hom vir die omhelsing van hierdie stelsel voorberei het en hom daarin gemaklik laat berus het. En wat ons hier beweer, word deur Spencer self bevestig waar hij sé:

„It had become manifest to me, that men are rational beings in but a very limited sense, that conduct results from desire, to the gratification of which reason serves but as a guide”.²⁾

HISTORIES.

Ons het reeds daar opmerkzaam op gemaak, hoe Spencer 'n diep besef gehad het van physiese kausaliteit:

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. II, p. 467.

²⁾ T. a. p., Vol. II, p. 366.

„It seems as though I knew by intuition the necessity of equivalence between cause and effect, perceived without teaching the impossibility of an effect, without a cause appropriate to it and the certainty that an effect revelant in kind and in quantity to a cause must in every case be produced".¹⁾

Hij was hierin, soos ons aangetoon het, net 'n evolusieprodukt van sij geslag (sij vader en grootvader was skoolmeesters en die werk van 'n skoolmeester is uitlé, uitlé, altoos maar oorsaak en gevolg aantoon. En buitendien het sij vader hierdie reeds aangebore hebbelikeheid verskerp deur sij metode van onderwijs om naamlik gedurig aan sij leerlinge te vra: wat is die oorsaak van dit of dat?²⁾ En hoewel sij godsdienstige beskouinge hom belet het om nie aan wondere te glo nie, tog het hij in sij verklaring van verskijnsele so min mo'enlik melding gemaak van die bónatuurlikke, so dat volgens Spencer se ei'e getui'enis „there grew up in me a tacit belief that whatever occurred had its assignable cause of a comprehensible kind".³⁾

Toe hij 17 jaar oud was, het hij 'n aanstelling als spoorweg-ingenieur gekrij.⁴⁾ Die Birmingham en Gloucester spoorweg, waarop hij destijds gewerk het, loop deur blou kleila'e, wat bainje rijk aan fossiele is. En in die kantoor van die maatskappij in Worcester het altijd monsters van die fossiele gelé, soos b.v. van Ammoniete en ander soorte molluske. En die specimene het hij altoos met groot belangstelling bekijk, totdat hij beginne lus krij het vir die studie van die geologie. Sij studie

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography", Vol. I, p. 152.

²⁾ T. a. p., Vol. II, p. 5, 65, 431.

³⁾ T. a. p., Vol. II, p. 5 en 6.

⁴⁾ T. a. p., Vol. I, p. 125, 129.

hiervan het maar bainje oppervlakkig geblij, soos hij ok self sé.¹⁾ Maar die studie was weer die oorsaak, dat hij 'n versameling van fossiele begin inrig het, — soo'n klein museum van die Natuurlikke Historie. Eén van die gevolge van die studie was, dat hij Lyell se „Principles of Geology” aangekoop het.²⁾ En één van die hoofstukke van die werk was gewij aan die weerlegging van Lamarck se beskouinge o'er die oorsprong van soorte. Lyell het beweer, dat die soorte geskape was, en Lamarck, dat alle organiese vorme op 'n natuurlike manier was ontstaan. En dat Spencer toe die beskouing van Lamarck aangeneem het, was nie deur sij o'ertuiging van die waarheid daarvan nie, maar omdat dit in o'ereenstemming was met die opvatting van die natuurorde, waar hij hoe langer hoe meer intellektueel ingegroei het :

„Supernaturalism had never commended itself. From boyhood there was in me a need to see in more or less distinct way how phenomena no matter of what kind are to be naturally explained. Hence when my attention was drawn to the question whether organic forms have been specially created or whether they have arisen by progressive modifications, physically caused and inherited, I adopted the last supposition, inadequate as was the evidence and great as were the difficulties in the way. Its congruity with the course of procedure throughout things at large, gave it an irresistible attraction. And my belief in it never wavered much as I was in after years ridiculed for entertaining it”.³⁾

Hoewel Spencer nou nog nie met beslistheid die

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 175.

²⁾ T. a. p., Vol. I, p. 176.

³⁾ T. a. p., Vol. I, p. 177.

Evolusie-leer toegedaan was nie, tog het die leer, in sijn verwerping van die supra-naturalisme, bepaaldelik die van die skepping, feitelik reeds opgeslote gelé. Want als wat bestaan, niet op bónatuurlikke manier ontstaan het nie, dan moest dit op natuurlikke, m. a. w. deur evolusie ontstaan het. Dit blijk ook uit sijn werk „Social Statics”, in 1850 geskrijwe, vóórdat hij nog die Evolusie-theorie openlik en bewus aanvaar het. In die boek beweert hij, dat die verskillende dier-tipes sowel als die verskillende tipes van maatskappije die o’ergang is van uniformiteit van saamstelling tot multiformiteit van saamstelling. ¹⁾ Maar dat hij ondanks hierdie uitdrukkinge toe nog g’n Evolusionist was nie, sal die volgende bewijs. In „Social Statics” is hij in die hoofstuk o’er „The Divine Idea” nog ’n positief theist. Positief theïsme word in die hoofstuk veronderstel en op teleologiese begrippe word daarin op gebou, hoewel soos hij self sé „supernaturalism was almost hidden behind the naturalism”. ²⁾

Maar in 1851, toe hij 31 jaar oud was, is die Evolusie-sisteem in hom gebore. Dit het op die volgende manier gekom. Hij was deur Chapman, ei’enaar van „The Westminster”, gevra om ’n artikel te skrijwe vir sijn kwartaalse revue van contemporaine literatuur, o’er die werk van Carpenter wat net toe verskijn het: „Principles of Physiology General and Comparative”. ³⁾ Die uitnodiging neem hij toe aan. Maar terwyl hij die werk deurlees, kom hij op die formule van von Baer, waarin hij die ontwikkeling bij dier en plant beskrijf als ’n

¹⁾ Social Statics, p. 451—453.

²⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. II, p. 7.

³⁾ T. a, p., Vol. I, p. 384.

o'ergang of verandering van die homogene tot die heterogene. Dit het so weerklank gevind bij Spencer, dat hij daar self van sé: „that set up in me the course of thought leading to the general theory of evolution.”¹⁾ Die Evolusie-idee was nou in hom gefixeer en sijn eerste daaropvolgende opstel in Maart 1852 noem hij tereg „'n geloofsbelijdenis”.²⁾

'n Uiters belangrikke en gewigtige gedagte het Spencer toe toegevoeg aan die van von Baer. Von Baer het sijn bewijse net beperk tot organisme en Spencer het die idee o'ergeneem en toegepas op verskijnsele van die super-organiese orde. In Oktober 1852 het hij die bewijs hiervan gegé in sijn opstel „The Philosophy of Style” en in April 1854 in sijn opstel „Manners and Fashion”, waarin hij aantoon, dat seremoniele, politieke en kerklike kontrole almal verskillende vorme is van één en dieselfde oorspronklikke kontrole, 'n ander bewijs dus vir die stelling, dat voortgang van la'er tot ho'er gekenmerk word deur toenemende multiformiteit. Hierdie idee van von Baer toegepas op die super-organiese, het hier vandaan soos 'n skarlaken draad geloop deur al sijn volgende opstelle. B.v. (a) in sijn artikel o'er „The Universal Postulate” in die Westminster Review Oktober 1853, laat hij uitkom, dat sijn o'ertuiging is, dat die fundamentele intuïesies waarvan die ontkenning ondinkbaar is, produkte is van o'ergerfde resultate uit die ervaring.

(b) In sijn „Genesis of Science”, 1854, ontwikkel hij weer die gedagte, dat die wetenskappe nie in „serial order” ontstaan is nie, maar dat hulle verhouding tot mekaar

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 551.

²⁾ T. a. p., Vol. II, p. 8.

soos die van „divergence and redivergence” is, m. a. w. soos twee lijne wat op 'n seker punt uitmekaar loop en op die punt van elke lijn begin weer twee lijne uitmekaar te loop. Soos 'n boom dus, wat maar één loot het, uit die één loot loop twee ander lootjies, en uit elke lootjie weer twee anders en so ontstaat die boom soos hij daar volgroeid vóór ons staan. Die wetenskappe ontstaan dus deur 'n toeneem in heterogeneïteit, „advancing integration keeping pace with the advancing differentiation”.¹⁾

(c). En in sij „Art of Education” beweer hij, dat die gang van ontwikkeling is van die eenvoudige tot die meer ingewikkelde, van die indefinitiewe tot die definitiewe, en dat onderwijs-metodes hulle daarom moet skik naar die gang van hierdie ontwikkeling.

Daar het ok nou nog 'n ander belangrikke stap gevolg. In sij „Development Hypothesis” het hij reeds veronderstel, dat nie alleen liggaamlikke nie, maar ok intellektuele organisasie natuurlik ontwikkel is. En in sij „Genesis of Science” het hij perbeer aantoon, dat die vorming van die kardinale wetenskaplikke ideeë tot stand gekom het deur die toenemende ervaringe van die mensdom. Hierdeur het die gedagte bij hom opgekom om 'n werk te skrywe o'er die beginsele van die Psychologie, en daarin aan te toon, dat die geboorte van die menslikke gees in al sij vorme veroorsaak is deur die georganiseerde en o'ergeerfde resultate van die werking van die menslikke gees. Of om dit duidliker te maak: deur 'n registrasie-proces in die menslikke gees van wat die gees vroe'er onder-

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. II, p. 10.

vinde het. Terwijl hij besig was om materiaal te versamel vir hierdie werk, het hij begin insien hoe ontsaglik ruim die gebied was waarop die wet van von Baer van toepassing was, en dit het hom op die gedagte gebring: — maar — als dit die manier van ontwikkeling is van so veel verskijnsele, is dit dan nie misskien die van *alle* verskijnsele nie? Die vraag moes maar net gestel om daadlik beantwoord te word, m. a. w.: dit word hom duidlik, dat die wet geld vir alle verskijnsele op elk gebied, anorganies, organies en superorganies. Van die sterre-groepe en nevel-vlekke tot die planete, van die planete tot die aarde, en op die aarde van die dier tot die mens, en in die mens van sijn liggaam tot sijn siel, en in sijn siel van die droom van die oermens¹⁾ tot die aanbidding van God, van die eerste geluidsindrukke tot die magtigste sonate van Beethoven, van die eerste intuïesies van verstand tot die magtig ontwikkelde gedagte-stelsels van 'n Hegel — o'eral heers één en dieselfde wet. Die nuwe insig het hom toe weer voor 'n ander vraag gestel, naamlik: Waarom geld die wet vir al die gebiede? Waarom is die wet universeel? M. a. w. wat veroorsaak die grenslose heterogeneiteit? En die antwoord wat hij hierop gevind het was: ten eerste, die transformasie van die een gebied na die ander word veroorsaak deurdat die homogene, wat die grondslag is van alle heterogene verskijnsele, unstable is, en ten tweede, die transformasie word veroorsaak deur die onophouélikke vermenigvuldiging van die gevolge van heterogeneiteit.²⁾

¹⁾ Herbert Spencer, „First Principles”, 6th Ed., p. 21.

²⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. II, p. 12.

Hierdie grenslose vermenigvuldiging van heterogeneiteit, m. a. w. die evolusie word dan voorgeset deur die wette wat hij in sij „First Principles” ontwikkel het, b.v. die wette van aggregasie, dissipasie, segregasie, equilibrasie. ¹⁾ Die insien van die instabiliteit van die homogene het hom weer van self gelei tot die vraag: waarom is die homogene onstandvastig? En als antwoord verwijs hij na die primitiewe kragte wat die grondslag vorm van alle verskijnsele, m. a. w. na die atome en molekule, na die nimmer eindigende redistribusie van stof en beweging onder die algemeenste gesigspunte beskou. Hier ontstaan weer van self die vraag: waardeur word hierdie primitiewe kragte veroorsaak? En dan antwoord hij hierop: deur ’n krag wat die grondslag vorm van alle primitiewe, oorspronklike kragte, die oer-krag, die absolute krag, onveranderlik wat die quantiteit, maar altoos aan verander wat die vorm betref. En hierdie absolute krag is, sé hij, vir die menslikke verstand onbekend en onkenbaar en sal dit tot in die ewigheid blij, m. a. w. die Agnosticisme.

PHILOSOPHIES.

Hoe ontstaan onse begrippe, vra Spencer in sij tweede hoofstuk van „First Principles”? En dan toon hij aan, dat die ontstaan deur wat ons waarneem en met behulp van wat ons vroe’er waargeneem het. Als ons b.v. op ’n afstand die maste van ’n skip waarneem, dan kan ons nog deur die betreklik klein afstand ’n voorstelling maak van die kromming van die water tussen ons en die skip, veroorsaak deur die kromming in die vorm van die aardbol, maar als ons in ons gees die kromming wil

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 149—432.

deurtrek tot waar alle middaglijne mekaar ontmoet, 8000 voet onderkant die plek waar ons staan, dan word die voorstelling absoluut onmo'enlik. En tog het ons 'n soort begrip van die aardbol. Ons het b.v. reeds miskien een of ander sfeertjie gesien en daarvan 'n juiste begrip gevorm en nou strek ons die begrip uit tot 'n soortgelijk ronde voorwerp, maar net oneindig vergroot, m. a. w. ons vorm 'n simbolies begrip. Maar die vorming van selfs 'n simbolies begrip word onmo'enlik, wanneer daar g'n objektiewe realiteit bestaan of bestaan het vir onse dinkvorm nie, waarmee ons, al was dit dan ok maar indirek, kan opklim om 'n begrip te vorm. Wanneer ons dit toepas op die ontstaan van die heelal, kom ons te staan voor die volgende dilemma: Die heelal is òf selfexistent, selfveroorzaak, òf veroorsaak deur 'n krag wat daarbuite staan.¹⁾ Selfexistent kan dit nie wees nie, sé hij, want die vorming van soo'n begrip is onmo'enlik. Buitendien is die idee selfexistent 'n illusie, want selfexistensie is 'n ontkenning van skepping en soo'n ontkenning sluit weer uit die idee van 'n begin. Selfexistensie beteken daarom existensie sonder begin. Maar soo'n idee kan ons onmo'enlik nie vorm nie, want die begrip existensie gedurende 'n oneindige tyd in die verlede sluit in die begrip: tyd wat oneindig voorbij is, en dit is 'n ongerijmdheid. Daarby help die begrip selfexistensie ons ok g'n steek verder tot verklaring van die heelal nie, want of dit gister of 'n miljoen jaar in die verlede ontstaan het, dit word daardeur nie verstaanbaarder gemaak nie. Die atheïstiese teorie is daarom ondinkbaar, en al was dit

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 22.

dinkbaar, dan sou dit nog g'n oplossing gewees het nie. ¹⁾

Die hipotese van selfskepping, selfkreatie, m. a. w. Pantheisme, kan 'n mens jou ewemin indink. Want dan sou daar tog 'n potensieel bestaan moet gewees het, waaruit die aktueel bestaan ontstaan is. En dan kom die vraag weer van self: waarvandaan kom die potensieel bestaan? Die moeilikheid word dus net 'n bietjie na agter toe geskuiwe, maar glad nie opgelos nie. ²⁾

Daar blij dan nog 'net o'er die theistiese hipotese — skepping deur 'n mag wat buite die wereld staan. Maar hierdie teorie is net so onhoubaar als die anders. Want als die heelal deur God gemaak is soos deur 'n kunstenaar, dan kom die vraag op: waarvandaan kom die materiaal waarmee Hij dit gedaan het? En als 'n mens sé — Hij het die heelal uit niks geskape, dan sé jii iets wat ondinkbaar is. Nog duidliker, sé hij, word die ongenoegsaamheid van die teorie, wanneer 'n mens in plaas van die materie, begin te dink aan die ruimte waarin die materie drijwe. Als daar niks anders als 'n onmeetbare vacuum bestaan nie, dan sou 'n mens net so goed daarvan 'n verklaring moet hé. Want waarvandaan kom dan die vacuum? Die theistiese teorie kan hierop alleen antwoord, dat dit op dieselfde manier gemaak is als die materie. Maar die gedagte is onbegrijplik. Want als die ruimte geskape is, dan moes die vóór die skeppingsmoment nie bestaan het nie. Maar die nie-bestaan van ruimte kan 'n mens jou onmo'enlik nie denk nie. Maar gestel nou dat die heelal ontstaan is deur 'n werking van buite af, dan blij die misterie

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 23.

²⁾ T. a. p., p. 24.

net so groot als tevore, want dan blij nog een manier die vraag: waarvandaan kom die oorsaak? En hierop kan die antwoord net soos in die geval van die heelal alleen wees, dat die òf selfexistent, òf self-ontstaan òf ontstaan is deur 'n oorsaak van buite af. Die eerste twee hipothese is ondinkbaar. En die derde verskuif net die moeilikheid, daar die vraag dan weer ontstaan: waarvandaan kom die oorsaak van oorsake?

Op dieselfde moeilikheid stuit 'n mens, als jij afsien van die oorsprong en dink aan die aard van die heelal. Wanneer ons iets waarneem, is die waarneming 'n gevolg van 'n oorsaak wat die indrukke op onse sintui'e maak het. Of die oorsaak gees of materie is, kom daar op die o'eblik nie op aan nie, dit is die oorsaak en daar kom dit op aan. Dit is verder òf die eerste oorsaak òf die gevolg van 'n ander oorsaak. Als dit die laaste is, eis ons verstand deur 'n onverbiddelike logika om terug te gaan in onse redenêring, totdat ons 'n eerste oorsaak vind. Ons verstand kan alleen berus in 'n eerste oorsaak. Maar wat is die natuur van die eerste oorsaak? Die moet òf eindig òf oneindig wees. Eindig kan dit nie wees nie, want dan moet dit weer op sij beurt 'n oorsaak hé en kan dan g'n eerste oorsaak wees nie. En als dit nie 'n eindige oorsaak is nie, dan moet dit 'n oneindige eerste oorsaak wees. En dit is 'n onmo'enlik begrip. Ten tweede. Die eerste oorsaak moet onafhanklik wees. Want als dit van iets anders afhanklik is, dan kan dit g'n eerste oorsaak wees nie. Dus moet dit onafhanklik wees. Maar als dit onafhanklik is, dan moet ons dit dink als dat wat bestaan afgesien van elk ander bestaan. Verder kan dit g'n oorsaak van 'n ander bestaan wees nie, want

dit sou dan daartoe moet gedetermineer wees deur iets binne of buite hom, wat hom in elk geval weer die ei'enskap van eerste oorsaak te wees ontnem. Die eerste oorsaak moet dus in elke sin van die woord wees volmaak kompleet, totaal, alle mag insluitende en alle wet te bó gaande, m. a. w. die Absolute.¹⁾ Hoe ons ons dus ok draai of keer, ons verstand dwing ons om tot seker gevolgtrekkinge te kom ten opsigte van die oorsprong van die heelal. In ons soek na oorsake kan ons verstand nie rus anders als in 'n eerste oorsaak nie. En in die aanwijs van die natuur van die eerste oorsaak, kom ons verstand tot geen rus nie, tensij ons die eerste oorsaak dink als oneindig en absoluut. Maar al hierdie ideeë behoort tot die onwettige orde en weerspreek mekaar. Dit is 'n kontradiksie om die absolute en oneindige te beskou als nie bestaande nie, en 'n kontradiksie om hulle te beskou als wel bestaande, 'n verstandlikke antinomie dus, 'n „intellectual see-saw”. Spencer kom dus tot dieselfde gevolgtrekkinge als Kant en Mansel.²⁾ Wat onse „ultimate religious ideas” betref, moet ons dus tot die konklusie kom, dat die mag wat die heelal aan ons openbaar ondoorsoeklik, onnavorsbaar is.³⁾

Tot dieselfde resultaat kom ons, wanneer ons onse „ultimate scientific ideas” voor die vierskaar van die Rede daag, b.v. (a) die ideeë van Tijd en Ruimte. Om te sé, dat tijd en ruimte objektief bestaan, is om te sé dat hulle entiteite is. Om te sé dat hulle nie entiteite is nie, sluit 'n innerlikke te'enstrijdigheid in, want

¹⁾ „First Principles”, p. 28.

²⁾ „Kritik der Reinen Vernunft”. — „Limits of Religious Thought”.

³⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 34.

non-entiteite is non-existensies, en om te beweer dat non-existensies objektief bestaan, is 'n „*contradictio in terminis*”. En tog, hoewel 'n mens verplig is om hulle objektiwiteit aan te neem, is hulle tog geheel en al ondinkbaar. Want 'n mens kan alleen 'n ding begryp als dit attribute het. En wat is nou die attribute van ruimte b.v.? Dis uitgebreidheid, antwoord jij natuurlik daadlik. Goed. Maar uitgebreidheid aan ruimte toe te skrywe is dieselfde als om objekt en attribueer te identifiseer. Ruimte en uitgebreidheid is kontrovertiebele terme. Om té sé dat ruimte uitgebrei is, is dieselfde als om te sé dat ruimte beslaan ruimte. Persies dieselfde is dit met die idee Tijd. Tijd en Ruimte het nog 'n ander ei'enaardigheid. 'n Entiteit is per se iets beperks. Maar van tyd en ruimte kan jij nog sé: hulle is beperk, nog sé: hulle is onbeperk. Dit is vir ons onmo'enlik om 'n dinkbeeld te vorm van onbeperkte ruimte en tog is dit vir ons net so onmo'enlik om te dink dat daar perke is waarbuite daar geen ruimte bestaan nie. Net só met die ander ei'enskap — die verdeelbaarheid van die ruimte. Dit is onmo'enlik om die verdeelbaarheid van ruimte te beperk en aan die ander kant net so onmo'enlik om te dink aan 'n oneindige deelbaarheid. Dus ons kan ons ruimte en tyd nie als nie bestaande dink nie en ok nie als bestaande nie. Ruimte en tyd is daarom totaal onbegrijplik. Die kennis wat dit lijk dat ons daarvan het, is bij nader ondersoek puur onkunde.¹⁾

(b). Net só is dit met die kwessie van die verdeelbaarheid van die stof. Stof is òf oneindig deelbaar òf nie. Sé ons dat stof oneindig deelbaar is, dan kom ons

¹⁾ „*First Principles*”, 6th Ed., p. 35, 36, 37.

te staan voor 'n veronderstelling wat nie in onse gedagte kan gerealiseer word nie. Daar kan nie 'n stofdeeltjie hoe miljoenemaal infinitesimaal ók wees nie, waarvan ons nie kan dink dat dit nog kleiner kan gemaak word nie. Maar oneindige deelbaarheid sou beteken 'n oneindige tyd daarbij. En dit is ondinkbaar. En om aan die ander kant te sê dat stof nie oneindig deelbaar is nie, is om te beweer dat hulle verdeelbaar is tot dele wat geen krag verder kan verdeel nie. En dit is net so ondinkbaar as die bo'genoemde.¹⁾

(c). Dieselfde geval is dit met die soliditeit van die materie. Is die materie so solied as dit ons voorkom? Is die deeltjies waaruit die stof bestaan o'eral in aanraking met mekaar of bestaan daar ruimtes tussen die deeltjies in? Was die materie so solied, dat daar geen ruimtes tussen die stofdeeltjies kan bestaan nie, dan kon die materie nie saamgedruk word nie. Maar stof is vatbaar vir saamdrukking of ineenpersing, daarom kan dit ok nie solied wees nie. Newton wou hierdie beswaar uit die weg ruim door te sê, dat die materie uit soliede atome bestaan, atome die nie in aanraking met mekaar is nie en op mekaar ageer deur aantrekking en afstoting, na gelang van die afstand. Maar dit verskuif net die beswaar. Want wat ons van die werking van twee atome op mekaar kan sê, kan ons ook sê van die dele van elke atoom onder mekaar en só tot in die oneindige toe. Boscovitch het perbeer om die probleem op te los deur te sê dat die bestanddelen van die materie kragpunte sonder afmeting is. Maar 'n kragpunt sonder afmeting is absoluut ondinkbaar. Te'e-

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 38.

stand kan alleen deur 'n iets gebied word en die iets kan alleen gedink word als ruimte innemende. En tog is dit die enigste houbare als ons op grond van die chemie die atome-theorie moet aanneem. Want als 'n mens vra: wat hou die dele van die atome bij mekaar, dan kan jij alleen antwoord: 'n saamhou'ende krag — a cohesive force. En wat hou die dele van die dele tot in die oneindige aan mekaar, dan moet die antwoord alleen weer wees: 'n saamhou'ende krag, en so kan ons hierdie proses met ons verstand voorset totdat ons moet aanneem die simboliese begrip van kragpunte sonder afmeting. Stof is dus per slot van rekening net so absoluut onbegrijplik als ruimte en tijd. ¹⁾

(d). So ok met die vraagstuk van beweging en rus. 'n Bewe'ende liggaam kan nie tot ons gebreng word sonder al die tussenstadieë van snelhede deur te gaan nie. Maar als 'n mens met jou gees al die stadieë van snelhede sal wil deurgaen, dan sou jij dit moet doen tot in die oneindige. Net so kan 'n rustende liggaam nie tot beweging gebring word nie sonder om alle moeglikke stadieë van snelheid deur te loop, d. w. s. tot in die oneindige toe. Die o'ergang van beweging tot rus en van rus tot beweging is absoluut ondinkbaar. ²⁾

(e). In net sulke ono'erkomelike moeilikhede verval 'n mens als jij jou die verband tussen krag en stof wil indink. Ons ken die materie alleen deur sij openbaring van krag. Abstraheer die materie van sij weerstand middelik en onmiddelik en daar blij niks als ledige uitgebreidheid o'er nie. En tog, aan die ander

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 34 en 40.

²⁾ T. a. p., p. 42 en 43.

kant is weerstand, sonder materie wat weerstand bied, sonder iets wat uitgebrei is, net so ondinkbaar. En nie alleen is kragpunte sonder uitgebreidheid ondinkbaar nie, maar ons kan ons nie voorstel nie, dat kragpunte, of hulle uitgebreid is of nie, mekaar op 'n afstand kan aantrek of afstoot sonder die tussenkoms van een of ander soort materie nie. Te'en Newton en Boscovitch het hulle tereg aangevoer, dat hulle hipothese rus op die veronderstelling dat liggame op mekaar kan ageer deur 'n lege ruimte heen. Maar die ether-hipothese, aan die ander kant, wat hulle daarvoor in die plaas stel, voer ok tot 'n kontradiksie. Die son b.v. gé ons indrukke van lig en warmte. En ons het bereken, dat tussen die oorsaak van die warmte en die uitwerking op ons hier op die aarde 'n tydverloop van 8 minute plaas gevind het. Die oorsaak het hom dus voorgeset o'er 'n afstand van 92.000 mijle. Maar dit is ondinkbaar, dat soo'n beweging plaas gevind het sonder iets wat beweeg geword is of hom self voorgeset het. Ons is dus verplig om aan te neem, dat daar tussen son en aarde 'n ether-uitgebreidheid lé. En tog is dit weer net so onmo'enlik dinkbaar als bij 'n vacuum wat tussen aarde en son lé. Want die ether sou net soos ander stof moet bestaan uit atome en molekule. Maar hierdie ether is onsigbaar en die materie van die son nie. En daarom moet daar 'n ontsettende groot onderskeid bestaan in die rasio van die tussenruimtes tussen die ether-atome en die son-atome. Maar dan staan ons weer voor dieselfde beswaar als net nou, n.a. liggame kan nie op mekaar deur 'n lege ruimte heen werk nie. ¹⁾

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 43 en 44.

(f). Als laaste voorbeeld sal ons neem die kwessie van die selfbewustsijn. Als ons tog van iets seker is op die wereld, dan is dit van die Ek. En daarom dan ok dat vele filosofiese stelsels ok gebou was op hierdie vir twyfel onaantasbaar uitgangspunt. Selfs die skeptikus, wat beweer dat die Ek net die som van indrukke of ideeë is, weerspreek hom self als hij die bestaan van die Ek ontken, want hij moet die indrukke en ideeë elke slag weer herken als *sij* indrukke en *sij* ideeë en nie die van 'n ander nie. Dus daar is niks sekerder vir ons bewustsijn nie als die bestaan van die Ek. En tog is die bestaan van die Ek 'n kontradiksie. Want wat sluit b.v. 'n daad van kennisneem in? Dit sluit tog in 'n subjekt wat ken en 'n objekt wat geken word. Maar als 'n mens sé: ek is mij van mijselfwe bewus, m. a. w. ek neem mijself waar, dan is die wat ken en die wat geken word een en dieselfde. Subjekt en objekt is dan identies en daarmee is die vernietiging van altwee voltooi. En so besluit Spencer, dat ók onse laaste wetenskaplikke ideeë realiteite vertegenwoordig wat nie kan begryp word nie. Al onse ondersoekings wat betref onse wetenskaplikke ideeë bring ons tot onoplosbare probleme. Die wetenskaplikke mens weet daarom, dat niks in sij ware natuur kan geken word nie.¹⁾ Das Ding-an-sich blij onbekend en onkenbaar.

Hierdie induksie word getrek uit algemene en bisondere ervaringe, soos aangetoon is. Maar nou wij hij nog één hoofstuk, „The Relativity of all knowledge”, aan die betoog dat die realiteit wat agter die verskijnsele lé, onbekend is en ewiglik so sal blij. En dit doen hij deur

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 48, 49.

'n deduksie *uit die aard* van die verstand self. Dat onse kennis nie absoluut is nie en ok nooit so sal wees nie, bewijs hij deur die produk en die proses van ons dinke te analiseer. Alle kennis is relatief, sé hij. Als jij b.v. so loop deur die gras en bossies en jij hoor meteens 'n geritsel, dan draai jij jou om en kijk wat die geritsel veroorsaak het. Terwijl jij nader kom, vlieg daar 'n patrijs uit. O, sé jij, nou verstaan ek die hele affaire. Wat wil jou verstaan van die saak sé? Niks anders als dat jij dit in verband, in relasie gebring het met wat jij reeds vroe'er waargeneem het. En so is alle kennis 'n in verband bring, 'n in relasie stel, van seker gebeurtenisse, feite of gedagte met gegeneraliseerde relasies. En daarom is elke verklaring van wat ok 'n onder algemene waarhede bring van speciale waarhede en van algemene waarhede onder waarhede wat nog algemener is, en daarom moet die algemeenste waarheid 'n waarheid wees wat nie onder 'n nog ander waarheid gebring kan word nie, m. a. w. die moet dus onverklaarbaar, onuitlegbaar wees. Dit wat betref die produk van ons dinke. Dieselfde geld ok wat betref die proses van ons dinke. B.v. wat wil die begrip bewustsijn sé? Bewustsijn sluit in 'n onderskeiding tussen twee objekte. Bewustsijn beteken bewus te wees van iets. En van die iets kan jij alleen sé dat dit is wat dit is, deur dit te onderskei van dat wat dit nie is nie. Maar so te onderskei tussen twee objekte is noodsaaklik 'n begrensing, 'n limitasie van die objekte. M. a. w. om te dink is om te begrens. Die voorwaarde van bewustsijn is, te kan onderskei, en die voorwaarde van onderskeiding is begrensing. Als nou „dink” beteken „begrens”, dan is die idee: die oneindige, net die naam voor die afwe-

sigheid van die voorwaardes waaronder bewustsijn mo'enlik is. Want als dink beteken begrens, dan is die idee: die oneindige, 'n begrensing van die oneindige deur dit te onderskei van die eindige. Maar die gedagte: begrensing van die oneindige, is 'n kontradiksie. Deur daarom te beweer dat die oneindige 'n voorwerp van bewustsijn is, is te beweer dat die oneindige beide beperk en onbeperk is, 'n kontradiksie en daarom 'n onmo'enlikke begrip.

'n Ander kenmerk van bewustsijn is: dat bewustsijn slegs mo'enlik is in die vorm van *relasie*. Daar moet wees 'n subjekt wat bewus is, en 'n objekt waarvan jij bewus word of bewus is. Bewustsijn is daarom alleen daar mo'enlik, waar 'n vergelyking kan gemaak word. Vergelyking is 'n daad van bewustsijn. En tussen ons en die oneindige of absolute kan geen vergelyking gemaak word nie, omdat die absolute en oneindige in hulle self bestaan en per se buite alle verband met die bewustsijn staan; want die absolute druk geen objekt van gedagte uit nie, maar is net 'n ontkenning van die relasie waardeur jou dinke gekonstitueer is. M. a. w. ek kan mij van die absolute of oneindige nie bewus word nie, daarom kan ek dit ook nie ken nie. Die absolute blij dus vir mij onkenbaar.

'n Ander karakertrek van die bewustsijn is, dat elke daad van bewustsijn gelykheid insluit, m. a. w. ek kan alleen iets ken deur dit te herken. Als ek vir die eerste maal 'n dier sien, dan begin ek dit daadlik te vergelyk met wat ek reeds ken. Ek begin dit daadlik te klassifiseer, dus te herken. Ek sal sé, hij behoort tot die soogdiere, vo'els, reptiele of visse. En als dit nie daadlik onder één van hierdie rubrieke wil val nie,

dan onder vertebrate en invertebrate, of als dit dan ok nog nie hieronder val nie, dan bring ek dit onder die rubriek dood of lewendig. Sal dit 'n objekt van kennis word, dan moet dit vergelyk, geklassifiseer, gesubsumeer kan word. Sal daarom ideeë als die absolute, die oneindige, en die eerste oorsaak objekte van kennis voorstel, dan moet dit ok kan geveergelyk of geklassifiseer word met wat reeds objekte van ons bewustsijn is, en dit is onmo'elik.¹⁾ En dit bring Spencer tot sijn laaste vraag: — wat moet ons sé van die transcendentale, van dat wat bó alle kennis verhewe is? Kan ons net berus in die bewustsijn van blote verskijnsele, in die bewustsijn net van die relatiewe? Of kan ons ok glo aan die bestaan van dat wat bó die relatiewe verhewe is?

Ons het reeds gesien, sé hij, dat volgens Mansel die oneindige en die absolute net soos die onbegrijplike en onsigbare geen objekt van ons dinke of bewustsijn kan wees nie, omdat die voorwaardes ontbreek waaronder bewustsijn mo'elik is. Logies is hierdie gevolgtrekking geregvaardig, maar psychologies is dit totaal verkeerd, want behalwe die definitiewe bewustsijn waarvan die Logika die re'els formuleer, is daar ok 'n indefinitiewe bewustsijn wat nie geformuleer kan word nie. Behalwe gedagtes wat op hulle self kompleet en afgerond is, is daar ok gedagtes wat onmo'elik kompleet of afgerond kan gemaak word nie en wat daardeur tog waarlik nie minder re'el is nie, in die sin dat hulle normale affekte, hebbelikhede van die verstand is. B.v. in elk een van die argumente waardeur die relatiwiteit

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 50—64.

van onse kennis gestaaf is, is ook duidlik gepostuleer geword die positief bestaan van iets agter die relatiewe. Om te sé b.v. dat ons die absolute nie kan ken nie, sluit die gedagte in, dat daar 'n absolute is. In die feit op sigself, dat ons sé: ons kan nie weet wat die absolute is nie, lé verborre die bewering dat die absolute bestaan, en dit bewijs, dat die absolute in onse gees aanwesig is, nie als 'n niks, nie maar als 'n iets. 'n Bewijs hiervoor is, dat ons ons geen begrip kan vorm nie van 'n deel sonder die begrip van 'n geheel, of van gelijk sonder die begrip ongelijk, of van eenvoudig sonder die begrip meervoudig nie. En persies net so van die relatiewe en nie-relatiewe of absolute. Om met sir W. Hamilton te sé dat die negatiewe net 'n negasie is van die positiewe, is verkeerd. Want in sulke korrelatiewe als gelijk en ongelijk is dit duidlik, dat die negatiewe begrip iets meer bevat als die negasie van die positiewe, want die dinge waarvan gelijkheid ontken word, word deur ontkenning nie van ons bewustsijn uitgesluit nie. En dit is percies dieselfde geval met korrelatiewe, waarvan die negatiewe onbegrijplik is. Neem b.v. die ideeë beperk en onbeperk. Onse idee van wat beperk is, bestaan uit, ten eerste, 'n bewustsijn van een of ander soort sijn, en ten tweede uit 'n bewustsijn van die perke waaronder die sijn geken word. In die antithetiese dinkbeeld van die onbeperkte word wel die bewustsijn van perke uitgewis, maar nie die bewustsijn van 'n seker soort sijn of bestaan nie. Dit is wel waar dat, deurdat bepaalde perke ontbreek, die bewustsijn ophou om 'n klaar en duidlik begrip te wees, maar dit is nie minder waar nie, dat dit blij bestaan als 'n vorm van bewustsijn. Als bewijs hiervan geld die volgende: — als die nega-

tiewe kant van 'n begrip niks anders is nie als 'n blote negasie van die positiewe kant daarvan nie, dan volg hieruit, dat hierdie negasies onder mekaar kan verwissel word. 'n Mens sal dan b.v. kan sé, dat die negasie van die deelbare is die onbeperkte, en die ondeelbare is die antithese van die beperkte. Die feit dat die negasies nie so verwissel kan word nie, is 'n bewijs, dat in die bewustsijn die onbeperkte en ondeelbare kwalitatief afsonderlik en daarom positief of reël bestaan, daar onderskeid nie tussen non-entiteite kan bestaan nie.

Die fout wat gewoonlik op hierdie punt gemaak word, sé hij, bestaan daarin, dat 'n mens dink dat die bewustsijn uit niks anders als perke en voorwaardes kan bestaan nie, terwyl jii totaal uit die oog verlies dat wat beperk en afhanklik word. 'n Mens vergeet dat daar iets bestaan wat die ruwe materiaal lewer om bepaald te kan dink en wat o'erblij nadat die bepaaldheid wat die dinke gegé het, weggeneem is. Al wat hier beweer word het betrekking op die hoogste van alle antinomie, n.l. op die Relatiewe en die nie-Relatiewe of Absolute. Ons is ons bewus van die relatiewe als van 'n bestaan onder voorwaardes en perke. Dit is onmo'elik, die voorwaardes en perke in jou gedagte af te skei van iets waaraan hulle die vorm gegé het. M. a. w. als dink beteken beperk, wat word dan beperk? Die abstraksie van die voorwaardes en perke is, volgens die hipotese, die abstraksie van die voorwaardes en perke en van hulle alleen. Dietengevolge moet daar 'n o'erblijwend bewustsijn wees van iets wat hulle vorme, die vorme waardeur hulle dinkbaar geword het, opgevolg het. En hierdie indefinitiewe iets vorm ons bewustsijn van

die nie-Relatiewe of Absolute. Hoe onmo'enlik dit ok mag wees om aan hierdie bewustsijn enige kwantitatiewe of kwalitatiewe vorm te gé, dit is nie minder seker, nie dat dit tog in ons blij als 'n positiewe en onvernietigbare element of faktor van ons dinke. Nog duidliker word die waarheid, als ons bedink, dat ons begrip van die relatiewe self verdwijn, als ons bewustsijn van die absolute 'n blote negasie is. Als b.v. van ons geeis word, om die relasie tussen die relatiewe en nie-relatiewe te dink sonder van beide bewus te wees, dan word feitelik van ons geeis om dat, waarvan ons bewus is, en dat, waarvan ons nie bewus is nie, met mekaar te vergelyk, want vergelyking is op sigself 'n daad van bewustsijn en alleen mo'enlik deur ons bewustsijn van altwee objekte. Maar als nou die relatiewe in ons dinke aanwesig is als 'n blote negasie soos Mansel en Hamilton beweer, dan word die verhouding tussen die relatiewe en nie-relatiewe ondinkbaar, want één van die faktore van die relasie ontbreek in die bewustsijn. En als hierdie relasie ondinkbaar is, dan is die relatiewe self ondinkbaar, omdat daar dan geen antithese is nie en daarmee hou dan ok alle dinke op.

Die positiewe karakter van ons bewustsijn van die onvoorwaardelike blyk nog duidliker uit die volgende. Een van die argumente om die relatiwiteit van onse kennis te bewijs is, dat ons Tijd en Ruimte nog als beperk nog als onbeperk kan dink nie. Dink ons aan tyd of ruimte als beperk, dan kom daar tegelyk op 'n bewustsijn van 'n tyd en ruimte wat buiten die perke lé. En hierdie laaste tyd en ruimte word, hoewel nie definitief nie, tog wel degelik als reël gedink. Hoewel ons daar nie 'n afgeronde begrip van kan vorm nie,

omdat ons dit nie in perke kan bring nie, is daar nogtans in ons gees die ongevormde materiaal van 'n begrip. En so ok met die begrip oorsaak. Ons kan ewemin 'n afgeronde gedagte vorm van oorsaak als van ruimte en tyd, en ons is dus verplig om van die oorsaak, wat die perke van ons dinke te bó gaan, te dink als positief, hoewel nie definitief nie. Net so als wanneer ons dink aan beperkte ruimte, die gedagte ontstaan van 'n ruimte wat nog buite die perke lé, so ontstaan daar, wanneer ons dink aan 'n definitiewe oorsaak, daadlik die bewustsijn van 'n oorsaak wat daar agter lé, en die bewustsijn is, wat sij inhoud betref, persies dieselfde als wat dit veroorsaak, maar sonder vorm. Die dinkakte voer ons bó die voorwaardelik bestaan uit na 'n onvoorwaardelik bestaan toe, en dit blij altoos deur bij ons als die liggaam van 'n gedagte waaraan ons geen vorm kan gé nie. En hiervandaan kom ons geloof aan 'n objektiewe realiteit. Dis hier soos met die begrip van das Ding-an-sich. Hoewel 'n mens ons sé, dat die stof soos ons die waarneem nie is soos dit in sigself per se is nie, tog word ons bewustsijn daarvan nie vernietig nie, maar net getransfigureer. Daar blij o'er die bewustsijn van 'n realiteit, hoewel die nie 'n bepaalde is nie. Ofskoon dus die Philosophie elke poging om 'n begrip van die absolute te vorm, veroordeel, tog kan ons nooit die ganse inhoud van ons bewustsijn uitban nie, daar blij altoos 'n faktor, 'n element o'er wat o'ergaan in nuwe vorme. Die voordurende negasie van elke bisondere vorm en perk loop uit op die min of meer abstraksie van alle vorme en perke en eindig so in 'n indefinitiewe bewustsijn van die vormlose en onbeperkte.

En so kom ons hier tot die laaste beswaar: hoe kan daar 'n bewustsijn bestaan van die vormlose en onbeperkte, wanneer bewustsijn alleen mo'elik is onder vorme en perke? Moet die materiaal van ons bewustsijn nie verdwyn nie, wanneer die voorwaardes van sij bestaan verdwyn nie? Die antwoord is: Soo'n bewustsijn kan nie deur net één dinkakte gevorm word nie, maar is die produk van 'n heel klomp dinkaktes. In elke begrip is daar 'n faktor wat deur blij bestaan en onmo'elik kan ontbreek nie. Maar die persistensie van hierdie faktor onder alle suksessiewe voorwaardes, veroorsaak 'n bewustsijn, wat en onderskeie is van die voorwaardes en daarvan afhanklik is. Hoe word hierdie bewustsijn gevorm? Die antwoord is: deur suksessiewe begrippe, wat ontdaan is van hulle perke en voorwaardes, te kombineer, soos b.v. wanneer 'n mens dink aan 'n piano, jij net 'n algemene voorstelling daarvan voor jou gees het, en nie elke deel daarvan in die besonder, soos die toetse, die pedale, die kleur, die hout ens. nie. Soos ons nou soos in hierdie geval 'n definitiewe begrip vorm van 'n besonder bestaan deur dit te omkleed met seker beperkinge en voorwaardes, so vorm ons in die te'eno'ergestelde 'n indefinitiewe begrip van 'n algemene bestaan, deur die beperkinge en voorwaardes in alle opeenvolgende toestande weg te neem. Die bewustsijn is nie de abstraksie van één groep van gedagtes, ideeë of begrippe nie, maar is die abstraksie van alle gedagtes, ideeë en begrippe. Ten gevolge hiervan blij daar o'er 'n indefinitiewe bewustsijn van iets wat konstant is onder alle vorme van sijn of bestaan, afgeskeie, apart van sij verskijnsele. Die kontras tussen die absolute en relatiewe in onse

gees is in werklikheid die kontrast tussen die geestlike element wat absoluut bestaan en die relatief bestaan, sodat die allerlaaste element beide noodsaaklik indefinitief en noodsaaklik onvernietigbaar is.

„Our consciousness of the unconditioned, being literally the unconditioned consciousness or raw material of thought to which in thinking we give definite forms, it follows that an ever present sense of real existence is the real basis of our intelligence. While by the laws of thought we are prevented from forming a conception of absolute existence we are by the laws of thought prevented from excluding the consciousness of absolute existence, this consciousness being as we here see, the obverse of selfconsciousness.”¹⁾

Ons het dus 'n bewustsijn van die absolute, maar dit is 'n indefinitiewe bewustsijn en daarom blij die absolute self onbekend en onkenbaar.

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 72.

HOOFSTUK III.

Sij Agnosticisme en sij Erkenntniss-Theorie.

I.

Als één van die bewijse vir sij Agnosticisme voer hij op p. 51 van „First Principles” die reeds in ons vorige hoofstuk aangehaalde voorbeeld van die patrijs aan, om aan te toon dat verstaan (comprehendere) niks anders is nie, als 'n in verband bring, 'n in relasie stel, 'n onder die hoof bring van die reeds gekende. Daarom is verklaar, of uitleg, 'n onder algemene waarhede bring van speciale waarhede, en van algemene waarhede onder waarhede wat nog meer algemeen is, en daarom moet die algemeenste waarheid nie meer onder 'n nog algemener waarheid te bring en dus vir geen verder verklaring meer vatbaar wees nie.

„For if the successively deeper interpretations of nature which constitute advancing knowledge are merely successive inclusions of special truths in general truths and of general truths in truths still more general, it follows that the most general truth not admitting of inclusion in any other, does not admit of interpretation. Of necessity therefore explanation must eventually bring us down to the inexplicable.

Comprehension must become something other than comprehension before the ultimate fact can be comprehended." ¹⁾

(a). Spencer het volgens onse opinie volkome gelijk als hij die gang van onse kennis als 'n gedurige teruglei, 'n gedurige onder-hoof-bring, beskou. *Maar* dan is die teruglei, die onder-hoof-bring, 'n teruglei tot wat *bekend* is en nie tot wat onbekend of onkenbaar is nie. Hegel se gedagte hierin is vir ons nog altijd onomstootlik n.l. sijn idee, dat die wereld vir ons bestaan net so ver als ons daar 'n idee van het. Als ek 'n boom sien, dan bring ek dit onder mij idee van bome, en die idee staan weer onder mij idee van dinge in die algemeen, en die weer in die laaste geval onder mij idee van sijn of bestaan. Maar elke maal wat ek dit terug bring onder 'n algemener idee, is dit tot een wat mij bekend is, totdat ek ten laaste stuit op die idee sijn. Verder terug kan ek nie. Maar dan is die idee sijn vir mij nie iets onbekends nie, maar iets so bekend, dat dit skijn bij sijn ei'e lig, dit is m. a. w. iets klaarblyklyks. Om 'n saak te verklaar of uit te lé is om dit terug te voer van die minder bekende tot die meer bekende.

„Erklären heisst also solche Vorgänge, welche uns in der unmittelbaren Wahrnehmung entweder gar nicht oder nur unvollständig gegeben sind, als gleichartig mit solchen Vorgängen nachzuweisen, welche uns in der unmittelbaren Wahrnehmung gegeben sind. Damit ist zugleich gesagt, dass es für die unmittelbar wahrgenommenen Vorgänge und Erscheinungen keine Erklärung giebt.“ ²⁾

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 54.

²⁾ Ernest Grosse, „Herbert Spencer's Lehre von dem Unerkennbaren”, p. 69.

Natuurlik! die algemeenste waarheid kan nie verder verklaar word nie en behoef ok nie verder verklaar te word nie. Want die algemeenste waarheid is tegelyk die duidlikste waarheid. Behoor b.v. die geometriese axiomata nie tot die algemeenste waarhede nie? En is hulle nie die duidlikste en verstaanbaarste waarhede vir die menslikke verstand nie?

Ons meen dat dit so duidlik is, dat dit geen verder betoog nodig het nie. Hierdie deel van sij Erkentniss-theorie kan dus die proef nie deurstaan nie en daarom ook nie sij Agnosticisme in so ver die hierop gebou is nie. Maar dit net om die saak in te lei. Ons kom nou tot sij grond-argument waarom dinge onkenbaar is.

(b). Die grond-argument vir sij Agnosticisme is, dat niks in sij wese kan geken word nie. Al onse kennis rus op verskijnsele. En die is net die simbole, die modi, die bestaansvorme van die reële wat onkenbaar is en ewiglik so sal blij. Al wat bestaan is net die openbaring van 'n krag wat ten grondslag van alle verskijnsele lé: —

„We come down then finally to Force as the ultimate of ultimates. Though Space, Time, matter and motion are apparently all necessary data of intelligence; yet a psychological analysis shows us that these are built up or abstracted from experiences of Force.”¹⁾

Maar wat is nu hierdie Force? Is dit 'n realiteit? Nee, antwoord hij (om maar net 'n paar aanhalinge te gé): —

„It needs but to remember that consciousness consists of changes to see that the ultimate datum of consciousness must

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 132.

be that of which change is the manifestation and that thus the force by which we ourselves produce changes and which serves to symbolise the cause of changes in general, is the final disclosure of analysis. That this indecomposable mode of consciousness into which all other modes may be decomposed cannot itself be the power manifested to us through phenomena has been already proved ¹⁾ in paragraph 21,

waar hij die volgende sé :

„On lifting a chair the force exerted we regard as equal to that antagonistic force called the weight of the chair and we cannot think of these as equal without thinking of them as like in kind, since equality is conceivable only between things that are connatural. Yet contrariwise it is incredible that the force existing in the chair resembles the force present in our minds. The force known to us is an affection of consciousness. We cannot therefore conceive the force to exist in the chair under the same form without endowing the chair with consciousness so that it is absurd to think of forces as in itself like our sensation of it and yet necessary so to think of it if we represent it in consciousness at all. ²⁾

„Force as we know it can be regarded only as a conditional effect of the unconditioned cause, as the relative reality indicating to us an Absolute Reality by which it is immediately produced.” ³⁾

„All these phenomena (the instability of the homogeneous, multiplication of effects, segregation, equilibration, dissolution etc.) from their great features down to their minutest details are necessary results of the Persistence of Force under its form of matter and motion. And thus transcends all human understanding, is an unknown and unknowable Force.” ⁴⁾

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 133.

²⁾ T. a. p., p. 43.

³⁾ T. a. p., p. 133.

⁴⁾ Herbert Spencer, „Reasons for dissenting from M. Comte”, p. 29. — Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 554.

„The concept we form to ourselves of matter is but the symbol of some form of Power, absolutely and for ever unknown to us, and a symbol which we cannot suppose to be like the reality without involving ourselves in contradictions.... Also the representation of all objective activities in terms of motion is but a representation of them and not a knowledge of them.... when with these conclusions we join the conclusion lately reached that mind also is unknowable and that the simplest form under which we can think of its substance is but a *symbol* of something that can never be rendered into thought, we see that the whole question whether these symbols should be expressed in terms of those or those in terms of these is a question scarcely worth deciding.”

„The interpretation of all phenomena in terms of matter, motion and force is nothing more than the reduction of our complex symbols of thought to the simplest symbols. It seems easier to translate so-called matter into so-called spirit, than to translate so-called spirit into so-called matter (which latter is indeed wholly impossible). Our only course is constantly to recognize our symbols as symbols only and to rest content with that duality of them which our constitution necessitates.” ¹⁾

Meer aanhalings is onnodig.

In één woord, Spencer se erkenntniss-theoretiese standpunt is nog die Idealisme nog die Realisme, maar 'n „umgebildete Realismus”. Die duidlikste het hij hierdie theorie uitgewerk in sij „Principles of Psychology”. Daarin voer hij die strijd tussen Idealisme en Realisme terug tot die strijd tussen Rede en Waarneming (trial of Reason versus Perception). Die strijd laat hij beslis ten gunste van die waarneming, deur te bewijs dat die getui'enis van die rede afgelei is van die getui'enis van die waarneming en daarom minder beteken. Wanneer rede en waarneming

¹⁾ „Principles of Psychology”, Vol. I, p. 159.

als getui'e mekaar weersprekende verklarings aflé en die rede op meer geloofwaardigheid aanspraak maak, so openbaar die kruisverhoor gou, dat die getui'enis van die rede meer is dan 'n op hoor sé gegronde bewering van die waarneming. ¹⁾ Waarin bestaan dan die getui'enis van die waarneming volgens Spencer? Om sij lesers die geheim te leer, vra hij hulle om die blad papier wat vóór hulle lé te beskou en hom te vertel wat hulle sien. Die leser antwoord dan natuurlik, dat hij bewus geword het van 'n voorwerp wat geskeie van hom, buite hom om, bestaan. Maar waarin bestaan dan hierdie bewustsijn van die bestaan van die voorwerp? Wat neem ons waar, als ons die blad papier beskou? Deur die sien-sin neem jij waar 'n regte hoek, deur jou voel-sin 'n dun gladde liggaam van 'n seker uitbreiding en vorm en van 'n bietjie gewig. Die waarneming van die blad is die som van al hierdie aparte waarneminge. En wanneer ons sé, dat die blad objektief bestaan, dan sé ons daarmee niks anders nie als dat daardie kleur, vorm, gladheid en gewig in 'n seker verband tot mekaar objektief bestaan. En wat is nou hierdie vorm, kleur, gewig, gladheid ens.? Is hulle objektiewe realiteite? Nee, hulle is net die verskijninge, die simbole van die objektiewe bestaan, wat die onkenbare korrelaat van onse kragservaring in hierdie geval is, en wat alleen *realiteit* besit.

Van hierdie leer van die kenvermo'e sé ons nou:

Ten eerste. Hierdie leer is 'n direkte te'enspraak van die getui'enis van die waarneming. Onse waarneming vertel ons nie die minste van die bestaan van 'n on-

¹⁾ „Principles of Psychology”, Vol. II, p. 442.

kenbare krag wat op ons bewustsijn inwerk deur die kleur, gladheid, vorm en gewig van die waargeneemde blad papier nie. Onse waarneming vertel ons ok nie, dat die verskillende eienskappe van die blad net simbole van die bestaan van die krag is nie, maar verseker ons inte'endeel op 'n manier wat niemand ter wereld kan of mag te'enspreek nie, dat die kleur, vorm, gewig en gladheid wat ons op die o'eblik ondervind, persies so bestaan als wat ons dit waarneem. Ons vra hier met Ernest Grosse: —

„Mit welchem Rechte verwirft der umgebildete Realismus dies Zeugniß der Wahrnehmung, nachdem er sich früher in seinem Streite gegen den Idealismus beständig auf die Wahrnehmung als auf die höchste und unanfechtbare Autorität berufen hat?“ ¹⁾

Waarom sal ons onse waarneming in die één geval glo en in die ander nie? Spencer antwoord ons hierop: dat ons die individuele waarneminge nie kan glo nie, want ons is verplig alle waarneminge te glo, en daar individuele waarneminge mekaar weerspreek, is die Rede verplig om hierdie mekaar weersprekende getui'nisse tot versoening te bring en die resultaat van die versoening is die, wat ons reeds genoem het: die „umgebildete Realismus“. Wanneer ons, terwyl ons die blad waarneem, 'n bietjie daarvandaan pad gé, dan bemerk ons, dat onse waarneming van die blad ok gaandeweg verander, terwyl die blad self daardeur tog nie kon verander wees nie. Onse waarneming wijs ons dus die blad nooit soos dit op sigself is nie, maar onse waarneming wijs ons net, hoe die blad onder verskillende

¹⁾ Ernest Grosse, „Herbert Spencer's Lehre von dem Unerkennbaren“, p. 84.

voorwaardes vir ons lijk. Onse waarneming openbaar ons dus wel die feit, maar nie die wese van dat wat objektief bestaan nie. ¹⁾

Vóór ons op hierdie deur Spencer beweerde te'enstrijdigheid in die getui'enisse van die waarneming ingaan, sal dit goed wees om ons self eers duidlik te maak van wat hij onder *Bestaan* of liever onder *Realiteit* verstaan.

„By reality we mean *persistence* in consciousness: a persistence which is either unconditional as our consciousness of space or which is conditional as our consciousness of a body while grasping it. The real as we conceive it is distinguished solely by the test of persistence. Between the person standing before us and the idea of such a person we discriminate by our ability to expel the idea from consciousness and our inability while looking at him, to expel the person from consciousness. And when in doubt as to the trustworthiness of some impression made on our eyes in the dusk, we settle the matter by observing whether the impression persists on closer inspection and we predicate reality if the persistence is complete. How truly persistence is what we mean by reality is shown in the fact that after criticism has proved that the real as presented in perception is not the objectively real of something which persists absolutely under all changes of mode, form or appearance. And the fact that we cannot form even an indefinite motion of the absolutely real except as the absolutely persistent implies that persistence is our ultimate test of the real whether as existing under its unknown form or under the form known to us.” ²⁾

Hiermee kom sij betoog in „Principles of Psychology” overeen. ³⁾ Realiteit is dus bij Spencer: dat wat aanhou met bestaan in jou bewustsijn.

¹⁾ Herbert Spencer, „Principles of Psychology”, Vol. I, p. 442, 443.

²⁾ Herbert Spencer, „First Principles”, 6th Ed., p. 125.

³⁾ Herbert Spencer, „Principles of Psychology”, Vol. II, p. 380.

Hierop vra ons nou: is die aanhou met bestaan in jou bewustsijn die kenteken, die kenmerk van die realiteit van dat wat aanhou met bestaan? En waarlik, dan kan ons nie anders als onkennend hierop antwoord nie. Als ek b.v. twee da'e na 'n swaar geveg nog gedurig die gebulder van die kanonne, die gefluit van die Lee-Metford ko'els, die gekerm van die gewonde, en die gekreun van die sterwende in mij ore hoor, is dit 'n bewijs, dat die dinge nog in werklikheid bestaan? Als ek deur 'n Afrikaanse bos loop en 'n dier sien wat ek nog nooit tevore gesien het nie, en nooit in mij lewe weer daarna sal sien nie, sal die dier daarom minder reëel, minder werklik vir mij bestaan? Als realiteit, bestaan, is die voordurendheid van 'n bewustsijnstoestand, dan moet wanneer ek 'n ding vergeet het, en die ding later weer sien en dit nie kan herken nie, die ding vir mij minder werklik bestaan het. Waarop berus die allereerste waarneming of gewaarwording van 'n pasgebore kind? Nie op 'n onder ideeë bring van wat hij waarneem nie, nie op 'n vergelyking met iets wat hij vroe'er waargeneem het nie, en waarvan die herinnering kon voorgeduur het nie. Nee, die eerste waarneming berus op 'n onmiddelik gewaarword, op 'n onmiddelik gevoel van iets wat buiten hom, objektief bestaan. In hierdie onmiddelik gevoel van 'n werklikheid, wat geen ander afleiding of verklaring nodig het nie, lé die fundamentele onderskeid tussen die waarneming en die voorstelling daarvan. Al is 'n bewustsijnstoestand ok nog so voordurend, so gou als daaraan die gevoel van werklikheid ontbreek, sal ons aan sij inhoud nooit 'n objektiewe realiteit toeskrywe nie, tensij die bewustsijnstoestand met 'n besef van werklikheid

saam of gepaard gaan nie. Ja, ons waag dit om te sé, dat als 'n mens maar net Spencer se ei'e definisie van wat werklikheid is, konsequent deurtrek, konsequent deurdink, dit dan onse opvatting sou bevestig. Want die realiteit van Spencer wat voorduur, moet ok eers besef word en eers nadat dit besef is, is die subjekt in staat om dit te vergelyk met die vroe'er waargeneemde, en eers so kan die proef van voordurendheid toegepas word. Ten volle kan ons daarom ok onderskrywe wat b.v. Dr. Ernest Grosse sé: —

„Das Merkmal der objektiven Realität besteht nicht in der Dauer eines Bewusstseinszustandes, sondern es besteht in dem unmittelbaren Gefühl der objektiven Existenz, welche uns in jeder Wahrnehmung und in keiner Vorstellung gegeben ist.“ ¹⁾

Wat deur ons waargeneem word is vir ons die reëele, die ware, of die bewustsijn daarvan voorduur of nie. Maar nou bestrij Spencer ok nie dat ons 'n verskijnsel waarneem nie, maar hij bestrij die *geloofwaardigheid* van die waarneming. Want, sé hij, die selfde voorwerp kom ons verskillend voor, onder verskillende omstandighede. Als ek b.v. 'n leeuw sien op 3000 meter afstand, dan lijk hij mij maar soos 'n muis wat daar staan, maar als ek hom op 3 meter afstand sien, dwing mij geweer om uit mij hand te val. Die twee waarneminge van die selfde voorwerp weerspreek mekaar dus volgens Spencer, daar is, sé hij, 'n hemelsbreed verskil tussen die ding self en die verskijning daarvan. Hier lé die swaartepunt van Spencer se Erkenntniss-theorie en hier op die punt moet dit ok nou blijk of

¹⁾ Ernest Grosse, „Herbert Spencer's Lehre von dem Unerkennbaren“, p. 85.

dit houbaar is of nie. En daarom is dit hier vóór alle dinge nodig dat ons mekaar goed verstaan en vooral aan die woorde die regte betekenis gé.

Wat moet ons verstaan onder die woord Ding? Als ek 'n seker voorwerp waarneem, wat neem ek dan waar? Ek neem niks anders waar nie als 'n groep van relasies, waarvan elk een, uit 'n subjektiewe en objektiewe faktor bestaan. Maar als ek dan in die daad van waarneming net verskillende relasies waarneem, wat vorm die relasies dan tot 'n eenheid? Wat maak hulle tot die *Ding* wat ek waarneem? Die antwoord is: die *eenheid* sit nie in die ding self nie, maar word deur die *Dinke* van die waarnemende *Ek* geskape. Die eenheid is 'n Gedankending. Die skijnbaar mekaar weersprekende getui'enisse van onse verskillende waarneminge van die selfde voorwerp het net betrekking op die verskeie relasies, wat die voorwerp van waarneming vorm, nie op die abstrakte *eenheid* van die relasies nie. Die abstrakte eenheid is net die voorwerp van die *Dinke*, nie van die *waarneming* nie. En nou spreek dit natuurlik van self dat elke maal as die faktore n.l. subjekt en objekt 'n verandering ondergaan, die relasies tussen subjekt en objekt ok' n verandering ondergaan en daarom natuurlik ok die getui'enisse van die waarneming. Die getui'enis van mij waarneming van die leeuw op 3000 meter afstand is, dat hij so groot als 'n muis is, en op 1000 meter, dat hij so groot als 'n kalf is, en op 3 meter, dat hij die koning van die Afrikaanse veld in al sij verskriklikheid is. Hierdie drie getui'enisse is verskillend, eenvoudig omdat die relasies waarin hulle tot mij en ek tot hulle staan, elke slag verskillend is. Ek het naamlik elke slag nader an

die leeuw gekom, m. a. w., die skijnbaar mekaar weersprekende getui'enisse van onse verskeie waarneminge het na hulle aard nie betrekking op die abstrakte eenheid — wat die voorwerp van die dinke is — nie, maar hulle het net betrekking op die voorwerp van waarneming, m. a. w., hulle het betrekking op 'n groep van individuele relasies, wat in elke verskillende waarneming, dit wil sé, elke slag als hulle faktore (subjekt en objekt) 'n verandering ondergaan, ok verskillend moet wees. Die getui'enisse van die verskeie waarneminge het dus nie betrekking op die selfde subjekt nie, maar hulle het betrekking op totaal verskeie subjekte. Maar als hulle ok nie op die selfde subjekt betrekking het nie, dan kan hulle ok nie mekaar weersprek nie en is ons verplig om hulle aan te neem.

„Das wahrgenommene Ding ist das wirkliche Ding, aber das wirkliche Ding is nicht das gedachte Ding”,

sé Grosse tereg. ¹⁾

Maar nou kan iemand ons voor die voete gooi, dat dit hier nie gaan om die produk uit subjektiewe en objektiewe faktore nie, maar om die objektiewe faktore alleen. Soos Spencer sé, die ei'enskappe van die stof soos ons die van bewus is, is net subjektiewe inwerkinge, aandoeninge, wat deur onbekende en onkenbare kragte veroorsaak of tevoorskijn geroep word. ²⁾

In antwoord hierop sé ons met Ernest Grosse saam: „die objektive Agentien an und für sich existiren nur

¹⁾ Ernest Grosse, „Herbert Spencer's Lehre von dem Unerkennbaren”, p. 88.

²⁾ „Principles of Psychology”, Vol. II, p. 493.

als Abstractionen des Metaphysikers." ¹⁾ En g'n wonder nie; want in werklikheid bestaan daar g'n objektiewe agens an und für sich nie, maar in werklikheid bestaan elke objektiewe agens, net als 'n faktor in 'n relasie, waarvan die tweede faktor die subjekt is, en als sodanig volkome kenbaar is. M.a.w. soos Lotze sé:

„The idea of phenomenon or appearance in order to be intelligible must presuppose not only a being or thing which appears, but also and quite as indispensable a second being by whom this appearance is perceived." ²⁾

Die objektiewe faktor is in elke individuele relasie soos hij ondervinde word. Daar bestaan g'n twyfel of dit mag in 'n ander relasie iets anders wees nie, maar in hierdie relasie is dit dat wat dit is. Suurstof in verbinding met swawel is nie *alles* wat dit in ander verbindings kan wees nie, maar in hierdie verbinding is dit wat dit is. Die versekering dat die Ding-an-sich nie kan geken word nie, beteken niks, vóór 'n mens kan bewijs dat die Ding-an-sich 'n objektiewe faktor is en *buite alle relasie met 'n subjekt kan bestaan nie*. En dit is 'n onmoëlikheid. Waarom? Ons kan hierop geen beter antwoord gé nie als om wat Prof. Ferrier o'er hierdie kwessie gesé het aan te haal.

„Our intercourse with the external universe was the given whole with which we had to deal. The other philosophies divided this given whole into the external universe on the one hand and our perception of it on the other; but they were unable to show how these two the objective and the subjec-

¹⁾ Ernest Grosse, „Herbert Spencer's Lehre von dem Unerkennbaren", p. 88.

²⁾ „Microcosmos" (Eng. vert.), p. 160.

tive could again be understood to coalesce. Like magicians with but half the powers of sorcery they had spoken the dissolving spell which severed man's mind from the universe, but they were unable to articulate the binding word, which again might bring them into union. It was reserved for the speculation of a later day to utter this word. Thus it did by admitting „in limine” the distinction; but at the same time, by showing that each of the divided members again resolves itself into both the factors into which the original whole was separated, and that in this way the distinction undoes itself But unless we are able to think two things *as two* and separated from each other, it is vain and unreasonable to ask how they can become one. In the same way, with respect to the question in hand, there is not a subjective and objective before us, but there is what we find to be an indivisible subjective-objective, when we commence by regarding what we imagined to be pure subjective and there is what we find to be an indivisible subjective-objective also, when we commence by regarding what we imagined to be the pure objective. So that the question, respecting the nature of the connexion between the subjective and the objective comes to be either this, what is the nature of the connexion between two subjective-objectives (but this is not the question to which an answer was wished), or else this, what is the nature of the connexion between *one thing*, one thing which no effort of thought can construe as really two.”¹⁾

M. a. w. die materialist vergeet, dat die objekt wat buite hom bestaan, nie minder als die subjekt n.l., dat wat binne hom is, feite van sij *bewustsijn* en niks anders is nie. Hij dink dat die mechaniese beweginge in die natuur onafhanklik van sij bewustsijn, van sij ervaring is. In ander woorde hij verval in dieselfde fout als die deur hom so gehate metaphysicus, wat

¹⁾ „Philosophical Works”, Vol. III, p. 278—284.

dink dat hij die dinge ken soals die op sigself, an-sich is of bestaan. Of soos Ernest Grosse tereg sé: „Aber ein Büchner gehört eben so gut unter die Metaphysiker als ein Hegel.” En waarom? Eenvoudig omdat 'n mens nog psigiese verskijnsele uit phiesiese, nog phiesiese uit psigiese verskijnsele kan verklaar nie, en wel om die eenvoudige rede, dat daar in werklikheid nog psigiese nog phiesiese verskijnsele is nie, maar net psigo-phiesiese verskijnsele.

Ons bewustsijn, kennis, waarneming, dis alles psigo-phiesies subjektief-objektief. En weer vra ons: waarom? Omdat al onse kennis 'n sinthese is. En 'n sinthese wat uit twee pole bestaan, subjekt en objekt. Sonder een van hierdie twee faktore kan er g'n kennis wees nie. Maar 'n sinthese is 'n produk. Als die sinthese, onse kennis naamlik, gevorm is, het daar reeds 'n proses voorafgegaan. M. a. w. ek word gewaar van iets vóór ek dit sien. Ek ondergaan 'n werking en die gevolg van die inwerking van buite af en van binne uit, is dat ek sien. Sien is dus 'n resultaat van die wisselwerking van die subjekt en objekt op mekaar. En daarom kan die produk, mij kennis, ok nie anders als psigo-phiesies, subjektief-objektief wees nie. Lewes het hierdie verhouding kernagtig uitgedruk toe hij gesé het: „Mind is the feeling, matter is the felt.” Dit is soos wanneer 'n mens die twee pole van 'n magneet wil skei, — die magneet daarom middel deur breuk en tot jou verbasing uitvind, dat in plaas dat hij die twee pole vir goed van mekaar geskei het, elke stuk weer 'n magneet met twee pole, positief en negatief, geword het.

Maar: vra iemand, ontken ons dan nie hierdoor die objektiewe faktor nie, die nie-Ek nie? En dan antwoord

ons met Lewes ¹⁾ hierop: — ons sé nie dat die klip wat daar op die grond lé, nie nog iets meer is als onse waarneming daarvan nie. Al wat ons beweer is, dat daardie iets in hierdie relasie, dat is, wat ons ondervind dat dit is, naamlik hier die klip wat voor ons lé. En als iemand ons dan vra wat dan die gepostuleerde *iets* is, anders als die Ding-an-sich, dan is ons antwoord, die *iets* is die abstrakte mo'enskap dat die subjekt of objekt van 'n produk in relasie met 'n ander faktor kan treë, wanneer die onder 'n ander vorm bestaan. Soos ons reeds gesé het: Suurstof in verbinding met swawel is nie alles wat dit in 'n ander verbinding kan wees nie. Die objektiewe faktor wat in relasie tot die subjekt 'n klip is, moet in 'n ander relasie iets anders wees. Of om dit konkreter en duidliker uit te druk: waarneem is kennisneem. En alle kennis is relatief, en ontstaan deur relatiwering. Was daar in die heelal g'n objekt wat met mij als subjekt, met mij Ego in relasie kon tree nie, dan sou mij Ego vir ewig geslaap het. Daar sou nooit kennis of selfbewustsijn ontstaan het. Waar dus g'n relasie tussen subjekt en objekt bestaan, is die mo'enskap van kennis uitgesluit. Als daar nou 'n Ding-an-sich sou kan bestaan, dan moet dit, of in relasies of buite relasies met die subjekt staan. Bestaan dit in relasie tot die subjekt, dan word dit daardeur deur die subjekt, geken. Bestaan dit buite relasies met die subjekt, dan is dit onkenbaar. Ja, dan kan 'n mens nie eers daarvan sé dat dit onkenbaar is nie. Want dit sé reeds te veel. 'n Mens kan

¹⁾ George Henry Lewes, „Problems of Life and Mind”, Vol. II, p. 438.

alleen iets sé van iets waarmee jij in relasies staan of staan kan. Of soos Prof. Flint sal wel sé: —

„A thing in itself is not only what no intelligence can know, but what no intelligence can be ignorant of.” ¹⁾

Prof. Ferrier het so klaar en duidlik aangetoon, dat 'n mens net kan onkundig blij van iets waarvan dit mo'enlik is, dat jij kennis van kan verkrij. ²⁾

Om dus van 'n wereld in en op sigself te praat is pure onsin, want soo'n wereld laat g'n relasies met die subjekt toe nie. Ten tweede, als 'n objekt in relasie tot 'n subjekt bestaan, dan moet dit nie alleen kenbaar wees nie, maar dan moet die kennis ook wees ware kennis, kennis van sij wese. En als iemand hierte'en sé, dat dit tog onmo'enlik is om ware kennis van iets te hé, als ons kontakt daarmee 'n kontakt van relasies is, dan is ons antwoord: — dat hoe ver of hoe nabij, hoe onder of hoe bó ek ook staan ten opsigte van 'n objekt, *ek kan nooit anders tot 'n objekt staan* als in relasies nie. Ons kan hierop nie genoeg nadruk lé nie en helder dit op deur die voorbeeld wat deur Lewes gebruik is.

„Der Mond erscheint am Horizont grösser als am Zenith. Er erscheint immer und allen Menschen so. Mag der Grund für diese Erscheinung in dem weiteren Gesichtswinkel oder mag er in einer Urtheilsansehung unter dem Einfluss der umgebenden Gegenstände liegen — die Empfindungsthatsache ist, dass der Mond am Horizonte grösser gesehen wird und

¹⁾ Robert Flint D.D., „Agnosticism”, p. 173.

²⁾ „Institutes of Metaphysic”, p. 404—408.

der unvermeidliche Schluss aus dieser Empfindungsthatsache ist, dass der Mond thatsächlich grösser ist. Allein hier tritt der Philosoph auf und berichtigt diese Folgerung, durch eine Folgerung, welche aus andern Thatsachen gezogen ist, die ihn versichern, dass Körper ihr Volumen nicht durch einfache Bewegung durch den Raum ändern, und hieraus schliesst er, dass der Mond am Horizont, wie er auch erscheinen mag, nicht grösser ist. Er will damit sagen: wenn der Beschauer im Stande wäre, den Mond zuerst an dem einen Orte und sodann an den zweiten zu messen, so würden die Messungen ein gleiches Resultat ergeben. Wir nehmen seine Berichtigung an, wir gestehen die ideale Thatsache zu; aber wir bemerken, dass seine Berichtigung unseres Wahrnehmungsurtheils nur in der Ersetzung einer Empfindungsthatsache durch eine andere besteht. Er sagt, dass der Mond am Horizont nicht grösser ist, sondern nur grösser erscheint. Aber was ist sein Beweis dafür? Einfach das Ansehen (appearance) welches der Mond in einer Beziehung hat, und dass wir, wenn wir, anstatt der Mond zu betrachten wie er real (d. h. in der Wahrnehmung) erscheint, ihn betrachten wie er ideal erscheint (d. h. in der Vorstellung), diesen anscheinenden Unterschied nicht mehr sehen würden. Alles dieses ist unbestreitbar, allein verbürgt es den Schluss, welcher so oft daraus gezogen wird, dass weder die reale noch die ideale Erscheinung uns sagt, was der Mond *ist*, sondern dass sie uns nur zeigen, als was er uns erscheint. Sicher, der Mond *ist* in jeden Falle *wie* er erscheint. Jede Ansicht ist die einer besonderen Relation, in der die objektive Ursache zu der subjektiven Empfindung steht; er — der Mond — ist nur Ursache, ist nur Empfindung als ein Produkt, dessen einer Faktor der Gruss des Geistes (greeting of the Spirit) ist, er — *der Mond* — had ausserhalb dieser besonderen Relation keine Existenz. Zu irgend einer anderen Relation mag, muss dasjenige was hier der objektive Faktor des Mondes ist, eine andere Existenz sein, aber dieser objektive Faktor ist nicht und kann nicht unser Mond sein, und die Forschung nach dieser Existenz ist entweder die rationelle Forschung nach anderen Ansichten (aspects), oder aber es ist das irrationelle Bemühen, herauszu-

bringen, was ein Ding wirklich ist, wenn es *nicht wirklich ist*. (What a thing really is, when it is not real.)" ¹⁾

Ons herhaal dus: die waargeneemde ding is die werklikke ding. En daarom ok dat ons ten volle kan onderskrywe die kragtige taal van die uitnemende metaphysicus Dr. Martineau:

„Faith in the veracity of our faculties, if it means anything, requires us to believe *that things are as they appear*, that is appear to the mind in the last and highest resort and to deal with the fact that the *only appear* as if it constituted an external exile from their *reality* is to attribute lunacy to universal reason. But the objects of autological guest are not lost to us in being only relatively discerned. Being either plural themselves or containing a plurality, they are actually charged with relations, and to know them as out of relation would be simply to misknow them. Because God can be contemplated only like other objects of thought, as differenced from our subjective selves, is it needful to say, that he is merely phenomenal to us and not cognizable in his reality." ²⁾

Die Ding-an-sich bestaan net in die woorde van die metaphysicus. Maar die idee het soo'n rol gespeel in die geskiedenis van die wijsbegeerte, dat ons ons hier wel die vraag mag stel, hoe die idee ontstaan? Die idee ontstaan, als 'n mens die subjektiewe faktore abstraheer van die individuele relasies af, en so lang als jii maar nie vergeet, dat hierdie logiese skeiding van subjekt en objekt net maar 'n logiese is nie, doen dit geen skade nie. Maar die neiging om die onderskeid

¹⁾ George Henry Lewes, „Problems of Life and Mind”, Vol. II, p. 51 (Vert. Grosse).

²⁾ Dr. James Martineau, „Essays Philosophical and Theological”, Vol. III, p. 481.

tussen gedagtes en feite weg te dink, lei dan daar lig toe om hierdie suiwere objekte, hierdie abstraksie-produkte vir reële existensies te hou. En dit was die voor-naamste fout van Spencer se agnosticisme. En aan die fout het hij hom gedurig skuldig gemaak. Hij het geabstraheer in plaas van te analiseer. Maar laat hij ok hier vir hom self praat.

„The incognizable is not the abstract of any groups of thoughts, ideas, or conceptions, but is the abstract of all thoughts, ideas or conceptions, that which is common to them all and cannot be rid off, what we predicate of the *word existence* — being *apart from appearances*.”¹⁾

Deur sulke abstraksie-prosesse was hij dus gedurig verplig om phenomena als phenomena per se, te behandel, wat tereg deur Prof. Ward gebrandmerk word als „a flagrant contradiction”.²⁾ Want wat anders is die abstraksie „being apart from appearances”, als die nie-sijn, die nie-bestaan nie? Dis niks anders als ’n grote nul nie. En tog hierop rus sij hele stelsel, want die „Persistence of Force”, waaruit hij die ganse heelal opbou en op laat rus, is niks anders als „being apart from appearance” nie. Soos hij self sé: — „in asserting the Persistence of Force, we assert an unconditioned reality”.³⁾ En unconditioned reality is net ’n ander woord vir „being apart from appearances”. Die heelal laat hij dus rus op ’n louter abstraksie, op suiwer niks.

¹⁾ „First Principles”, Rev. Ed., p. 82.

²⁾ „Naturalism and Agnosticism”, The Gifford Lectures delivered before the University of Aberdeen in the years 1896—1898 by James Ward Sc. D., Vol. I, p. 104, 181, 272 etc.

³⁾ „First Principles”, 6th Ed. p. 155.

Hierbij sluit ons nog 'n paar los opmerkings aan.

Ten eerste. Deur te sé, dat krag, atome, ether, undulasies, affiniteite ens. ens. almal net simbole is van die werklikheid, roep Spencer 'n dualisme in die lewe, waardeur hij die wereld in twee helftes snij. ¹⁾ En die twee helftes omring hij deur 'n volsla'e duisternis. Want ons weet dan van die realiteit wat agter die verskijnsele lé, niks af nie, en wat ons van die verskijnsele self kan sé, is net dat hulle simbole is. M. a. w. hij deel die wereld in twee abstraksies — wat ei'enlik twee Niete is. In so ver sou 'n mens sijn stelsel nihilisties wil noem. Maar wat is nou ei'enlik die waarheid in hierdie saak? Wat is die ware en wat die simboliese? Die ware is die konkrete, en die simboliese is die abstrakte. Die reëele sluit altoos in die individuele min of meer en die simboliese altoos die logiese, die universele. Die simbool is 'n skepping van die logika.

Ten tweede. Als ons wei'er om iets 'n verskijnsele te noem, tensij dit waargeneem word of waarneembaar is, waarom moet ons dan die slegte sin van verberg en nie die goeie sin van openbaar daaraan gé nie? Waarom kan verskijnsele geen realiteite wees nie? Ja, wat anders kan hulle wees? Hoe kan 'n werklikheid verskijn, op ons inwerk, ons verpletter of verblij, en tog ons totaal onbekend blij en ewiglik bó onse kennis uitgaan. Laat ons om dit op te helder die bekendste voorbeeld hiervoor neem: die omgang van die een met die ander mens. Tensij dat die mens veins, is sijn gebare en woorde openbaringe van die mens self. Die woorde

¹⁾ „Naturalism and Agnosticism”, Vol. I, p. 179.

mag onverstaanbaar wees vir wesens wat op 'n la'er intellektuele standpunt is, b.v. die trane, sugte en gebe'e van die op die slagveld doodlik gewonde Afrikaner mag vir sij trouwe perd onverstaanbaar wees, maar dit is daardeur nie juis minder reël nie.

Ten derde. Tot nader omskriewing van wat ons netnou gesé het omtrent sij fout om phenomena tot phenomena per se te maak, nog die volgende: — Als 'n mens krag, ens. net als 'n simbool van die werklikheid beskou, tot waver gevolgtrekking moet jij dan kom, als jij dit konsequent deurtrek? Tot dit — dat terwyl jij duik in die diepte in, agter die realiteit aan, deur die waters van die simbole heen, moet jij weg skuif simbool na simbool, verskijsel na verskijsel, want hoe ver onse analise van 'n krag of stof ok mag gaan, die resultaat van die analise is ons verplig volgens Spencer se metode om elke maal maar weer 'n simbool te noem. Analise en abstraksie bring ons stap vir stap net tot simbool na simbool. M. a. w. ons maak gedurig net abstraksies' van abstraksies, wat 'n klinkklare absurditeit is. En dat ons hom dit nie in die mond lé nie, blijk uit die reeds aangehaalde:

„The incognizable is not the abstract of any group of thoughts, ideas or conceptions, but is the abstract of all thoughts, ideas or conceptions, that which is common to them all and cannot be got rid off, what we predicate of the word existence — being apart from appearance.” ¹⁾

Verskijselse is dus abstraksies van abstraksies van abstraksies. Hoe ongerijmd dit ok mag wees, laat ons hom dit maar toestaan. Laat ons maar simbool na

¹⁾ „First Principles”, Rev. Ed., p. 82.

simbool weg skuiwe, en waarop stuit ons dan aan die end van die proses? Op realiteit, existensie, antwoord hij. Ja, goed! Maar realiteit is ok 'n kwaliteit, dus is dit ok 'n fenomenon, 'n verskijsel. Dus als Spencer konsequent wil blij, moet hij hier ok die abstraksie-methode toepas. En als hij dit doen, wat blij dan o'er? Wat anders blij daar dan o'er als 'n grote niks nie? En dit sé hij ok feitlik self deur die laaste abstraksie te noem: „being apart from appearance” — wat soos reeds aangetoon net kan beteken: — niks.

II.

Ons kom nou tot 'n allerbelangrikste punt van sij Erkenntniss-theorie, 'n punt wat ons reeds so terloops aangerouer het in die vorige paragraaf. Spencer stel hom self voor die probleem: — wat die kriterium van waarheid moet wees in die getui'enis van die waarneming; want wat vir die een klein is, is vir die ander groot, wat vir die een soet is, is vir die geelsuglij'er b.v. galbitter, ens. Hoe kan 'n mens nou vastigheid verkrij op die wisselende bare van die waarnemingssee? M. a. w. wat is die versoening tussen Realisme en Idealisme? Wat is die Erkenntniss-theorie van Spencer se „umgebildete Realismus”? En sij antwoord is: die versoenings tussen die mekaar weersprekende waarneminge lé in die erkenning van die algemene en in die verwerping van die bisondere inhoud. M. a. w. abstraheer al die bisondere qualiteite, en wat dan o'erblij, naamlik bestaan, existensie, is die gebied waarop Idealisme en Realisme mekaar kan ontmoet — dan verkrij jij kennis wat nie deur die verskillende besitters daarvan

weerspreek kan word nie, of die nou mens of dier of engel is.

Ons antwoord op hierdie teorie is, dat soo'n oplossing waarlik in plaas van 'n versoening 'n vernietiging mag genoem word. Want vernietig jij dan nie die produk, als jij die faktore daarvan wegcijfer nie? Negeer 'n mens nie 'n begrip, als jij die voorstellinge negeer wat 'n begrip verte'enwoordig nie? Ja, sé iemand. Goed! Maar die bestaansvorme of manier van bestaan van 'n saak staan in dieselfde verhouding tot die saak self, als die faktore tot die produk, en die voorstellinge tot die begrip. Dink jij die bestaansvorme weg, dan hou daardeur die saak ok op om te bestaan vir ons. Maar wat vir mij nie bestaan nie, deurdad ik nie alle bestaansvorme ken nie, kan tog nog vir andere bestaan? Ja, maar Spencer abstraheer alle bestaansvorme, en doen daarmee die bestaan van die ding, ok in die algemeen, vir wie ok, ophou om te bestaan. Al wat bestaan, moet op 'n seker manier bestaan, of dit bestaan in die geheel nie. Om die te'enovergestelde te beweer, is net so dwaas als om al jou klere uit te trek en op 'n winteraad te gaan loop, en te sé, ek is warm aangetrek. En om daarom existensie te definieer nie als die abstraksie van enkele groepe van gedagtes, voorstellinge of begrippe, maar als die abstraksie van alle gedagtes, voorstellinge en begrippe,¹⁾ is dieselfde als om existensie te vernietig. Dit blij eenmaal 'n onomstootlikke waarheid, dat 'n ding sonder attriboot nie alleen 'n ledige abstraksie is nie, maar dis ok 'n flagrante kontradiksie, 'n niks.

¹⁾ „First Principles”, p. 95.

„The unity of properties makes a thing” en

„Es giebt keine Existenz abgesondert von den Modis der Existenz, die Modi der Existenz sind die Existenz,”

sé Prof. Iverach¹⁾ en Dr. Grosse²⁾ tereg.

Ons het nou twee dinge aangetoon; ten eerste dat Spencer als hij sé dat die dinge, wat ons ken, net simbole is van die onkenbare, bestaansvorme van 'n onbekende realiteit, in ono'erkomlikke te'enstrijdighede verval, en ten tweede, dat als hij die versoening soek tussen waarneming en werklikheid deur die bisondere, die kwalitatiewe in wat jij waarneem te abstraheer, en die algemene, die wat aan alle waarneming gemeen, is te behou, net so tot onvermijddikke te'enstrijdighede kom. Spencer steek die qualiteite, die bestaansvorme, aan die bestaande objekt soos spelde op 'n kussen, in geen organies verband met die objekte dus nie. Hij wil wat hij self noem die „insanities” van die Idealisme en die bedrieglikheid van die Realisme vermij, om net hopeloos te strand op die klip van die „umgebildete Realismus”.

Met ons kritiek ontken ons nie die relatiwiteit van onse kennis nie. Ons ontken nie, dat waar die been in mij arm in mij ei'e oog vir mij swak, bros en klein lijk, dieselfde vir die bacil in mij bloed 'n kalkgebergte is so groot als die Kilimanjaro in mij oog. Ons ontken ok nie, dat onse kennis bainje beperk is. Ons erken met Sir William Hamilton,³⁾ dat onse kennis

¹⁾ James Iverach, „Is God knowable”, p. 64.

²⁾ Ernest Grosse, „Herbert Spencer's Lehre von dem Unerkennbaren”, p. 92.

³⁾ „Discussions on Philosophy and Literature”, by Sir Wm. Hamilton, p. 639.

is soos 'n druppel in die see van onkunde, want ons weet nie, wat die objekte, wat ons nou waarneem, in ander relasies is, en hoe hulle daar uitsien nie. Ons kan net ken als mense. Ons kan net ken binne seker grense. Maar, sé ons, binne die grense is onse kennis *ware* en geen bloot simboliese kennis nie. Ons sé dit Ernest Grosse na: —

„Allein indem wir die quantitative Unvollkommenheit der Erkenntniss zugeben, geben wir keineswegs auch ihre angebliche qualitative Unvollkommenheit zu.“

Ons sal dit nader toelig. Ons stem toe, dat onse kennis van dinge nooit die relasie kan o'erskrij, waaronder en waarbinne ons die dinge ken nie. Onse kennis kan nooit die bestaansvorme wat buiten die relasies waarin ons hulle ken, omvat nie. Die objekte wat ons ken kan dus ok nog in onbekende relasies staan, waarvan ons niks weet nie. Waarheid het vir ons net betrekking op die relasies, waarin ons die dinge waarneem. Soos Lewes tereg sé: als ek *één* punt in die hemelruimte waarneem, is dit nie minder waar omdat ik nie juis die ganse hemelruimte kan o'ersien nie.¹⁾ Als ek net *één* gesneuwelde op die slagveld gesien het, is dit nie minder waar, omdat ek die duisend anders op die selfde slagveld nie gesien het nie. Als ek Saturnus met die blote oog bekijk en daar gevolglik net twee dinge van kan sé, n.a. dis rond en dit blink, dan is dit nie minder waar nie, omdat dieselfde planeet, beskou deur 'n teleskoop, nie alleen rond en blink is nie, maar ok in ringe beweeg en ringe van verskeie kleure. Het die kleurblinde, in wie se spektrum, rooi ontbreek, daarom

¹⁾ G. H. Lewes, „Problems of Live and Mind”, Vol. II, p. 80.

'n onvolkome kennis van blou as ek? Het onse kennis, om 'n voorbeeld van Grosse te gebruik, van goud volkome geword, toe Bunsen in 1860 'n nuwe grondstof, Rubidium, ontdek het?

„Aber was ist das Gold abgesehen von unseren Beziehungen? Wir wissen es nicht; aber wir wissen dafür um so besser, was das Gold in jenen gegebenen Beziehungen ist. Das Gold ist das, als was es empfunden wird. Möglich dass es ausserdem noch viel mehr ist. Aber wir haben auch nicht den geringsten Grund diese unbekante potentielle Existenz des objectiven Factors in anderen Relationen für mehr real zu erklären als seine bekante actuelle Existenz in den gegebenen Relationen.“ ¹⁾

Laat ons goed verstaan word. Ons neem ok aan, dat die realiteit onkenbaar is, *maar* net in so ver als die aan onse waarneming onttrek is. Hoe nauwkeuriger onse waarneming word met behulp van die vooruitgaande wetenskap, hoe meer onse kennis van die waargeneemde objekte toeneem. Die realiteit van Spencer aan die ander kant blij ewiglik onkenbaar, omdat wat ons waarneem net simbole is, wat met die wese van die dinge wat hulle verte'enwoordig niks te doen het, in g'n verband staan nie, en daarom die mo'enlikheid uitsluit om ooit tot die wese van die dinge te kom. M. a. w. vir ons realiste is die wese van die objekt en sij verskijning van die selfde betekenis, maar vir Spencer se halfslagtige Realisme daarente'en is die wese van 'n ding „Grundverschieden“ van die verskijninge daarvan, en dit is, soos reeds aangetoon, onhoubaar.

Laat ons nu hierdie resultaat van ons ondersoek

¹⁾ Ernest Grosse, „Herbert Spencer's Lehre von dem Unerkennbaren“, p. 95.

toepas op die hoofprinsiepe van Spencer, die prinsiepe waaruit hij die heelal opbou, n.a. die voordurendheid of persistensie van krag. Ons sal die twee horens van hierdie idee één vir één beskou.

Ten eerste, die idee krag. Spencer verenig onder die uitdrukking krag twee begrippe, wat deur die physicus string uit mekaar gehou word, n.a. die ideeë stof en krag (die krag waardeur die stof aan ons bekend word als bestaande = stof, en die krag waardeur die stof aan ons bekend word als werkend = beweging). Altwee is net manifestasies van Force ¹⁾ en wel omdat stof net die krag is waarmee die stof ons affekteer: —

„By the indestructibility of matter we really mean the indestructibility of the Force with which matter affects us.” ²⁾

Sij wet van die persistensie van krag bevat so twee wette: die van die onvernietigbaarheid van stof en van die daarmee korresponderende wet — die onvernietigbaarheid van krag. Maar laat daar goed op gelet word, dat daar 'n fundamentele onderskeid is tussen hierdie wet soos Spencer en soos die Natuurphilosophie die opvat. Als die physicus praat van stof en krag, bedoel hij daarmee: waarneembare dinge. Stof is die uitgebreide, ondeurdringbare, en krag is stof in werking, die stof na haar dinamiese sij. Die wette van krag en stof in die natuurphilosophie het dus betrekking op dinge wat volkome kenbaar is. Spencer daarente'en verklaar, dat die krag wat ons als persistent moet dink, 'n totaal onkenbare iets is, en wel die Absolute Krag, waarvan ons 'n indefinitief bewustsijn het en die 'n korrelaat is

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 149.

²⁾ T. a. p., 6th Ed., p. 139.

van die krag wat ons deur ei'e inspanning van spiere ken. Ons moet, sé hij, onder die persistensie van krag verstaan die voordurendheid van 'n oorsaak, wat onse kennis en voorstelling te bó gaan :

„But when we ask what this energy is, there is no answer, save that it is the noumenal cause implied by the phenomenal effect. Hence the force of which we assert persistence is that absolute Force, we are obliged to postulate as the necessary correlate of the force we are conscious of. By the persistence of force we really mean the persistence of some cause which transcends our knowledge and conception. In asserting it we assert an unconditioned reality without beginning or end.”¹⁾

Hoe het ons nou aan die idee krag gekom? Deur ons ei'e gevoel van inspanning en kraguitoefening. Ons gevoel van kraginspanning is dus die subjektiewe simbool vir objektiewe krag in die algemeen, passief sowel als aktief: —

„But now what is the force of which we predicate persistence? That which the word ordinarily stands for, is the consciousness of muscular tension — the feeling of effort which we have when putting something in motion or when resisting a pressure. This feeling however is but a symbol.”²⁾

Dus die krag wat ons ondervind in en deur die verskijnsele is nie die krag soos dit op sigself is nie. Die kragservaring is soos elke ander ervaring niks anders als 'n simbool vir 'n realiteit, waarvan die wese onkenbaar is.

Hierop sé ons om die redes wat ons reeds genoem het, dat als die krag ervaar word, dan kan dit nie 'n onkenbare realiteit wees nie, maar dan moet dit 'n kenbare realiteit wees. Ons herhaal, dat daar geen be-

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 155.

²⁾ T. a. p., 6th Ed., p. 154.

staan, geen existensie sonder bestaansvorme kan wees nie. Die waargeneemde is die werklikke. Om te sé dat al wat ons ken net simbole van 'n onkenbare realiteit is, is iets beweer, wat dat die toets van 'n psichologiese ondersoek nie kan deurstaan nie, en tot onvermydlike kontradiksies lei. Als dat wat agter alle verskijnsels lê die Absolute Krag is, en ons daarvan 'n onbepaalde bewustsijn het, omdat dit die noodwendige korrelaat is van die krag wat ons self besit en ken deur die inspanning van onse spiere, dan is die deur ons waargeneemde krag, in so ver ons dit waarneem en deur verder wetenskaplik ondersoek nog sal waarneem, geen simbool van die werklikke krag nie, maar die ware krag selwe — die krag soos die is, en op sigself bestaan.

Hierdie universele Absolute Krag is verder volgens Spencer, voordurend, onvernietigbaar, of om sý ei'e woord te gebruik, is persistent. Dit is 'n allerbelangrikste waarheid, 'n waarheid gestaaf deur die Natuurfilosofie en vir die eerste maal vasgestel deur Helmholtz.¹⁾ Maar laat ons sien tot waver verhewe waarheid die wet van die persistensie van krag ons voer, na haar ontdoen te hé van Spencer se simbolehipothese. Om dit te kan sien, laat ons eers vra, hoe Spencer aan die wet gekom het. Hý sé, sý is die enigste waarheid wat bó die ervaring uit gaan, omdat sý die grond van en vir alle ervaring is. M. a. w. sý is 'n aprioriese waarheid :

„As before shown we cannot go on merging derivative truths in those wider truths from which they are derived, without

¹⁾ Helmholtz, „Die Erhaltung der Kraft“.

reaching at last a widest truth which can be merged in no other or derived from no other. And the relation in which it stands to the truths of science in general shows that this truth transcending demonstration is the Persistence of Force. To this an ultimate analysis brings us down and on this a rational synthesis must build up." ¹⁾

Die wet van die persistensie van krag beteken dieselfde als die persistensie van realiteit. En die persistensie van realiteit is nie die *resultaat* nie, maar die *voorwaarde* van wetenskaplike ervaring. En daarom noem Spencer haar ok als 'n postulaat, als die hoogste wet van ons dinke. Dit is 'n waarheid wat in die aard van die dinke lé. Elke bewijs dat die reële kwantitatief konstant blij, veronderstel reeds die voordurendheid van die reële, kan sonder die veronderstelling selfs nie onderneem word nie. Want wanneer ons die reële nie dink als dat wat voorduur, of blij bestaan nie, hoe sal ons op die gedagte kom, dat 'n reële, wat ons sien verdwyn het, nie vernietig maar net omgesit, verander is nie, dat dit onder 'n ander vorm voorduur, onder 'n ander vorm blij bestaan, en hoe sou ons sonder hierdie gedagte selfs perbeer uitvinde of die quantum van krag en stof ondanks alle verandering van die bestaansvorme dieselfde blij en geblij het. Tereg het Spencer erken, dat die kausaliteitsbegrip 'n korollarium is uit die prinsiepe van die voordurendheid van krag. Die wet dat elke gevolg 'n oorsaak moet hé, is inderdaad net die positiewe vorm van die wet dat iets nie uit niks, en niks nie uit iets kan ontstaan nie.

Maar nou kom die vraag, waar ons nadruk op wil

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 154.

lé, n.a. waardeur ontstaan die besef van die voordurendheid, onvernietigbaarheid of persistensie van die reële, die krag, of hoe jii dit ook wil noem? En dan kan daar net één antwoord op wees: nie uit abstraksie nie, want dan sou dit geen inhoud van bewustsijn, selfs nie van indefinitiewe bewustsijn wees nie, omdat die psycho-fysiese, die noodwendige voorwaarde vir alle bewus-word — soos deur ons reeds aangetoon is — daar dan aan sou moet ontbreek. Nee, hierdie besef is niks anders nie als die uitdrukking van die eenheid en identiteit van ons bewustsijn, wat hom onder alle wyselinge en veranderinge als één, als einheitlich, betoon. Laat op die volgende ag gegé word. Die reële moet als voordurend gedink word, juis omdat dit gedink word, d. w. s. omdat ons daarvan bewus is, en ons bewustsijn is 'n voordurende, 'n volhardende, 'n identiese. Word van die reële gedink dat dit opgehou het om te bestaan, dan kan daar nie 'n sinthese, wat die dinke daarvan vorm, plaas gevind het nie, want dan het die objekt ontbreek, wat met die subjekt die sinthese van die dinke van albei moes gevorm het. Kortom, kon ons ons voorstel, dat die reële waarvan ons bewus was opgehou het om te bestaan, dan het ons daarmee die bewustsijn daarvan uitgewis. Verder verklaring is o'erbodig, want ons het reeds daarop gewijs, toe ons die aard van die bewustsijn behandel het. Vir ons bewustsijn staan dit dus vas, dat die reële nie kan ophou om te bestaan nie, m. a. w. dit staan vir ons bewustsijn vaster als die berge, dat niks nie tot iets en iets nie tot niks kan word nie, eenvoudig omdat „niks” geen voorwerp van die bewustsijn, behalve als 'n negasie van 'n voorstelling kan wees nie.

Maar nou sien ons maar gedurig die dinge om ons heen verander. Alles verander. *πάντα ῥεῖ*, soos Heraclitus gesé het. Daar ontstaan dus 'n kontradiksie tussen onse waarneming en die bewustsijn. En hiervan soek ons nou die oplossing. En die lé in die postulaat van ons bewustsijn, dat die reëele nie opgehou het om te bestaan nie, m. a. w. voordurend is. Ons *moet* die reëele als voordurend dink, omdat ons dit nie als vernietig *kan* dink nie. Daarna soek ons dan om die postulaat a posteriori te regvaardig, soos Helmholtz dit gedaan het, en ok Spencer perbeer om te doen, nadat hij die postulaat reeds a priori als waarheid aangeneem het. En die a posteriori bewijs is vooral deur Helmholtz gegé en Spencer meen dat hij dit ok bewijs het. Maar wat beteken dit nou? Niks meer of minder nie, als *dat die wet van ons dinke is ok die wet van die reëele*. Maar als die wet van ons dinke ok die wet van die reëele is, moet ok die omgekeerde waar wees. Die wet van die reëele moet ok wees die wet van die dinke. Hieruit volg twee allerbelangrikste waarhede. Ten eerste: als die wet van die reëele ok die wet van die dinke is, dan is *die reëele kenbaar* en val Spencer se agnosticisme in dui'e. En ten tweede: als die wet van die dinke die wet van die reëele is, en vice versa, dan is die *reëele 'n openbaring van 'n Dinke*, m. a. w. van 'n *Dinker*, 'n Gees, 'n persoonlikheid, die openbaring van God wat die waarheid selwe is. En als Spencer nie gedwaal het ten opsigte van die psycho-physisiese van onse kennis nie, maar die wet van die voordurendheid van krag konsequent deur getrek, dan was hij ongetwyfeld tot dieselfde resultaat gekom. Hoe nabij, ondanks sij psychologiese dwaling hierin, hij aan die

erkenning van ons resultaat gekom het, blijk uit die slotwoorde van sij „First Principles” :

„Hence the reasonings contained in the foregoing pages afford no support to either of the antagonist hypotheses respecting the ultimate nature of things as before implied their implications are no more materialistic than they are spiritualistic. And no more spiritualistic than they are materialistic.” ¹⁾

III.

Ten slotte nog korteliks iets o’er die „ultimate religious and scientific ideas” wat Spencer saam met Hamilton en Mansel vir onbegrijpikhede hou. Ons sé: korteliks, omdat ons reeds in die vorige paragrawe stilgestaan het bij die kenmerkende in sij leer van die onkenbare — die simbool-theorie n.l., en ’n behandeling van hierdie „ideas” ei’enlik thuis hoor bij ’n behandeling van Hamilton en Mansel se Erkenntniss-theorie. Ons laat bij hierdie beskouing die van die kenbaarheid van die absolute, van tijd en ruimte, en van krag en stof weg, omdat om breedvoerig stil te staan bij die beskouing van krag en stof, tijd en ruimte ten eerste buite ons onderwerp lé, ten tweede almal deur Spencer beskou word als die manifestasies van die absolute en ons bij die kenbaarheid van die absolute tog uitvoerig gaan stil staan in die volgende hoofstuk.

Ten eerste. Spencer sé, dat dit onmo’enlik is om met die Atheïste aan die wereld en met die Theïste aan God self-existensie toe te skrywe, want om ’n bestaan te dink wat deur in oneindig verlede tijd voorduur, is ’n te’enstridigheid.

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed. p. 446.

Hierte'en val op te merk: — *ten eerste*: die fout wat Spencer hier maak is dieselfde wat hij maak bij die ideeë Tijd, Ruimte, Absolute, Ewig, ens. en ook gemaak word in die anders so brillante filosofiese gedagtes van Hamilton en Mansel.

Dit is n.l. die fout om nie te onderskei'e tussen die reeds van van-me-lewe af so genoemde komprehendere en apprehendere. Reeds Alexander van Hales het gesé:

„Apprehendimus Deum, non comprehendimus.” ¹⁾

Wie is daar wat ontken, dat ons nie in staat is om 'n beeld te vorm of 'n voorstelling te maak van b.v. oneindigheid nie? Dit is net so onmo'enlik om met ons verstand o'er 'n oneindige tijd of ruimte te gaan als met ons voet. Om oneindigheid te komprendeer is dus absoluut onmo'enlik. Maar wie is daar wat mag ontken, dat dit onmo'enlik is om oneindigheid te apprehendeer? Om die gedagte van oneindigheid te hé als 'n idee van die rede, nie als 'n idee van die fantasie nie, is nie alleen mo'enlik nie, maar ok absoluut onvermijdelik. Die bewijs hiervan is reeds die groot rol wat hierdie idee in die mathesis speel. Maar hieruit volg nie, dat ons ok aan die wereld self-existensie kan toeskrywe nie, om die eenvoudige rede, dat die wereld 'n verskijnsele en geen entiteit is nie. En soos Dr. Martineau so tereg gesé het: — deur die wette van die dinke eis verskijnsele wel 'n oorsaak, maar sluit entiteite oorsake uit.

„It is not the existence but entrance upon existence and exit thence that must be referred to an originating power.” ²⁾

¹⁾ Dr. A. Kuyper, College-Dictaat „Locus de Deo”, p. 32.

²⁾ „Essays Philosophical and Theological”, p. 213.

En omdat die wereld altoos word, 'n geskiedenis deurloop, 'n aggregaat van verskijnsele is, moet die Theist geregvaardig word in sij soek naar 'n oorsaak vir soo'n heelal, 'n oorsaak wat 'n entiteit is en self geen oorsaak het of kan hé nie. Hiertoe word hij gedrijwe deur 'n onverbiddelike logika. En die onderskeid tussen entiteit en verskijnsel is geen theologiese uitvinding nie, maar geld net so goed op ander terreine.

Ten tweede. Als die self-existensie van God 'n kontradiksie insluit, waarom laat Spencer dan self die heelal gebore word uit wat hij self noem 'n Absolute Realiteit, die Persistensie van krag, en waarom skrijf hij aan die Absolute Realiteit tallose male self-existensie toe?

Als die self-existensie van God 'n kontradiksie insluit, dan geld dit waarlik ok van die Absolute Realiteit. Hij laat dan sij hele stelsel rus op 'n kontradiksie.

Ten derde. Wat is die toorwet van Spencer se Erkenntniss-theorie? Dis die wet van die relatiwiteit van die dinke. Om dit weg te redeneer is om die rotsgrond van sij stelsel te vermorsel. Nou goed. Ons word gedrijwe tot die self-existensie van God juis deur die relatiwiteit van ons dinke. Ons sien, dat die heelal 'n geskiedenis deurloop, dat dit altoos deur aan verander is. Die veranderinge moet 'n oorsaak hé. Die oorsake is self relasies en die relasies weer gevolge van ander relasies en die weer van andere. 'n Eindelose reeks van oorsake kan daar nie wees nie, Spencer self noem dit 'n absurditeit en iets wat in die lug hang.¹⁾ Daarom moet daar 'n oorsaak wees wat buite alle relasies staan en alle

¹⁾ Otto Gaup, „Herbert Spencer (der Standpunkt der Wissenschaft)“ p. 89. — „First Principles“, 6th Ed., p. 54.

relasies insluit, en die eerste oorsaak van is. M. a. w. al die bestaande is relatief, is afhanklik van ander existensies; daarom moet daar 'n self-existente wees, waarvan alle existensies afhanklik is en deur veroorsaak is. Die Absolute Realiteit van Spencer noem hij self elke slag die eerste oorsaak en die self-existente.

Die tweede beswaar van Spencer is, dat die ideeë Eerste Oorsaak, Absoluut en Oneindig mekaar weer-spreek, wanneer hulle gedink word als attribute van één en dieselfde persoon. Die eerste oorsaak kan nie absoluut wees nie, want hij moes tot eerste oorsaak gedetermineer gewees het, *of* deur 'n ho'er mag *of* deur 'n motief in hom self. In altwee gevalle verval die absoluutheid dan. Ten tweede sé hij: hoe kan die oneindige word wat hij nie van die beginne af was nie?

Hierop dien als antwoord:

Ten eerste. Wanneer hierdie ideeë op hulle self geneem word, is hulle kontradiksies en daarom ok onkenbaar. Maar soos Dr. Martineau sé: —

„Privation of this knowledge we suffer not in our capacity of ignorant creatures but in our capacity of intellectual beings, intelligence itself consisting in not having cognizance of such sort, so that if we had it, we should cease to understand and pass out of the category of thinking nature altogether.”¹⁾

Hier kom weer die groot fout van Spencer uit, waarop ons reeds eerder gewijs het, die fout n.a., dat hij dinge op sigself, dinge an-sich postuleer. 'n Ding-an-sich, sonder verband met 'n Ek wat ken, is onsin. Van 'n ding in sigself kan 'n mens nog wetend nog onwetend wees nie. Ons kan net kennis hé van stof en gees, objekt

¹⁾ „Essays Philosophical and Theological”, p. 198.

en subjekt, die een wat ken en die ander wat geken word. Maar ons kan geen van bei'e ken als hulle van mekaar geskei'e is nie, eenvoudig omdat daar dan geen kennis mo'enlik is nie. Niks kan in sigself, d. w. s. buite relasie met enig ander iets, geken word nie. Niks kan als 'n totaal geïsoleerde entiteit geken word nie. Geen Theist sal ooit beweer dat God geken kan word afgeskei'e van Sij werke, manifestasies, attribute of relasies nie. En die Absolute soos die deur Hamilton beskrywe en deur Spencer o'ergeneem is, is die in en op sigself buite alle relasie bestaande. Maar soo'n Absolute is 'n ongerijmdheid en mag nie met God geïdentifiseer word nie. 'n Wese sonder attribute met niks om dit te onderskei nie, en buite alle relasies staande, wat die heelal nie veroorsaak, onderhou of bestier nie, is nie alleen totaal onbegrijplik en ongelooflik nie, maar soos reeds gesé is, ok ongerijmd. Ons herinner hier net aan die klaarblyklike waarheid: die bestaande is nie van die bestaansvorme af te skei nie, die bestaansvorme is die bestaan self.

Ten tweede. Tot die toeskrywe van absoluutheid, oorsaaklikheid, oneindigheid aan één en dieselfde substansie word ons juis onverbidlik toe gedrywe deur Spencer se wet — die relatiwiteit van die dinke. Want waar ons ons oog ok vestig met mikroskoop of teleskoop, alles verander, alles deurloop 'n proses van oorsake en gevolge. Oorsake is relasies en gevolge net so. Gevolge voer kragtens die relatiwiteit van dinke tot 'n oorsaak, en die tot 'n ander oorsaak, en so vort tot 'n eerste oorsaak — want 'n oneindige reeks van oorsake is 'n absurditeit soos Spencer ok self sé. Dit beteken in ander woorde net, dat produkte van relasies

terug voer tot die relasies waarvan hulle weer produkte is, en die weer tot andere relasies, waarvan die relasies weer produkte is, en so onvermijdblik terug tot 'n buite alle relasies staande, in die sin van alle relasies uitsluitende — 'n absolute oorsaak. En die eerste oorsaak moet oneindig wees, anders als dit eindig is, dan moet dit weer veroorsaak gewees het en dan verval ons weer in die absurditeit van 'n eindelose reeks van oorsake.

Absoluutheid, oneindigheid en oorsaaklikheid is dus konklusies juis van die relatiwiteit van ons dinke en innerlik aan geen te'enstrijdigheid onderhewig nie. En op die manier postuleer ons hierdie attribute van God. Bovendien, die feit dat Spencer al hierdie drie attribute gebruik van sij Absolute Realiteit, is die beste bewijs, hoe onvermijdblik hulle is vir die aanneem van 'n werelddoorsaak en hoe min hulle mekaar weerspreek.

Tot die onkenbaarhede het Spencer ok gereken die Ego. Die Ego, sé hij, is onkenbaar, want als ek b.v. sé, ek is van myself bewus, dan word die subjekt self tot objekt en op die manier word subjekt en objekt altwee vernietig. ¹⁾ M.a.w. die ou argument van Broussais, Comte en Maudesly weer o'er.

'n Ander argument is: dat die bewustsijn bestaan als 'n reeks van toestande, als 'n reeks van subjektiewe modifikasies. Maar hierdie reeks kan nog eindig nog oneindig wees nie. Dit kan nie oneindig wees nie, want 'n oneindige quantiteit is 'n kontradiksie, en dit kan ok

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 48.

nie eindig wees nie, want ons kan nog die begin nog die end daarvan komprehender nie. En daarom kan 'n mens jou daar geen voorstelling van maak nie. Die bewustsijn kan dus nie waargeneem word nie en daarom is dit onkenbaar. ¹⁾

'n Derde argument van hom hiero'er is, dat bewustsijn bestaan als 'n reeks van suksessiewe toestanden en dit is in stryd met onveranderlikheid en alwetendheid. Daarom kan God nie 'n bewuste wese wees nie:

„All emotions can exist only in a consciousness that is limited. Every emotion has its antecedent ideas, and antecedent ideas are habitually supposed to occur in God, he is represented as seeing and bearing this or the other, and as being emotionally affected thereby. That is to say, the conception of a divinity possessing these traits of character, necessarily continues anthropomorphic: not only in the sense that the emotions ascribed are like those of human beings, but also in the sense that they form parts of a consciousness which like the human consciousness is formed of successive states. And such a conception of the divine consciousness is irreconcilable both with the unchangeableness otherwise alleged, and with the omniscience otherwise alleged” etc. ²⁾

a) Op die eerste argument van Spencer antwoord ons: — In elke daad van kennisneem ken ek mij self bewus of onbewus. Dit is 'n feit wat vir geen ontkenning vatbaar is nie. En als iemand dit ontken, weerspreek hij hom self terwyl hij dit ontken. Maar laat

¹⁾ First Principles, Vol. I, Chap. III, § 20, uit: Flint, „Agnosticism”, p. 323.

²⁾ Religion, a Retrospect and Prospect by Herbert Spencer, in de Nineteenth Century January 1884. Aangehaal deur Rev. James Iverach M.A. in sij „The Philosophy of Mr. Herbert Spencer examined”, p. 7.

ons dit toets. Laat ons perbeer om te ontken dat ons ons self ken. In die akte van ontkenning postuleer ons dan ons selfbewustsijn, onse kennis van ons self. Als ek dit ontken, moet ek eers mij ego postuleer, d.w.s. moet ek bewus wees van mij ego, d.w.s. moet ek mij self eers ken. Ek kan alleen sé: — ek het geen kennis van mij ego, of ek is mij van mij ego nie bewus nie. Maar in altwee gevalle moet ek eers bewus wees van mij ego.

Maar ons vra hier met Prof. Flint: „What is the use of arguing against a fact so well attested?”¹⁾ Dit is 'n klaarblyklike waarheid. Dus stap ons daarvan af. Hoe 'n dinker als Spencer hom hier kon laat verstrik deur sulke „mediaeval jugglery”, kan ons maar nie begryp nie. Maar dit is 'n kwessie waar bainje o'er geval het, en daarom vra ons, hoe is 't dan mo'enlik dat ek mij ego tot objekt kan maak in die uitdrukking b.v. ek is mij van mij self bewus, en dan antwoord ons met Prof. Spruyt in die Gids van 1870:

„Beproeven wij onze eigene vernietiging te denken of trachten wij ons onze vernietiging voor te stellen, dan denken wij ons gestorven of wel wij stellen ons voor, dat de veranderingen die het sterven aanbrengt in ons lichaam aanwezig zijn. Maar wij denken dan niet aan de vernietiging van ons waarnemend subject. Wij abstraheeren eenvoudig ons waarnemend subject van ons lichaam, het object, waarmede het meer middellijk verbonden is dan met de overige objecten. Stellen wij ons nu, nadat wij ons 't lichaam als vernietigd hebben gedacht, de vraag of de andere voorwerpen zijn blijven bestaan, dan antwoordt ons bewustzijn op stellingen toon bevestigend, omdat het zoo dikwijls het een of ander voorwerp heeft zien verdwij-

¹⁾ Robert Flint D.D., „Agnosticism”, p. 325.

nen zonder dat de overige voorwerpen daardoor worden veranderd. Maar de vernietiging van 't waarnemend subject kunnen wij ons niet voorstellen en kunnen wij ook niet onmiddellijk denken". ¹⁾

(b). Spencer se tweede argument hierin deug net so min als die eerste. Die woord: bewustzijn, sluit op sigself reeds kennis van jou ego in. Die woord bewus is saamgesteld uit be + wus = be + weten, en be = saam met, dus saam weet met. Net so die engelse equivalent consciousness van con + scientia, dus 'n kennis saam met 'n ander kennis. Als jij van iets kennis neem, ken jij in die daad eerst jou self, anders is kennis onmo'enlik. In selfbewustzijn lé dus 'n wete, 'n scientia opgesluit. En Spencer sé self, dat die gegewens van jou bewustzijn: „the most certain and indubitable of facts and of apprehensions of fact” is. Maar als dit so is, dan is daar geen kennis ho'er en sekerder dan die testimonium van die selfbewustzijn nie. En waarlik, die mens het en kan geen sekerder kennis hé nie. Geen kennis gekrij deur oog of oor kan vergelyk word wat sekerheid betref, met die kennis van ons ego nie. Want die kennis is onmiddelik, terwyl alle andere kennis middelik is. Soos Prof. Bavinck tereg sé: selfbewustzijn is die fundamentele presupposisie van alle kennis. ²⁾

(c). Op sij derde argument antwoord ons korteliks:

Ten eerste. Wat bedoel hij deur „consciousness is formed of successive states”? Hij bedoel daardeur wat hij so dikwels verklaar het: „consciousness cannot be in two distinct states at the same time”. B.v.:

¹⁾ Het Algemeene Postulaat van Herbert Spencer door C. B. Spruyt, „De Gids”, 1870, p. 495.

²⁾ Dr. H. Bavinck, „Wijsbegeerte der Openbaring”, p. 50 v.

„How then is it possible for me to conceive an „Originating mind” which I must represent to myself as a series of states of consciousness, being antecedent to the infinity of changes simultaneously going on in worlds too numerous to count, dispersed throughout a space which baffles imagination.”¹⁾

Ten tweede. Als bewustsijn bestaan in net één toestand op 'n tijd, dan is dit onmo'elik om enige kennis van waver soort ok te verkrij. Want dan sal sij om van 'n tweede toestand bewus te kan word, eers die bewustsijn van die voorafgaande toestand moet verlies.

Ten derde. Als jij net van één toestand op 'n tijd kan bewus wees, dan is alle redenering onmo'elik. Want om Kant se definisie te gebruik — die Rede is juis die vermo'e om die verskijnsele saam te vat en als 'n geheel te laat afhang van 'n Unbedingtes (in hierdie geval die Ego) daarbó en daarbuite staande.

Ten vierde. Als 'n mens nie van meer als één toestand op één en dieselfde tijd kan bewus wees nie, dan was dit, soos Prof. Iverach²⁾ tereg opgemerk het, onmo'elik vir Spencer om sij sinthetiese Philosophie te produceer. Want in die eerste werk van sij stelsel — „First Principles” — het hij reeds 'n skets van sij hele filosofie, aan die uitwerking waarvan hij 40 jaar van onafgebroke arbeid gegé het — en waardeur hij geglo het, dat hij die menslikke kennis geunifieer en 'n formule gevind het, wat alle klasse van verandering, of die astronomies, geologies, biologies, psychologies of sociologies is, omvat. Dus in één enkele

¹⁾ „Popular Science Monthly”, Juli 1872, aangehaal in „The Philosophy of Herbert Spencer”, by B. P. Bowne A.B., p. 117, 118, 119.

²⁾ James Iverach M.A., „The Philosophy of Herbert Spencer examined”, p. 13.

moment was Spencer bewus van 'n reeks van bewust-sijnstoestande wat 40 jaar geduur het om behoorlik uit te spin. En als 'n bewustsijn als die van Spencer so veel kan omvat, wat sou 'n groter bewustsijn, 'n bewustsijn als die b.v. van God, nie kan omvat nie? ¹⁾

Nog twee ander erkenntniss-theoretiese punte, waarin Spencer Hamilton en Mansel napraat, stel ons korteliks aan die orde.

Ten eerste. Hamilton het uit die prinsiepe: — alle kennis is relatief, die korollarium afgelei, dat onse kennis daarom net beperk is tot verskijnsele. Hier word 'n erg in die oog lopende fout gemaak deur 'n vals begrip beide van die aard van kennis en die aard van die absolute. Die relatiwiteit van ons dinke, is, in plaas van ons dinke tot verskijnsele te beperk, juis die voorwaarde, die wet, wat ons verstand nie alleen in staat stel nie, maar verplig om bó die verskijnsele uit te gaan. ²⁾ Dit belet wel ons dinke om sonder waarneming tot waarheid te kom, maar maak tegelykertyd beperking tot die verskijnsele voor ons dinke onmo'enlik. Ons kan kwaliteit nie sonder substansie dink nie, en quantiteit in tijd en ruimte nie sonder insluiting van oneindigheid en ewigheid nie. 'n Gebeurtenis eis 'n oorsaak, en die beperkte kan jii nie sonder die idee onbeperk, dink nie. Dit is ons onmo'enlik om nie hier die woorde van Dr. Martineau o'er die relatiwiteit van onse kennis aan te haal nie.

¹⁾ James Iverach M. A., „The Philosophy of Herbert Spencer examined”, p. 14.

²⁾ Robert Flint D.D., „Agnosticism”, p. 550.

„That this law visits us with disability to transcend phenomena is so little true that it operates as a revelation of what exists beyond. The finite body cut out before our visual perception, or embraced by the hands lies as an island in the emptiness around and without comparative reference to this cannot be represented: the same experience which gives us the definite object, gives us also the infinite Space and both terms, the limited appearance and the unlimited ground, are apprehended with equal certitude and clearness and furnished with names equally susceptible of distinct use in predication and reasoning. The transient succession, for instance, the strokes of a clock which we cannot present themselves to us as dotted out upon the line of permanent duration, of which without them, we should have had no apprehension but which as their condition is unreservedly known. *Time* with its one dimension, *space* with its three, we are compelled to regard as infinite not in the more subjective sense, that our thought of them suffers no arrest, but in the objective sense that they themselves can have no beginning or end,” etc. — „In these two instances of relation between a phenomenon given in perception and an entity as its logical condition, the correlatives are on a perfect parity of intellectual validity. You may disparage the underlying ground as negative and negative it so long as your attention only uses it to pitch on the phenomenon it carries, but this order is reversible at will and the moment you change the focus of your thought and bring the containing field into your view, your representation of Space is not less positive than that of body.”¹⁾

'n Twede erkenntniss-theoreties begrip wat Spencer o'ergeneem het van Hamilton, is die stelling: „to think is to condition”, m. a. w. Spinoza se „omnis determinatio est negatio”. Hierdie prinsiepe beteken dat als jij iets dink, dan beperk jij dit, omdat als 'n mens iets dink, jij daar iets van moet prediceer. En daarom kan die

¹⁾ „Essays Philosophical and Theological”, p. 202.

oneindige nie geken word nie, sé Spencer, want dit sou beteken, die oneindige te beperk.

Hierte'en sé ons: dat dit totaal sij priniepe van die relatiwiteit van onse kennis weerspreek. Volgens die priniepe is dit die natuurlikste gevolgtrekking, dat ons bei'e die oneindige en die eindige kan dink. Die eindige en oneindige is tog korrelatiewe. Maar korrelatiewe veronderstel mekaar, word geken in verband met mekaar in één en dieselfde dink-daad. Om te ontken, dat ons kennis van die een en nie van die ander kan hé nie, beteken dieselfde als om te bestrij dat ons kennis van een van die twee, oneindig sowel als eindig kan hé. Die bewering dat die *eindige* begriplik is in en op sigself alleen, is net soo'n ongeoorloofde bewering als die bewering dat die oneindige onbegriplik is. Die oneindige kan nooit geken word afgeskei'e van die eindige nie, maar dan ok die eindige nooit afgeskei'e van die oneindige nie. Spencer het dit alles self bewijs, en oneindig beter als ons dit kan doen, toe hij in die hoofstuk „The Relativity of all knowledge” aangetoon het, dat sonder die idee van die absolute die relatiewe self absoluut word en ok klinkklaar te'eno'er Hamilton aangetoon, dat die ideeë oneindig, absoluut, ens. nie 'n blote negasie van die eindige en relatiewe is nie, maar positiewe hoewel indefinitiewe begrippe is. ¹⁾

Als net die beperkte kenbaar is, waver reg het Hamilton, Mansel en Spencer dan om gedurig te praat van absoluut, oneindig ens. Hulle kom daardeur met hulle self in lijnregte te'enspraak.

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 50—72.

HOOFSTUK IV.

Sij Agnosticisme en sij Absolute.

Één van die kragtigste wederlegginge van Spencerse agnosticisme is sij ei'e bestrijding van die argumente van Sir William Hamilton en Henry Longueville Mansel in hulle „The Philosophy of the Unconditioned” en „The Limits of Religious Thought” respektiewelik. Bij die bestrijding het ons reeds breedvoerig stilgestaan in die laaste gedeelte van deel III van hoofstuk II. En om 'n goeie idee daarvan te kan krij, is dit noodsaaklik om die leser daarheen te verwijs. Maar terwille van die verband met onse argumente in hierdie hoofstuk gé ons daarvan net 'n korte o'ersig.

Dit kom korteliks op die volgende neer: — Die bewering dat alle kennis relatief is, sluit in die bewering dat daar 'n non-Relatiewe of Absolute bestaan. Uit die noodsaaklikheid om in relasies te dink volg, dat die relatiewe self ondinkbaar is, als dit nie in betrekking tot 'n reële non-relatiewe staan nie. Tensij dus 'n ware non-Relatiewe of Absolute gepostuleer word, word die Relatiewe self absoluut, en verval die argument tot 'n kontradiksie; want sonder die non-relatiewe kan ek

mij die relatiewe nie dink nie. Sonder non-Ego geen Ego nie. Bestaan die non-relatiewe nie, dan die relatiewe ok nie. En als ons onse gedagte net 'n bietjie nagaan, dan sien ons, hoe onmo'elik dit is om ons te ontdoen van die bewustsijn van die Absolute wat agter alle verskijnsele lé. B.v. elke verandering wat ons sien vra 'n oorsaak en die weer 'n ander, totdat ons, deur 'n onverbiddelike logika gedrywe, moet stuit op 'n oorsaak wat nie weer veroorsaak kan wees nie en dus absoluut moet wees. En die bewijs dat die Absolute nie soos Hamilton en Mansel wil, 'n blote negasie van die relatiewe is nie, is dat 'n mens negasies nie onderling kan verwissel nie. B.v. jij kan nie sé, die onbeperkte is die negasie van die deelbare of die ondeelbare die negasie van die beperkte nie.

Ons bewustsijn van 'n Absolute wat agter alle verskijnsele lé is dus onvernietigbaar. Maar die bewustsijn is 'n indefinitiewe. Indefinitief omdat dit is die abstraksie van alle vorme, perke, hoedanighede of soos Spencer self sé, die abstraksie nie van één groep van gedagtes, ideeë of begrippe nie, maar van alle gedagtes, ideeë of begrippe. En omdat die bewustsijn van die Absolute 'n indefinitiewe is, daarom blij die Absolute wat sij wese en hoedanighede betref absoluut onbekend en onkenbaar.

Na ons kritiek van Spencer se leer van die kenvermo'e kan natuurlik nie van ons verwag word, dat ons in die lug sal raak o'er sij in bainje opsigte plausiebele weerlegging van Hamilton en Mansel nie, want bestaan sonder attribute is geen bestaan nie. En daarom, als die Absolute moet beteken wat Spencer hier betoog het

dat dit moet wees, n.l. die sijnde, ontdaan van alle bestaansvorme, dan onderskryf ons wat Mansel gesé het: — pure being is to us pure nothing, ¹⁾ en sé dit Sir William Hamilton ²⁾ na: ons hipostateer die nul, ons doop haar met die naam van Absolute en troos ons met die gedagte, dat ons besig is om die absolute sijn te beskou, terwyl ons ei'enlik net o'er die absolute nie-sijn spekuleer. 'n Mens kan nie, soos Spencer meen, die relasies wegdink en die blote sijn of bestaan behou nie; want sijn of bestaan is niks anders als die som van relasies nie. Volkome tereg vra daarom Ernest Grosse:

„Was ist Existenz abgesehen von allen Relationen? Dasselbe was das Wasser abgesehen von Sauerstoff und Wasserstoff ist — Nichts.” ³⁾

Van 'n ding sonder attribute het ons nie eers 'n indefinitiewe bewustsijn nie, nee, ons het daar hoege-naam geen bewustsijn van nie.

Maar soos ons in ons inleiding gesé het: dit sal in hierdie werk altoos ons strewe wees om Spencer met Spencer te weerlé, om daarom aan te neem wat hij beweer en dan daaruit die konsekwensies af te lei. En daarom neem ons ook hierdie argument van hom te'en Hamilton en Mansel aan, maar veroorloof ons dan ok om aan te toon hoe hij daarmee sij ei'e agnosticisme weerlé.

Hij het in hierdie argument twee dinge vasgestel:

(a) Daar is 'n Absolute en

(b) Ons het daar 'n bewustsijn van, hoewel 'n indefinitiewe.

¹⁾ „Limits of Religious Thought”, p. 238.

²⁾ „Discussions”, by Sir Wm. Hamilton, p. 21.

³⁾ Ernest Grosse, „Herbert Spencers Lehre v. d. Unerkennbaren”, p. 77.

Daar is dus 'n Absolute. Die Absolute is die Persistensie van krag, die oorsaak van al wat bestaan, die krag waarvan die bestaande net 'n manifestasie is, die bron van die heeal¹⁾ of om sij kortste definisie te gebruik: die totaliteit van die sijn.²⁾ Maar hiermee hou sij agnosticisme ok op om reg van bestaan te hé. Want: —

Ten eerste. Hij bewijs dat die Absolute bestaan — dus kan die Absolute juis daarom nie langer totaal onbekend wees nie. In één woord, dis tog absurd om te beweer dat iets bestaan en tog te ontken dat ons daar iets van af weet. Ons kan net weet dat iets bestaan deur iets te weet van wat dit is.

Ten tweede. Hij skrijf die Absolute beslis één hoedanigheid toe. Die Absolute is n.l. die sijnde, die totaliteit van die Sijn. M. a. w. die Absolute is geen hersenskim, geen blote negasie, geen ontbreek van die voorwaardes waaronder die bewustsijn alleen mo'enlik is nie, nee, die Absolute is die Sijnde. En hiermee het Spencer die Absolute onbewus die naam gegé wat bó alle name is — die naam Jahwe — die Sijnde — die naam wat die Hebreer leidsman met blote voete sidderend aangehoor het, toe dit deur die woestijnlug weergalm het: „Ik zal zijn, die Ik zijn zal”, die naam waarmee ok Plato die wese van God beskrijf het, toe hij dit *Τὸ ἔν* genoem het, en waaraan Paulus gedink het, toe hij gesé het: „In Hem zijn wij, leven wij, en bewegen wij ons.” Bovendien, gé jij toe dat die Absolute die Sijnde is, dan het jij ok daarmee toegegé die grond van al onse kennis,

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 155.

²⁾ „Replies of Criticisms, Essays”, III, 292.

subjektief en objektief. Subjektief, omdat die Sijn die grondidee is, waaruit al onse ideeë ontstaan, afgelei, en waar hulle ok weer toe terug gelei kan word. En ok is die Sijnde die objektiewe grond van onse kennis; want al wat ons waarneem, neem ons waar als vorme van die Sijn. En daarom ok dat Spencer op hierdie fondament hemel en aarde, die anorganiese, organiese en super-organiese deur sijn sinthetiese filosofie gegrond het.

Dit het natuurlik nooit in Spencer se gedagte gekom omdat hij die oergrond van alle dinge die Absolute genoem het, daardeur enige kenbaarheid daaraan toe te skrywe nie. Nee, hij het net gemeen om deur die woord Absolute alle kennis van die krag wat die grondslag is van al wat bestaan, uit te ban. Maar hij het daarby uit die oog verloor, dat deur te sé wat 'n ding nie is nie, is juis te sé wat die ding wèl is. Negatiewe omskrywinge is positiewe beskrywinge, hoe paradoxikaal dit ok mag klink. Of soos Prof. Bavinck sé:

„Het niet weten is zelf een positief weten, een veelomvattend weten. Het zegt al zooveel te weten, dat God niets is van al datgene wat schepsel is.” ¹⁾

Augustinus sé in sijn „De Doctrina Christiana”, dat die stelling dat ons van God niks af weet nie, reeds veel kennis omtrent God veronderstel, want als ons God ineffabilis noem, dan sé ons tegeliktijd iets en veel van Hom, sodat Hij weer nie ineffabilis is nie. En min of meer dieselfde argument het hij uitgewerk in sijn „Contra Academicos” te'en die Skeptici. Spencer erken

¹⁾ „Gereformeerde Dogmatiek”, Deel II, p. 23.

ook hierdie beswaar in sij „Postscript to Part I of First Principles”, ¹⁾ maar perbeer om hom daarvan af te maak deur 'n herhaling van sij argument, dat ons bewustsijn van die Absolute 'n indefinitiewe is, waarbij ons netnou sal stilstaan.

Ten derde. Spencer beweer nie alleen dat die Absolute bestaan nie, maar ok dat ons daar 'n bewustsijn van het, hoewel dit 'n indefinitiewe is. Vóór ons op hierdie punt ingaan, veroorloof ons ons net so in die voorbijgaan die opmerking, dat waar Spencer éénmaal die woord indefinitief bewustsijn gebruik, hij tien of meer maal eenvoudig praat van: bewustsijn van die Absolute. Dit het gekom deur sij verwarring van die begrippe comprehendere en apprehendere en was waarskynlik ook 'n gevolg van die skerpe kritiek, waaraan sij stelling van 'n definitiewe bewustsijn en 'n tog onkenbare Absolute onderworpe was. Want hoe duidlik sij apprehensie van die idee van die Absolute was, blyk uit sij vergelyking daarvan met ideeë als ongelijkheid ens. Hij sé b.v.:

„Equality for instance is unthinkable apart from inequality and that thus relative can itself be conceived only by opposition to the non-relative.” ²⁾

Die bewustsijn van die Absolute was bij Spencer alles behalwe indefinitief. Dit blyk uit uitdrukkinge als: —

„If we are required to conceive the relation between the Relative and non-Relative without being *conscious* of both, we are in fact required to compare that of which we are conscious with that of which we are not conscious, the comparison itself being an act of consciousness and only possible through the consciousness of both its objects.”

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 94.

²⁾ T. a. p., 6th Ed., p. 68.

En dan weer:

„If the non-Relative or Absolute is present in thought only as a mere negation, then the relation between it and the Relative becomes unthinkable because one of the terms of the relation is absent from consciousness.” ¹⁾

En op 'n ander plek:

„The necessarily positive character of our consciousness of the unconditioned, which as we have seen, follows from an ultimate law of thought will be better understood on contemplating the process of thought ²⁾..... and on watching our thoughts we have seen how impossible it is to get rid of the consciousness of an actuality lying behind appearances and how from this impossibility results our indestructible belief in that actuality.” ³⁾

En so het hij nog bainje ander uitdrukkinge — almal o'er ons bewustsijn en nie o'er ons indefinitiewe bewustsijn van die Absolute nie. Ons quoteer nog 'n laaste uitdrukking wat die anders nog in krag en duidelikheid o'ertref:

„Though the Absolute cannot in any manner or degree be known in the strict sense of knowing yet we find that its positive existence is a necessary datum of consciousness — that so long as consciousness continues we cannot for an instance rid it of this datum and that thus the belief which this datum constitutes has a higher warrant than any other whatever.”

Meer aanhalings is o'erbodig. Ons meen, dat uit wat ons aangehaal het, genoegsaam blyk, dat die bewustsijn van die Absolute bij Spencer beslis positief en alles

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 68.

²⁾ T. a. p., 6th Ed., p. 69.

³⁾ T. a. p., p. 72.

behalwe indefinitief was. Maar ons sal maar, om nie verder op hierdie inkonsekuensies in te gaan nie, ons hou aan wat hij wil hé, dat ons van sij woorde sal maak. Ons sal daarom aanneem, dat ons bewustsijn van die Absolute *indefinitief* is. Maar selfs dan snij hij sij agnosticisme van die Absolute bij die wortel af. Want: —

Ten eerste. Hoe krijg ons kennis van 'n ding? Natuurlik deur 'n indruk wat op ons bewustsijn gemaak word deur 'n woord of daad of voorwerp. En Spencer beaam dit ten volle, want hij sé:

„Our knowledge consists simply of the *effects* wrought on our consciousness.” ¹⁾

Kennisneem is dus volgens hom: bewus word. En in die aangehaalde quotasies en op nog bainje ander plekke: — *ons het 'n bewustsijn van die Absolute.* Goed — sé ons — dan het ons van die Absolute ok 'n kennis. Ja, maar dit is 'n indefinitiewe, sé Spencer. Dit maak g'n saak nie, dan het ons daar 'n indefinitiewe *kennis* van. En tussen indefinitiewe kennis en geen kennis hoegenaam nie, gaap 'n ewigheid van onderskeid. Ek het, omdat ek net 'n paar uur versuim het op die slagveld van Waterloo, daar net 'n indefinitiewe, in vergelyking met die definitiewe kennis wat Napoleon daarvan gehad het. Maar wat 'n hemelsbreed verskil tussen hierdie indefinitiewe kennis van mij na daar net o'ergery te hé, en die kennis wat ek daarvan gehad het uit die skoolboekies, en waver verskil selfs tussen hierdie belaglikke, indefinitiewe skoolboekies-kennis en mij totale onkunde van soo'n plek of gebeurtenis toe

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 124.

ek als 'n Afrikaanse seun o'er die wy'e, wy'e vlaktes van mij vaderland te perd die wilde volstruis agtervolg het! Om dus te sé dat ek 'n indefinitiewe bewustsijn het van die Absolute, en tog dat dit vir mij totaal onbekend en onkenbaar is, is 'n flagrante kontradiksie.

Ten tweede. Als ons bewustsijn van die Absolute indefinitief is, dan moet Spencer ons ok toestaan om daar alle soorte of geen hoedanighede aan toe te skrijwe. Dan moet hij ons b.v. toelaat om te sé: die Absolute is gelijk aan die ongelijke of iets van die aard. Maar dit wil hij volstrek nie. En dat hij dit niet wil toelaat nie, kom vooral sterk uit in sij reeds aangehaalde bestrijding van Hamilton en Mansel, omdat hulle beweert het, dat die Absolute net 'n negasie is van die relatiewe, ens. En nou sé ons: als hij nie wil dat alle soorte qualiteite aan die Absolute sal toegeskrijwe word nie, en vooral nie 'n qualiteit wat net thuis hoor bij die relatiewe nie, dan was sij bewustsijn van die Absolute geen indefinitiewe nie, maar 'n tamelik helder belijnde bewustsijn. Maar laat ons, trou aan ons re'el, Spencer self laat praat. In sij konsequente o'eblikke sien ons hom één hoedanigheid aan die Absolute toeskrijwe en dit is: — die Absolute is onbekend en onkenbaar. Nou sé ons: gestel dat die perke van onse kennismeming van iets omskrijwe is, gestel dat die lijn tussen lig en duisternis, tussen die kenbare en die onkenbare helder getrek is, wat dan? Om dan aan die regter kant van die lijn te kan geplaas word, moet die voorwerp aan seker voorwaardes voldoen. En omgekeer, om aan die linker kant geplaas te kan word, moet 'n mens in staat wees om die voorwaardes van die ding wat op die regter kant geplaas is, te kan ontsé

aan die ding wat op die linker kant geplaas moet word. Maar hoe kan 'n mens dit doen van 'n voorwerp wat jou totaal onbekend is? Als die Absolute 'n totaal onkenbare realiteit is, hoe durf jij daar selfs predikate als „onbekend” en „onkenbaar” aan toeskrywe, of ontsé en sodoende sij plek in ons bewustsijn bepaal? Ons veroorloof ons die mooi gestelde vraag van Dr. Martineau :¹⁾

„Is it not plain that in declaring it absolutely inscrutable you assume it to be partially known? And that like children in some blind-fold game, you have taken a peep at it before letting it go into the dark and professing that you cannot see it at all.”

Ten derde. Dit is onmo'enlik onderskeid te maak tussen die kenbare en die onkenbare, en ok 'n absurditeit omdat dit 'n „*contradictio in terminis*” is. Om soo'n skeidslijn te kan trek, moet jij reeds gedaan hé wat jij vir onmo'enlik hou, n.a. die onkenbare geken hé. Ons kan nie 'n skeidslijn trek nie, tensij ons in staat is om o'er die lijn heen te kan sien. Hegel het tereg gesé: niemand weet dat iets 'n perk of 'n gebrek het nie, of hij moet bó die ding kan staan en daaro'er kan sien. Met die meeste bescheidenheid is ons daarom verplig om te'eno'er Spencer se agnosticisme van die Absolute die skerpe woorde van Prof. Flint te onderskrywe:

„Sheer nonsense. The entirely inconceivable is neither knowledge nor ignorance.”

¹⁾ „*Essays Philosophical and Theological*”, p. 196.

Ons het gesien, dat daar volgens Spencer 'n Absolute is, en dat ons daar 'n indefinitiewe bewustsijn van het, hoewel die Absolute onkenbaar is. Laat ons nou weer aan Spencer die woord gé en sien wat ondanks sijn bewering van die onkenbaarheid van die Absolute, die Absolute tog wel is en doen.

Ten eerste dan wat die Absolute volgens hom is. Dit is b.v. die alomte'enwoordige werkende oorsaak of krag, waarvan alle phisiese en psychiese verskijnsele net openbaringe is, „the omnipresent Causal Energy or Power of which all phenomena physical and mental are the manifestations”. ¹⁾ Dan is dit die persistente krag wat aan alle verskijnsele ten grondslag lé, waarvan dus alle andere kragte en kragsoopenbaringe die uitvloeisels is. ²⁾ Die Absolute is verder oneindig, alomte'enwoordig, onbegrijplik, ³⁾ die eerste oorsaak van alle dinge, ⁴⁾ die grond van die bestaande, ⁵⁾ die onsigbare realiteit, ⁶⁾ die onafhanklikke, ⁷⁾ die onbegrijplikke existensie, wat o'eral geopenbaar word, en waarvan ons nog begin nog end kan vasstel nie, ⁷⁾ die volmaakte, komplette, totale, wat alle mag insluit en alle wet te bó gaan, ⁸⁾ die oneindige en ewige krag, waaruit alle dinge ontstaan, ⁹⁾ en 'n krag wat in geen geval la'er

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 125, 455 etc. etc.

²⁾ T. a. p., p. 122—133.

³⁾ T. a. p., p. 73.

⁴⁾ T. a. p., p. 80.

⁵⁾ T. a. p., p. 84.

⁶⁾ T. a. p., p. 87.

⁷⁾ T. a. p., p. 93.

⁸⁾ R. A. Armstrong, „Agnosticism and Theism”, in the „Nineteenth Century”, p. 180.

⁹⁾ Herbert Spencer, „Ecclesiastical Institutions”, p. 843.

als persoonlikheid staan nie: „this Power must be conceived as certainly not lower than personal”. En eindlik, die Absolute is die oneindige en ewige mag, in wie se te’enwoordigheid ons ons altijd gevoel:

„But one truth must grow ever clearer — the truth that there is an Inscrutable Existence everywhere manifested, to which we can neither find nor conceive either beginning or end. Amid the mysteries which become the more mysterious the more they are thought about, there will remain the one absolute certainty that he is ever in presence of one Infinite and eternal Energy from which all things proceed.”¹⁾

Dit alles en nog meer is die Absolute volgens Spencer. Maar laat ons nou ook sien, wat volgens hom die Absolute doen.

Die Absolute veroorsaak, om mee te begin, al onse kennis, subjektiewe en objektiewe kennis. Want, sé hij, bewustsijn ontstaan deur die indrukke wat veranderinge op ons maak. En veranderinge is openbaringe van krag. Ruimte, Tijd, Stof, Beweging — dis almal ervaarings van krag, wat per slot van rekening uit die Absolute voorvloeit.

„Though Space, Time, Matter and Motion are apparently all necessary data of intelligence, yet a psychological analysis shows us that these are built up of or abstracted from experiences of Force. Matter and Motion as we know them are concretes built up from the contents of various mental relations; while Space and Time are abstracts of the forms of these various relations. Deeper down than these, however, are the primordial experiences of Force. A single impression of Force is manifestly receivable by a sentient being devoid of mental forms. Grant but sensibility with no established power of thought and the force producing some nervous change,

¹⁾ „Ecclesiastical Institutions”, p. 843.

will still be presentable at the supposed seat of sensation. Though no single impression of force so received, could itself produce a consciousness, yet a multiplication of such impressions, differing in kind and degree, would give the materials for the establishment of relations. that is of thought Force as we know it can be regarded only as a conditioned effect of the unconditioned cause, as the relative reality indicating to us an absolute Reality by which it is immediately produced." ¹⁾

Bovendien het hij die hele tweede deel van „First Principles” gewij aan die betoog, dat alle ontstaan en die wette van ontstaan, soos integrasie, dissipasie, segregasie, equilibrasie ens. almal te danke is aan die Persistensie van krag. En dit is net weer ’n ander naam vir die Absolute ; want, sé hij :

„By the Persistence of Force we really mean the persistence of some cause which transcends our knowledge and conception. In asserting it, we assert an unconditioned Reality, without beginning or end.” ²⁾

Ten derde, is die Absolute die krag wat ons bewust-sijn veroorsaak :

„The Power manifested throughout the Universe, distinguished as material, is the same power which in ourselves wells up under the form of consciousness.” ³⁾

Ten slotte is die Absolute die bron en die oorsaak van die evolusie waardeur die Kosmos ontstaan het : —

„All these phenomena (viz integration, segregation, multiplication of effects, equilibration, etc.) from their great features

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 133.

²⁾ T. a. p., p. 155.

³⁾ „Ecclesiastical Institutions in Principles of Sociology”, p. 839, 841.

down to their minutest details are necessary *results* of the persistence of force, under its forms of matter and motion . . . That which persists unchanging in quantity but ever changing in form, under these sensible appearances which the Universe presents to us, transcends human knowledge and conception, is an unknown and unknowable Power, which we are obliged to recognize as without limit in Space, and without beginning or end in Time." ¹⁾

En die gang van die evolusie van die absolute krag is van „the imperceptible into the perceptible and again from the perceptible into the imperceptible". ²⁾

„Evolution is an integration of matter and concomitant dissipation of motion, during which the matter passes from an indefinite incoherent homogeneity to a definite, coherent heterogeneity and during which the retained motion undergoes a parallel transformation." ³⁾

Ons het dus gesien, wat die Absolute volgens Spencer is en doen, en gaan nou 'n kort kritiek daaro'er gé.

Ten eerste. Die versekering dat die Absolute onkenbaar is en tog dat dit „certainly exists", „cannot fail to be believed", „is consciously felt as existent in all orders of phenomena in space and time, in subject and object, in spirit and matter", „in recognition of which alone religion can be reconciled" — waarlik, soo'n versekering is seker die vreemdste paradox in die geskiedenis van die wijsbegeerte. En tog is dit net wat Spencer gedaan het. In één en dieselfde hoofstuk verseker hij ons, dat die krag wat die heelal ons openbaar onkenbaar is, en tog tegeliktijd, dat die onvermijdblike besef dat soo'n mag bestaan, die onuit-

¹⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography", Vol. I, p. 554.

²⁾ „First Principles", 6th Ed., p. 225.

³⁾ T. a. p., p. 301.

roeibare grond, die absolute sekerheid is, wat altwee geloof en rede, godsdiens en wetenskap, met mekaar gemeen het. ¹⁾ *Maar*, sé ons, van geen krag wat hom self openbaar, mag jij beweer dat dit totaal onkenbaar is nie. Hoe is dit mo'elik, dat ek 'n onuitroeibaar besef kan hé, dat iets bestaan, en daar tog niks meer van kan weet nie! Om bewus te wees van iets sonder enige kennis van die iets, hoe gering ok, is net so ondinkbaar als bewustsijn sonder gevoel of wil. Soos ons reeds aangehaal het, Spencer self sé, dat onse kennis bestaan uit indrukke wat op ons bewustsijn gemaak word: „our knowledge consists of the effects wrought on consciousness”. ²⁾ Als Spencer wis, dat die krag wat die heelal dra, absoluut, alomte'enwoordig, onafhanklik, onkenbaar etc. etc. is, dan het hij die krag geken, anders kon hij nie geweet het, dat dit is wat hij daarvan beweer het nie. Ons herhaal, dit is ongerijmd, om te sé dat die Absolute bestaan, en tegelykertyd te beweer dat dit onkenbaar is. Dit is ongerijmd, om te sé wat die Absolute doen en kan doen, en tog nie te weet wat dit is nie. Van alles wat ons rede het om te glo dat dit bestaan, het ons rede om te glo dat dit kenbaar is. Ons sé met Dr. Martineau: „if it is an incognizable, it is also a nonentity.” ³⁾ Net dinge waaraan jij geen attribute of predikate kan toeskrywe nie, is onkenbaar.

Ten tweede. Spencer identifiseer die Absolute met die persistensie van krag:

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 73—92.

²⁾ T. a. p., p. 124.

³⁾ „Essays Philosophical and Theological”, p. 199.

„By the persistence of Force we really mean, the persistence of some cause which transcends our knowledge and conception. In asserting it we assert an unconditioned Reality without beginning or end.” ¹⁾

Uit die persistensie van krag lei hij al die bestaande en die wette van die bestaande, die wette van die evolusie, af. Die gang van die evolusie van die heelal, sé hij, is uit die onsigbare tot die sigbare en vice versa. ²⁾

Nou sé ons: die onsigbare is die onwaarneembare, en die onwaarneembare is die onkenbare. Dit is onkenbaar, omdat dit onwaarneembaar is. Dit is onwaarneembaar, omdat dit nie aan verskijnsele verbonde is nie. En onse kennis rus op verskijnsele, sé Spencer: „Our knowledge is limited to the phenomenal.” ³⁾

Spencer beskryf ok, soos ons reeds opgemerk het, die gang van die evolusie als van 'n indifinitiewe, inkoherente, homogene, tot 'n definitiewe, koherente, heterogene toestand. Hierop maak ons drie opmerkinge.

Ten eerste. Deur die persistensie van krag te identifiseer met die Absolute, bring hij die krag, wat die heelal dra, uit die fenomenale o'er tot die noumenale, en daarmee tot die onkenbare. En tog is hierdie krag ondanks haar noumenaliteit vir hom so kenbaar, dat hij aan haar persistensie toeskryf, 'n krag noem, en uit haar al die wette aflei waardeur die heelal op elke gebied, anorganies, organies, en superorganies, ontwikkel het. Dit weerspreek sigself. Dis 'n krag, waarvan 'n mens, als jij let op haar noumenaliteit, nie kan sé of sij iets of niks kan doen nie, en als jij let op die evolusie

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 155.

²⁾ Herbert Spencer, „An Autobiography”, Vol. I, p. 534 etc.

³⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 224.

van die heelal, kan jij van haar sé, dat sij eenvoudig *alles* kan doen. G'n wonder dan ok, dat dit die bijtende spot van Prof. Tait uitgelok het, toe hij gesé het dat Spencer se persistensie van krag hom doen dink aan die reis van Baron Münchhausen na die maan toe. Hij het hom self aan sij ei'e hare daarheen opgetrek.

Ten tweede. Hoe kan Spencer die proses van die heelal beskrywe als die o'ergang van die onwaarneembare tot die waarneembare en vice versa? Die onwaarneembare tog is die onkenbare volgens hom. Om soo'n o'ergang te kan beskrywe, moet 'n mens tog die agtergrond kan ken. Ok hier staan ons weer voor 'n contradictio in terminis. Dis soos Prof. Iverach sé: „the transition from the unknowable to the known is a glaring petitio principii.” ¹⁾

Ten derde. Spencer sé: die gang van die evolusie is van 'n indefinitiewe, inkoherente homogeneiteit tot 'n definitiewe koherente heterogeneiteit. Maar dit is 'n onmo'enlikke iets, want o'ergang van die homogene tot die heterogene is persies dieselfde als o'ergang van die enkele tot die meervoudige, wat weer dieselfde beteken als o'ergang van iets tot niks en vice versa: die vo'elverskrikker-argument van Spencer als hij te'en die skeppingstheorie te velde trek, maar waarin hij hom hier self vang.

Ten vierde. Die indefinitiewe, inkoherente homogene is 'n pure woordelike abstraksie. Dit kom op dieselfde neer als die vormlose, predikaatlose sijn, wat weer dieselfde beteken als: *niks*.

Ten slotte. Wie kan hom van so iets 'n voorstelling

¹⁾ James Iverach M.A., „Is God knowable?” p. 71.

maak? Die indefinitiewe, inkoherente, homogene is die totaal onkenbare. En hoe kon Spencer hieruit die kenbare heelal aflei? Ok dit is 'n ongerijmdheid.

'n Ander punt waarop ons hier die aandag wil vestig is, dat Spencer in sij hoofstuk „The Relativity of all Knowledge” enkele bladsije wij om te bewijs dat sij definisie van wat lewe is, ontwikkel in sij “Principles of Biology”, naamlik: die aanpassing aan die omgewing-
ok van toepassing is op onse kennis. Ons krij kennis deur die aanpassing van ons bewustsijn aan dat waarvan ons kennis ontvang:

„Every act of knowing is the formation of a relation in consciousness answering to a relation in the environment.” ¹⁾

Of soos Prof. Ward dit uitdruk: „All positive knowing is assimilating.” ²⁾ Alle kennis is aanpassing, assimilering. So sé Spencer, om net één voorbeeld te noem, dat die bestaan van 'n eerste oorsaak is 'n noodsaaklik gegewe van die bewustsijn. Ons is verplig, sé hij, om die sigbare wereld met haar orde en wette toe te skrijwe aan 'n eerste oorsaak: „Which though it cannot in any manner or degree be known in the strict sense of knowing, yet its positive existence is a necessary datum of consciousness.” ³⁾ Ons het te'en hierdie definisie van kennis niks te sé nie. Ons is dit met hom volkome eens.

Maar terwijl ons hierdie wet van kennis erken, kom

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 63.

²⁾ Ward, „Naturalism and Agnosticism”, Vol. II, p. 269.

³⁾ „First Principles”, Rev. Ed., p. 85.

ons tot die dilemma, dat die noodsaaklikke datum van die bewustsijn, n.a. die eerste oorsaak, behoort òf tot wat van ons absoluut verskil òf nie. Behoor dit tot 'n totaal ander genre van kennis als die van ons, dan is dit nie alleen onkenbaar nie, maar dan kan ons daar nimmer of nooit 'n bewustsijn van h e nie, om van 'n noodsaaklik bewustsijn nie eens te praat nie, soos Spencer beweer dat dit is. Dit sal ons dan absoluut onmo'enskap wees om onse kennis daaraan aan te pas. Daar kan dan geen rapport tussen onse kennis en die Absolute of eerste oorsaak bestaan nie. Ons sal sulke kennis nie kan assimileer nie. Dit is 'n volstrekte onmo'enskap, dat ek mij bewus kan word van iets of iemand wat in g'n verband tot mij staan of staan kan nie. Als iets nie geestlik is nie, en dus nie in staat om op mij gees in te werk nie, als iets door mij op g'n enkele manier kan waargeneem word nie, dan kan ik daar onmo'enskap 'n bewustsijn, dus kennis, van krij nie. *Maar* kan ons 'n bewustsijn h e van die Absolute, ja is sij bestaan self 'n noodsaaklikke datum van bewustsijn, en kan ons daar selfs alle soorte name aan g e, soos Spencer doen deur die name Eerste Oorsaak, Onbegrijplike, Absolute, Alomte'enskapdige ens. ens., dan is dit 'n bewijs, dat daar assimilasi e, o'ereenkoms, aanpassing bestaan tussen ons bewustsijn en daardie objekt, en dan is dit ongerijmd, alle kennis van die Absolute te ontken. Spencer moet dus vooruit of agteruit. Hij moet òf sij meesterlike en aan die waarheid getrouwe definisie van kennis prijs g e òf hij moet erken, dat sij Absolute kenbaar is.

Terwyl ons van Spencer se definisie van kennis praat, moet ons ok nog op 'n ander sij van die hier aange-

voerde wijs. Dit is naamlik 'n onomstootlikke waarheid wat hij uitgespreek het, dat kennis net soos lewe aanpassing is van subjekt aan objekt, „formation of a relation answering to a relation in the environment”.¹⁾ Die vis sterf op die sand, omdat hij hom nie in die nuwe omgewing kan skik nie. Maar als dit nou waar is dat kennis ontstaan deur aanpassing van subjekt aan objekt, dan is die omgekeerde ok waar, n.l. kennis ontstaan deur aanpassing van objekt aan subjekt. Dus als die objekt, die Absolute, Hom nie aanpas bij die kenende subjekt nie, nie in *relasie* tree met die subjekt nie, dan mag en kan Spencer nie beweer nie, dat die bestaan van die Absolute „a necessary datum of consciousness” is nie — om nie eens te praat van die reg om alle soorte adjectiva, soos ons reeds opgemerk het, daaraan toe te skrywe nie. Maar is die bestaan van die Absolute 'n datum van bewustsijn, dan het die Absolute Hom aangepas aan die kennisnemende bewustsijn, dan het Hij Hom in *relasie* gestel met die bewustsijn, dan het Hij Hom met ander woorde aan die bewustsijn niks minder als geopenbaar en kenbaar gemaak nie.

Ons wil wat ons hier beweer van nog 'n kant beskou, ok op grond van gegewens, wat Spencer ons self verstrekket. Op bladsij 124 en vervolgens van „First Principles” staan Spencer stil bij die vra'e: hoe onse kennis van 'n realiteit wat agter die verskijnsele lé ontstaan en wat 'n realiteit is.

Ten eerste dan, hoe ontstaan die kennis? Die antwoord is:

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 63.

„Metaphysical criticism would then have merely the effect of proving to us that feelings of touch and pressure produced by an object give us no knowledge of its nature, at the same time that the criticism would by implication admit that there was a something which produced these feelings. It would prove to us that *our knowledge consists* simply of *the effect wrought on our consciousness*, and that the causes of those effects remain unknown, but it would not in doing this tend in any degree to disprove the existence of such causes; all its arguments tacitly taking them for granted and when the two were always thought of in this immediate relation, there would be little danger of falling into the insanities of idealism.”¹⁾

Op die vraag : hoe ontstaan onse kennis van ’n realiteit, antwoord hij : deur middel van die indruk, die effek op mij bewustsijn. Maar wat is nou ’n realiteit? Hierop antwoord hij : —

„By reality we mean *persistence in consciousness*. The real as we conceive it, is distinguished solely by the test of Persistence, for by this test, we separate it from the unreal. Between a person standing before us and the idea of such a person we discriminate by our ability, to expel the idea from consciousness, and our ability while looking at him, to expel the person from consciousness. And when in doubt as to the trustworthiness of some impression made on our eyes in the dusk, we settle the matter by observing closer whether the impression persists on closer inspection, and we predicate reality if the persistence is complete. How truly persistence is what we mean reality, is shown in the fact that after criticism has proved that the real as presented in perception is not the objectively real, the vague consciousness which we retain of the objectively real is of something which persists absolutely, under all changes of mode, form, or appearance. And the fact that we cannot form even an indefinite notion

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 124.

of the absolutely persistent implies that persistence is our ultimate test of the real, whether as existing under its unknown form or under the form known to us. Consequently the result must be the same to us whether that which we perceive to be the unknowable itself or an effect invariably wrought on us by the unknowable. Were unconditioned Being itself present in thought, it could *but be persistent.*"¹⁾

Ons herhaal die twee hoof-gegewens van Spencer in die hier aangehaalde.

(a). Kennis bestaan uit die indrukke, die effekte, die uitwerkinge, in ons bewustsijn teweeg gebring.

(b). Realiteit beteken persistensie in die bewustsijn.

Wat is nou die persistente, vra ons? Dit is letterlik dat wat *deur* blij bestaan (per + sisto). Wat wil dit sé? Dit — dat die persistente is dat wat blij indruk maak op die bewustsijn, wat daar 'n effek in teweeg bring, wat op die bewustsijn blij inwerk. Sonder effek, indruk, inwerking, op mij bewustsijn bestaan dit vir mij nie. Wanneer ek dan kan sé soos Spencer: — die Absolute bestaan, of selfs so sterk dat ek soos hij kan sé, die bestaan van die Absolute „is a necessary datum of consciousness”, dan wil en kan dit volgens Spencer se ei'e bogenoemde stelling niks anders beteken nie, als dat die Absolute 'n *effek*, 'n *indruk*, maak op mij bewustsijn, of op mij bewustsijn inwerk. Hierdie effek, indruk, inwerking vind wel op 'n ander manier plaas als die van 'n relatiewe ding, maar 'n effek, 'n indruk, 'n inwerking blij dit, en o'eral waar op mij lewenspad die selfde soort effek, indruk of inwerking op mij bewustsijn word gemaak, sal ek die effek, die indruk of inwerking *herken* als die effek of inwerking van die Absolute. Die naam

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 125.

wat ek dus aan iets gé, kom o'ereen met die indruk of effek wat dit op mij bewustsijn maak of gemaak het.

Ja, ek ken 'n voorwerp alleen vir sover dit op mij 'n indruk maak en omdat — en hier lé ons alle nadruk op — omdat dit op mij bewustsijn 'n indruk maak. Ek ken die relatiewe net omdat dit op mij 'n indruk of effek maak. En ek ken die non-relatiewe of Absolute ok net deurdat dit op mij bewustsijn 'n indruk maak.

Ten tweede. Als die indruk wat die relatiewe op mij bewustsijn maak geen waarde het, omdat dit ons niks omtrent die oorsaak van die effek op sigselwe laat weet nie, dan het die indruk van die absolute op ons bewustsijn ewemin waarde, omdat dit ons niks sé van wat die absolute op sigself is nie. *Maar dan hou ok alle kennis op.* Dan mag jij ok nie meer sé, iets is relatief nie, *want* dit sal dan wees, sé *wat die ding op sigself is*, dis relatief en niks anders nie. Dis nie absoluut nie. Dus als die indruk op mij bewustsijn sé: ek is die indruk van wat absoluut is, dan sé dit, wat die absolute op sigself is, naamlik: dit is *absoluut* en nie *relatief* nie.

En waver gewigtige waarheid word hiermee uitgespreek? Niks anders als dit: dat die indruk wat 'n ding op mij bewustsijn maak, openbaar, vir sover dit op mij bewustsijn 'n indruk maak, *die wese van die ding*. Alle kennis bestaan uit indrukke op mij bewustsijn, sé Spencer. En hij het volkome gelijk. Als ek sé: iets is relatief, dan is dit deur die indruk wat dit op mij bewustsijn gemaak het — dit het die indruk van iets *relatiefs* op mij gemaak. Als ek sé: iets is absoluut, is dit deur die indruk daarvan op mij bewustsijn. Dit het die indruk van absoluut op mij gemaak. En dus, als ek

sé: die absolute is onkenbaar, moet ek net so sé, die relatiewe is onkenbaar. Waarom? Eenvoudig omdat 'n mens alleen kan sé: die absolute is onkenbaar, als die absolute geen effek of indruk op mij bewustsijn gemaak het nie. Geen kennis sonder 'n effek of indruk, is dus ewig waar. Als 'n mens dus geen kennis van iets kan hé, ondanks die effek van so iets op mij bewustsijn nie, dan is daar hoegenaam geen kennis mo'enlik nog van die Relatiewe nog van die Absolute nie.

Mag jij dus nie van 'n kennis van die Absolute praat nie, dan mag jij ok nie van kennis van die relatiewe praat nie — die enige kennis waarvan Spencer wil weet. Hij het dus geen die minste reg om, volgens sij ei'e gegewens, te sé, dat die Absolute onbekend of onkenbaar is nie. Hij maak hom aan 'n ondraaglikke te'enstrijdigheid skuldig deur te sé: ons het 'n bewustsijn van die Absolute, en tog dan weer an die ander kant te sé: Hij is onbekend en onkenbaar. Bovendien, als dit waar is dat die Absolute so inwerk op ons bewustsijn, dat sij bestaan „a necessary datum of consciousness” is, dan openbaar, soos ons reeds aangetoon het, die Absolute daardeur Sij wese — Hij is die *Absolute*, nie iets anders nie. Om dit te ontken is om te verval in wat Spencer self noem „the insanities of idealism”.

Tenvolle onderskryf ons daarom ok wat Prof. John Fiske sé (en ons doen sulks maar al te graag, omdat Fiske één van Spencer se ijwerigste discipule en vurigste verdedigers is): —

„To call the Primeval Energy the unknowable tends to misconception. *We know it by its effects*, which I may add is

the only way in which we know any object of knowledge whatsoever, except our own consciousness." 1)

Dit was deur die ontkenning van hierdie waarheid, dat Spencer hom self verstrik het in alle soorte kontradiksies. Ons noem hier net één:

„Every antecedent mode of the unknowable must have an invariable connexion, quantitative and qualitative with that mode of the unknowable which we call its consequent. For to say otherwise is to deny the persistence of force". 2)

Kan daar in die wereld 'n sterker kontradiksie als hierdie wees? Hoe kan 'n realiteit onkenbaar wees en tog wat sij quantiteit betref gemeet word? Geen wonder, dat Prof. Ward die uitdrukking noem „an intellectual somersault" en „intellectual jugglery". 3)

Hiermee sluit ons onse beskouinge o'er Spencer se agnosticisme omtrent die Absolute af. Ons meen klaar en duidlik aangetoon te hé, hoe onhoubaar en te'enstrijdig sulke agnosticisme is. Bo'endien is dit 'n belediging van God, want soos Prof. Bavinck tereg sé: —

„Het agnosticisme kan niet ontkomen aan de consequentie dat God zich niet kan openbaren. Het sluit Hem in Zichzelf op, het maakt Hem tot 'n onbekende, onzichtbare macht, die geen bewustzijn heeft en geen wil, die zich in geenerlei wijze kan mededeelen, die eeuwige $\tau\tau\eta$ is." 4)

Daarbij is dit 'n dwase, absurde verheffing van die

1) In R. E. Armstrong, „Agnosticism and Theism", in the „Nineteenth Century", 96.

2) „First Principles", Rev. Ed., p. 177.

3) „Naturalism and Agnosticism", Vol. I, p. 220.

4) „Gereformeerde Dogmatiek", Deel II, p. 27.

mens se kennis, want als ons sé dat die Absolute totaal onkenbaar is, dan sluit die bewering in, dat ons self besit 'n oneindige en absolute kennis. Want ons kan dan weet wat die Absolute nie kan doen nie, n.l. Hij kan Hom Self nie openbaar nie, en sluit ok in, dat die beperkte, nietige menslikke gees die oneindige kan beperk.

HOOFSTUK V.

Sij Agnosticisme en sij onvernietigbaarheid van die stof.

Sij argument om die onvernietigbaarheid van die stof te bewijs, kom korteliks op die volgende neer : — als dit kan bewijs word dat stof in sij massa of in sij eenhede non-existent kan word, dan sal moet vasgestel word onder waver voorwaardes of bepalinge dit mo'enlik is, of dit sal moet erken word dat wetenskap en filosofie onmo'enlik is. Want als ons moes werk met hoeveelhede en gewigte, wat op 'n gegewe o'enblik kan ophou om te bestaan, dus vernietig kan word, dan sou daarmee ingevoer word 'n faktor, waarmee geen rekening kan gehou word nie, en wat juis daarom doodlik sal wees vir alle positiewe gevolgtrekkinge.

Maar op aprioristiese en aposterioristiese gronde kan bewijs word dat die stof onvernietigbaar is.

Aprioristies. Die onmo'enlikheid om te dink dat stof vernietig kan word volg uit die aard van die intellekt self. Dink bestaan in die vasstelling van relasies. Daar kan geen relasie vasgestel en geen gedagte gevorm word, als één van die in relasie staande terme nie in

die bewustzijn aanwezig is niet. Daarom is dit onmogelijk om te denken, dat iets tot niets, en niets tot iets kan worden. Geen experimentele verificatie van die waarheid dat stof onvernietigbaar is, is mogelijk, tenslotte jij dit a priori aanneemt niet.

Aposteriorities. Stel jou voor, dat die ruimte ontleed is van alle voorwerpen, behalve één. En denk jou dan in, dat die één voorwerp tot niets wordt in die plek waar dit staat of hangt, en jij zal zien, hoe onmogelijk dit is. Of neem 'n ander voorbeeld: Stel jou voor, dat 'n miljoenste deel van 'n millimeter groot stofdeeltje nog 'n miljoen maal verdeeld kan worden, en dat één van die miljoen maal verdeelde deeltjes nog 'n miljoen maal kan verdeeld worden, dan nog is dit onmogelijk om te denken, dat dit tot niets toe gereduceerd is of kan worden. ¹⁾ Die stof is dus onvernietigbaar.

Op hierdie leer van Spencer veroorloof ons ons die volgende opmerkingen:

Ten eerste. Spencer noemt die onvernietigbaarheid van stof „an a priori cognition of the highest order”. Maar met bescheidenheid merk ons op, dat daar niet eens van stof 'n a priori kennis van die laagste orde is niet, wat nog te sé van die hoogste orde. Stof wordt niet a posteriori en als contingent gezien. Ons weet waarlijk graag te min van wat stof is, als om zo maar zo voetstoots te beweren, dit kan zo of zo ontstaan of vernietigd worden. Nog nooit is uitgemaakt wat stof eigenlijk is niet. En daarom komt sulke uitdrukkingen o'er die natuur van stof ons, om die minste daarvan te sé, tamelijk

¹⁾ „An Epitome of the Synthetic Philosophy of Herbert Spencer”, by F. Howard Collins, p. 22. — „First Principles”, 6th Ed., p. 134—139.

voorbarig voor. Dat ons ons die ontstaan van stof nie kan voorstel nie, is nie omdat dit ondinkbaar is nie, maar die natuurlik gevolg van die swakheid van onse verbeeldingskrag, wat weer die gevolg is van onse onkunde. Hoe kan ek mij 'n voorstelling maak van iets waarvan ek niks van weet nie!

Ten tweede. Hierdie stelling is in lijnregte te'enspraak met Spencer se Erkenntniss-theorie. Want volgens die, krij ons onse kennis deur middel van onse sintui'e. Ons weet van niks anders als wat onse sintui'e ons meedeel nie. Die perke van die sinlikke ervaring is die perke van onse kennis: „Our knowledge is limited to the phenomenal.” ¹⁾

Maar, vra ons, kan onse sintui'e misskien die oneindige verdeelbaarheid van stof bewijs? Die gedagte selfs is absurd. Hoe kan iets beperks iets onbeperks omvat? Hierdie te'enspraak van Spencer maak dus alles behalwe op ons die indruk van wetenskaplik te wees. Maar ons sal ok hier weer aanneem wat hij sé, en dan op die konsekwensies let. Ons sal dus aanneem dat die stof onvernietigbaar is. Maar wat sluit soo'n gegewe in? Ons sal dit net nou sien. Laat ons eerst vra: wat is stof? Afgesien van wat die wese van stof is, sal elk een daadlik antwoord: Stof is die uitgebreide, die tasbare, die sigbare. Laat ons terwille van die gemaklikheid sé: Stof is die sigbare. Dan ontstaan die vraag: hoe is die sigbare ontstaan volgens Spencer? Deur evolusie, antwoord hij. ²⁾ En wat is volgens hom die grondwet van die evolusie? Integrasie van stof met die noodwendig

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 224.

²⁾ T. a. p., p. 223—414.

daarmee saamgaande dissipasie van krag. ¹⁾ Maar wat beteken hierdie integrasie van stof? Ons laat Spencer weer self antwoord: Integrasie, sé hij, is *condensasie*. Van die sonstelsel b.v. sé hij:

„And when we come to the vast masses forming our solar system, the limits to their existence, alike in the past and in the future, can be known but inferentially: direct observation no longer aids us. Still science leans more and more to the conclusion that these also once emerged from the imperceptible through successive changes of *condensation* and will in an immeasurably remote future lapse again into the imperceptible.” ²⁾

De gang van evolusie is dus van die onsigbare na die sigbare, en die taak van die filosofie is om hierdie gang te skets.

„But after recognizing the truth that our knowledge is limited to the phenomenal and the further truth that even the sphere of the phenomenal cannot be penetrated to its confines, we must nevertheless conclude that so far as is possible, philosophy has to formulate this passage from the imperceptible into the perceptible and again from the perceptible into the imperceptible.”

Die sigbare stof is dus uit die onsigbare ontstaan en wel deur condensasie.

Maar laat ons nou sien waver onmoëlikhede die stelling insluit, als ons geen skepping van die materie aanneem nie: — Die sigbare materie is ontstaan deur condensasie. Maar, condensasie waarvan? Deur die condensasie van onvernietigbare stofdele. Onvernietig-

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 225, etc.

²⁾ T. a. p., p. 224.

bare stofdele! Wat beteken dit? Onvernietigbare stofdele beteken, dat, hoe infinitesimaal jij ok 'n stofdeeltjie kan verdeel, jij nooit 'n punt in die verdeling kan bereik waar geen verdere verdeling meer mo'elik sal wees nie. Ewighede van altijd maar voorgaande verdeling kan 'n ondeelbare punt nie bereik nie. Dit moet elk een erken op grond van die konstitusie van ons dinke. Maar om dit ok te *erken* is ok om die wording van sigbare materie deur kondensasie of integrasie te *ontken*. Want al verloop daar ok ewighede, dan is dit nog nie tijd genoeg vir die ewig-deelbaar-kleine om te kom tot die deelbaar-grote nie. M. a. w. al verloop daar ok ewighede, dan is dit nog geen tijd genoeg vir die ewig onsigbaar deelbare om te kom tot die sigbaar deelbare nie. Of nog anders, dit is onmo'elik vir die ewig deelbaar kleine om te kom tot die deelbaar grote. Daarom kan daar geen sigbare stof uit onvernietigbare stof ontstaan wees nie. Maar daar *is* 'n sigbare stof — die heelal. Daarom kan die sigbare stof alleen *geskape* wees. Tot één van hierdie gevolgtrekkings *moet* jij kom, want daar is volgens Spencer self net twee uiterste, skepping of wording. En is die wording van die sigbare 'n onmo'elikheid, dan blij alleen die enigste ander mo'elikke o'er n.l. — skepping.

Maar misskien is daar nog 'n ander uitweg, n.l. die bewering, dat die sigbare materie geword het, nie uit tot in die ewige en oneindige vir deelbaarheid vatbare materie nie, maar uit ondeelbare stofdeeltjies wat, hoewel onsigbaar deur hulle kleinheid, tog deur konglomerasie of opmekaarstapeling sigbaar geword is en derhalwe van 'n seker grootte moet gewees het, m. a. w. die atome-teorie.

Maar hierte'en geld: Als daar ondeelbare stofdeeltjies is, dan is die stof nie meer onvernietigbaar nie; want stof is net onvernietigbaar volgens Spencer, omdat daar tot in die ewigheid geen perke aan haar deelbaarheid kan gestel word nie. Dus als daar *ondeelbare stofdeeltjies* is, dan is hulle *vernietigbaar*, dus tot niks te reduceer, maar dan ok uit niks ontstaan, m. a. w. geskape. Maar als iemand te'en hulle geskape-wees opkom, dan is ons antwoord: hulle is één van twee *of* geskape *of* geword. Maar geword waaruit? En dan kan jij alleen hierop sé: Uit tot in die ewige deelbare stofdeeltjies, maar dat is, soos ons bó aangetoon het, 'n onmo'enskap; want die één ewigheid deurgebring in die oneindige verdelerij van die stofdeeltjie, sal die ander ewigheid met dieselfde werk deurgebring, net verslind, en die weer 'n ander, en die weer 'n ander, en so vort ewiglik en altoos. Kan hulle dus onmo'enskap nie geword het nie, dan moet hulle geskape gewees het.

Maar als iemand misskien hierte'en aanvoer en sé: dat die atome onmo'enskap kon geskape wees, omdat dit: word uit niks, beteken, en jij dan in botsing kom met Aristoteles se: „ex nihilo nihil fit”, dan merk ons op:

Ten eerste. Hierdie re'el van Aristoteles is nie so eenvoudig als wat dit lijk nie. Elke o'enskap staan ons voor verskijnsele wat hulle nie tot bestaande faktore laat herlei nie. Soos Prof. Bavinck sé:

„Geschiedenis is geen rekensom; het leven is geen product van chemische verbindingen, het genie is nog iets anders en iets meer dan het kind van zijn tijd, en elke persoonlikheid is iets oorspronkelijks.” ¹⁾

¹⁾ „Gereformeerde Dogmatiek”, Deel II, p. 399.

Ten tweede. Die uitdrukking: skepping uit niks, beteken net, dat die geskapene niks van sigself is nie, maar sijn hele bestaan dank aan die wil van sijn Skepper, wat dit nie voorgebring het deur een of ander substratum te verander nie, maar dit tot bestaan geroep het deur 'n vrije daad van sijn wil.¹⁾

Ten derde. Die Theologie het nooit geleer dat die nie-sijn, die vader, die bron, die principium van die sijn is nie. Ten o'ervloede het sijn daar elke maal bij gevoeg, dat die uitdrukking „ex nihilo” geen aanduiding was van 'n materie wat tevore bestaan het en waaruit die wereld gevorm is nie, maar alleen te kenne gé, dat die sijnde eenmaal nie gewees het nie en dat dit alleen deur die almagtige krag van God in aansijn geroep is. Die uitdrukking „ex nihilo” staan dus met „post nihilum” gelijk.²⁾ Die partikel ex, sé Augustinus,³⁾ non designat sed excludit materiam. Die wereld het sijn oorsaak nie in hom self nie, maar in God. Die uitdrukking: skepping uit niks, beteken nie, iets uit niks maak nie, want dit sluit 'n kontradiksie in, maar o'eral in die Bijbel (en Spencer bedoel deur skepping, skepping in bijbelse sin) staan: „*God schiep*”, d. w. s. God het die geskapene deur Hom self, en nie deur en uit iets anders voorgebring nie. Maar die woord wat die meeste voorkom is: „God sprak: er zij licht,” ens. ens.⁴⁾ En: „In den beginne was het Woord, en het Woord was bij God en het Woord was God, en door Hetzelve is alles

¹⁾ Bernard Boedder, „Natural Theology”, p. 143.

²⁾ Dr. H. Bavink, „Gereformeerde Dogmatiek”, Deel II, p. 399.

³⁾ Aurelius Augustinus, „Confessiones”, XI, p. 5.

⁴⁾ Genesis 1, vs. 3, 6, 9, 11, enz.

gemaakt.”¹⁾ En soo’n tevoorskijn-bring deur die Woord sluit geen kontradiksie in nie, want dit is nie ’n wording uit niks nie, maar ’n wording uit God — uit God is alle dinge. En dit is ok vir ons eenigsins verstaanbaar na die analogie van ons ei’e doen. Die woord wat ek uitspreek kom uit mij uit, en is tog ’n werklikheid, want dit kan ’n ander tref en kwets. Als ek mij arm uitsteek, dan doen ek dit uit mijselwe en bring daar ’n beweging mee tot stand, waar daar vroe’er g’n beweging was. Die uitdrukking „God sprak” en het daardeur die skepping veroorsaak, beteken dus, dat die wereld deur Sij mag-woord ontstaan het, uit Hom self uit dus. Uit God, deur God en tot God is alle dinge.

Ten vierde. Prof. Doedes het daar tereg op gewijs, dat daar ’n groot onderskeid is tussen fieri en creare, tussen word, ontstaan, en doen word, doen ontstaan.

„Dat uit niets, niets vanzelf voortkomt, kan toegestemd worden door hen, die leeren dat het bestaan van hetgeen wij wereld of het heelal noemen door God veroorzaakt is..... Wat het worden en den overgang uit het niet-zijn in het zijn aangaat, dit bezwaar vervalt, indien men den aanvang van het heelal niet beschouwt uit ’t oogpunt van overgang uit den toestand van het niet-zijn, dat geen toestand is, in den toestand van zijn, niet uit het oogpunt van een worden, dat zeker reeds een bestaan onderstelt. Het ontstaande heelal ging als *ontstaande* niet uit den eenen toestand in den anderen over, het werd niet iets, dat vroeger niet was, enz.”²⁾

Ons herhaal dat als ’n mens uitgaan van Spencer se definisie van die onvernietigbaarheid van stof, jij

¹⁾ Joh. 1, vs. 1—3.

²⁾ Doedes, „De leer van God”, p. 165.

dan 'n skepping van atome deur die konglomerasie, of kondensasie, waarvan die sigbare skepping ontstaan het, moet aanneem.

Verder, als jij aan Spencer sou vra, hoe die evolusie van die heelal begin het, dan is sijn antwoord: deur die integrasie van die stof met die daarmee saamgaande dissipasie van krag. Dit is die grondstelling waarop sijn evolusie-theorie rus. En daarom is dit vir ons van die grootste belang om te sien of hij hierdie eerste stap op die pad van evolusie kan doen sonder 'n skepping aan te neem. En ons antwoord op grond van die reeds aangevoerde kan alleen wees: dat als integrasie of kondensasie van stof die eerste stap van evolusie is, en daar geen integrasie of kondensasie kan plaas vind sonder om atome wat koncentreer aan te neem nie, en als die stof onvernietigbaar is, in Spencer se sin, d. w. s. als tot in die ewige deelbare, dan kon ok die atome nooit ontstaan het nie of hulle moes geskape gewees het. En als jij 'n skepping van atome moet aanneem, dan val daarmee ok natuurlik Spencer se agnosticisme in dui'e.

So noodsaaklik is dit daarom om die skepping van atome aan te toon, dat ons wat meer wil aanvoer om dit te bewijs.

Ten eerste. Als atome ondeelbare eenhede is, hoe is hulle dan ontstaan? Deur kondensasie kon dit nie, want als die stof onvernietigbaar is, in die sin van tot in die ewige deelbare, dan is dit onmo'enlik soos ons gesien het. En als hulle ontstaan het deur die konsentrasie van nog kleiner ondeelbare eenhede, dan is die moeilikheid net 'n bietjie na agter toe verskuiwe. Want die kon dan ok net deur die konsentrasie van nog kleiner ondeelbare eenhede ontstaan het, en so ad infinitum.

Daar blij daarom nog net één mo'enskap o'er en dit is, dat hulle nie geskape is nie, maar self-existente entiteite is, klein Gode dus. Maar dit is ok weer onmo'enskap, omdat hulle die faktore is van 'n gedurig veranderende heelal. Die wereld wat ons nou bewoon was volgens Spencer (wat hier net La Place napraat), eers 'n gloeiende massa en die gloeiende massa het eers behoort tot 'n nevelvlek, waaruit ons sonstelsel ontstaan het, en die weer uit 'n ander en so al verder terug, totdat ons bij 'n begin kom en kom moet (n.l. die ontstaan ok van die stof), als ons nie in die kontradiksie van 'n ewig-veranderende (wat dieselfde als ewige-tijd beteken, omdat verandering onder tijd val) wil verval nie.

Maar kan die stof dan nie ewig wees nie? Dit is ok onmo'enskap. Waarom? Omdat die stof gedurig aan verander is. Die beste bewijs hiervoor is die feit van die evolusie self. Wat verander, wat aan evolusie onderworpe is, moet 'n begin gehad het. Soos Dr. J. H. Stirling so mooi gesé het in sijn antwoord aan Hume:

„No multiplication of parts will make a whole potent if each part is impotent. You will hardly reach a valid conclusion where your every step is invalid. It will be vain to extract one necessity out of a whole infinitude of contingencies. Nor is it at all possible for such infinitude of contingencies to be even conceivable by reason. If each link of a chain hangs on another, the whole will *hang* and only *hang*, even is *eternity, unsupported* like some stark serpent unless you find a hook for it. Add weakness to weakness in any quantity, you'll never make strenght.”¹⁾

¹⁾ J. H. Stirling, L.L.D. „Philosophy and Theology,” Gifford Lectures, p. 262.

Of soos Proff. Balfour Steward en Tait sé :

„To our minds it appears no less false to pronounce eternal that aggregation we call the atom than it would be to pronounce eternal that aggregation we call the sun.” ¹⁾

Hume se objeksie, dat als die stof 'n begin moes gehad het, dit dan ok van God geld, is pure dwaasheid ; want ons verstand eis, dat die heelal 'n begin moes gehad het, omdat dit 'n evolusie deurloop, 'n proses, 'n gedurige verandering. Vir die veranderinge moet oorsake wees. Die één oorsaak eis 'n ander, en die weer 'n ander en so terug, totdat ons tot 'n eerste oorsaak moet konkludeer. Dit moet ons doen als ons nie in die kontradiksie van 'n ewige verandering wil verval nie. Als die heelal vóór ons gestaan het als 'n onveranderlikke iets, dan sou ons tot hierdie redenêring geen reg gehad het nie, maar daar die heelal 'n gedurig veranderende is, is soo'n redenêring 'n logiese eis. Hierdie redenêring is gegrond op wat ons ondervind. Als ons kon weet, dat die eerste oorsaak, waartoe ons verstand ons drijf om aan te neem, ok 'n veranderende is, dan sou Hume gelijk gehad het en moes God ok 'n begin gehad het. Maar dat ons dit nie kan doen nie, is soos Prof. Campbell Fraser sé :

„The reason why we do not continue the retrogression beyond God is, that we have not met with an indication that He has had a commencement.” ²⁾

Maar hierdie lang redenêring is heeltemaal o'erbodig. Als iemand ons vra om net in één korte sin te bewijs

¹⁾ „The Unseen Universe”, p. 213.

²⁾ Prof. Campbell Fraser, „Philosophy of Theism”, p. 128.

dat die atome geskape is (als daar atome is), dan antwoord ons kort en saaklik: — die feit dat atome ondeelbare eenhede is en tog nie self-existent is of kan wees nie, is op sigself reeds 'n bewijs dat hulle skepsele is.

Ten tweede. Atome dra die kenmerk van geskape gewees te hé. En als ons dit sé, is ons in goeie geselskap. Niemand minder als die beroemde physikus Prof. Clerk-Maxwell sé b. v.:

„None of the processes of nature, since the time when nature began, have produced the slightest difference in the properties of any molecule. We are therefore unable to ascribe either the existence of the molecules or the identity of their properties to the operation of any of the causes we call natural.

On the other hand the exact quality of each molecule to all others of the same kind gives it, as Sir John Herschel has well said, the essential character of a manufactured article..... But in tracing back the history of matter, science is arrested when she assures herself, on the one hand, that the molecule has been *made* and on the other that it has not been made by any of the processes we call natural.” ¹⁾

Ons weet nie hoe iemand op hierdie woorde iets kan sé nie. Ons weet nie hoe iemand, als hij o'er die uniformiteit in die konstitusie van die atome begin na te dink, hulle geskiktheid om opgeneem te word in die struktuur van die heelal, die wonderbare noukeurige manier waarop hulle *in, op* en *bij* mekaar pas, ja dat hulle is soos die stene in die tempel van Salomo, wat so op en bymekaar pas dat hulle net inmekaar gesit kan word en dan vorm die wonder-tempel — die

¹⁾ President's Address in „Transactions of the British Association for the Advancement of Science”, 1870.

natuur — tot 'n ander slotsom kan kom, als dat hulle so vir mekaar expres gemaak is nie.

Nog meer word jij hierin versterk als jij sien wat die voorstanders van die modern monistiese wereld-beskouing, Haeckel en sij volgelinge, daarvan maak. Hulle skryf aan die atome toe: liefde, haat, geslagsdrif, herinnering, verstand, ens. En dit besit hulle alles op onfeilbare manier. Ons sal maar net aanhaal wat een van hulle, 'n dwepende volgeling van Haeckel, 'n hater van die waarhede van die Kristendom en daarom ok van die skeppingsleer, van die atome sé: —

„Bei den Molekülen und Atomen musz aber auch bereits der Ursprung dessen liegen, was wir unter organisch verstehen. Hier bildet sich aus einigen Atomen Kohlenstoffes und anderer Substanzen der niederste Organismus. Diese Annahme wäre aber wieder gänzlich sinnlos ohne die weitere, dasz nämlich organisierbare Materie in Massen bereit liegt und gewissermaszen nur auf die günstige Gelegenheit wartet oder diese vielleicht fortwährend sucht, um von den ihr innewohnenden Fähigkeiten und Kräften Gebrauch zu machen. Ueberall, wo wir die Natur mit unseren Sinnen erfassen können, tritt uns eine geradezu verschwenderische Schöpferkraft entgegen, die mit der Entstehung und Vernichtung (d. i. Zerfall) von Lebewesen und deren keinen ein mit Zweckmäßigkeitbegriffen unvereinbares, ungehentliches Spiel treibt. Wenn wir dies aber in der höheren organischen Welt beobachten, warum sollte es in der Liliputwelt der Atome und Moleküle fehlen? Ist es hier nicht erst recht zu erwarten? Bei den Lebensfähigen, die auch am Leben erhalten werden und zur weiteren Entwicklung gelangen, müssen wir aber gewissermaszen in äusserster Verdünnung schon alle jene Eigenschaften annehmen, die auch die höheren Lebewesen kennzeichnen, nämlich den Hunger, die Sättigung, den Trieb zur Fortpflanzung, das Gedächtnis an die erstmalig durchgemachte Entwicklung oder

das Artgedächtnis, die Möglichkeit der Vererbung von Eigenschaften u. s. w. Und alles dies erscheint wieder nur möglich mit Hilfe einer bereits den Atomen innewohnenden Empfindungsfähigkeit und der Aeuszerung von Lust- und Unlustgefühlen, die beispielsweise die Atome unter sich gewissermaßen in eine freundliche oder feindliche Haltung, um nicht zu sagen Gesinnung, und in ein anziehendes oder abstoszendes Verhältnis bringen. Alles aber durchdringt der allgegenwärtige Weltäther, jener rätselhafte Träger der Spannung und der lebendigen Kräfte. Wenn infolge ihrer Anziehungskraft zwei oder mehrere Atome sich vereinigen und nun ein gemeinsames Dasein führen oder, wie man sagt, zum Molekül werden, so muß auch ihre Reaktion, ihr Bewusstsein, kurz alles, was zu ihrem primitiven Dynamismus gehört, von den einfachen zu einem kollektiv Bewusstsein werden, ohne jedoch das die wesentlichen Einzelfähigkeiten dabei vernichtet werden. Aus den Atombewusstsein ist das Molekularbewusstsein geworden." ¹⁾

Atome en molekule, sé Dr. C. H. Wind, word tot oneindig kleine planetestelsels bijeengehou, en werk op mekaar deur kragte van elektro-magnetiese aard. ²⁾

Waarlik, sulke wonderbare dinge, soo's ons hier voorgestel word dat die atome is, en wat tog nie self-existent is nie, dra o'er en o'er die kenmerke wat Prof. Clerk—Mazwell tereg noem „of being a manufactured article“.

En als iemand ons te'espreek en sé: ja maar, hulle is so gemaak, so in relasie gesit, deur die kragte van die natuur, dan antwoord ons, dat dit onmo'enlik is; want natuurkragte kon tog nie op hulle ingewerk het, toe hulle nog nie bestaan het nie. Bovendien is krag

¹⁾ Dr. Karl Oetker, „Die Seelenwunden des Culturmenschen“, p. 44, 45.

²⁾ Dr. C. H. Wind, „Elektronen en Materie“.

'n qualiteit van die stof. Die kragte van die natuur is wat hulle is, omdat die stof van die natuur is wat dit is. Dus kon die krag nie eers op hulle ingewerk het nie.

Ten derde. Wat ons noem materie is net die indruk, wat die hoedanighede van 'n objekt op ons maak. Val die qualiteite weg, dan val daarmee ok die ding weg. Die qualiteite van 'n ding is sij bestaansvorme. Sonder bestaansvorme bestaan 'n ding nie. Hou die bestaansvorme op om te bestaan, dan hou ok die ding op om te bestaan. Tereg het daarom ok Sir Oliver Lodge teender Haeckel gesé:

„And to say as Prof. Haeckel says that the modern physicist has grown so accustomed to the conservation of matter that he is unable to conceive the contrary, is simply untrue. Whatever may be the case in real fact, there is no question with respect to the possibility of conception. The electrons themselves must be explained somehow and the only surmise which at present holds the field is that they are knots or twists or vortices, or some sort of either static or kinetic modification of the ether of space. It may be that these knots cannot be untied, these twists undone, these vortices broken up, it may be that neither artificially nor spontaneously are they ever in the slightest degree changed. It may be so, but we do not know and it is quite easy to conceive them broken up, the identity of the electrons lost, its substance resolved into the original ether, without parts or individual properties. If this happened within our ken, we should have to confess that the properties of matter were gone and that hence everything that could be any stretch of language be called matter, was destroyed since no identifying property remained In other words the *destruction* and *creation* of matter are well within the range of scientific conception, and may be within the realm of experimental possibility.” ¹⁾

¹⁾ Sir Oliver Lodge, „Life and Matter”, p. 32 and 38.

Maar moet ons 'n skepping aanneem, dan moet ons 'n Skepper aanneem. En moet ons 'n Skepper aanneem, dan kan ons Hom nie anders als selfbewus en almagtig dink nie. Drijf ons dus hier die gegevens van Spencer tot 'n konsekuensië, dan eindig dit in 'n direkte te'enspraak met sij agnosticisme.

HOOFSTUK VI.

Sij Agnosticisme en sij Transformasie van Krag.

Tot dieselfde konklusie als in die vorige hoofstuk kom ons, als ons Spencer se teorie omtrent die transformasie van krag indink. Wat is sij teorie hierin? Ons het reeds stilgestaan bij die basis van sij ganse evolusie-teorie — die onvernietigbaarheid van stof. Hiermede het hij verbind die deur Helmholtz ontdekte waarheid — die onvernietigbaarheid van krag, want, sé Spencer: stof is net die krag waarmee die stof ons bewustsijn affekteer.¹⁾ En als die ganse heelal die gevolg is van die werkinge van één oorspronklike krag, wat ten grondslag lé van alle verskijnsele, dan volg daar natuurlik uit, dat die verskillende vorme van die krag almal transformasies van die krag is, en hiero'er handel hij in hoofstuk VII van „First Principles”.

Net soos Prof. Haga van Groningen in 1900 in sij rektorale orasie o'er die ontwikkeling van die natuurkunde gesé het:

„De spoortrein die plotseling geremd wordt, verliest zijn arbeidsvermogen van beweging, maar de in den remschoen,

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 139.

wielen en rails ontwikkelde warmte stelt eene juist even groote hoeveelheid arbeidsvermogen voor."

So het Spencer ok aangeneem 'n metamorfose van physiese kragte. Gestremde beweging word omgesit in warmte soos wanneer jij twee dinge te'enmekaar vrijwe, of in elektrisiteit soos wanneer jij segellak vrijwe, of in magnetisme soos wanneer jij ijster slaan, of in lig, soos wanneer jij 'n klip te'en ijster slaan. Hitte word weer omgesit in beweging, soos plaas vind in die lokomotief, in elektrisiteit soos in die thermo-elektriese kolom, en in lig soos in die oxy-hydrogene lantern. Die toepassing hiervan op alle kragte wat ons bekend is, het tot die volgende gelei: — die beweginge wat die hemel-liggame aan die dag lé, is die transformasie van die swaartekrag van elke stofdeeltjie toe al die stof nog in 'n chaotiese toestand was. Die geologiese veranderinge b.v. word veroorsaak deur die ongedissipeerde hitte wat nog in die aarde is, hitte wat weer veroorsaak is deur die kondensasie van die nevelvlekkie waaruit eindlik ons sonstelsel ontwikkel is. Dat dit so was, kan jij nou nog sien in die gesmelte sedimentaire neersla'e, die warm fonteine, en die sublimasie van metale in die vorm van ertse, en indirek in die opgaan van waterdamp wat gekondenseer word tot wolke, wat hulle weer ontlas in re'en en saamgevloei in die riviere weer terug gaan see-toe, waar weer dieselfde proses begin, en kan ok gesien word in die plaatselikke verskil van temperatuur, deur wind en see-strominge veroorsaak.

Die kragte wat in die plante-lewe werk, is ok op die selfde manier transformasies van die sonwarmte, en die dierlikke lewe is weer afhanklik van die plante-lewe. Net so bestaan daar korrelasie nie alleen tussen

die uitwendige fisiiese kragte en die geestlike kragte wat daardeur veroorsaak word nie, maar ok tussen die sensasies en beweging *en* die fisiiese kragte, wat in die vorm van liggaamlike werkinge daardeur ontstaan het. Blijdschap b.v. laat die hart sneller klop, skrik laat opspring, pijn laat jou lede krom en wring.

En net so wat die superorganiese betref. Groot sociale beweging hang af van fisiiese omstandighede wat veroorsaak is deur fisiiese kragte. B.v. 'n groot oes laat meer werk kom, en dit weer meer verdienste, en die beter verdienste bring op sij beurt weer beter vooruitsigte, en dit lei weer tot meer huwelike en dit weer tot die toeneem van die bevolking. En waardeur word die groot sociale beweging veroorsaak? Deur fisiiese kragte, wind, re'en, warmte ens. en die weer deur die invloed van die son ens. ens. ¹⁾

Hierdie betoog is net soos die hele stelsel van Spencer vir die na eenheid dorstende verstand bainje aantreklik. Maar dit lijk ons of ok hier die woorde van Longfellow „Things are not what they seem”, van toepassing is. ²⁾ Maar laat ons die saak na sij verdienste behandel en die argument van die transformasie van kragte nader beskou. En dan merk ons al daadlik op, dat die transformasie van krag nie konsequent deurgaang nie. Dit kan n.l. nie bewijs word nie, dat lewe en bewustsijn 'n vorm van beweging is nie. En daarom ok dat Du Bois—Reymond beskou het, dat dit behoort tot die

¹⁾ „Transformation and Equivalence of Force”, „First Principles”, 6th Ed., p. 159, etc.

²⁾ „The Psalm of Life.”

Lebens-Räthsel. Spencer beweer dan soo'n o'ergang ok nie juis direk nie. Hij sé b.v. :

„Though the facts oblige us to say that physical and psychical actions are correlated so as to suggest transformation, yet how the material effects the mental and vice versa is impossible to fathom.”¹⁾

Maar, sé ons, hij behoer dit te doen, al was dit maar alleen op grond van sij theorie van die persistensie van krag. En hij doen dit ok, waar hij b.v. sé :

„But the universal truth above followed out under its various aspects is a corollary from the persistence of force. From the proposition that force can neither come into existence nor cease to exist, the several foregoing conclusions inevitably followed. Each manifestation of force can be interpreted only as the effect of some antecedent force, no matter whether it be an inorganic action, an animal movement, a thought or a feeling.

Either bodily and mental energies as well as inorganic ones are quantitatively correlated to certain other energies expended in their production and to certain other energies which they imitate or else *nothing must become something*, and *something become nothing*. The alternatives are to deny the persistence of force or to admit that from given amounts or antecedent energies neither more nor less than certain physical and psychical changes can result.

Maar soo'n o'ergang is nog nooit gekonstateer nie. Ons sal buite die grense van ons onderwerp moet gaan, als ons dit nader wil bewijs, en haal daarom net aan wat soo'n autoriteit op die gebied als Sir Oliver Lodge hiero'er sé.

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 178.

„If it were true that vital energy turned into or was anyhow convertible into inorganic chemistry, if it were true that a dead body had more inorganic energy than a live one, if it were true that these inorganic energies always or ever reappear on the dissolution of life, then undoubtedly *cadit quaestio*, life would immediately be proved to be a form of energy and would enter into the scheme of physics. But in as much as all this is *untrue, the direct contrary of truth*, I maintain that life is not a form of energy, that it is not included in our present physical categories, that its explanation is still to seek I have never taught nor for a moment thought that vital force is akin to physical force, but that it needs guidance. The phrase sounds to me nonsense. I perceive not as a theory but as a fact, that life is itself a guiding principle, a controlling agency The fact of an organism possessing life enables it to build up material particles into many notable forms, oak, eagle, man, which material aggregates last until they are abandoned by the guiding principle when they more or less speedily fall into decay Life is a guiding and controlling entity which interacts with our world according to laws so partially known that we have to say they are practically unknown.”¹⁾

Sir Oliver Lodge meen dus, dat die bewering als sou daar transformasie plaas vind tussen organiese en anorganiese kragte nie alleen onwaar is nie, maar direk die te'eno'ergestelde van waar — ja dwaasheid is.

Maar laat ons vir 'n o'enblik die leer van die transformasie van kragte toegé. En dan verstout ons ons om te sé: één van twee, òf sulke kragte is voortgebring deur 'n alle kragte omvattende, ewige en almagtige krag, òf sulke transformasies is absoluut ondinkbaar en onmo'enlik.

Ten eerste. 'n Transformasie van krag is iets abso-

¹⁾ Sir Oliver Lodge, „Life and Matter”, p. 133—134.

luut ondinkbaars en onmo'enliks. Want soo'n transformasie sal alle trappe van beweging moet deurgaans, d. w. s. van die tot in die ewige en oneindige deelbaar kleine beweging tot die deelbaar grote beweging. Maar dit is 'n proses wat in geen ewighede kan afloop nie. Dit is iets onmo'enliks en ondinkbaars. Dit sluit 'n kontradiksie in, die kontradiksie van ewig-word, wat dieselfde beteken als ewig-verander, en dit weer dieselfde als ewige tijd.

Ten tweede. Transformasie kan alleen beteken: o'ergang nie van van 'n tot in die ewige en oneindige deelbare krag nie, *maar* van één *punt* na 'n *ander punt*, dus van één quantum van krag na 'n ander quantum van krag. Maar dit is iets absoluut onmo'enliks, want dit sou beteken o'ergang van iets tot niks, en uit die niks weer tot 'n ander iets. M. a. w., dit sou beteken, dat 'n seker krag eers nie-sigsself moet word nie, en dan uit die nie-sigsself weer moet opklim en 'n ander self word, waarin dit getransformeer is. Gestel b.v. dat goud tot koper kan getransformeer word, dan moet goud eers nie-goud word, wat onmo'enlik is, en die nie-goud kan dan tot koper word, wat ok onmo'enlik is. Persies dieselfde geld ok vir die transformasie van kragte. Transformasie van krag is daarom onmo'enlik en ondinkbaar. En Spencer erken dit ok self, waar hij sé:

„Either bodily and mental energies as well as inorganic ones are *quantitatively* correlated to certain other energies expended in their production and to certain other energies which they imitate or else nothing must become something and something nothing.” ¹⁾

Maar als soo'n transformasie van krag onmo'enlik is,

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 181.

dan is ok *evolusie of wording* onmo'enlik. Wat is dan die enigste mo'enlikke? Dit, dat daar nie tot in die ewige en oneindige deelbare krag bestaan nie, maar *ondeelbare kragpunte* wat in seker betrekking tot ander kragpunte staan, *quantitatiewe korrelatiewe* dus, *entiteite*, of jij hulle elektrone, vortices, atome, of met ander name noem. En dit sé Spencer ok self bewus of onbewus in sij bó aangehaalde „quantitatively correlated to certain other energies”. Die enigste mo'enlikke is dus om aan te neem, dat krag in quantums bestaan. Of om 'n mooier uitdrukking te gebruik, wat ons aan Prof. Dr. H. Visscher ontleen:

„Het electron waaruit men zich alle materie opgebouwd denkt, is een electrisch elementair quantum.” ¹⁾

En die quantums werk dan op mekaar in en so ontstaan die transformasie. Ons laat dit vir wat dit werd is, maar één ding staan vas, transformasie kan alleen plaas vind tussen quantums.

Maar om quantums aan te neem is om aan te neem die skepping van sulke entiteite. Als hulle wording, soos ons reeds gesien het, 'n onmo'enlikke is, dan moet hulle volgens Spencer se ei'e alternatief, geskape wees. Wat van die atome geld, geld ok van hierdie kragpunte; want volgens Spencer is die stof net die manifestasie van die krag. En moet ons 'n skepping aanneem, dan lei dit weer tot die bestaan van 'n selfbewuste persoonlikheid — als Skepper.

Wat hier gegeld het van die onderlinge transformasie van kragte geld ok van die transformasie van die

¹⁾ „Het Levensprobleem”, p. 23.

absolute krag waaruit Spencer alle ander transformasies aflei. Is die één onmo'elik, dan ok die ander. En daarom kan ons onderskrywe wat Prof. Bavinck gesé het:

„Aan geen emanatie uit, aan geen evolutie van het Absolute — dat is, van God — hebben de schepselen hun ontstaan te danken. Want beide zijn met 't begrip van 't Absolute, dat in zichzelf onveranderlijke, eeuwige, volmaakte zijn is en dus geen uitvloeing of ontwikkeling toelaat, ten eenenmale in strijd. Alleen creatie, die zoowel met 't wezen Gods als met dat der schepselen overeenstemt, verklaart den oorsprong der dingen.”¹⁾

Ten derde. Deur die transformasie-theorie verplig om kragpunte aan te neem, word ons van self gelei tot die beskouing van die elektron, vortex, monade, dominante en atome-theorie (ons sé ok atome, omdat volgens Spencer alles krag is, en die materie net 'n manifestasie van krag is).

Al hierdie theorie is theorie o'er kragpunte.

Maar als hulle kragpunte of quantums van krag is, dan kan hulle dit alleen wees als produkte van relasies, omdat hulle daartoe gerelatiweer, gedetermineer is, deur onderlinge relasies in die ewige krag-see — die absolute krag, waaruit volgens Spencer al die transformasies ontstaan en ontstaan is. Maar als 'n kragpunt 'n relasie-produk is, dan voer die relasies, waarvan die elektron, vortex, monad of atoom 'n produk is, ons terug tot ander relasies, waarvan die weer relasies is, en so terug totdat ons noodwendig stuit, en stuit moet op die absolute krag, wat nie gerelatiweer kan wees nie, anders is die geen absolute meer, en wat dus alle relasies moet veroorsaak het en daarom moet

¹⁾ „Schepping of Ontwikkeling”, p. 28.

wees die: alle-relasies-in-sig-sluitende, en veroorsakende — die absolute sig-self-bewuste — in-sig-self-relasies veroorsakende krag, m. a. w., 'n selfbewuste, willende, skeppende krag. Hiertoe drijf ons 'n onverbiddelike logika.

Om wat ons hier gesé het te toets, neem ons net één van die genoemde kragpunte als voorbeeld: — die „vortex-ring” van Lord Kelvin.

Lord Kelvin veronderstel, dat die atome klein vortex-ringetjies in die wereld-ether is, die rondspinnende deeltjies van 'n volmaakte vloeistof, wat alle ruimte vul en deurdring. Mooi!! Maar 'n volmaakte, vloeistof kan nie van self begin te draai nie. 'n Volmaakte, alle ruimte vervullende vloeistof is 'n ewige, roerlose see. Als daar eenmaal 'n beweging in aangebring is, dan sal die beweging ewiglik voortduur; maar soo'n beweging kan nooit op 'n natuurlike manier begin nie. Daar kan niks in 'n volmaakte vloeistof wees wat die ontstaan of vergaan van 'n atoom kan verklaar nie. Beweginge wat in 'n vloeistof-massa ontstaan, word veroorsaak deur hulle onvolmaaktheid, deur inwendige vrijwing.

Als daar dus beweging ontstaan in die ewige, volmaakte, oneindige wereld-ether, dan kan dit alleen plaas vind deur 'n bónatuurlike werking. Of soos Prof. Flint sé: „every vortex-atom must owe the rotation which gives it its individuality to a Divine impulse.” ¹⁾

Al wat ons hier gesé vat ons saam en sé: dat als 'n mens die transformasie-teorie van Spencer aanneem en tot sij konsekwensie drijf, dan moet jij uitkom nie bij 'n ewig onkenbare krag nie, maar bij 'n selfbewuste, willende, ewige God.

¹⁾ Robert Flint D.D., Theism, p. 115.

HOOFSTUK VII.

Sij Agnosticisme en sij Persistensie van krag.

Wat is die persistensie van krag volgens Spencer? Sij antwoord kom korteliks op die volgende neer: — Ons ken net ruimte, tijd, stof, beweging, krag. En ruimte, tijd, stof, beweging is almal net indrukke van krag op ons bewustsijn. Onse idee van ruimte b.v. ontstaan deur dat ons in aanraking met iets kom, van iets 'n indruk ontvang, iets voel ens. en wanneer die ding weg is, blij daar in ons o'er 'n bewustsijn van die ruimte, wat die ding beslaan het. Die idee is dus die abstraksie van die krag wat op ons bewustsijn gewerk het deur die ding wat met ons in aanraking gekom het, wat ons gevoel het, m. a. w. voel is die gewaarwording van 'n krag wat op ons inwerk.

„The experiences from which the consciousness of space arises are experiences of force.”¹⁾

Van die idee Tijd geld dieselfde redenering. Die is net die abstraksie van indrukke — kraguitoefeninge dus — op ons bewustsijn gemaak in suksessiewe orde.

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 129.

„Concerning Time relative and absolute, a parallel argument leads to parallel conclusions.” 1)

Als ons die stof beskou, kom ons tot dieselfde konklusie, want, sé hij, ons begrip van stof in sijn eenvoudigste vorm is die van koexistente posities wat weerstand bied.

„We think of Body as bounded by surfaces that resist, and as made up throughout of parts that resist.”

Ons ontleen dus onse idee van stof aan kragsoefening op ons bewustsijn.

„When it becomes clear that our experiences of force are those out of which the idea of matter is built.” 2)

En van beweging is dit natuurlik onnodig om te sé, dat die vanself die indruk van krag op ons maak. Kortom, Ruimte, Tijd, Stof en Beweging is net manifestasies van krag, wat op ons inwerk. Maar die relatiwiteit van onse kennis eis, dat daar agter hierdie krag wat tot ons in die relasie van tyd, ruimte, beweging in relasie tree, 'n nie-in-relasie-staande of absolute krag, waarvan hierdie net die manifestasies is, moet wees. En hierdie absolute krag moet persistent, permanent of voordurend wees, want selfs wanneer ons ons die relatief bestaan van een van die genoemde kragsoefeninge op ons bewustsijn weg gedink het, blij daar in ons bewustsijn nog die o'ertuiging o'er, dat die krag nie daardeur per se opgehou het om te bestaan of vernietig is nie. M. a. w. ewemin als ons ons die stof als onvernietigbaar kan voorstel, kan ons ons die krag

1) „First Principles”, 6th Ed., p. 129.

2) T. a. p., p. 130.

als vernietigbaar dink nie. Die absolute krag, waarvan alle andere relatiewe kragte manifestasies is, kan daarom alleen 'n persistente ewig voortdurende krag wees.

„Force as we know it, can be regarded only as a conditioned effect of the unconditioned cause — as the relative reality indicating to us an absolute reality by which it is immediately produced.”

„Hence the force of which we assert persistence is that absolute force we are obliged to postulate as the necessary correlate of the force we are conscious of.” ¹⁾

En wat hierdie persistente absolute krag in sigself is — is ewiglik onbekend en onkenbaar.

„By the persistence of Force we really mean the persistence of some cause which transcends our knowledge and conception... the continued existence of an unknowable as the necessary correlative of the knowable.” ²⁾

Alles is dus krag, in hemel en op aarde. En alle krag is net 'n openbaring van absolute persistente krag wat agter alle verskijnsele lé. En die absolute persistente krag is 'n vir die mens onbekende en onkenbare.

Op hierdie redenering van Spencer veroorloof ons ons die volgende opmerkinge.

Ten eerste. Dit is in strijd met Spencer se herhaalde bewering: „our knowledge is limited to the phenomenal”, ³⁾ want hij lé alle nadruk op die stelling, dat die persistensie van krag 'n a priori waarheid is. Hij eindig sij

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 154.

²⁾ T. a. p., p. 155.

³⁾ T. a. p., p. 224.

hoofstuk o'er die persistensie van krag met die volgende welsprekende woorde:

„Deeper than demonstration, deeper even than definite cognition, deep as the very nature of mind is the postulate at which we have arrived. Its authority transcends all other whatever; for not only is it given in the constitution of our own consciousness, but it is impossible to imagine a consciousness so constituted as not to give it.”¹⁾

Afgesien dus van die feit, dat Helmholtz, die ontdekker van hierdie wet, haar vasgestel het op suiwer a posteriori gronde, en van haar a prioriteit niks geweet het nie, en ewemin Newton, Joule en Meyer, is hierdie wet bij Spencer, omdat sij nie op verskijnsele rus nie, lijnreg in strijd met sij Erkenntniss-theorie.

Ten tweede. Die wet van die persistensie van krag, die wet van alle wette, die wet wat die gang van die transformasie van al wat bestaan beheers, rus op twee grondsuile. Maar die twee suile rus altwee op 'n „ignoramus”. Hij bou dus sij ganse filosofiese sisteem op twee pilare, van die aard waarvan hij niks weet nie. Waarlik 'n reusetaak, maar ok 'n reuse-kontradiksie. Want die krag van alle kragte is 'n absolute, 'n onbeperkte, 'n van voorwaardes onafhanklike realiteit, waarvan die nie-bestaan ondinkbaar, en kennis onmo'enlik is, omdat kennis beperking beteken. En tog dra hij persistensie (in die sin van kwantitatiewe onveranderlikheid) van hierdie aan geen voorwaardes gebonde onkenbare realiteit, o'er op die verskijnsele of manifestasies van hierdie ewig onkenbare en absolute

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 192.

realiteit, deur daar juis van te beweer wat ons empiries nie toe geregtig is nie.

Laat ons Spencer se ei'e woorde aanhaal:

a. Getting rid of all complications and contemplating pure Force, we are irresistibly compelled by the relatively of our own thought, to vaguely conceive some unknown force as the correlative of the known force." ¹⁾

b. Every antecedent mode of the unknowable must have an *invariable connection quantitative and qualitative* with that mode of the unknowable which we call its consequent. For to say otherwise is to deny the persistence of force." ²⁾

Hij sé hier twee dinge, ten eerste dat die absolute krag ons onbekend en onkenbaar is en moet wees, daar ken, beperk insluit, en ten tweede, dat hierdie onbekende en onkenbare krag tog ondanks sij onkenbaarheid kwantitatief en kwalitatief verbonde is aan die verskijnsel wat ons daarvan waarneem. *Kwantitatief* en *kwalitatief* verbonde, sé hij. Maar hoe kan jij so iets bepaalds sé van iets wat vir jou totaal onkenbaar is? Hoe kan iets wat vir ons onbekend is, gemeet, geweeg en vergelyk word, om sodoende te kan uitvinde of dit in kwantitatief en kwalitatief verband staan met die verskijnsel daarvan? Ja, hoe kan jij bewijs dat die waargeneemde 'n verskijnsel is van die absolute krag, wat ons totaal onbekend en onkenbaar is?

Op twee pilare van onwetenheid rus dus Spencer se wet van die persistensie van krag. Ons weet nie wat die Absolute is nie, en ons kan nie bewijs dat die quantiteit van krag altoos dieselfde blij nie. Maar daar

¹⁾ „First Principles”, Rev. Ed., p. 507.

²⁾ T. a. p., p. 177.

geen bewustsijn die sijn als nie-sijn kan dink nie, daarom moet die onkenbare wat persister, die kenbare wat nie persister nie, tot 'n konstante quantiteit maak.

Maar nie alleen laat hij die wet van die persistensie van krag op onkunde rus nie, maar sij beweringe daaromtrent is ok die dood van sij agnosticisme hier. Want om aan die een kant te beweer dat die Absolute totaal onkenbaar is, en aan die ander kant, dat die Absolute persistent is, en bovendien quantitatief en kwalitatief verbonde is aan sij verskijnsele, is tog volkome in strijd met sij agnosticisme omtrent die Absolute.

Bovendien geld die persistensie van krag net van die aan ons bekende manifestasies van krag. Die kragte wat ons ken, kan nie sover als ons op die o'eblik weet vernietig word nie. Maar dit is ongeoorloof om wat ons weet van 'n verskijnsele in die natuur, te gaan toepas op die ewige, onbeperte, absolute. Omgekeer, als dit aan Spencer geoorloof was om soo'n toepassing te maak, dan is daardeur die Absolute geen absolute, geen onbeperte, geen Unbedingtes, dus geen onkenbare meer nie, maar 'n kenbare. Want die Absolute het ons dan Sij wese openbaar, Hom also aan ons bekend gemaak. En dat ons in hierdie bewering nie alleen staan nie, bewijs die woorde van Prof. Fiske — en ons haal hom met groot vreugde aan, omdat hij, soos reeds gesé, Spencer se vurigste en bekwaamste verdediger was. Maar hij was meer konsequent als sij meester en daarom het hij ok gesé:

„If on the one hand it is impossible for the finite mind to fathom the Infinite, on the other hand it is practically *mislading* to apply the term unknowable to the Deity that

is *revealed* in every pulsation of the wondrously rich and beautiful life of the Universe." ¹⁾

En in sij groot werk „*Outlines of Cosmic Philosophy*”, 20 jare vroe’er geskrijwe, toe sij aanbidding van Spencer die toppunt bereik het:

„The Deity is unknowable just in so far as it is not manifested to consciousness through the phenomenal world, knowable just in so far as it is thus manifested, unknowable in so far as infinite and absolute, knowable in the order of its phenomenal manifestations, knowable in a symbolic way as the Power which is disclosed in every throb of the mighty, rhythmic life of the Universe,” etc. ²⁾

Ons eindig hierdie voorlopige opmerkinge o’er Spencer se persistensie van krag deur nog op die volgende te wijs: — Persistensie van krag soos die physici dit verstaan, b.v. Meyer en Helmholtz, beteken niks anders als dat waar daar ’n verskijnsel van krag plaas vind, die krag wel kan dissipeer, maar nie verlore gaan nie. Dit is dus absoluut onmo’elik om hieruit die *geringste beweging* wat die eerste stap op die weg van die evolusieproses kan word, af te lei. Die wet van die persistensie van krag is, wat die teorie van die evolusie betref, ’n ewige steriliteit.

Maar trou aan die deur ons gevolgde metode, wil ons aanneem al wat Spencer sé van die absolute persistente krag, en ons doen dit hier des te gereeder, omdat dit ’n vaste fondament bied vir ons ei’e theistiese wereldbeskouing. Ons neem dus Spencer se ewige, oneindige alomte’enwoordige krag, die krag wat aan alle verskijnsele ten grondslag lé, aan,

¹⁾ „Through Nature to God”, p. 150.

²⁾ „Outlines of Cosmic Philosophy”, Vol. II, p. 470.

of om sij ei'e woorde te gebruik: „The omnipresent Causal Energy or Power of which all phenomena physical and mental are the manifestations.” Die absolute krag, waarvan die heelal 'n manifestasie is, wat die heelal dra en deurdring, die krag waarvan die sug van die pasgebore kind 'n uiting is en ok die orkane en vuurstorme in die hart van die son, die krag waarin ons leef, en ons beweeg en is, hierdie absolute, alles veroorsakende, alles deurdringende, alles onderhoudende krag, is die oorsaak van die evolusie van die heelal. Daartoe word al die wette van sij evolusie herlei. Daaruit is die heelal voorgevloei, vloei dit nog voor en sal dit in die toekoms voorvloei. Wat Spencer hier sé. neem ons met vreugde o'er. Want wat is dit anders als wat die kleine, veragtelikke Jood, gepantser met geloof en gespier met die Gees als 'n vreeslikke krijgheld, aan die Grieke op die Areopagus verkondig het, n.l.: „In Hem zijn wij, leven wij en bewegen wij ons”, en aan de Kolossense: „Uit Hem en door Hem zijn alle dingen.” Maar Spencer vergal weer die vreugde, deurdat hij direk daarna weer beweert: Ja maar die krag is ons 'n ewiglik onkenbare krag. Selfs wat ons krag noem, is net 'n simbool van onse ei'e krag. Dit helder hij op deur sij bekende voorbeeld:

„On lifting a chair the force exerted we regard as equal to that antagonistic force called the weight of the chair, and we cannot think of these as equal without thinking of them as like in kind; since equality is conceivable only between things that are connatural. Yet contrariwise, it is incredible that the force existing in the chair resembles the force present to our minds. It scarcely needs to point out that since the force as known to us in an affection of consciousness, we

cannot conceive the force to exist in the chair under the same form without endowing the chair with consciousness. So that it is absurd to think of Force as in itself like our sensation of it and yet necessary so to think of it we represent it as consciousness at all." ¹⁾

Maar hierte'en het ons die volgende in te bring.

Ten eerste. Ons kan krag onmo'enlik nie dink sonder 'n substansie waarin die krag sit nie. Dat krag kan bestaan sonder iets waarvan dit die krag is, is 'n onmo'enlikheid. En die iets, die substansie kan alleen wees *òf materie òf gees.*

Is die substansie stof, dan moes die stof oneindig uitgebrei gewees het, omdat ons ons geen perke van die ruimte kan dink nie, en geen perke aan die uitgebreidheid van die stof nie. Want als die stof ewig is, kan ons ons die stof nie als beperktelik uitgebrei dink nie, tensij dat dit met opset deur 'n skeppende krag beperk gemaak is nie.

Maar als die stof oneindiglik uitgebrei was, kon daar nooit 'n beweging in ontstaan het, tensij daar 'n beweging van buite af in veroorsaak of aangebring is nie. Ons logies verstand eis dit en die ervaring bevestig dit.

B.v. Newton se wet lui:

„Every body perseveres in its state of rest or of moving uniformly in a straight line, except in so far as it is made to change that state by external forces.”

Die stof wat ons ken het 'n geskiedenis deurgeloop en deurloop nog 'n geskiedenis. Dit is aangedurige verandering onderhewig. Dus moet daar 'n begin in die veranderinge gewees het, tensij ons wil verval in die deur Spencer

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 43.

self gewraakte absurditeit van 'n oneindige reeks oorsake of ewige tyd, wat op dieselfde neerkom als ewige verandering of vierkante sirkel. Maar als die stof ewig en oneindiglik uitgebrei was, kon daar alleen 'n begin van verandering ontstaan wees deurdat daar 'n eerste beweging in aangebring is, wat weer 'n eerste beweging eis, òf die stof was nie oneindig nie, maar beperk, en dan moes daar van self 'n beweging in ontstaan deurdat die binnenste dele van soo'n stofmassa aan 'n groter drukking onderwerp word deur die dikker laag van die massa wat daaromheen lê, dan die buitenste dele. Maar als die stofmassa beperk was, kon dit in die eerste plaas nie ewig wees nie, of daar moet so iets als 'n ewige verandering, 'n eindelose reeks, 'n vierkante sirkel kan wees. Dus als daar 'n eindige beperkte stofmassa was, moes die in die tyd gemaak of geskape gewees het.

Maar laat ons vir 'n o'enblik aanneem dat daar soo'n eindige stofmassa gewees het. Waver konsekwensie sluit dit in?

Ten eerste moes die stofmassa dan gewees het 'n *ewige eindige* massa, en dit sé dieselfde als *ewige beperkte* stofmassa, dus *ewig afhanklikke* stofmassa.

Afgesien nou van die absurditeit van die idee, dat iets ewig, dus ongeskape, en tog *eindig* is, vra ons, waardeur kon soo'n eindige stofmassa *beperk afhanklik* gemaak gewees het? Van 'n ander stofmassa misskien? Dit kan nie, want daar is net één stofmassa volgens ons eie uitgangspunt. Bovendien als die stofmassa deur 'n ander, hom beperkende stofmassa omring gewees was, moes die ok weer omring en beperk gewees het, wat lei tot 'n ongerijmde oneindige reeks veranderinge en afhanklikhede. So staan dit dus vas, dat die ewige, eindige stof-

massa nie deur 'n hom omringende stofmassa *beperk* of van hom *afhanklik* kon gemaak wees. Maar dan blij daar net één ander uitweg o'er, n.a. hierdie, dat als dit nie afhanklik van 'n ewige hom onringende stof-oceaan was nie, dit alleen beperk kan wees deur 'n ewige hom omringende selfbewuste krag-oceaan.

Nie alleen is hierdie die enigste logiese konsekuensië nie, maar die enigste deur die empiriese wetenskap bevestigde mo'enskap. Want als verandering in die kern van de stofmassa ontstaan was, dan was dit deur die drukking van die, om mij so uit te druk, gewig of swaartekrag van die stof wat bó o'er die ander gelé het. Maar in ons gees opgestijg tot die uiterste grense van die ewige eindige stofmassa, ontstaan die vraag, waarvandaan krij die buitenste kringe die swaartekrag, waardeur hulle op die binnenste inwerk? En dan kan die antwoord alleen wees: deur die krag-oceaan wat om die eindige stofmassa heen lé. En kan die ewige krag-see *nie* die krag van stof wees nie, dan moet dit die krag van gees wees. Want daar bestaan vir die mens net twee soorte krag: stoflikke en geestlikke krag.

Ons kan dus aan hierdie twee konsekuensiës met geen logiese mo'enskap ontkom nie:

(a). Als die stof ewig en dus oneindig uitgebrei was, dan was daar 'n eerste beweging en die kon alleen 'n *selfbewuste beweging* gewees het, anders moes die ok weer beweeg gewees het en verval ons in die genoemde absurditeit van 'n eindelose reeks.

(b). En als de stof eindig was, moes daar eenvoudig 'n skepper van gewees het, 'n skepper wat die stof gemaak het en wel beperk gemaak het.

Dus als Spencer aanneem, dat die krag setel in die

materie, kan hij aan die erkenning dat sij „omnipresent Causal Energy or Power” ’n selfbewuste God moet wees, nie ontkom nie, of hij moet erken, dat die krag nie die stof tot substansie het nie. En dit is inderdaad ok sij standpunt, want soos ons elke maal reeds aangehaal het, die stof is bij hom net ’n manifestasie van krag. Al wat ons ken is net krag. Maar als dat so is, als die krag nie materie tot substansie het nie, dan moet die krag gees tot substansie hé. Hieraan is geen ontkom mo’enlik nie. En ons ken in die diepste grond van die saak, psychologies beskou, net één krag en die is *wilskrag*.

Maar ons kom op die kwessie netnou terug en sal voorlopig om alle partije tevrede te stel, aanneem dat daar twee soorte kragte is, dooie, onbewuste natuurkrag en selfbewuste gees- of wilskrag. Neem ons aan dat die absolute persistente krag ’n dooie, bewustelose natuurkrag is, dan moes die krag in beweging gebring gewees het, om sodoende sij één-maniem-deur wordende produk, die heelal, te kan produseer.

Maar dan sal ons verplig wees, soos netnou bij die ewige en eindeloos uitgebreide materie, ’n selfbewuste in-beweging-bringer van die krag aan te neem. Wil jij dit nie, dan blij daar nog net dit o’er n.l. die enige ander soort krag aan te neem, n.l. ’n krag wat nie in beweging gebring is nie, maar sigself in beweging gebring het. En ’n krag wat sigself in beweging gebring het, kan alleen vir die menslikke verstand ’n krag wees, wat *wil* is, *wilskrag* dus, ’n *selfbewuste* krag, ’n *persoonlikke God*.

Die absolute krag van Spencer, die krag waarvan alles net ’n openbaring is, die krag wat ons aan alle kante omring, die krag, waarin ons leef en is en ons beweeg,

is 'n ewige, absolute, selfbewuste krag, 'n ewige, almagtige, absolute wil, 'n lewende God. Ok hier is geen ontwyk aan hierdie konsekuensiemo'enskaplik nie.

Daarom als ons uitgaan van hierdie veranderende heelal, moet ons kom, gedryf, al was dit maar alleen deur Spencer se wet van die relatiwiteit van ons denke, tot die erkenning: die krag, wat die heelal dra, is nie, kan nie, anders als die God van die Kristlikke belijdenis, die selfbewuste, lewende God wees nie. Dat hierdie gevolgtrekking van ons, wetenskaplik onvermijdelik is, bewijs die aanhalinge uit die werke van Prof. Fiske — Spencer se troue discipel:

„The impetus of modern scientific thought tends with overwhelming force towards the conception of a single First Cause or Prime Mover perpetually manifested from moment to moment in all the Protean changes that make up the universe. As I have elsewhere sought to show, this is practically identical with the Athanasian conception of the immanent Deity.” ¹⁾

En dan weer in 'n ander werk:

„The infinite and eternal Power that is manifested in every pulsation of the Universe is none other than the living God.” ²⁾

En in sover is Hij ok kenbaar, hoewel Hij wat Sij wese betref als Absolute en Oneindige nooit deur die beperkte menslikke en deur die sonde verduisterde verstand geken sal word nie, want finitum non capax infiniti, soos bij name deur die Gereformeerde belijdenis ten volle erken word.

„Zoo hoog de hemel is boven de aarde, zoo hoog zijn Zijne gedachten boven de onze. Zijne gedachten zijn niet onze gedachten.”

¹⁾ John Fiske, „Through Nature to God”, p. 149.

²⁾ John Fiske, „The Idea of God”, p. 166.

Ten slotte staan ons stil bij Spencer se beswaar te'en onse konklusie — die beswaar reeds genoem, n.l. dat die krag wat ons aan die Absolute toeskrywe net die simbool is van onse ei'e krag, wat ons ken deur middel van onse spier-inspanning. Ewemin als ons, om sij beeld te gebruik, aan die krag, waarvan ons ons bewus word, als ons 'n stoel optel, bewustsijn kan toeskrywe, ewemin kan ons dit doen in die geval van die absolute krag, waarvan ons omring voel als van die atmosfeer, waarvan ons ons bewus word bij elke opslag van die oog, elke gewaarwording van die oor, elke stap van die voet.

Nou! Ons het reeds met die simbool-theorie afge-
reken in ons kritiek o'er sij Erkenntniss-theorie. Dus
behoef ons nou nie weer daarbij stil te staan nie.
Tot resumsie van wat ons daar gesé het, net dit:
Onse krag is relatief. Krag is die *relasie* waarin die
Absolute tot ons kom. En al is dit ok God, dan kan
Hij die krag ok net in relasie tot sigself ken. Daar
bestaan nog kennis nog onkunde van iets wat buite
relasies, d. w. s. in-sig-self, an-sich, is nie. Kennis van
'n fenomenon per se is nie alleen 'n kontradiksie nie,
maar nog 'n bainje onnosel een op die koop toe. Hierop
het ons reeds breedvoerig gewijs. Dus die kwessie is
nie, of die krag, wat die Absolute aan ons openbaar,
krag is nie, maar die vraag is: *waver soort van krag is
die krag wat die Absolute openbaar?* Is die Absolute
krag wilskrag, 'n blinde noodsaaklikheid, of 'n krag
wat nog wilskrag nog 'n blinde noodsaaklikheid is nie?

Dat die Absolute 'n blinde noodsaaklikheidskrag is,
het ons reeds gesien, is onmo'enlik, dus blij nog net
die vraag o'er: is dit die krag van 'n wil of die krag

van iets of iemand, wat nog wil, nog noodsaaklikheid is nie? Hierbij g'e ons die volgende opmerkinge:

Als Absolute krag nie 'n blinde noodsaaklikheidskrag kan wees nie, nog wilskrag nie, wat anders kan dit dan wees? Daarop is maar één antwoord: ons weet dit nie. Ons weet dit nie, omdat ons *als mense* in die grond van die saak nie eens van twee kragte — één dooie, en één selfbewuste krag, bewus is, *maar* net één soort krag ken, n.l. wilskrag. Maar ons kom hier netnou op terug en sal op die o'eblik ter wille van die redenering in kwessie toegé: dat ons als mense twee soorte van krag ken, blinde noodsaaklikheidskrag en wilskrag. Als die Absolute nie 'n blinde noodsaaklikheidskrag is nie, dan moet dit wilskrag wees. En als dit geen wilskrag is nie, dan weet ons *als mense* daar niks van af nie, want ons ken geen ander soort krag nie. Maar hier kom Spencer op ons aan en gooi ons voor die voete, dat ons dus ok die Absolute krag nie ken nie. Ons antwoord hierop is: Ons kan net *ken* als mense en daarom kan ons ok net *ontken* of *twijfel* als mense.

Het onse kennis, omdat dit menslikke kennis is, geen waarde nie, dan het ok onse ontkenning en twijfel, juis omdat dit menslik is, geen waarde nie. Dus het die „ignoramus” van Spencer, omdat dit menslik is, geen skijntjie van meer waarheid nie.

Maar laat ons let op die logiese gevolgtrekking van soo'n beswaar. Soo'n beswaar lei tot niks anders als tot die ontkenning van *enige ware kennis* — hoe-genaam ok. Want als onse kennis geen waarde het omdat dit menslikke kennis is nie, dan het ok als daar een God of Absolute is, die se kennis ok nie meer

waarde nie, juis omdat dit ok net goddelikke kennis is en kan wees. En net so die kennis van 'n engel of 'n dier. En laat dan verder bedink word, dat daar geen kennis kan bestaan afgeskei'e van 'n kennende subjekt nie. Als kennis geen ware kennis is, omdat dit kennis van 'n subjekt, dus subjektief is, dan is daar *hoegenaam geen kennis nie*.

En daarom sé ons so beslis mo'enlik — gegrond op die selfgetui'enis van die menslikke siel, dat als die Absolute krag nie 'n dooie noodsaaklike krag is nie, dan is dit die krag van 'n *Wil*, die krag van 'n selfbewuste God dus. Hierin word ons bevestig deur Spencer self, als hij in sij opstel „Retrogressive Religion” sé:

„The Infinite and Eternal Energy from which all things proceed and which is *the same Power that in ourselves wells up under the form of consciousness.*” ¹⁾

Nou sé ons, kan ons in die wereld sekerder kennis hé, als die kennis van ons selfbewustsijn? En als ons selfbewustsijn net 'n opborreling in ons is van die absolute ewige en oneindige krag, en ons *op grond van die bewustsijn* in ons, die Absolute krag alleen als wilskrag kan dink — dan is *die kennis in hierdie punt net so korrek als die kennis van die Absolute op dieselfde punt kon gewees het*. En sekerder of juister kennis als die kennis wat die Absolute op 'n seker punt van sigself het, behoef ons nou tog waarlik nie te verlang nie. So duidlik blyk hieruit die onhoubaarheid van Spencer se beswaar te'en die kenbaarheid van die Absolute krag, dat ons dit selfs nodeloos ag, dieper in te gaan op die bo'genoemde stelling: dat ons in die grond

¹⁾ Herbert Spencer, Essays. „Retrogressive Religion”.

van die saak net kennis dra van één soort oorsaak, n.l. Wil. Ons eindig dus voorloopig hier en kom daarop korteliks terug aan die einde van die hoofstuk en volstaan hier met die volgende: — Geen wonder dat Spencer op hierdie punt in die steek gelaat is deur sij troue discipel Prof. Fiske, wat o. a. sé:

„Absolute Cause is not a blind necessity, is not matter. It is not matter because matter is out the generalised name we give to those modifications which we refer immediately to an unknown something outside of ourselves. It was long ago shown that all the qualities of matter are what the mind makes them and have no existence as such apart from the mind. In the deepest sense all that we really know is mind and as Clifford would say what we call the material universe is simply an imperfect picture in our minds of a real universe of mind-stuff.” ¹⁾

„Our own mind we know directly, our neighbour's mind we know by inference, that which is external to both is a Power hidden from sense *which causes states of consciousness* that are similar in both. Such states of consciousness we call material qualities and matter is nothing but the sum of qualities. To speak of the hidden Power itself as material is therefore to talk nonsense. We are bound to conceive of the Eternal Reality in terms of the only reality that we know, or else refrain from conceiving it under any form whatever. But the latter alternative is clearly impossible. We might as well try to escape from, the air in which we breathe as to expel from consciousness, the power which is manifested throughout in what we call the material universe. But the only conclusion we can constantly hold, is that this is the very same Power which wells up in us under the form of consciousness.” ²⁾

¹⁾ John Fiske, „Excursions of an Evolutionist”, p. 326—336.

²⁾ John Fiske, „The Idea of God”, p. 152.

En op 'n ander plek :

„This is certainly the Power which is here recognized as God.” ¹⁾

'n Paar woorde o'er Spencer se beswaar, wat ons reeds genoem het en wat lui, dat ewemin als ons aan die krag, waarvan ons ons bewus word als ons 'n stoel optel, bewustsijn kan toeskrywe, evenmin kan ons bewustsijn toeskrywe aan die Absolute krag wat ons omring soos die atmosfeer ; dat daarom die krag, wat ons aan die Absolute toeskrywe net 'n simbool is van ons ei'e krag, wat ons ken deur onse spier-inspanning, als gevolg van 'n wilsuiting. Maar ons oefen krag uit deur spier-inspanning en dit is tog dwaasheid om te dink dat die krag, wat ons gewaar geword het in die oplig van die stoel, ok spiere gehad het.

Ons antwoord hierop is : dat daar iets waars in hierdie redenëring sou gewees het, als onse spiere die persoon was, wat die stoel gelig het, en als die gevoel, wat ontstaan het in die spiere deur die optel, die krag was, waarmee die stoel opgetel is. Die kausaliteit lé nie in die spiere of in die ontstane gewaarwordinge in die senuwe nie, die oorsaaklikheid lé agter hulle. Die senuwe is net die knegte, wat 'n bevel uitvoer. Al was die senuwe ok totaal sonder gevoel, dan sou daardoor die persoon, die wil, wat door hulle sij wens uitvoer, nog nie onbewus wees of sij werk nie kan doen nie. En so sé ons, die oorsake wat ons toeskrywe aan die indrukke op ons bewustsijn gemaak deur die manifestasies van die Absolute, is nie soos onse spiere,

¹⁾ John Fiske, „The Idea of God”, Preface, p. 25.

waarmee ons die stoel optel nie, maar soos die wil, waarvan die spiere net die slawe is.¹⁾

'n Ander beswaar van Spencer is:

„If for a moment we made the grotesque supposition that the tickings and other movements of a watch constituted a kind of consciousness and that a watch possessed of such a consciousness insisted on regarding the watchmakers actions as determined like his own by springs and escapements, we should simply complete a parallel of which religious thinkers think much.”²⁾

Hierop antwoord ons:

Gestel dat die ratte en vere in die oorlosie lewe en verstand gehad het, en dat die oorlosie als gevolg daarvan in staat was om te kan dink en wil en vra'e te stel soos b.v.: wat sou mij tog veroorsaak het? Als nou die dinkende oorlosie na lang peins tot die gevolgtrekking kom, dat hij 'n maker moes gehad het met bewustsijn en verstand, omdat als hij hom self moes gemaak het, hij dit op persies dieselfde manier sou gedaan het als waarop hij gemaak is, dat daarom sij maker net soos hij, bewustsijn, verstand en 'n tamelik goeie kop moes gehad het. Ons vra Spencer of hij, wat in sij jeugd veel aan oorlosiemakerij gedaan het, sou dink dat die oorlosie 'n groot dwaas is om tot sulke konklusies te kom. Nee, Spencer kan doen wat hij wil, hij kan nie ontkom aan die konsekuensi van sij ei'e gegewens nie. Ons kan alleen ken, waarneem en dink als mense. Ons kan nog als liggame, nog als geeste onse ei'e skaduw ontvlug nie. Als die heelal wat ons

¹⁾ Dr. Martineau, „Essays Theological and Philosophical”, Vol. II, „Science, Nescience and Faith”, p. 209.

²⁾ „First Principles”, p. 111.

waarneem, wat op ons 'n indruk maak, 'n manifestasie is van die Absolute, dan moet die Absolute, *wil* en verstand hé. Dit word nog duidliker, als 'n mens maar net bedink wat die oorsaak van onse waarneming is. Soos Dr. Martineau sé:

„How can the causal law be inductively gathered by experience when it is the „incunabula” of experience itself, the condition of the very science in which we gain it”.

Als ek b.v. iets waarneem, dan word 'n *indruk* op mij gemaak. Iets kom als 't ware te'en mij aan. Dit is nie alleen psychologies, maar ook phiesies juis en word bewijs deur die lugtrillinge en ether-undulasies. Daar druk iets op mij netvlies in. En waardeur ontstaan bij ons die bewustsijn dat ons iets waarneem? Eenvoudig deur die ervaring wat ons opdoen, wanneer ons ons Wil inspan en iets veroorsaak, op iets inwerk, op iets 'n *indruk* maak. Objektiviteit word ons dus gegé deur die wet van oorsaak en gevolg, 'n wet wat ons aflei uit ons Wil en niks anders nie. Objektiviteit is nie op sigself 'n verskijsel nie, maar die konstruksie wat ons verstand daaraan heg. Ons neem dus 'n objektiewe wereld aan op grond van onse ei'e ervaring van onse wilsinspanning. Daar is vir ons 'n objektiewe wereld alleen op grond van onse idee van oorsaak en gevolg — en die idee het ons alleen weer op grond van die ervaring opgedaan met onse ei'e wilsinspanning. Als ons dus geen idee van oorsaak en gevolg gehad het nie als vrug van die ervaring van onse wilsinspanning, dan kon ons die bestaan van 'n buite-wereld nie aanneem nie, dan was daar geen waarneming mo'enlik nie. En waarlik, ons is tog van niks naas ons selfbe-

wustsijn so seker, als van onse waarneming, so seker als van die bestaan van 'n objektiewe wereld nie. Stem ons dus toe dat ons iets waargeneem het, dan stem ons ok daarmee toe *dat die waargeneemde vrug is van dieselfde oorsaak als ons in ons self ken, n.l. onse Wil. En als onse waarneming nie die gevolg is van die inwerking van 'n Wil op ons bewustsijn nie*, dan was *waarneming vir ons onmo'elik*; want ons kan alleen waarneem, omdat ons weet wat wilsinspanning is. Al wat dus op ons bewustsijn sal inwerk onder 'n ander vorm als wil, kan eenvoudig deur ons nie waargeneem word nie. *Onse waarneming is dus die vrug van 'n wil wat ten grondslag lé van alle verskijnsele* — 'n lewende God. Waarlik, in Hom leef en beweeg ons. Onder alles in ons en buite ons, onder ons bewustsijn, ons waarneming, en die waargeneemde — is uitgestrek die arme van die ewige God. Met hierdie bewering staan ons nie alleen nie. Duidlik is dit b.v. ok aange-ton deur Dr. Martineau in sij „Study of Theology” Deel I, waarheen ons die leser verwijs.

HOOFSTUK VIII.

Sij Agnosticisme en sij Idee en Oorszaak van Evolusie.

Wat is die centraal idee van sij evolusiewet? Dis — krag wat in beweging is, krag wat ontplooi. Alles is krag. „Force is the ultimate of ultimates.” En alle krag is net die transformasie, die ontvouing, die voorgesitte beweging van die krag wat aan alle kragte ten grondslag lé — die absolute persistente krag. Hier het ons die thema van sij evolusie-leer, wat bijna op elke bladsij van sij werke uitkom. B.v. om net 'n paar aanhalinge te gé:

„Evolution is an *integration* of matter, and concomitant *dissipation* of motion, during which the matter *passes* from a positively indefinite, incoherent homogeneity to a relatively definite coherent heterogeneity and during which the obtained *motion* undergoes a parallel transformation.” ¹⁾

En van hierdie in beweging sijnde, ontwikkelende, voor- gaande kracht, zegt hij:

¹⁾ F. Howard Collins, „Epitome of the Synthetic Philosophy of Herbert Spencer”, p. 47.

„First Principles”, 6th Ed., p. 321, 348, etc.

Richard Armstrong, „Agnosticism and Theism in the 19th Century”, p. 53.

„That which persists unchanging in quantity but ever changing in form under the sensible appearances which the universe presents to us, transcends human knowledge and conception, is an unknown and unknowable Power which we are obliged to recognize as without limit in space, and without beginning or end in time”.¹⁾

Die heeal is dus 'n gevolg, 'n produk van die transformasies van hierdie onbekende en onkenbare absolute krag wat aan alle kragte ten grondslag lê.

Hoe het dit gekom? Hoe is die krag uit die onsigbare in die sigbare o'ergegaan? Wat is die geskiedenis van die proses gewees? Hier lê die taak van die Philosophie volgens Spencer. „Philosophy rightly so called can come into existence only by solving this problem.”

Hierdie probleem los hij op deur te sé: dat die geskiedenis van die heeal deur net twee woorde beskryf word: evolusie en dissolusie, o'ergang uit die onsigbare in die sigbare en vice versa.

Ons het vooral met die eerste te doen. Die vraag is daarom: hoe ontvou hierdie krag, waver proses deurloop dit? M. a. w., wat is die wet van evolusie? Die wet kan in één volsin saamgevat word: dissipasie van krag met die noodwendig daarmee saamgaande konsentrasie of integrasie van stof. B.v. als die waterdamp in die lug sij warmte, d. i. sij krag, verlies, integreer of kondenseer dit en word 'n wolk, en verlies die weer van sij warmte of krag, dan integreer die nog meer en word tot druppels, en wanneer die

¹⁾ Herbert Spencer, „Reasons for dissenting from the Philosophy of M. Comte”, p. 29.

ok weer die bietjie krag of warmte wat nog in hulle o'ergebly is, verlies, integreer hulle nog meer en word sneeuw. Die aanhou voorgaande redistribusie van krag en stof is wat evolusie bevat, niks minder of niks meer nie.

Hierdie evolusie is *eenvoudig*, als die proses van integrasie of die formasie van 'n koherente aggremaat, aangaan sonder komplikasies wat deur ander prosesse veroorsaak is. En is *meervoudig*, als saam met hierdie eerste verandering van 'n inkoherente tot 'n koherente toestand gepaar gaan sekondaire veranderinge, wat veroorsaak is deur die onderskeid in die omstandighede van die verskeie dele van die aggremaat. Die sekondaire veranderinge vorm 'n transformasie van die homogene tot die heterogene, 'n transformasie wat net soos die eerste gesien word in die heelal als 'n geheel en in elke onderdeel daarvan, in die aggregasie van sterre en nevelvlekke, in die planetestelsel, in die aarde als 'n anorganiese massa, in elke organisme, plant, dier of mens, in die aggremaat van organisme deur die geologiese tyd heen, in die menslike gees, in die maatskappij en in alle voorbringsels van menslike nijverheid. Hierdie proses van integrasie kombineer met die proses van differensiasie om 'n verandering te bewerk, nie alleen van homogeneiteit tot heterogeneiteit nie, maar van 'n indefinitiewe homogeneiteit tot 'n definitiewe heterogeneiteit, en dit geld, net soos ons b6 ges6 het, vir al die bestaande, anorganies, organies en superorganies.

Saam met hierdie redistribusie van die stof wat die evoluerende aggremaat uitmaak, gaan daar gepaar 'n redistribusie van die inherente beweging van die dele waaruit die aggremaat bestaan, 'n beweging wat ok van stap tot stap hoe langer hoe meer definitief heterogeen word.

Dat dit die geskiedenis van die beweging van die krag van die heelal is, blyk op elk gebied daarvan. B.v.:

Op anorganies gebied. Ons sonstelsel b.v. het ontstaan deur o'ergang uit 'n chaoties-uitgebreide, inkoherente in 'n kosmies-gekonsolideerde, koherente toestand. Eers stofdeeltjies in 'n chaotiese toestand, toe meer konsentrasie in 'n nevel-bol; deur die daardeur veroorsaakte ontzettende ontwikkeling van hitte en beweging het die 'n gasvormige sferoïde geword, en deur die dissipasie van hitte en die toenemende integrasie van stof het dit weer geword 'n vloeibare sferoïde. En wat so met die geheel gebeur het, moet ok gebeur met elke deeltjie daarvan. Deur die beweging het ringe gevorm om die sentraal massa, en die het weer volgens dieselfde wet opgebreek in kleinere ronde massas, wat elk een weer volgens dieselfde wet kringe om hom self heen gevorm het, soos nou nog te sien is in die kringe om Saturnus. Op die manier het die son met die daarom bewegende planeete, en die weer om hulle heen bewegende mane, ontstaan.

Die geskiedenis van die aardbol leer dieselfde. Die inwendige hitte bewijs, dat dit vroe'er 'n gesmelte massa was. Deur die dissipasie van hitte het integrasie plaas gevind — daardeur het die aardkors ontstaan. Verder afkoeling van die aardkors het die neerslag van alle vir verdikking vatbare bestanddele in die atmosfeer veroorsaak en daarna die precipitasie van water, terwyl die lug agterbly. Dit het weer veranderinge in die klimaat op die aardkors, met die daarmee saamgaande grote differensierende invloede op die aardkors selwe, veroorsaak. Verder afkoeling het nog groter verandering in die aardkors veroorsaak, soos b.v. die vorming van berge met hulle

invloed weer op die klimaat, die re'envaal, en daardeur weer op plante- en diere-lewe, ens.

Op organies gebied. Die selfde proses gaan deur in die plante- en diere-rijk. Elke plant groei deur in hom te koncentreer die gasstoffs, wat versprei is in die lug. Elke diere leef deur hierdie in die plant gekoncentreerde gasstoffs in hom te koncentreer en alle vlijsvretende diere leef weer op die plantvretende diere.

Nog duidliker kom die integrasie van stoffe met die daarmee saamgaande dissipasie van beweging in die vorm van funksies uit, als 'n mens die liggaam van plant en diere bestudeer. Die saad van die plant b.v. is eers eenvormig. Dan begin integrasie en dissipasie. Die tot-stikstof-behorende dele koncentreer hulle op één plek en die nie-tot-stikstof-behorende dele koncentreer hulle op 'n ander plek en koncentreer weer daar tot nuwe mingsels. Deur verder konsentrasie ontstaan dan in die plant vir sijn verskillende funksies van wortel, bas, blad, blom, vrug, weer stoffs soos stijsel, suiker, gom, hout, kurk ens.¹⁾

In die ovum van die diere is die bestanddele eers gelijk onder mekaar geming, maar langsamerhand begin die verskillende bestanddele soos proteien, vet, soute, in verskillende plekke te koncentreer, en die in verskillende plekke gekoncentreerde stoffs word nog meer gekoncentreer, sodat op een plek hematine word tot bloed en op 'n ander plek die vet en eiwitstoffs tot senuwweefsel. Op één plek word die tot-stikstof-behorende materie tot kraakbeen, en op 'n ander plek koncentreer die kalkagtige soute hulle in die kraakbeen

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 268.

en word tot been. En so hou die verdeling van stof en die daarmee saamgaande beweging altijd deur aan, totdat die liggaam is sijn wonderbare fijn struktuur klaar voor ons staan.

Op superorganies gebied. Eers leef elke barbaar alleen en vir hom-self. Om hom beter te kan beskerm te'en ongedierte en vijande en beter te kan jag, koncentreer hulle en vorm stamme. Maar die integrasie veroorsaak weer dissipasie van krag. Daar moet deur sulke konsentrasie verskillende werksaamhede ontstaan en daarvoor verskillende ampte. Partij moet regeer, partij werk en partij veg. Hoe meer 'n volk in beskawing toeneem, hoe meer konsentrasie op elk gebied, van die parlement af tot die huisgesin toe. Waar vroe'er net één man 'n la'er aangevoer het, kom kommedant-generaal, veggeneraal, kommedant, veldkornet, korperaal. In één woord: hoe meer konsentrasie, hoe meer funksies. Daar is o'ergang uit verwarring tot orde en harmonie.

So ok op taalgebied. Ok hier geld dit: hoe meer konsentrasie van stof, hoe meer dissipasie van krag. Hoe minder konsentrasie van gedagte, hoe gebrekkiger die woordenskat, soos b.v. bij die kind en die barbaar, maar hoe meer die gedagte gekoncentreer, hoe rijker die taal word.

Ok so met dink. Hoe meer 'n mens dink, tot hoe meer gebiede sijn gedagtes uitgebrei word. Op die manier het b.v. die verskillende fakulteite en in elk een hiervan die verskillende onderdele ontstaan.

Die gang van evolusie is dus van die homogene tot die heterogene, en van die heterogene tot die meer heterogene, wat, soos op elke gebied blijk, beteken —

tot die meer definitiewe. En hierdie re'el gaan deur sowel bij die gang van die konsentrasie van stof als bij die gang van die met die konsentrasie saamgaande dissipasie van beweging op anorganies, organies en superorganies gebied. ¹⁾

DIE OORSAAK VAN DIE EVOLUSIE-PROCES.

Die oorsaak van die beweging van die krag, wat ons evolusie noem, lé in die onstandvastigheid of instabiliteit van die homogene, wat weer die gevolg is van die blootgesteldheid van die verskillende dele van 'n beperkte aggregaat aan incidente kragte. ²⁾ Hoe volmaak 'n skaal ok balanseer, hij kan so nie blij staan nie, omdat die verskillende dele van 'n homogene liggaam blootgestel is aan verskillende kragte en gevolglik noodwendig moet gewijsig word. Hierdie feit word ok weer bevestig op anorganies, organies en superorganies gebied. Die aardbol b.v. was eenmaal 'n gesmelte ronde massa, 'n homogene liggaam, maar omdat dit blootgestel was aan die krag van die son, moes daar, toe die aardkors afgekoel het, die verskille ontstaan, wat ons te'enswoordig sien tussen die poolstreke en die trope met die reeks van verskille wat weer hieruit ontstaan het. Net so in die plante- en diere-rijk. Die homogene massa — die embryo, of die kleef aan die blad van 'n boom, of drijwe op die water, of in die uterus van die dier aanwesig is, sij binnenste en buitenste dele staan in verskillende betrekking tot die omstandighede wat

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 264—285 etc. etc.

²⁾ T. a. p., p. 326—348.

dit omring, soos warmte, lig, suurstof, of die moederlikke liggaamsdele. Die gevolg is, dat dit sij oorspronklikke equilibrium verlies en daardeur die reeks van gevolge wat daaruit voorvloei veroorsaak.

So ok in die superorganiese. Die ontwikkeling van die verstand van 'n kind b.v. is in die begin homogeen, maar netnou begin die buitewereld op hom in te werk. Hij begin waar te neem. Dan begin hij die verwarde menigte van waargeneemde dinge te klassifiseer en die weer te deklassifiseer ens., totdat die verwarde aggreagaat van waargeneemde dinge na die klassifikasie, deur hom, geken word. So ontstaan alle kennis, wetenskap en taal.

Alle maatskaplike ontwikkeling ontstaan op dieselfde manier. Die transformasies, wat ontstaan is deur die instabiliteit van die homogene, als 'n gevolg van die op verskeie manier van blootgesteldheid van die homogene aan incidente kragte, word gekompliceer deur die vermenigvuldiging van die gevolge. Elke massa waarop 'n krag werk, verdeel en differensieer die krag, wat als gevolg daarvan weer 'n verskeidenheid van veranderinge teweeg bring en die weer nog groter verskeidenheid e, n, s.

Hierdie twee oorsake van toenemende differensiasie word bevorder deur segregasie, die proses wat soort tot soort drijf en op die manier reeds bestaande differensiasies nog meer verskerp en uitbrei.

Die allerlaaste gevolg van die transformasie, is equilibrasie. Die veranderinge wat van tijd tot tijd aangebring is, word voorgesit totdat 'n equilibrium bereik word tussen die kragte, waaraan die dele van die aggreagaat blootgestel is.

IDEE EN OORSAAK VAN HIERDIE EVOLUSIE GETOETS.

Evolusie is dus bij Spencer krag wat in beweging is en wel die Absolute Krag. Alles, van die siel tot die ster, van die kindersug tot die woedendste see-storm — alles is net 'n openbaring van krag en wel in laaste instansie openbaringe van die Absolute Krag wat ten grondslag lé van alle verskijnsele. Of met ander woorde: evolusie is die transformasie van die onbekende en onkenbare krag wat aan alle verskijnsele ten grondslag lé. Maar die idee gé aanleiding tot verskillende opmerkinge.

Ten eerste. Wat sluit die beweging in? Beweging is net 'n sinoniem vir verandering en die idee verandering is onafskeibaar verbonde aan die van tijd. Sonder die een is die ander nie dinkbaar nie. Dan, soos Spencer self sé, daar kan geen beweging plaas vind, sonder iets wat beweeg word nie.

„It is impossible to conceive motion in the absence of something moved.”¹⁾

En ons voeg als 'n korollarium hieraan toe: Als beweging nie veroorsaak is nie, dan moet dit sigselwe veroorsaak het.

Maar geen een van hierdie twee klaarblyklike waarhede kan ons aanneem nie, sonder om daardeur te kom tot die erkenning van 'n skepping als ons die eerste aanneem, en tot die erkenning van 'n selfbewuste God als ons die tweede aanneem.

Neem ons aan dat daar geen beweging of verandering is sonder iets wat beweeg of verander word nie, dan

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 44.

moet ons 'n Skepper aanneem. Waarom? Omdat wat verander onder tijd val. Wat verander moet 'n tijd van ontstaan gehad het. Als wat verander nie 'n tijd van ontstaan moet gehad het nie, nie begin om te ontstaan was nie, dan moet daar 'n ewige beweging of verandering kan wees. M. a. w., ons moet dan aanneem 'n perpetuum mobile. Maar die idee perpetuum mobile is 'n onmo'enlik begrip, is 'n contradictio in terminis. Want verandering is, soos bó gesé, onafskeibaar verbonde aan tijd. Jij sou dus ewegoed kan praat van 'n ewige tijd. En dit is absurd, net so absurd als om te praat van 'n vierkante cirkel. Tereg sé daarom ok Dr. Josue Uhlmann:

„Eine unendliche Reihe endlicher Erscheinungen bleibt ein Unding.“¹⁾

Daar kan dus net één wettige konklusie getrek word uit Spencer se gegewens hier, en die is: daar moet 'n beweging van die beweegde, 'n verandering-teweegbringende oorsaak van die veranderende, 'n buite die tijd staande oorsaak gewees het. Twee predikate of qualiteite is daarom noodwendig aan hierdie oorsaak toe te skrywe, n.a. oorspronklike Beweger en staande buite die tijd, dus 'n ewige Beweger.

Maar wil jij nie iets aanneem wat beweeg word nie, dan moet jij kom tot die bógenoemde korollarium. Als beweging nie veroorsaak is nie, dan moet dit sigself veroorsaak het. Maar neem jij dit aan, dan moet jij ok aan die bewegende selfbewustsijn toeskrywe, 'n persoonlik wese daarin sien; 'n Ek wat hom self

¹⁾ „Die Persönlichkeit Gottes und ihre modernen Gegner“, von Dr. Josue Uhlmann.

beweeg. Neem jij nie 'n Ek wat hom self beweeg aan nie, dan moet jij aanneem 'n Ek wat beweeg word. Maar dan verval jij weer in die onmo'enlikke idee van 'n perpetuum mobile of 'n ewige reeks van oorsake — altwee onmo'enlikhede. Maar hier kom 'n bainje ernstige vraag op. Waver reg het ons om te beweer dat wat 'n absurditeit insluit als idee ok 'n absurditeit moet wees in die werklikheid? Waarlik 'n ernstige vraag! Maar ons word hier gehelp deur niemand minder als Spencer self. Die verstand, sé hij, is net die produk van die indrukke wat die verskijnsele op ons gemaak het. Die verstand is soos lewe, 'n aanpassing aan sijn omgewing, „a continuous adjustment of internal relations to external relations“ :¹⁾

„The simplest cognition being the establishment of some connexion between subjective states answering to some connexion between objective states.“²⁾

Hierdie indrukke of ervaringe, sé Spencer, is deur dat geslag tot geslag die selfde indrukke ontvang het, deur o'ererwing in die menslikke gees gestereotipeer en tot klaarblyklike waarhede geword. Die menslikke gees was dus oorspronklik in die oerperiode van sijn bestaan soos 'n skoon stuk papier.

Maar als dit nou die oorsprong van die menslikke verstand is, als die menslikke verstand net 'n kopie is van die indrukke van die buitewereld of natuur op ons bewustsijn, dan moet wat vir die menslikke verstand absurd is, ok absurd wees in die natuur en vice versa.

¹⁾ „First Principles“, 6th Ed., p. 62.

²⁾ T. a. p., p. 63.

Maar ok afgesien van Spencer se verklaring van die oorsprong van die verstand, is dit duidlik, dat wat absurd is vir ons gees ok absurd is in die natuur. Als daar b.v. nie soo'n organies verband tussen onse gees en die natuur bestaan nie, dan kon daar ok nooit sprake wees van 'n wetenskap van die natuur deur die verstand nie. Treffend is dit daarom ok wat Prof. Iverach gesé het:

„Is not the mathematical thinking of the universe done after the fashion of a man? Are not the ellipses, the paraboles of the Greek geometers patterns according to which the planets move? Is not the necessity of the nature paralleled by the necessity of logic?” „Both in nature and in logic, what is absurd is impossible.” ¹⁾

Bovendien om weer die bo'enste argument te hervat, die idee van 'n ewige reeks van oorsake word deur Spencer so beslis mo'enlik verwerp, en 'n eerste oorsaak aangeneem. Ons haal net 'n paar van sij uitdrukkinge aan om dit aan te toon:

„When from the unlikeness between the effects they produce on consciousness we predicate unlikeness between two objects, what is our warrant? Our warrant is the persistence of force. Some kind or amount of change has been wrought in us by the one which has not been wrought by the other. This change we ascribe to some force exercised by the one which the other has not exercised and we have no alternative but to do this or to assert that the change had no antecedent, which is to deny the persistence of force.” ²⁾

„By the persistence of Force we really mean the persistence of some Cause which transcends our knowledge and concep-

¹⁾ James Iverach M.A., „Evolution and Christianity”, p. 65.

²⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 369.

tion. In asserting it, we assert an unconditioned Reality without beginning or end." ¹⁾

„Evolution having thus commenced must continue." ²⁾

Hiermee is duidlik aangetoon dat, als ons Spencer se definisie van die evolusie-wette moet aanneem, ons dan van self gelei word om 'n selfbewuste oorsaak van die heelal aan te neem en dus tot die weerlegging van sij agnosticisme deur hom self.

Ten tweede. Ons kom nou tot 'n bainje belangrikke punt, die beskouing n.a. van Spencer se oorsaak van die beweging van krag, m. a. w. die oorsaak van evolusie.

Wat is volgens hom die oorsaak van evolusie? Sij antwoord word in één kort sinnetjie saamgevat: „the instability of the homogeneous."

„The absolute homogeneous must lose its equilibrium and the relatively homogeneous must lapse into the relatively less homogeneous." ³⁾

Op hierdie oorsaak van Spencer se evolusie, op die hoeksteen dus van sij ganse sinthetiese filosofie, veroorloof ons ons die volgende opmerkinge:

(a). Homogeneiteit en instabiliteit sluit mekaar uit. Die begrippe homogeneiteit en instabiliteit staan in lijn-regte te'enspraak met mekaar. Als die homogene homogeen is, is dit ok stabiel, en als dit nie stabiel is nie, is dit ok nie homogeen nie. Dit is so klaarblyklik, dat dit geen verder kommentaar nodig het nie.

(b). Als die homogeneiteit van die oorspronklike krag of stof of hoe hij dit ok noem wil, *absoluut* was,

¹⁾ „First Principles", p. 155.

²⁾ T. a. p., p. 347.

³⁾ T. a. p., 6th Ed., p. 326—348.

dan moes die instabiliteit ok absoluut gewees het. M. a. w., dan moes dit 'n ewige roerloose dooie see gewees het. Als hierin soos Spencer wil 'n „rearrangement”, 'n roering begin was, dan kon dit nooit van binne (omdat dit absoluut was), maar alleen van buite af gekom het nie. Daar moes 'n storing in die ewige kontinuiteit ontstaan wees, 'n ingrijp van God plaas gehad het, of m. a. w. 'n skeppingsdaad volbring gewees het.

Dit blyk te meer als ons dit ok nog uit 'n ander oogpunt beskou. Spencer sé uitdruklik, dat die instabiliteit van die homogene word veroorsaak deur „incident forces”.

„The instability thus variously illustrated is consequent on the fact that the several parts of any homogeneous aggregate are exposed to different forces, forces which differ in kind or amount, and are of necessity differently modified. The relations of outside and inside and of comparative nearness of the parts to neighbouring sources of influences imply reception of influence that are unlike in quantity or quality or both; unlike changes now temporary, now permanent, being caused.... Each of these minor groups like the major group must gradually, in obedience to the unlike influences acting on it, lose its balance of parts and pass, from an uniform into a multiform state.” ¹⁾

'n Eier b. v. sal nooit sijn homogeneiteit verlies en tot die heterogeneiteit van 'n vrot- of broei-proses o'ergaan, als daar nie deur kragte van buite af op ingewerk word nie, die warmte b. v. van die hen. Sonder 'n van buite af inwerkende omgewing, geen verandering, geen evolusie nie. Maar die universum in sijn geheel beskou is oneindig, het geen omgewing nie, kan dus aan geen kragte, geen van buite af inwerkende omgewing onder-

¹⁾ „First Principles”, 6th ed., p. 328.

hewig gewees het nie, tensij jii die inwerking van 'n bó en buite die heelal staande nie-kosmiese krag, m. a. w. van 'n selfbewuste God aanneem nie. Spencer druk dus deur sij bewering van die oorsaak van die instabiliteit van die homogene, die punt van sij swaard op die bors van sij ei'e argument. Wat Steward en Tait in hulle werk „The Unseen Universe” gesé het van die wording van die atoom uit 'n volmaakte vloeistof, geld ok hier van die heelal:

„In the production of the atom from a perfect fluid, we are driven at once to the unconditioned—to the great First Cause—it is in fine an act of creation and not of development.” ¹⁾

(c). Maar laat ons vir 'n o'enblik van Spencer se oorspronklikke, indefinitiewe, inkoherente, homogene grond van die dinge uitgaan en vra: wat was die toestand van die atome of vortices of wat jij ok wil aanneem van die oorspronklikke, inkoherente, indefinitiewe, homogene stof of krag? Was die atome, of vortices, of elektrons ok indefinitief, inkoherent, of homogeen? So ja, dan was hulle geen atome nie. Al moes ons selfs, soos Prof. Ward ²⁾ tereg op wijs, agter die atome terug gaan en veronderstel dat die oorspronklikke oerstof, soos Sir William Crookes wil, in hulle gehad het die potensialiteit van elke mo'enlikke kombinerende proporsie of gewig, dan blij Spencer nog staan voor die ono'erlikke beswaar, dat soo'n oerstof tog nog nie *homogeen* was nie. Die doel van die sinthetiese filosofie, om n.l. die gang van die evolusie van die heelal te beskrijwe van die onsigbare tot die sigbare en daarvandaan weer tot die

¹⁾ „Unseen Universe”, 2nd Ed., p. 117.

²⁾ James Ward Sc.D., „Agnosticism and Naturalism”, Vol. I, p. 224.

onsigbare terug, lij skipbreuk bij die eerste vaart. Sij kan die begin van die evolusie nie vind nie, 'n filosofiese analise gé haar daar geen rus vir die holte van haar voet nie. Geen wonder nie, dat wanneer hij die beginsel van die instabiliteit van die homogene prakties gaan toepas, hij homself pragtig weerlé. Ons noem net één uit vele voorbeelde wat voorkom in sij hoofstuk „The Instability of the homogeneous”, die van die chemiese differensiasie ¹⁾ n.l. Daarin toon hij aan, dat chemiese kombinasies wat eenvoudig is, op 'n ho'er temperatuur kan bestaan als veelvoudige kombinasies. Laat hom self praat:

„Along with these most marked physical differentiations of the earth, there have been going on numerous chemical differentiations admitting of similar interpretations. Leaving aside all speculations concerning the origin of the so-called simple substances, it will suffice to show in place of that comparative homogeneity of the earth's crust, chemically considered, which must have existed when its temperature was high, there has arisen during its cooling an increasing chemical heterogeneity. Let us contemplate this change somewhat in detail; at an extreme heat the bodies we call elements cannot combine even under such heat as can be artificially generated some very strong affinities yield, and the great majority of chemical compounds are decomposed at much lower temperatures. Probably therefore when the earth was in its first stage of incondescence there were no chemical combinations. But without drawing this inference let us set out with the unquestionable fact that the compounds which can exist at the highest temperatures which must therefore have been the first form as the earth cooled, are those of the simplest constitutions. The protoxides (including under that head the alkalies earths etc.)

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 333.

are as a class the most stable compound known. The least changeable by heat. These consisting severally of one atom of each component element are but one degree less homogeneous than the elements themselves. More heterogeneous than these, more decomposable by heat, and therefore later in the earth's history are the denteroxides, tritoxides, proxi-des etc. in which two, three or four or more atoms of oxygen are united with one atom of metal or other base. Still less-able to resist heat are the salts," etc. etc.

Wat het hij hiermee bewijs? Niks anders als dat die voornaamste, die eerste oorsaak van die evolusie, die hoeksteen van sij sinthetiese filosofie, totaal verkeerd is volgens sij ei'e definisie. Hij het n.l. bewijs, dat die instabiliteit van die homogene nie deurgaans als 'n evolusie-prinsiepe nie, want Prof. Ward het daar tereg die aandag op gevestig, dat eenvoudige kombinasies onder 'n ho'er temperatuur kan bestaan dan saamgestelde, m. a. w. dat chemiese stabiliteit afneem naarmate die chemiese kompleksiteit toeneem, sodat b.v. wat ons vir chemiese grondstoffs hou, nie deur selfs die grootste hitte wat kunsmatig kan aangebring word, kan ontbind word nie, terwyl aan die ander kant organiese mingsels wat in die hoogste mate kompleks is, gereedlik ontbind word deur betreklik geringe hitte. En volgens Spencer se redenering behoort die grootste instabiliteit juis daar te wees, waar die hitte die grootste is en die chemiese elemente daarom in die oudste vorm bestaan.

Daar nou alle sigbare stof min of meer chemies saamgestel is, is wat ons hier aanvoer van toepassing op die hele sigbare heelal, en natuurlik ok op die hele evolusie-teorie. Deur hom self dus op hierdie sentrale

punt te weerlé, gooi Spencer sij hele stelsel onderste bó.

Om wat ons gesé nog 'n bietjie duidlikker te maak: Volgens Spencer se wet moet die aardbol naarmate die meer homogeen was ok des te meer instabiel gewees het. Dit wil weer sé, dat dit des te meer kompleks moes gewees hé, want alle chemiese grondstoffe en mingsels was hier almal in één toestand begrepe. En tog beweer Spencer in bógenoemde verhaal van die geskiedenis van die chemiese bestanddele op die gedurig koeler wordende aardkors, dat, hoe kompleks die chemiese grondstoffe, hoe stabielier hulle geword het. Dus in lijnregte te'enspraak met die fondament van sij evolusie. Tog moet ons hier nog op 'n bainje belangrik punt die aandag vestig, omdat dit anders die skijn kan hé, dat ons aan Spencer nie reg laat wederveraar nie, Op die vraag, wat die toestand van die oerstof of oerkrag was, waaruit die heelal ontwikkel het, het Spencer se antwoord in later edisies van sij „First Principles” verandering ondergaan. In die eerste edisie was sij antwoord, dat die oorspronklikke toestand die van „Absolute homogeneiteit” gewees het.¹⁾ Maar later het hij ingesien, dat soo'n toestand geen ontwikkeling kan doen ontstaan nie, tensij dat jij moet aanneem, soos ons reeds opgemerk het, die ingrijp van 'n nie-kosmiese krag of m. a. w. 'n skeppingsdaad. Daarom het hij in sij tweede edisie die „Absolute homogeneous” verwissel vir die „relatively homogeneous must lapse into the relatively less homogeneous”.²⁾ Daarmee het hij dus gepostuleer, dat die oorspronklikke toestand van die

¹⁾ „First Principles”, Stereo. Ed., p. 278—280.

²⁾ T. a. p., Rev. Ed., p. 367.

heelal nie 'n absoluut en *onbeperkte* homogene aggremaat, was nie maar 'n *beperkte* aggremaat.

„One stable homogeneity only is hypothetically possible. If centres of forces absolutely uniform in their powers were diffused with absolute uniformity through unlimited space, they would remain in equilibration. This however, is through a verbally intelligible supposition, is one that cannot be represented in thought since unlimited space is inconceivable.”¹⁾

En als die oorsaak van die heterogeen-word van die oorspronklikke homogene het hij aangege:

„Even apart from the action of any external force, the equilibrium of a homogeneous aggregate must be destroyed by the unequal actions of its parts on one another. That mutual influence which produces aggregation (not to mention other mutual influences) must work different effects on the different parts, since they are severally exposed to it in an unlike amounts and directions. This will be clearly seen on remembering that the portions of which the whole is made up, may be severally regarded as minor wholes, that one each of these minor wholes the action of the entire aggregate then becomes an external incident force, that such external incident force must as above shown work unlike changes in the parts of any of such minor wholes and that if the minor wholes are severally thus rendered heterogeneous, the entire aggregate is rendered heterogeneous.”²⁾

Maar dit alles is aan ernstige kritiek onderhewig:

(a). Deur te sé dat die oorspronklikke toestand nie 'n absoluut homogene was nie, soos hij in sijn eerste edisie gesé het, maar 'n relatiewe homogene, dus 'n beperkte aggremaat, het bij net die moeilikheid, wat sijn

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 367.

²⁾ T. a. p., p. 347.

Absolute homogene aggremaat aangekleef het, verder naar agter toe verskuiwe, maar hoegenaam nie weg-geneem nie. Dit loop bij 'n bietjie nadink daadlik in die oog. In sij eerste edisie sé hij: die absoluut homogene is die begin van evolusie. In die latere: die relatief homogene is die begin van evolusie. Maar als die relatief homogene begin te verval het tot 'n relatief minder homogene en op die manier begin ontwikkel het, dan moes noodwendig die relatief homogene veroorsaak gewees het deur 'n nog minder relatief homogene, en dit weer deur 'n nog minder relatief homogene en so onvermijddik terug, totdat jij, gedrijwe deur 'n „onverbiddelike logika”, aanland bij 'n absoluut homogene, wat relatief homogeen begin te word het en op die manier ontwikkel het. Ons herhaal, tot die konklusie word ons gedrijwe deur (om 'n term van Spencer te gebruik) 'n „inexorable logic”, net soos Spencer hom, volgens sij ei'e woorde, laat drijwe het om 'n eerste oorsaak van alle verskijnsele — die Absolute persistente krag — aan te neem. Dus hoewel Spencer sij bakens versit het en, om 'n begin van die evolusie-proses te verkrij, 'n relatief homogene in plaas van 'n absoluut homogene gepostuleer het, hij het tog weer kom staan voor dieselfde moeilikheid, n.l. die onmo'enlikheid om uit die absoluut homogene 'n begin van die wereldproses sonder die ingrijp van 'n God te verklaar.

Maar laat ons ok hier weer maar aanneem wat Spencer wil, n.l. dat die oorspronklike relatief homogene aggremaat beperk was. Dan kom die volgende vra'e op:

(a). Hij sé, dat ons verplig is om 'n beperkte oorspronklike relatief homogene aggremaat aan te neem,

omdat onbepaalde ruimte ondenkbaar of liever onbegrijpbaar is. Maar sluit onbegrijpbaarheid dan onmoënligheid van bestaan in? Is die onbegrijpbaarheid van die grootheid van die son 'n voorwaarde vir die al of nie bestaan van die son nie? Soo'n eis laat ons bijna dink aan die Spaanse koning, wat spijt gehad het omdat hij nie bij die ontstaan van die wereld te'woordig was om goeie raad te gé nie. Is dan Spencer se Absolute, van wie se bestaan hij so seker is, dat hij sé: „its existence is a necessary datum of consciousness”, meer begripbaar?

(b). Hij sé, dat ons ons geen onbepaalde ruimte kan dink nie, geen ruimte waar geen ruimte meer omheen sal wees nie. Maar kan ons ons miskien 'n beperkte ruimte dink? Die lig van die dubbel ster Alberio het 60 jaar nodig gehad om die aarde te bereik. Wat 'n duislingwekkende afstand! Maar al het sij lig ok 60 miljoen jare nodig gehad om die netvlies van ons oog te bereik, kan 'n mens jou dan nog 'n afstand dink waarbó geen afstand, geen ruimte meer is nie? Nee, 'n absolute ruimte wat beperk is, is absoluut ondenkbaar.

(c). Daar ons ons geen ruimte waarbuite geen ruimte meer sal wees, kan dink nie, kan ons nie anders als aanneem, dat die oorspronklike aggreëat ok oneindig was nie. Te veronderstel dat die oorspronklike aggreëat beperk was, is 'n pure assumsie, waarvoor buite die idee van 'n Skepper om, wat soo'n ruimte beperk maak het, dus geskape het, absoluut geen grond bestaan nie. Spencer het op sij standpunt geen skijn van grond gehad om soo'n beperkte homogene aggreëat aan te neem nie.

Maar al moet ons dit ok aanneem, dan is daar in elk geval 'n te'enspraak met sij agnosticisme in:

(d). Als 'n mens sé, dat die oorspronklike aggregaat beperk was, dan moet jii 'n Skepper daarvan aanneem, omdat, soos ons reeds gesien het, die aggregaat volgens Spencer sou moet geword het deur konsentrasie, integrasie of aggregasie of hoe 'n mens dit ok wil noem. Deur die konsentrasie van tot in die ewige deelbare stof kon dit nie geword het nie, want dit sluit 'n onmo'enskap in. Dit kon net geword het deur die konsentrasie van ondeelbare eenhede, atome of wat ok, maar dan sluit dit ok 'n skepping in, soos ons reeds aangetoon het.

Maar daar is vooral drie redes, waarom dit onmo'enskap is om te dink, dat 'n beperkte homogene aggregaat kon ontstaan of bestaan het sonder 'n Skepper.

Ten eerste. Als dit beperk was, moet dit 'n tyd van ontstaan gehad het. Net als dit onbeperk was, kon dit ewig gewees het, maar dan ok nie ontstaan in die tyd nie.

Ten tweede. Dit moes 'n tyd van ontstaan gehad het, ok omdat die heterogene heelal wat ons nou ken en wat nog altyd aan verander of heterogener-word is, daar 'n gevolg van is. Die heterogener-word van ons heelal vind plaas in die tyd, daarom moes die eerste stap van die proses ok in die tyd plaas gehad het.

Ten derde. Als die oorspronklik homogene aggregaat nie geskape was nie, dan moet die te'enskapige heterogene en nog heterogener wordende heelal die gevolg wees van 'n perpetuum mobile of ewige reeks van oorsake, maar wat ok vir Spencer beslis onaanneemlik is, omdat dit net soo'n onmo'enskaplike idee is als 'n vierkante driehoek.

Ten vierde. Als 'n mens dus soos Spencer 'n oor-

spronklike homogene aggremaat wil aanneem, dan moet daar ok 'n Skepper wees, 'n Skepper wat buite die tyd staan — dus 'n selfbewuste, ewige God — 'n persoonlikheid. En daarmee val dan ook sij agnosticisme.

Ten slotte wil ons Spencer nog één vraag stel. Gestel, dat die verloop van dinge nou was soos hij dit voorgestel het, dat die heelal oorspronklik 'n relatief-homogeen aggremaat was, waarop deur incidente kragte van buite en van binne ingewerk is en wat so tot heterogeneiteit o'ergegaan het, 'n heterogeneiteit wat toe voorgesit is met behulp van segregasie, equilibrasie, ens. ens. en ten slotte geeindig het in die heterogene heelal wat ons op die o'eblik ken en sien. Gestel dat dit nou alles so gebeur het, wat was dan die oorspronklik relatief-homogene see? Was dit krag of was dit stof? Maar, nee, ons het tot hierdie vraag geen reg nie, want volgens Spencer is stof krag. Maar wat krij ons dan?

Ten eerste 'n monstreuse absurditeit, n.l. 'n kragsee, waarop deur incidente kragte word ingewerk. Dus krag op krag inwerkend, of krag wat deur krag beweeg word. Maar daar kan geen krag wees sonder 'n medium van krag nie, en die medium kan nie ok krag self wees nie, anders is dit geen medium meer nie. Krag word dus 'n blote abstraksie, als ons Spencer se bewering dat stof krag is, aanneem. Krag wat op krag inwerk word dus dieselfde als abstraksie wat op abstraksie inwerk.

Ten tweede. Ons krij dan 'n ondraaglike dualiteit van twee sfere van krag wat op mekaar inwerk. Ons moet dan n.l. veronderstel, dat daar errens in die ewige ruimte 'n beperkte see van krag was. Dat om die kragsee 'n ander sfeer van krag gelé het, 'n kragsee

nie van homogene maar van heterogene kragte (om heterogeneiteit te kan veroorsaak), wat op die eerste in die ewige ruimte swewende kragsee kon inwerk. Hierdie beswaar word nie weggeneem nie deur te sé dat heterogeneiteit in die beperkte oer-wereldaggregaat veroorsaak is, deurdat die binnela'e van die massa aan groter drukking dan die ho'ere la'e blootgestel was, want die buitenste laag kon alleen gewig gehad het en dus drukking veroorsaak het, deurdat daar krag, drukking op uitgeoefen is deur 'n krag wat daar buite omheen gelé het. M. a. w., als die oer-wereldaggregaat in 'n vakuum gedrijf het (wat natuurlik onmo'enlik is, maar wat ons ter wille van die duidlikheid maar onderstel), dan het soo'n massa geen gewig gehad nie, en kon die buitenste dele geen krag of drukking op die bin-nenste dele uitoefen het nie.

Moet ons 'n krag sfeer wat om hierdie oer-wereld heen gelé het, veronderstel, dan moet die krag sfeer ewig en onbegrens gewees het, anders krij ons weer die onmo'enlikheid van 'n eindelose reeks van krag sfere wat die één op die ander inwerk.

Maar moet ons 'n ewige onbeperkte krag sfeer aan-neem, dan krij ons 'n absurde en ondraaglikke dualiteit van 'n beperkte krag see, wat in die onbeperkte krag see sweef. En dit is 'n absurditeit, want hoe kon die be-perkte krag see haar afgeskei het van die onbeperkte krag see, als die onbeperkt en oneindig was!

Ten derde. Die enigste konsequente is, dat, als ons 'n beperkte relatief-homogene oer-wereldaggregaat aan-neem, ons dan ok moet erken, dat die gedra, omring was deur 'n onbeperkte, ewige en oneindige krag see wat daar omheen gelé, en met selfbewustsijn die be-

(

perkte kragsee uit sigselwe te voorskijn gebring het, en in wie die beperkte kragsee nou is, leef, en beweeg. En wat is dit anders als die belijdenis: uit God, deur en tot God is alle dinge, en alle dinge word gedra deur die Woord van Sij krag. Laat Hom die eer wegdra tot in alle ewigheid.

Tot hierdie enigste juiste gevolgtrekking word ons gedrijwe deur niks minder als deur die wet wat deur Spencer self so met nadruk verkondig is — die wet van die relatiwiteit van ons dinke. Waarlik, als ons rekening hou met die gegewens van Spencer wat betref idee en oorsaak van evolusie, dan word ons gelei tot die skone gedagte van Prof. Bavinck:

Aan geen emanatie uit, aan geen evolusie van het Absolute hebben de schepselen hun ontstaan te danken, want beide zijn met 't begrip van het Absolute, dat in zichzelf het onveranderlijke, eeuwige, volmaaktste zijn is en dus geen uitvloeijing of ontwikkeling toelaat, ten eenenmale in strijd. Alleen creatie, die zoowel met het wezen Gods als met dat der schepselen overeenstemt, verklaart den oorsprong der dingen.... Hij spreekt en het is er, Hij gebiedt en het staat er. Hij roept de dingen, die niet zijn, alsof zij waren. Hemel en aarde, uitspannel en wolken, bergen en stroomen, zon, maan en sterren, gras en kruid, kruipend en viervoetig gedierte, Hij formeert het alles door den adem Zijns Geestes uit den bajert des Zijns. ¹⁾

¹⁾ „Schepping of Ontwikkeling”, p. 28.

HOOFSTUK IX.

Sij Agnosticisme en die dieper betekenis van sy evolusie-wette.

Die wette van die evolusie is volgens Spencer die van die beweging van die onvernietigbare krag wat aan alles ten grondslag lê. En die is:

(a). Alle beweging vind plaas langs die weg van die grootste trekking of van die geringste te'enstand of langs die weg van die resultaat van altwee.

B.v. die resultaat van die tangentiale en middelpuntsoekende kragte, wat op elke planeet inwerk, is die sirkel wat dit beskryf, 'n sirkel wat die gevolg is van die onsimmetriese distribusie van kragte om die pad van soo'n planeet heen. Die denudasie van lande en die neerslag van die weggevoerde sediment word bepaal deur die beweging van die water na die sentrum van die aarde toe. Die rigting word hier bepaal deur die lijne van die grootste trekking of minste te'enstand. Dat aardbewings elke slag weer dieselfde terreine besoek, dat vuurspuwende berge versprei is langs seker lijne en dat uitbarstingen altoos bij dieselfde kraters plaas vind — dit alles bewijs, dat die geskeurde dele van die aardkors die eerste bij drukking beswijk. Hulle

volg dus die weg van die minste te'enstand. Die vorming van die wortels van plante bewijs ok net so die wet van beweging langs die weg van die minste te'enstand; want die wortel groei die gemaklikste waar die aarde los is, of splete het, of waar die wortel die meeste voedsel vind. Diere vermenigvuldig in die streke waar hulle die beste en meeste voedsel en die kleinste getal vijande soos ongedierte en siektes, het. Net so bij geestlikke verskijnsele. Die spiere wat die eerste beweeg bij aandoeninge, is die spiere om die mond, b.v. bij vreugdeaandoeninge als jij lag, bij verdriet als jij die mondhoeke saamtrek ens. En waarom? Omdat die spiere die beste geoefen is, deur praat ens., en daardeur die minste te'enstand bied. En ok net so op maatskaplik gebied. 'n Volk gaan daar die beste vooruit, waar die vijandelikke elemente, die natuur of die omliggende volke die minste is. Kapitaal word in industriële onderneminge gestee, wat die grootste wins oplewer. Jij koop op die goedkoopste marke en verkoop op die duurste, ens.

(b). Dan is daar die wet, dat alle beweging rithmies is. Die blare, die takke, selfs die bome wat sidder deur die windvlaag, die golwinge van gras en koringhalme, die rippels op die waterstroom, die golwe op die see, die lugtrillinge veroorsaak deur die skroef van 'n Zeppelin, die geluid van 'n piano-toets, die lig, warmte en elektriese golwinge — al die beweginge is rithmies. Waarom? Rhythmus het jij o'eral waar daar 'n botsing van kragte wat nie in equilibrium is nie, ontstaan. Bewegende materie is nie in staat om onverander in sij relasie te blij te'eno'er oorsake van krag waardeur die beweging voorgebring of weerstaan is nie. Die rasio

van die kragte in kwessie word verander deur elke skrede verder deur die ruimte. Hierdie wet word ok net so op elk gebied bevestig. B.v. bij astronomiese verskijnsele, in die spirale rangskikking so algemeen bij die nebulae:

„That spiral arrangement common among the more structured nebulae shows us the progressive establishment of revolution, and therefore of rhythm, in those remote spaces which the nebulae occupy.”¹⁾

Dan in die beurtelings helder en donker word van die veranderlikke sterre, in die periodisiteit van die planete, satelliete en komete, in die veranderende hoeveelhede lig en warmte wat die aarde ontvang van die son, somer en winter, dag en nag. Net so op geographies gebied. Daar is b.v. die variasies in die hoeveelheid sediment wat afgevoer word deur die riviere. Die variasies hang af van die jaargetij'e en die weer van die invloed van die son. Ok so met die vorming van die berge op die aardkors. Hoe warmer die aardbol was hoe kleiner die berge, hoe kouder dit geword hoe groter die berge. Periodisiteit is daar ok in die plantewereld, veroorsaak deur dag en nag en jaargetij. En wat die dierlik lewe betref, die bloed vloei in polssla'e, die ingewande beweeg peristalties, wat jij b.v. kan sien aan die uitwerpsels. Die dier loop rithmies. Die paleontologie bewijs, hoe spesies van diere verskijn, vermenigvuldig en weer verdwijn het. Lewe op die wereld is o'eral golwingswijs voorgesit.

Dit is nie duidlik of die veranderinge in die bewustsijn ok rithmies plaas vind nie. Tog bewijs ontleding ok hier, dat toestande van jou gees deur langere of

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 204.

kortere tussenpose van toenemende of afnemende aktiwiteit word afgewissel. Die stroom van geeskrag wat in sulke liggaamlike handeling, soos dans, musiek, poesie, uitkom, val uitmekaar in 'n reeks van suksessieve polssla'e. Buitegewone vreugde en verdriet gaan ok op en neer, is nou intens, 'n volgende o'eblik weer kalm, ens. Tj'e van intense godsdienstige opwekking word gevolg deur tj'e van godsdienstige verslapping.

Op maatskaplik gebied word dieselfde gesien. 'n Stam op 'n seker plek gevestig word te groot, honger is die gevolg en die gevolg hiervan is emigrasie, en die proses word o'er en o'er herhaal. Die geëmigreerdes kom in botsing met ander stamme en so ontstaan oorlog, uitputting, verwoesting. Dit word weer gevolg deur vrede, wat beteken herstel van verliese, toeneeming in getal, besitting ens. So is daar ok golwinge in die produksie en konsumsie. Hoe groter konsumsie, hoe minder aanvraag, hoe kleiner prijse, gevolg: ander jaar minder saai, o'es kleiner, prijs ho'er. Dus altoos op en neer. O'eral rhitmus.

(c). Dan is daar die hoofwet van die evolusie: integrasie van stof met de daarmee saamgaande dissipasie van krag. Ons het in die vorige paragraaf bij hierdie wet uitvoerig stil gestaan en verwijs daarheen, maar haal terwille van die duidlikheid één voorbeeld aan. Eers woon die barbaar alleen, werk alleen, veg alleen. Maar om beter te kan jag, en beter vir tj'e van honger en siekte te kan sorg, sluit hij bij ander aan, 'n maatskappij word gevorm. En die konsentreer nog meer, dit word verdeel in afdelings en onderafdelings, en vorm ten slotte 'n geordende maatskappij wat soos 'n machine in mekaar sit.

(d). Hierdie integrasie van stof met die daarmee saamgaande dissipasie van krag word bevorder deur die wet van segregasie, die wet waardeur soort hom bij soort voeg, swaar bij swaar, lig bij lig, ens. ens.

(e). En eindlik word die evolusie afgerond deur die wet van die equilibrasie van kragte. Daarmee bedoel Spencer dit:

„In all cases there is a progress towards equilibrium. That universal co-existence of antagonistic forces which, as we before saw, necessitates the decomposition of every force into divergent forces; at the same time necessitates decomposition of every force into divergent forces; at the same time necessitates the ultimate establishment of a balance.”

Die wet wat beweging drijf tot 'n gebalanceerde toestand, is die wet van equilibrasie. Die blinde wen aan skerpte van ruik en voelsin om die verlies van sijnvermo'e te vergoed. Die bees wat later die naam van springbok sou dra, was gebore omring van vijande aan alle kante, leeuw, droogte, en 'n natuuumgewing waarbij sijn kleur afsteek. Die omstandighede het na tallose evolusies 'n dier laat gebore word geequibreer aan die omstandighede, skerp en sterk horings te'en die jakhals, 'n allerfijnste ruik, sien, en hoor-vermo'e, verbasende snelheid met senuw, been, poot ens., wat daarby pas. Sijn vel het die kleur van die Kalihari aangeneem en hij was geoefen geword om selde of ooit water te drink. Hier het jijn die gevolg van equilibrasie.¹⁾

Als ons nou die dieper betekenis van hierdie wette

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 182—415.

naspeur, dan blyk dit, dat hulle almal die uitvloeisels is van 'n *Verstand* wat aan hulle almal ten grondslag lê. Is hulle almal af te lei volgens Spencer, uit een onvernietigbare absolute krag wat aan hulle almal ten grondslag lê, dan, sé ons, moet die absolute 'n krag met verstand wees. Dit word bevestig deur elk een van die wette.

(a). Daar is b.v. die eerste wet van beweging, n.l. dat alle beweging plaas vind langs die weg van die grootste traksie, die geringste te'enstand of die resultaat van altwee. Dat hierdie wet 'n wet van 'n gesond verstand is, is so duidlik, dat dit geen bewijs nodig het nie. Dit is ei'enlik 'n axioom van die verstand. Dit is net so duidlik als die axioom: 'n reguit lyn is korter als 'n kromme. Dit is net so onomstootlik als die geometriese waarhede. Dit berus op geen ervaring en behoef ok nie daarop te rus nie. Dit is 'n aprioriese waarheid puur en simpel. Dit is nie eens nodig om stil te staan bij die voorbeelde van hierdie wet, wat Spencer op wijs en ons reeds opgemerk het nie. Dat atoom, dier, mens, maatskappij, verstandlikke en geestlikke kragte, kortom, al wat leef of beweeg, volgens hierdie wet sal handel, is te duidlik vir elke normaal verstand dan om daarby stil te staan. Volgens hierdie wet te handel, is verstandig. Volgens die wet nie te handel nie, is krank-sinnig. Daarom is beweging van die absolute krag langs die weg van hierdie wet, 'n weg soos 'n verstand dit sou uitgedink het.

(b). Dan is daar die wet dat alle beweging rithmies plaas vind, omdat die bewegende materie nie in staat is om onverander in sij relasies te blij te'eno'er die oorsake van krag, waardeur die beweging voorgebring of weerstaan is, nie.

Hier sé ons ok weer: hoe natuurlik, hoe verstandig! Ons het hier te doen met 'n wet van die gesond verstand en niks anders nie. Ja, ons verstout ons, om te sé: ons het hier met 'n ander axioom van die verstand te doen. Laat daar 'n verskeienheid van kragte soos ons dit in die heelal het, wees, en daar moet, als één van die kragte begin te beweeg, 'n botsing met die andere kragte ontstaan en daarom 'n golwing. Kan die gesond verstand in soo'n geval iets anders verwag?

Laat ons, om die verstandigheid, ja die godlikke wijsheid van hierdie wet te laat uitkom, let op 'n paar van die in „First Principles” aangehaalde voorbeelde.

Als daar b.v. geen periodisiteit in die jaargetijde was, sou daar nie die groot en grootse verskeidenheid in plant en dier-wereld gewees het nie. Als die hele aarde ewe koud en warm als Europa was, dan kon daar net sprake van 'n Europese flora en fauna gewees het. Als dit warmer was, dan sou daar net sprake gewees het van 'n tropiese plant en dier-wereld, en als dit te warm was, sou daar nog van plante nog van diere-wereld sprake gewees het. En als dit te koud was, net so.

Als daar geen periodisiteit van nag en dag was, sou dit ewe noodlottig gewees het. Als dit altoos nag was, sou geen lewe ooit op die aardbodem bestaan hetnie. En als dit aan die ander kant altoos sonneskijn was, moes alles deur uitputting sterf. Sonder rithmus van dag en nag, kan geen lewe bestaan nie. Neem die rithmus uit die ordening van die heelal weg, en 'n ewige dood strijk met sij sombere vlerke op die heelal neer. En net so in die mens- en dier-likke liggaam. Neem die rithmus van die polsslag weg en

daar kon geen hartklep wees nie, en sonder hartklep kan die ho'er georganiseerde liggaam nie ontstaan het nie. Neem die rhytmus in die beweging van die ingewande, d. w. s. die peristaltiese beweging, weg, en dier en mensch sterf van honger — want om gedurig te kan uitwerp, moet dit gedurig kan eet, en daar dit van o'eblik tot o'eblik onmo'enlik sal wees deur onvermijdblike omstandighede van dag en nag, somer en winter, skaarste van voedsel ens., moet die dier eindlik afneem en sterf. Als die menslikke en dierlikke liggaam nie die rhytmus van werk en rus, waak en slaap ondergaan, dan was daar geen lewe mo'enlik nie. Als die liggaam moes gedurig werk sonder rus, dan was dit in enkele da'e dood. En als dit gedurig in die toestand van rus was, dan was daar geen organisasie van die liggaam mo'enlik nie. Geen been, of senuw, sintuig of liggaamsdeel kon gevorm word nie — want die word gevorm volgens die evolusieleer deur oefening en volgens die skeppingsleer deur en vir oefening.

Als die menslikke gemoed nie rhytmies beweeg het nie, dan was ok net so die dood die gevolg. Als daar b.v. geen rhytmus was in die intensiteit van verdriet nie, dan moes die liggaam sterf deur die senuwuitputting. En was daar geen rhytmus in die gevoel van vreugde nie, dan moes jii ok net so beswijk van uitputting. Deur 'n kind aanhou te kielie onder die arm, lag hij hom hom dood.

En net so met dink. Was daar geen rhytmus in die proses van dinke nie, dan moes die sterkste verstand binne korte tyd uitgeput wees, en die dinker rasend en tierend sij lewe eindig in 'n gestig.

Maar waarom moet ons bij voorbeelde stilstaan? Ons

kan bewijs, dat daar geen beweging sonder rithmus kan wees nie, want iets kan alleen beweeg, als dit beweeg word. Dit kan homself nie beweeg nie, tensij dit selfbewus is, en word dit deur iets anders beweeg, dan moet daar deur die botsing van die twee kragte 'n golwing wat kan voortplant, ontstaan. Sonder rithmus dus geen beweging, sonder beweging geen heelal, maar 'n ewige doodse stilte. Die wet van die rithmus van alle beweging is dus 'n wet van die verstand. Als die absolute krag volgens 'n ander weg te werk gegaan het in die verlede, en te werk gaan in die te'enwoordige, dan was dit 'n wet wat indruis te'en die verstand.

(c). En dan is daar die hoofwet van Spencer se evolusie-leer, integrasie van stof met die daarmee saamgaande dissipasie van krag.

Nog duidliker als die twee reeds genoemde wette, dra hierdie wet die stempel van verstand. Wat beteken die wet tog ei'enlik? Die wet beteken niks anders als kooperasie om beter en voordeliger te kan werk, nie. Waarom integreer die chaotiese stof eers tot 'n nevelvlek en dan hoe langer hoe meer, totdat ons sonstelsel daaruit te voorskijn kom, 'n perfekte integrasie, wat perfek funksioneer? Is dit nie, sodat uit die ordelose chaotiese massa 'n perfekte organisasie sal gebore word nie?

Waarom het die wolwe begin te konsentreer en in troppe te jag? Was dit nie verstandig van hulle nie? Want op die manier kon hulle voordeliger en veiliger aan die kos kom. Want wat die een nie vang nie, vang die ander, en die buit word gedeel.

Is dit nie in die hoogste mate verstandig van die

barbaar, om sijn geïsoleerde lewe op te gé, te verenig met ander medebroeders in die verdrukking en op die manier die begin van 'n geordende maatskappij te vorm, om so veiliger en beter te kan bestaan nie?

Is dit nie verstandig om nog meer te konsentreer, en 'n regerende, veggende en werkende klas te vorm, elk een van die afdelinge weer te verdeel en op die manier 'n staatsorganisme te vorm, wat als sodanig die doelmatigste middel word om die veiligheid en beskerming te waarborg van elke individu wat tot die staat behoort, nie?

Wanneer kom 'n land finansiële tot bloei? Dan, wanneer die burgers so verstandig word om te koopereer op elke gebied en sodoende die handel uit te brei en die mark te kontroleer. Is dit nie verstandig van die Afrikaanse jagter om, als hij 'n leeuw wil gaan jag, met die bure saam te span, om op die manier saam te kan doen wat één nie alleen kan doen nie? Waarlik, Spencer het volkome gelijk gehad om die wet van die integrasie van stof met die daarmee saamgaande dissipasie van krag als die evolusie-wet bij uitnemendheid te beskou. Want handelwijse volgens die wet is handelwijse volgens wijsheid. Ja, die wet is 'n ander axioom van die verstand. Want dit blij onomstootlik waar: eendrag maak mag, en vele honde is 'n haas se dood.

(d). Tot dieselfde konklusie kom ons, als ons die wet van segregasie nader beskou. Maar vooraf eers die volgende opmerking: — Wie tot hiertoe die uiteensetting van Spencer se evolusie-gang en evolusie-wette gevolg het, moet langsaamhand angstig word bij die gedagte, dat hierdie proses moet uitloop op 'n onvermijdblike chaos, als gevolg van die werking van die

twee wette — die integrasie van stof met die daarmee saamgaande dissipasie van krag, en die wet van die multiplikasie van gevolge. 'n Kosmos is uit hierdie chaos gebore, sé Spencer, deur die werking van 'n ander wet, 'n wet wat daarom van lewensbelang is vir die evolusie, en die is die wet van segregasie, die wet, waardeur soort hom bij soort voeg. Maar ons sal bewijs, dat Spencer sij ei'e wet hier vernietig, en ten tweede, dat hierdie wet juis die dood is vir alle evolusie, en ingeval dit reg is, die ontstaan van die kosmos op 'n abortus laat uitloop. Ons haal net van één die voorbeelde van Spencer wat onder hierdie hoof val aan: —

„Those geologic changes usually classed as aqueous display under numerous forms, the segregation of unlike units by an uniform incedent force; on sea shores the waves are ever sorting out and seperating the mixed materials against which they break. From each mass of fallen cliff, the tide carries away all these particles which are so small as to remain long suspended in the water, and at some distance from shore deposits them in the shape of fine sediment. Large particles sinking with comperative rapidity are accumulated with leeds of sand near low water-mark. The small pebbles collect together at the bottom of the incline up which the breakers rush and on the top lie the larger stones and boulders. Still more specific segregations may occasionally be observed. Flat pebbles produced by the breaking down of laminated rock, are sometimes seperately collected in one part of a single bank. On this shore the deposit is wholly of mud, on that it is wholly of sand. Here we find a sheltered cove filled with small pebbles, almost of one size and these in a curved bay one end of which is more exposed than the other, we see a progressive increase in the massiveness of the stones as we walk from the less exposed to the more exposed end. Trace the history of each geologic deposit and we are quickly led down

to the fact that mixed fragments of matter differing in their sizes of weights are, when exposed to the momentum and friction of water, joined with the attraction of the earth, selected from one another, and united into groups of comparatively like fragments. And we see that other things equal, the separation is definite in proportion as the differences of the units are masked." ¹⁾

Als ons hierdie aangehaalde voorbeeld deurdink en vergelyk met die twee wette wat Spencer onontbeerlik vir die evolusie geag het, dan kom ons spoedig tot die insig, dat Spencer hom hier self weerspreek, ja, die twee wette deur die wet van segregasie vernietig.

Ten eerste. Als deur segregasie plaaslike integrasies van soortgelyke faktore geproduseer word, dan moet die instabiliteit van die homogene nie alleen te'engewerk nie, maar geheel en al vernietig word. Want volgens die wet van die instabiliteit van die homogene moet die soortgelyke o'ergaan tot die onsoortgelyke, die homogene tot die heterogene. Die wet van die instabiliteit van die homogene is die wortel van die evolusie. Als die homogene nie instabiel is nie, nie o'ergaan tot die heterogene nie, dan is daar geen begin of ontwikkeling nie en heers die dood onbeperk in die ruimte van die heelal. Maar die wet van segregasie is juis die wet, wat die *homogeneiteit bewerkstellig*, veroorsaak, wat dus die evolusie bij die wortel afsnij.

Ten tweede. Hierdie wet maak ok die tweede wet van die evolusie tot niet, n.a. die van die multiplikasie van gevolge. Want, sé Spencer, hierdie wet is alleen effektief naarmate die dele ongelijk is, „is efficient in proportion

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 378.

as the parts are unlike".¹⁾ Hierdie wet kan dus nie werk nie, als haar materiaal nie die karakter van ongelyksoortigheid dra nie, en dus is die wet van segregasie vir haar die dood. Prof. Ward, waar hij skrywe o'er „Segregation as mechanical process", sé tereg:

„Imagine segregation to have been in full play while the existing chemical elements of the solarsystem though present in the nebula were still uncombined and that in consequence these elements were separated into minor aggregates severally like each other and unlike the rest, those of high specific gravity or strong physical likeness near together and the unlike far apart. Thus the conceit of the alchemists that the seven metals correspond to seven planets might have been realised, and as to the gases, oxygens, hydrogen, nitrogen, indispensable constituents of living things, they might have been sifted off into space before planetary consolidation began. We known of course that such has not happened or we should not be here." ²⁾

Ten o'ervloede kan ons hier nog byvoeg, dat die wet van segregasie in flagrante te'enspraak is met gekonstateerde feite.

In sij orasie voor die „British Association" het b.v. soo'n uitnemende autoriteit als Sir William Crookes die volgende gesé:

„We do not find the chemical elements evenly distributed throughout the globe. Nor are they associated in accordance with their specific gravities. The lighter elements placed on or near the surface and the heavier ones following serially deeper; neither can we trace any distinct relation between local climate and mineral distribution. And by no means can

¹⁾ „First Principles", Rev. Ed., p. 422.

²⁾ James Ward Sc.D., „Naturalism and Agnosticism", Vol. I, p. 239.

we say that elements are always or chiefly associated in nature, in the order of their so-called chemical affinities; those, which have a strong tendency to form with each other definite chemical combinations, being found together, while those, which have little or no such tendency exist apart."

Hij stel daarbij vooral die volgende bainje belangrikke vraag:

„Is there any power which regularly and systematically sorts out the different kinds of matter from promiscuous heaps, conveying like to like and separating unlike from unlike?"

En gé self die volgende veelbetekenende antwoord:

„I must confess that I fail to trace any such distributive agency, nor indeed do I feel able to form any distinct conception of its nature." ¹⁾

Nie alleen sou die segregasie-prinsiep van Spencer die dood vir alle evolusie, die dood vir die heelal gewees het nie, maar ok die dood vir die praktijk van die da'e-likse lewe van die mens, die dood vir alle wijsheid, kuns en vreugde.

Maar wat vind ons in tegendeel in die lewe, en wat maak die lewe werklik lewenswerd? Dis die eenheid in 'n aggremaat van die grootste verskeidenheid. Bij alle produkte van menslikke bekwaamheid vind ons, dat ongelijksoortige dinge bijmekaar gevoeg word.

Geen machine kan gemaak word deur soort bij soort te voeg nie. Geen skilderstuk sou ooit ontstaan het nie, als hierdie wet van Spencer reg was. Geen maatskappij kon ooit bestaan het, als al die diewe bijmekaar gaan

¹⁾ „Nature", Vol. 34, p. 425. Aangehaal in Ward, „Naturalism and Agnosticism."

woon het nie, al die moordenaars saam, die grapmakers bijmekaar en die pessimiste saam. Nee, hoe groter die verskeidenheid, des te groter die kuns, des te dieper die genot, des te grootser die harmonie, des te godliker die geheel.

Maar laat ons maar weer, volgens onse re'el, die wet van segregasie, ondanks haar aangetoonde onhoubaarheid, aanneem. En dan sal dit blijk, dat ook sijn per slot van rekening die cachet van verstand dra.

Wat tog is hierdie wet?

Als ons b.v. in 'n mandjie 'n mixtuur van drie soorte stoffe, lig, swaar, en bainje swaar, het, en ons begin dit te skud, dan begin die swaarste bestanddele te versamel en heeltemaal onder te gaan lé. Daarna die ligtere en bó op die allerligste. Hier het jij die wet van segregasie in werking. Wat is haar aard, vra ons. Is bógenoemde resultaat nie die natuurlikste saak ter wereld nie? 'n Vereiste van die verstand, 'n axioom van die rede nie? Sonder hierdie wet kom prakties ok geen enkel saak wat die stempel van verstand dra tot stand nie. In die ovum van die dier b.v. is die bestanddele eers gelijk onder mekaar verming, maar langamerhand begin die verskillende bestanddele, soos protein, vet, soute ens., in verskillende plekke te konsentreer en hierdie in verskillende plekke gekonsentreerde stoffe word nog meer gekonsentreer, sodat hematine tot bloed en die vet en eiwitstoffe tot senuwweefsels word. Hier word die tot stikstof behorende materie tot kraakbeen en daar konsentreer die kalkachtige soute weer in die kraakbeen en word been. En so word die stof verdeel en herverdeel, totdat die liggaam met sijn wonderbare struktuur voltooi is. Daaruit blijk, dat die verskillende soorte

stoffs mekaar opgesoek het, dat elke groepie begin te werk het, en alle groepies saam gewerk het om één groots, harmonieus, tot in die minimaal klein van verstand getui'ende werk — die dierlik of menslik liggaam voor te bring. Als die stoffe (om ons figuurlik uit te druk) nie so verstandig was om volgens hierdie wet te werk te gaan nie, dan kon hulle die onnabootsbaar fijn verstandswerk ok nie verrig het nie, ja dan kon hulle niks uitgerig het nie, en was alles één magteloos chaotiese massa gebly.

Bovendien hoe natuurlik, dat soort soort sou soek, en hoe verstandig ok! Wie kan mekaar so goed verstaan as geesverwante, en daarom ok so goed saamwerk! Misverstand is een van die grootste verbrokkelende, verwoestende kragte in die wereld.

En misverstand ontstaan deurdat daar geen geesverwantskap tussen die betrokke partije bestaan nie. Hulle verstaan mekaar nie en wel omdat hulle nie van dieselfde soort is nie.

Dat die segregasie 'n groot rol moet speel in die wording en ontwikkeling van alle dinge op anorganies, organies en superorganies gebied, is iets waarvan die gesond verstand oordeel, dat dit normaal en 'n conditio sine qua non is. Die wet van segregasie is 'n wet van verstand.

(e). Dieselfde geval is dit met die wet van equilibrasie, waardeur die evolusie voltooi word. Dit is die wet waarvolgens stoffe en kragte hulle skik naar omstandighede. En dit is ok 'n wet van verstand. Sonder hierdie wet was daar net so geen geordende heelal ontstaan nie. Als die kragte in die ontwikkelende nevelplek, waaruit ons sonstelsel ontstaan het, hulle nie

na mekaar en na die ander kragte in die heelal geskik het nie, dan was daaruit nooit die georganiseerde geheel wat ons nou ken en sien, ontwikkel nie. Was daar geen wet van equilibrasie nie, dan sou daar gedurig stryd tussen die kragte gewees het — die heelal sou één groot bajerd van verwoesting en verwoestende kragte gewees het, sonder orde, harmonie, lig, skoonheid, vrede. Die wet van equilibrasie is die wet van vrede, is die wet van lewe, en daardeur die wet van vreugde. En wat is lewe volgens Drummond, Huxley, Spencer? Dis aanpassing, korrespondensie, akkommodasie. Almal net ander woorde vir equilibrasie.

Als die dier hom nie akkommodeer na die veranderde omstandighede van sij omgewing, wat veroorsaak word deur die veranderinge in die klimaat, nie, dan moet hij sterwe. Als die bere en jakhalse van die poolstreke hulle nie kan skik na die gure klimaatsomstandighede deur 'n dik en lang haardos te ontwikkel en deur die wit kleur van die omgewing aan te neem nie, dan sou hulle eenvoudig uitsterf òf deur die kou òf deurdat hulle kleur te veel sou afsteek bij die omgewing en hulle dus op die manier geen prooi kan vang nie en dus van honger moet omkom.

Als die antiloop-soorte van die groot dro'e vlaktes van Suid-Afrika hulle nie kon skik naar die omstandighede nie, dan sou deur die omkom aan dors ok nie eens één enkele soort uit die bainje kon ontwikkel het nie. Ons herhaal daarom: sonder equilibrasie geen lewe, geen vreugde nie, maar alles lijden, alles stryd, alles verwoesting en dood. Moeder natuur sou die grootste moordenares gewees het, als sij kinders voorgebring, en hulle weer self verwoes het, omdat hulle, hulle nie

na haar omstandighede kon skik nie. Haar borste sou haar kinders nie gevoed maar vermoor het nie.

Die weg van equilibrasie is die weg wat die gesond verstand voorskryf. Die man wat in die Kalihari geen water kan krij nie en hom nie na Kalihari omstandighede wil skik en die laf, geelgroen water van die gekookte Zamma wil drink nie, moet sterf van dors, moet dus omkom deur die daad van sij ei'e onverstand. Als die Transvalers hulle nie na die vernederende omstandighede van 'n vrede geskik het nie, dan was ons geslag in die refugee-kampe uitgewis geword. Waver daad van rasernij sou dit gewees het? Wie hom nie na omstandighede wil skik nie, is gedoem tot ondergang.

Die wet van equilibrasie is een wet van die rede. Geen wonder, dat die einddoel van ontwikkeling volgens alle evolusioniste is — *utiliteit*.

„Der Nutzen soll durchaus fast eigensinnig, Form und Gestaltung bestimmen im Reiche des Lebendigen.“ ¹⁾

Daarom het ok Prof. Hugo de Vries gesé, dat natuurkeus, wat goed is bewaar en wat sleg is uitroei:

„Die Selektion erhält das Gute und rodet das Schlechte aus.“ ²⁾

Maar nie alleen dit nie, die wet van equilibrasie is nie alleen 'n wet van die rede nie, maar van 'n rede, (als ek mij so mag uitdruk) wat 'n gewete het. Dis 'n rede wat die kenmerk van geregtigheid dra, en wel van 'n geregtigheid wat aan liefde grens. Wat is die

¹⁾ Rudolph Otto, „Naturalistische und religiöse Weltansicht“, p. 122.

²⁾ Aangehaal in Rudolph Otto, „Naturalistische und religiöse Weltansicht“, p. 126.

wet van equilibrasie anders dan, aan die één kant, 'n gé aan elk een wat hom toekom (daarom ok dat equilibrasie die resultaat is van die inwerking op mekaar van verskillende kragte), geregtigheid dus, en aan die ander kant, 'n teruggé van wat aan iemand of iets deur omstandighede ontnem is, dus geregtigheid en liefde altwee, of in ander woorde, skadevergoeding en philanthropie. Dat die blinde deur die verlies van sij sienvermo'e 'n so fijn voel-, hoor- en herinneringsvermo'e krij, wat enigsins sij verlies vergoed, is dit nie kompensasie nie? En is dit nie ok barmhartigheid nie? Dat 'n aan stukken gesnijde planariaanse wurm uit elke stuk weer 'n nuwe wurm ontwikkel, dat 'n verminkte pluteus larve 'n nuwe voedselkanaal ontwikkel, en die hele tipiese vorm restaureer, soos deur Prof. Driesch aangetoon is, ¹⁾ dat als die lens van die oog van 'n akkeldissie uitgesnij word, dit op nuut aangroei, soos aangetoon deur Wolf in sij „Mechanismus und Vitalismus”, is dit nie geregtigheid nie, maar ok tegelijkertijd 'n openbaring van liefde, so teer, als net betoon kan word deur 'n natuurwet, wat die gedagte is van 'n God, wat self liefde is? Geen wonder nie, dat Spencer self moes erken, dat die einddoel van die evolusie is 'n sedelike. ²⁾

Die wet van equilibrasie is die wet waarvolgens al wat skeef, en krom, hinderlik en ondoelmatig is weggeruim word en wat goed, paslik, nuttig en duursaam is, in die plek voor gestel word. En daarom dan ok,

¹⁾ Aangehaal in Dr. Rudolph Otto, „Naturalistische und religiöse Weltansicht”.

²⁾ Herbert Spencer, „Data of Ethics”, p. 171.

dat Prof. Fiske, wat die beginsels van sij meester partij-keer konsequent deur getrek het, moes sé:

„But in the evolution of life upon the surface of our earth, where alone we are able to compass the phenomena we see all things working together through countless ages of toil and trouble towards one glorious consummation.” ¹⁾

„The glorious consummation towards which organic evolution is tending, is the production of the highest and most perfect psychical life.” ²⁾

„The everlasting source of phenomena is none other than the Infinite Power that makes for righteousness”. ³⁾

Als 'n ultra-spenceriaan dit kan sé, dan kan ons maar stil blij.

Ons meen nou genoegsaam aangetoon te hé, dat Spencer se evolusie-wette wette is, soos 'n groot verstand die sou voorskrijwe.

Maar nie alleen is die wette van die evolusie, wette van verstand nie, maar ok die wet wat aan die evolusie-wette ten grondslag lé, die grondwet dus, is 'n wet soos 'n verstand die sou voorskrijwe.

Wat is b.v. volgens Spencer die grondwet van die evolusie-wette — die grond van alle dinge — die krag van alle kragte? Dis die wet van die persistensie van krag. ⁴⁾

„The phenomena of evolution have to be deduced from the Persistence of Force, to this an ultimate analyses brings us down, and on this a rational synthesis must build up.” ⁵⁾
„Each of these laws of the redistribution of matter and motion

¹⁾ John Fiske, „The Idea of God”, p. 139.

²⁾ T. a. p., p. 160.

³⁾ T. a. p., p. 167.

⁴⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 148, 180, 198, 216 etc.

⁵⁾ T. a. p., p. 323.

was found to be a derivative law, a law deducible from the fundamental law. The persistence of force being granted, there follows as inevitable inferences: the . . . in stability of the homogeneous, the multiplication of effects, while segregation and equilibration also become corollaries." 1)

Al die wette van evolusie, die wette waardeur die heelal ontstaan het en waarop hulle gefundeer is, rus op die wet van die persistensie van krag. Maar waarvandaan kom hierdie wet? En selfs Spencer moet erken: *dit is 'n postulaat van die dinke*. Uit die bainje plekke waar hij dit beweer net hierdie één:

„We might indeed be certain, even in the absence of any such analyses as the foregoing, that there must exist some principle which as being the basis of science cannot be established by science. All reasoned out conclusions whatever must rest on some postulate. As before shown, we cannot go on merging derivative truths in those wider truths from which they are derived without searching at last a widest truth which can be merged in no other or derived from no other. And the relation in which it stands to the truths of science in general shows, that this truth transcending demonstration is the Persistence of Force. On this a rational synthesis must build up." 2)

Die persistensie, die onvernietigbaarheid van die krag wat ten grondslag van alle verskijnsele lé, „the Power which manifests itself in consciousness and in the outward universe”, die bron waaruit die heelal ontwikkel is, die God van Spencer se sisteem, is naar sij ei'e woord 'n postulaat van die verstand, 'n waarheid en wel 'n waarheid „which transcends all demonstration”, en in sij stereo-edisie:

1) „First Principles”, 6th Ed., p. 441.

2) T. a. p., p. 153—154.

„Deeper than demonstration — deeper even than definite cognition, deep as the very nature of mind, is the postulate at which we have arrived. Its authority transcends all other whatever, for not only is it given in the constitution of our own consciousness, but it is impossible to imagine a consciousness so constituted as not give it.” ¹⁾

Hierdie waarheid is dus bij Spencer 'n noodsaaklikke, 'n klaarblyklikke, 'n *axioom*.

Ons kan op hierdie feit nie sterk genoeg nadruk lé nie. Ons is, deur Spencer se gegewens te lei tot hulle uiterste konsekwensies, gekom bij 'n waarheid, wat ons met vreugde vervul. Of ons redeneer van 'n apriories, of van 'n aposteriories, van 'n metaphysies of 'n physies standpunt, ons moet volgens Spencer kom tot die erkenning van die waarheid: daar is 'n krag wat aan alle kragte, wette en verskijnsele ten grondslag lé en die is onvernietigbaar. En dit wil niks anders sé nie als: hierdie krag van alle kragte is 'n ewige krag. Sij kan nie ophou om te bestaan nie. Hierdie waarheid is volgens Spencer 'n axioom van die verstand, d.w.s. 'n klaarblyklikke waarheid, 'n waarheid wat skjyn bij haar ei'e lig. So is ons dan geregtig tot die volgende slotsom: die wette van die evolusie is wette van verstand. En die wette van die evolusie vloei voort uit die persistente krag wat aan alle kragte en verskijnsele ten grondslag lé. En die persistente krag is nie alleen 'n wet van verstand nie, maar 'n hoeksteen van die verstand, 'n axioom, 'n absolute waarheid en daarom is die glanspunt, die brandpunt waarin die onbegrijplike groot universum saam word trek: 'N KRAG WAT VERSTAND SELF IS.

¹⁾ „First Principles”, Stereo Ed., p. 192.

Dit is die konsekuensië waartoe die beginsel van Spencer se sinthetiese filosofie voer, en wat is dit anders als die diep filosofiese woord van Johannes:

„In den beginne was de Logos (de Rede), en de Logos was bij God en de Logos was God en door het woord zijn alle dingen gemaakt.”

'n Ander bewijs dat die krag, waarop volgens Spencer, die heelal rus, 'n krag wat verstand self is, is, dat die evolusie-sisteem van Spencer op persies dieselfde neerkom als die evolusie-sisteem van Hegel. Spencer leer, dat die bestaande die gevolg is van die evolusie van die Absolute krag. Die kenmerk van die krag is persistensie. Persistensie is net 'n ander woord vir die voordurende, die voorbestaande, die volstrek *sijnde* of die *sijn*. En Hegel leer, dat die bestaande produk is van die evolusie van die Absolute Idee, die idee wat ten grondslag lé van alle andere ideeë, waaruit alle andere ideeë voorvloei, want, sé hij, die wereld bestaan voor mij net in so ver ek daar 'n idee van het. En die idee wat ten grondslag lé van alle andere ideeë, is die idee *Sijn*.

Maar deur 'n inwendige drang, die immanente „Dialectik des reinen Denkens”, kan die idee Sijn nie op sigself blij staan nie, maar slaan met noodwendigheid om in die te'eno'ergestelde idee, die nie-sijn, en hierdie these en antithese vorm weer met noodwendigheid 'n sinthese wat op sij beurt weer 'n these vorm wat dieselfde proses verder deurloop, en so gaan dit deur 'n reeks van trichotomieë deur 'n proses van selfdirempsie heen, totdat eind'lik uit die vage onbestemde idee van die *sijn*, die universum van definitiewe begrippe en

distinkte realiteite, soos die begryp word deur die verstand en hom aan onse sintuie voordoen, vóór ons staan, kant en klaar, goed en gaaf. ¹⁾

Spencer sé weer, sij theorie is gebaseer op waarneming. En volgens die waarneming is die algemene wet van ontwikkeling: — integrasie van stof met die daarmee saamgaande dissipasie van krag, d. w. s. 'n proses waarin die homogene ontwikkel tot die heterogene, die gelijke tot die ongelijke, en so dus van die indefinitiewe tot die definitiewe, deur elke maal in die te'eno'er-gestelde o'er te slaan, d. w. s. elke maal die te'eno'er-gestelde van hom af, af te gooi en die twee te'eno'er-gesteldes weer te kombineer en 'n ho'er, ingewikkelder stadium van die organisme voor te bring. M. a. w., deur elke maal weer te integreer en te dissipeer en die twee te'eno'ergestelde faktore weer te kombineer in 'n nuwe integrasie, wat weer dissipeer en weer met die geintegreerde kombineer en sodoende weer 'n nuwe integrasie vorm ens., ens., kom ten slotte die geordende heelaal, die kosmos voor ons oog in al sij wonderlikke verskei'enheid, eenheid en skoonheid.

Wat, vra Prof. Francis Bowen tereg, is dit anders dan die Hegelianisme in die Physiologie? ²⁾ Net dit is die verskil, en dit is juis die merkwaardige, waarop ons wil wijs, n.a. dat wat Spencer ontwikkel het uit die waarneming, het Hegel ontwikkel a priori uit die diepte van sij ei'e bewustsijn.

Spencer het begin met die Absolute, wat ten grondslag aan alle verskijnsele lé. En Hegel het begin met

¹⁾ Francis Bowen M.A., „Modern Philosophy”, p. 357—389.

²⁾ T. a. p., p. 376.

die absolute sijn, wat ten grondslag van alle kennis lé. Spencer het uit sij Absolute ontwikkel — die heelal. Hegel het uit sij Absolute ontwikkel — dieselfde heelal. Spencer het gesé, die ontwikkeling het gekom deur 'n wet wat aan alle ontwikkeling ten grondslag lé. Hegel het gesé, dat sij ontwikkeling ok deur — dieselfde wet gekom het. Waver duidliker bewijs kan daar dan vir onse bewering, dat die wette van die evolusie wette van die verstand is en dat Spencer se heelal rus op 'n krag wat verstand of rede self is, wees.

Want die heelal, wat volgens Hegel uit die dinke ontwikkel, is dieselfde in resultaat en manier van wording als die heelal, wat volgens Spencer uit die persistensie van krag, m. a. w. uit die Sijn ontwikkel. Die wette van die dinke is dus die wette van die sijn. Ons kom hier weer tot dieselfde gevolgtrekking als bó — *die krag wat die heelal dra, is 'n krag wat verstand is of verstand het.*

Nie alleen is hierdie konklusie uit die stelsels van Hegel en Spencer wettig afgelei nie, maar is ok op sigself evident. Want dinge wat gelijk is aan één en dieselfde ding, is gelijk aan mekaar. Als $A = C$ en $B = C$, dan is $A = B$. Wanneer nu bewijs word, soos deur Spencer, dat die ganse heelal word opgebou uit die persistensie van krag of die sijn, en Hegel bewijs, dat dieselfde heelal op dieselfde manier word opgebou uit die dinke, dan is die dinke tog gelijk aan die sijn, en die sijn gelijk aan die dinke. Dit word ok bevestig, als ons die gang van die evolusie bij altwee beskou. Bij altwee is die gang van die evolusie klaarblyklik die gang van die dinke. Spencer toon elke slag in sij werke aan dat, hoe verder die integrasie van stof met die daarmee saamgaande dissipasie van krag

aangaan, hetsij in die ontwikkeling van 'n nebula of in die embryo van 'n hond of die gedagte van die wijsgeer, hoe definitiewer, hoe teleologieser dit word, m. a. w. hoe meer dit die kenmerke van 'n bestierende verstand begin te vertoon. Nou mag en kan jij die wese van 'n proses alleen beoordeel uit sij resultaat. Als dan verstand die eindresultaat was, dan was verstand ok die begin en die aan-die-gang-hou van die proses. Ja, laat ons selfs aanneem, wat Spencer nie direk beweer nie (omdat hij sé dat alle transformasie onbegrijpelijk is), maar waar hij tog toe o'erneig in sij geskrifte, n.l. dat al die bestaande net die transformasie is van die oorspronklike krag, dat die menslikke verstand b.v. net 'n transformasie is van die krag van die stof, dat die psychiese dus net 'n transformasie is van die fisiiese, feitlik dus die beskouing van Vogt, Moleschott, Büchner ens. Laat ons dit selfs toegé, sal dit dan misskien iets afdoen van ons argument dat die wette van die evolusie van die stof wette van 'n verstand is wat aan die wette ten grondslag lé? Natuurlik nie, want soos Prof. Rudolph Otto tereg sé: die doel van 'n proses is nerrrens in die reeks van oorsake als 'n koöpererende faktor waar te neem nie, want opvolging in die reeks van oorsake kom deur stringe wette, maar die *doel* word eers openbaar aan die *end* van die reeks.¹⁾ Gestel nou dat 'n oneindig verstand 'n seker doel wil uitwerk in die wereld, sonder om die doel direk deur 'n skeppingsdaad te verwesenlik, maar so dat die doel langamerhand gerealiseer word, dan sou die metode om dit te doen persies wees soos die

¹⁾ „Naturalism and Religion”, p. 222.

bógenoemde mechaniese, d. w. s. elke voorafgaande stap sal voorberei en lei tot die volgende stap, daar sal 'n oneindige reeks van oneindige oorsake en gevolg wees. En soos Lotze tereg sé, dit sou Gode waardiger wees om die grootste deur middel van die eenvoudigste tot stand te bring en om Sij ewige doeleindes te bewerkstellig deur middel van 'n onvermijdelike mekanisme, dan om Sij doel te bereik deur gekompliceerde middele of deur die ongere'eldheid en swakheid van elke maal die volgende skakel in die reeks van die evolusie te skep. Om die woorde van Lotze te gebruik: God het geen kleiner gode nodig nie. En daarom ok dat Lotze geen beswaar gehad het om die mechaniese standpunt in sijn theïsties-philosophiese wereldbeskouing in te voeg nie.

Als die hoogste resultaat van die evolusie dus is, soos Spencer en alle andere evolusioniste verklaar, die geboorte van die menslikke verstand, dan sé ons, dat die eerste begin van die evolusie reeds swanger was van die vrug wat later uit haar sou voorkom. Soos Locke sé:

„Whatsoever is first of all things must necessarily contain in it and actually have at least all the perfections that can ever after exist nor can it ever give to another any perfection that it has not actually in itself.”¹⁾

En daarom, als evolusie beteken die ontvouing of transformasie van die krag wat aan alles ten grondslag lé, dan vind die ontvouing plaas volgens wette wat 'n verstand sou voorskrijwe, en als die eindresultaat die voorbring van verstandlikke wesens is, dan moet die oorspronklikke krag 'n krag met verstand wees, en

¹⁾ Aangehaal in Physicus, „A candid Examination of Theism”, p. 152.

en dus geen totaal onbekende of onkenbare krag nie.

Dit lei nog tot 'n ander heerlikke waarheid. Als krag wat volgens Spencer ten grondslag van die heelal van verskijnsele lé, 'n krag met verstand is, en als die bestaande net 'n ontwikkeling is van hierdie krag en ok die mens met sij verstand één van die evolusie-produkte is, dan volg daaruit, omdat die menslikke verstand 'n ontwikkeling uit die absolute verstand is, dat ok ons dinke gedra word deur die dinke van God, en sien ons die lig net in Sij lig. Ok dit word bevestig deur Spencer, waar hij aantoon, dat sonder die ideeë absoluut, oneindig ens. dink onmo'enlik is ¹⁾ en waar hij in sij „Principles of Sociology” sé:

„The Power manifested throughout the universe distinguished as material is the same Power which in ourselves wells up under the form of consciousness.” ²⁾

Ons is daarom van Gods geslag en kan Hom daarom ok verstaan. M. a. w. ons is tot niks minder gekom nie als tot die waarheid: die mens is na Gods beeld geskape. Waarlik, als ons Spencer se filosofie konsequent deur dink, dan verwonder dit ons nie, hoe sij ijwerige discipel Fiske in sij „Cosmic Philosophy”, en „Idea of God”, juis deurdat hij konsequenter was als sij meester, tot 'n soort theïsme gekom het. Tereg het Sigwart gesé:

„Wer die Gesetzmässigkeit für das verantwortlich macht, was wirklich geschieht, behauptet damit dass sie Gedanken realisiere und ist Teleolog ohne es zu wissen.”

Maar nou kom Spencer nog 'n maal aan die woord

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 68.

²⁾ „Principles of Sociology”, p. 839.

en beweer dat die verstand is net die produk van die indrukke wat die verskijnsele op ons maak. Dit maak onse redenêring skjijnbaar waardeloos. Die verstand is, sé hij, wat die lewe is, n.l. aanpassing aan die omgewing: „Life is definable as the continuous adjustment of internal relations to external relations.”

What we call truth, guiding us to succesful action and consequent maintenance of life is simply the accurate correspondence of subjective and objective relations. The simplest cognition being the establishment of some connection between subjective states answering to some connection between objective states.” ¹⁾

Op dieselfde kom sij redenêring neer in sij „Principles of Psychology”. ²⁾

Deurdad geslag na geslag dieselfde verskijnsele waargeneem het, het die wette van die verskijnsele ok die wette van die verstand geword. Of om Armstrong se woorde te gebruik:

„Spencers theory of evolution which included the gradual growth of the human mind by inheritance through a vast series of successive generations, enabled him to say that the original mind was indeed a blank sheet, but that the experience of all these generations had so consolidated such conceptions as those of *space and time*, that to man as he now is, they are given as an original endowment and are indeed innate ideas to which the individual ideas which a man comes at for himself are necessarily adjusted.” ³⁾

Hierdie verklaring van Spencer o’er die ontstaan van

¹⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 63.

²⁾ „Principles of Psychology”, Chapter 10.

³⁾ R. A. Armstrong, „Agnosticism and Theism”, in the „Nineteenth Century”, p. 60.

ons verstand geld net skijnbaar te'en ons argument. Wie 'n bietjie dieper nadink, sal gou hierin één van die sterkste bevestiginge van ons argument sien. Want:

Ten eerste. Als ons verstand die produk is van die waarneembare en waargeneemde wereld, dan was die verskijnsele geordend en geskik volgens 'n verstand. Hoe iemand aan hierdie gevolgtrekking kom, is ons nie duidlik nie. Want dat soort alleen soort kan voorbring, geld net so goed op physies als psychies gebied. Ons verstand is georganiseer uit die wette van die logika. Volgens Spencer moet die logika-wette dan wees die produk van die indrukke van die wereld op ons bewustsijn. Die indrukke van die wereld op ons bewustsijn moet dus aan die logika-wette onderworpe gewees het. Net 'n wereld wat deur 'n verstand georden is, kon die wereld van ons verstand te voorskijn gebring het. Soort kan alleen soort produceer. En daarom was dit so natuurlik, dat toe die kind, n.l. die verstand, gebore is uit die moederskoot van die wereldverskijnsele, hij te'en sijn moeder geglimlag het — geglimlag omdat hij in haar homself herken het. Als die verstand net 'n afspiegeling is van die kosmos, dan moet dat, waarvan die verstand 'n afspiegeling is, self verstand wees of deur 'n verstand inmekaar gesit gewees het. Of soos Sir Oliver Lodge sé. „Whatever is in a part must be in a whole.” En die menslikke verstand is ok één van die verskijnsele van die Kosmos.

„There are some who deny that there is any design or purpose in the universe at all, but how can that be maintained when humanity itself possesses these attributes....many a thinker brooding over the phenomena of nature has felt that

they represent the thoughts of a dominating unknown mind partially incarnate in it all. ¹⁾

Ten tweede. Hoewel Spencer nie beweer dat die menslikke gees 'n produk is van die beweging van die molekule van die stof, dus net 'n transformasie van die stof, nie, maar net 'n korrelasie tussen die fisiiese en psigiese aanneem, ²⁾ tog het hij wil bewijs, soos ons reeds aangehaal het, dat dieselfde wette wat geld vir die geestlikke ok geld vir die stoflikke verskijnsele. Stof en gees word dus beheers deur dieselfde wette. Soos die stoflikke sigbare wereld ontstaan het deur die wette van integrasie, segregasie en equilibrasie, so is ok die wereld van ons dinke die resultaat van die werking van dieselfde wette op geestlik terrein.

Ons wil dit toegé. Maar wat vind ons dan? Net dit, dat die natuur, die geestlikke en stoflikke, die sigbare en onsigbare wereld, ons nog wonderbaarder word, 'n groot en grootse eenheid, gedra deur één en dieselfde wonderbaarlikke verstand. Want als die verstand in die vorming van die wereld van ons dinke op 'n ander manier te werk gegaan het als die wette van beweging in die vorming van die stoflikke wereld, dan was die stoflikke wereld vir ons verstand totaal onverstaan- en onverklaarbaar, en daarmee was alle wetenskap 'n onmo'enskaplikheid geword. Om dit duidliker te maak: ons verstand is 'n krag wat beweeg in die daad van ons dinke, en wel beweeg volgens sekere wette, en die wette is die wette van die logika. Die beweging van ons verstand is dus 'n *ei'ensoortige*.

¹⁾ Sir Oliver Lodge, „Life and Matter”, p. 73.

²⁾ „First Principles”, 6th Ed., p. 177—178.

Als nou die stoflikke krag volgens ander wette dan die van verstand beweeg het, dan was hulle *andersoortige* wette. Omdat ons dan te doen sou hé met twee verskillende soorte beweginge, kon die een die ander onmo'elik begryp het nie. Soort kan alleen deur soort verstaan word. „*Similia similibus cognoscuntur*”. Ek kan 'n dier alleen verstaan of begryp, in sover dit soortgelyke handelinge, motiewe en behoeftes aan die dag lé als ek self. Kon die stoflikke beweging nie onder mathematiese kontrole gebring word nie, onder die wette van ons dinke dus, dan sou die wetenskap van die natuur vir ons onmo'elik wees. Net wanneer die wette van ons dinke en die wette van die natuur van één soort is, kon die laaste deur die eerste begryp word. Die wereld en ons dinke is en moet op mekaar aangelé wees. Of soos Profeit so mooi sé:

„All matter is composed of ordered elements and that order is due to mind. It is not a chaos. It does not consist of substances inert, of particles separated from each other by differences many as their own number, particles without likeness, measure, relationship or any ordered characteristic. Had it done so, it would not have formed a subject of knowledge. Laws of action could not have been predicated of it. No general affirmations could have been made regarding it or any portion of it. The mind could have done nothing with it, would have found nothing characteristing it to think about, nothing of its own kind of operations to see and so understand, to class and to name. It would have presented no field for scientific investigation, but would have been a barren desert, a region of darkness, a science of chemistry or physics would have been impossible. But it is *not* so with matter. Matter is full of thought. It is crammed with ideas. It is a scene extending before the mind beyond all limits and radiant with adjustments, adaptations and arrangements. It is full of thoughts

which we can think. Its condition is ideal. What then has thought, the thoughts carried them out? For thought cannot spring where mind is not, much less can they be carried out. But what save mind can do the work of mind? Chance cannot. Blind forces cannot. No intelligent, ground or principle of existence can. No entity that is not intelligent can produce on an extended scale and with consummate perfection really clear and brilliant signs of mind." ¹⁾

Dit is eenmaal onmo'enlik om die kosmos te ken en wetenskaplik in te dink, als daar nie tussen die wereld en ons ek 'n organies verband bestaan het nie. Sal daar wetenskap mo'enlik wees, dan moet daar verband bestaan tussen die wereld en ons wese, tussen die wereld en ons bewustsijn. Als daar geen gedagte in die objekt skuil nie, sou dit vir ons dinke onverstaanbaar wees. Ewemin als ons oor die kleure kan waarneem, sou ons dinke dan in staat wees om 'n begrip van die objekt te vorm.

En dit is juis die van onse bewustsijn onafskeibare besef, dat die kosmos logies bestaan, waaruit die onoverwinlikke drang van alle wetenskap om die kosmos te leer verstaan, gebore word. Uit die besef dus, dat die kosmos als kosmos logies bestaan en in die logies bestaan vatbaar is om in onse dinkwereld opgeneem te word. Of soos Dr. Kuyper sé:

„De relatiën liggen in den Kosmos verscholen en zijn in haar dieperen samenhang niet te kennen, tenzij we zelf als logische denkers tot dezen logisch bestaanden Kosmos toetreden. Slechts bij de onderstelling, dat in ons denken de logische kiem van een gedachtenwereld aanwezig is, die, mits juist ontwikkeld, volkomen passen zal op de logische gedachtenwereld,

¹⁾ Wm. Profeit M.A., „The Creation of Matter”, p. 11 en 12.

die in den Kosmos verscholen ligt, is deswege wetenschap van den Kosmos voor ons mogelijk. En hierin ligt juist de mogelijkheid voor denken om actief op te treden. Zoodra het ons toch gelukt is om de algemeene relatiën te leeren kennen, die 't bijzondere beheerschen, of ook de kiem van een zich ontwikkelende gedachte in deze onderscheidene relatiën te ontdekken, stelt de identiteit van onze subjectieve met de objectieve gedachtenwereld ons in staat om actief op te treden, deels door de gewilde relatiën in het leven te roepen, en deels door de relatiën die zich moeten vertoonen of zich later zullen ontwikkelen, vooruit te zien. En aldus eerst erlangt de menschelijke wetenschap dat hooge, dat heerschende, dat profetische karakter, waardoor ze zich niet alleen vrij maakt van den Kosmos, maar ook dien Kosmos verstaat, in dien Kosmos het handelen bekwaamt en ten deele zelfs de toekomstige ontwikkeling van dien Kosmos doorziet." 1)

„Hoe men dan ook zinne of pluize, nooit zal de genoegzame grond voor deze bewonderenswaardige correspondentie of verwantschap tusschen het object en het subject, waarop toch geheel de mogelijkheid en de ontwikkeling der wetenschap rust, voor ons besef verklaard worden, tenzij wij met de H. Schrift belijden, dat de Auteur van den Kosmos in dien Kosmos den mensch als mikrokosmos schiep, naar zijn beeld en naar zijne gelijkenis". 2)

Tot dieselfde konklusie kom ok Dr. Orr in sijn behandeling van die ontologiese argument. 3)

Ons konkludeer dus, dat als die verstand 'n gevolg is van die indrukke op ons bewustsijn gemaak van geslag tot geslag deur die waargeneemde verskijnsele

1) Dr. A. Kuyper, „Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid”, p. 25.

2) T. a. p., p. 29.

3) Dr. James Orr, „Christian View of God and the World”, p. 103, 104, 105.

in die wereld, dan het ons hier 'n geval van die wet, dat soort soort geproduceer het.

Die wereld was volgens 'n verstand gekonstitusioneer, daarom was haar afskijnsel in die mens — verstand. Ja, wat meer is, — die wereld van verskijnsele is volgens Spencer die produk van die Absolute krag wat ten grondslag van alle verskijnsele lé, daarom sé ons, moes die Absolute self verstand gewees het, om 'n wereld te kan produseer, waarvan die verskijning die menslikke verstand als gevolg gehad het.

Maar als die Absolute 'n krag is met verstand, dan moet Hij ok 'n persoonlikheid wees, moet Hij daarom ok 'n wil en 'n doel hé.

Tot hierdie gevolgtrekking drijf ons 'n onverbiddlike logika en 'n onpartijdig empiries ondersoek.

Die dieper betekenis van Spencer se evolusie-wette getuig dus direk te'en sijn agnosticisme.

B E S L U I T.

Die metode wat ons bij die behandeling van Spencer se Agnosticisme gevolg het was drieerlei: — die gronde wat hij aanvoer vir sij Agnosticisme, aangé; die gronde aan 'n onpartijdige kritiek onderwerp, en dan ondanks die resultate van onse kritiek, die gronde aanneem en hulle tot hulle konsekuensië lei.

Ons het gesien dat die gronde 'n string filosofiese, psychologiese en logiese toets nie kan deurstaan nie, en verder, dat als ons hulle moet aanneem en tot hulle konsekuensiës lei, ons moet eindig met te erken, ten eerste, daar is 'n God en ten tweede die God het Hom in die natuur en ons bewustsijn kenbaar gemaak.

Maar trou aan onse metode wil ons ten slotte nog al onse kritiek intrek, aan Spencer alles toegé en volmondig sij agnosticisme onderskrywe en met hom saam belij dat die absolute persistente krag wat ten grondslag van die wereld van verskijnsele lé, onkenbaar is en ewiglik so sal blij.

Hierdie, erkentenis bring vir 'n o'enblik o'er onse siel 'n weemoed so groot, dat dit grens aan 'n ontsenuwende angs. Die agnosticisme laat vir ons 'n pik donker nag val o'er verlede en toekoms. Dit maak ons

tot wese in hierdie grote wereld. Ja nie alleen wese nie, maar vondelinge; want ons weet dan nie waarvandaan ons kon of waarheen ons gaan nie, of soos Spencer se volgeling Prof. Fiske so waar gesé het:

„The human soul shrinks from the thought, that it is without kith or ken in all this wide universe.” ¹⁾

Hoe waar dit is, wat ons hier gesé het, blyk ok uit die grote en grootse smart wat o'er Spencer gekom het, toe hij aan die end van sij lewe, 'n laaste blik gewerp het op die nog voordurend evoluerende heelal. En sij woorde is so gewigtig. Want als denker was hij groot. Op die agtergrond van die geskiedenis van die Engelse wijsbegeerte staan sij figuur uit groot en helder. En als mens was hij nog groter. Onder die grote publiek staan hij uit soos 'n eensame spitskop op die wijse, wij'e Afrikaanse vlaktes. Blank en onkrinkbaar was sij opregtheid, en in volharding was hij 'n reus. Veertig jaar lang het hij gewerk aan die voltooiing van sij Sinthetiese Philosophie. En in die 40 jaar het hij nie één gesonde dag gehad of één nag normaal lang geslaap nie. Sij wijsgerige stelsel was nou klaar, sij wereld-beskouing die wereld aangebied en die end van sij lewe daar. En vir laas werp hij sij meester blik op die heelal waarvan hij die ontwikkeling perbeer het om te beskrijwe. En die blik word beneweld deur 'n grote smart. Hier is sij ei'e woorde:

What must we say of the life minute, multitudinous, degraded, which covering the ocean-floor, occupies by far the larger part of Earth's area, and which yet, growing and

¹⁾ „The Idea of God”, p. 137.

decaying in utter darkness, present hundreds of species of a single type? Or when we think of the myriads of years of the Earth's past, during which have arisen and passed away low forms of creatures, small and great, which murdering and being murdered, have gradually evolved, how shall we answer the question: to what end? Ascending to wider problems, in which way are we to interpret the lifenessness of the greater celestial masses — the giant planets and the sun; in proportion to which the habitable planets are mere nothings? If we pass from these relatively near bodies, to the thirty millions of remote suns and solar systems, where shall we find a reason for all this apparently unconscious existence, infinite in amount compared with the existence which is conscious — a waste Universe as it seems? Then behind these mysteries lies the all — embracing mystery — whence this universal transformation which has gone on unceasingly throughout a past eternity and will go on unceasingly throughout a future eternity? And along with this rises the paralyzing thought—what if, of all that is thus incomprehensible to us, there exists no comprehension anywhere? No wonder that men take refuge in authoritative dogma! ¹⁾

Maar die angste wat die agnosticisme moet meebring sidder net vir 'n oënblik deur die siel van wie die besondere openbaring van God in Jesus Christus erken. Net vir 'n oënblik sê ons. Want als ons Spencer se agnosticisme moet aanneem, dan het ons daarin net 'n bevestiging van die waarheid waarop die Kristendom gebou is en rus — die waarheid — God het Hom self geopenbaar. Sonder openbaring was Hij vir ewig onbekend en onkenbaar gebly. En die verder waarheid: — ons ken God net so ver Hij Hom geopenbaar het en ons vir die openbaring vatbaar is. Want wat Sij wese betref bly Hij vir die mens onbegrijplik.

¹⁾ Herbert Spencer, Au Autobiography, Vol. II, p. 470.

Onse kennis is so gering: Ons weet so min. Soos Darwin so waar gesé het: —

The known is finite, the unknow infinite. Intellectually we stand on an islet in the midst of an illimitable ocean of inexplicability.

Selfs die openbaring van God is vir ons nog so onbegrijplik. Ons begryp in so veel opsigte die wereld van geskape dinge nie, en staan soos Prof. Bavinck sé,¹⁾ elke o'eblik voor raadsele en geheime, hoe sou ons dan die openbaring van God in al haar diepte en rijkdom verstaan. Onse kennis van entia finita, is soo's Dr. Kuijper sé, reeds finita, hoeveel te meer dan bij God, waar die ongelijksoortigheid en toesluiting on-eindig veel sterker is.²⁾ Dis vir die mens reeds on-mo'enlik om 'n ingel of 'n dier te verstaan, hoeveel te minder sal hij God wie se wese heeltemaal buite die kreatuurlikke val, verstaan. Als 'n ding nie vir ons oop staan, so dat ons daar kan insien nie, dan is daar ok geen kennis van mo'enlik nie. Kennisneem is mo'enlik bij alle dinge waar ons kan indring. Wat weet ons b.v. van wat daar innerlik in 'n dier omgaan? Niks. Als ons sé dat ons 'n dier begryp, dan bring ons onse ei'e voorstelling op die dier o'er. Hoe weinig ken ons onse medemense. Wat ons van hulle ken, is deur dat ons deur analogie van ons selwe uitgaan en veronderstel dat omdat hulle ok mense is, hulle dus dieselfde gewaarwordinge als ons sal hé. Maar tog blij

¹⁾ Gereformeerde Dogmatiek, Deel II, p. 30.

²⁾ College Dictaat, Locus de Deo, p. 82.

hulle persoonlikheid, hulle karakter, dat wat hulle ei'enlik is, vir ons 'n geslote boek.

Ja hoe weinig ken ons ons self? Wat weet ons van die onbewuste in ons? Waarlik onse kennis is beperk, onse kennis onbeperk. En moet ons dit reeds van die beperkte erken hoe veel te meer nie van die onbeperkte, die goddelikke nie? Hier kan ons alleen in volslo'e magteloosheid uitroep: God is groot en ons begryp Hom nie. Treffend het b.v. Vondel dit beskrywe in sijn reisang uit Lucifer.

Die eerste rei vra;

Wie is het die zoo hoog gezeten
 Zoo diep in 't grondelooze licht
 Van tijd noch eeuwigheid gemeten
 Noch ronden zonder tegenwicht?

En dan gé die ander rei antwoord:

Dat is God, oneindig eeuwig wezen

.

Vergeef 't ons en scheld ons kwijt

Dat geen verbeelding, tong noch teeken

U melden kan

. . . . Wie kan u noemen

Bij uwen naam? Wie wordt gewijd

Tot uw orakel? Wie durft roemen?

Gij zijt alleen dan die gij zijt

U zelf bekend en niemand nader

U zulks te kennen als gij waart

Der eeuwigheden glans en ader

Wien is dat licht geopenbaard?

In hierdie leer van die onbegrijpelijkheid en onkenbaarheid van God, lé die waarheid van Spencer se agnosticisme. *Maar* is dan ok 'n waarheid wat altoos deur die Bijbel geleer is.

Als die mens dus van God iets te wete sal kom dan is daar net één pad oop en dit is, dat God Hom self moet *Openbaar*. En God het Hom self geopenbaar. Als Hij die Skepper is van hemel en aarde, dan het Hij Hom self reeds daarin openbaar. Dan is dit ok waar dat die hemele Gods eer verkondig en die uitspansele die werk van Sij hande. Uit 'n werk ken jij tot 'n seker hoogte die werkmans. Die werk openbaar die werker.

Maar Spencer sé dat selfs die skepping ons nie die Absolute wat daaraan ten grondslag lé, leer ken nie. Ons het hierbij reeds in die vorige hoofstukke uitvoerig stil gestaan en ons erken die waarheid wat daarin uitgedruk lé. Maar *dan* het ons hierin net weer 'n *ander bevestiging* van die leer van die Bijbel. Want die leer, dat die menslikke verstand verduister is deur die sonde en dat die skepping onder die vloek lé. Die skrif van die skepping is dof en stukkend geword. En die oog van die mens om die skrif te lees is verduister. En daarom weet Gods woord om ons nog te verhaal van 'n ander 'n ho'er en beter openbaring dan die in die natuur. Die *Bijbel* n.l. is die boek van die bisondere openbaring van God in Kristus. En in *Kristus* het God self tot ons gekom en Hom aan ons bekend gemaak. Daarom kon Kristus sé, wie mij gesien het, het die Vader gesien.

Ok uit 'n filosofiese oogpunt het die feit van die verskijning van Kristus op die wereld dus 'n buitengewone waarde. Die verskijning van Kristus behoed ons vir die troosteloosheid van die agnosticisme, maak ons die kennis van God en die ewige lewe deelagtig en laat ons met Paulus roem in die dwaasheid van die Kruis. Want τὸ μωρὸν τοῦ θεοῦ σοφώτερον τῶν ἀνθρώπων ἐστίν, καὶ τὸ ἀσθενὲς τοῦ θεοῦ ἰσχυρότερον τῶν ἀνθρώπων ἐστίν.
